# DIE BUITEPOSTE VAN DIE V.O.C. AAN DIE GRENS VAN DIE KAAPSE NEDERSETTING (1652 - 1707)

deur

DANIEL SLEIGH

Tesis ingelewer vir die graad van
Magister Artium in Geskiedenis
aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Prof. dr. D.J. Kotzé

OKTOBER 1982

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"Men moet dan de Caap de Goede Hoop
considereeren als een frontier, en
het Casteel als een plaats dewelcke
dagelijck in het gevaar van een vijandt
staande, van niemandt dan van sijn
eijgen hulpe en sterckte affhangt, . . ."

– Die beskouing van kommissaris-generaal
H.A. van Reede,
in A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën;
Instructie voor den Commandeur Simon van der Stel
. . ., 16 Julie 1684, p. 198.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# INHOUD


| Hoofstuk | Bladsy |
|---|---|
| Voorwoord | i - iii |
| A. DIE BUITEPOSTE AS UITVLOEISEL VAN DIE V.O.C. SE INTERNASIONALE HANDELSBELANGE. | 1 |
| 1. Inleiding en Definisies. | 1 |
| a. Inleiding. | 1 |
| b. Definisies. | 4 |
| 2. Die agtergrond vir die stigting van Buiteposte aan die Kaap. | 6 |
| a. Die verversing van die V.O.C. se skepe. | 6 |
| b. Die grondslae van die V.O.C. se veeboerdery. | 17 |
| i. Die V.O.C. se veestapel. | 17 |
| ii. Die Hottentotte as bron van vee. | 36 |
| iii. Handelsmiddele en handelsmetodes. | 47 |
| iv. Kaptein Claas en die V.O.C. se handelsmetode. | 53 |
| v. Die behoefte aan weiding vir die V.O.C. se veestapel. | 66 |
| c. Die grondslae van die V.O.C. se graanboerdery. | 74 |
| d. Die landdros as opsiener oor die Buiteposte. | 87 |
| B. DIE BUITEPOSTE. | 96 |
| 1. Poste van die Eerste Grens. | 96 |
| a. "De Begrepen Cirkel." | 96 |

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk Bladsy

i. Die Reduit Duynhoop. 105
ii. Die Waghuis, Seinpos en Veepos Kyckuyt. 110
iii. Die Waghuis Keert de Koe. 114
iv. Die Reduit Coornhoop. 119
v. Die twee Waghuise Ruyterwacht 124
vi. Die Buitepos Rustenburgh. 131
vii. Die Buitepos De Schuer. 151
viii. Die Reduit Houdt den Bul. 163
ix. Die Reduit Santhoop. 166
x. Die Buiteposte by Houtbaai. 168

2. Poste van die Tweede Grens. 178
a. Die Buitepos Hottentots-Holland. 178
b. Die Buitepos Clapmuts. 221
c. Die Buitepos De Cuylen. 233
d. Die Buitepos Rietvalleij. 243
e. Die Buitepos Bommelshoek. 248
f. Die Buitepos Vissershoek. 252
g. Die Buitepos Elsjes Corael. 255
h. Die Buiteposte by die Steenberg. 258

3. Poste van die Derde Grens. 266
a. Die Buiteposte van die Waveren-Bergriviergebied. 266 - 281
i. 't Land van Waveren.
ii. Elandskloof.
iii. Sonquasdrift.
iv. Riebeeck-Casteel.
v. Vogel Valleij.
b. Die Buitepos Groene Clooff. 282

C. BESLUIT. 285

Bylae 1: Mate en Gewigte. 288
Bronnelys. 289 - 300

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

# ILLUSTRASIES


| Titel | Bladsy |
|---|---|
| 1. Die Buiteposte van die V.O.C. aan die Kaapse Oosgrens, 1661, geprojekteer op 'n moderne agtergrond. | 5 |
| 2. Ongetitelde kaart van die Kaapse nedersetting en die kolonie van Stellenbosch, 1688 - 1700. (M1/17, Kaapse Argief.) | 73 |
| 3. Die nedersetting aan die Liesbeeck, en die Buiteposte van die Eerste Grens, 1661. (M1/331(a), Kaapse Argief.) | 104 |
| 4. Die Buiteposte van die Tweede Grens, 1680 - 1700. | 177 |
| 5. Die Lourensriviervallei, ongeveer 1700. | 219 |
| 6. Die Buiteposte van die Derde Grens, 1700 - 1706. | 265 |

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# VOORWOORD

Die ondersoek na die stigting en instandhouding van buiteposte deur die V.O.C. aan die Kaap gedurende die jare 1652 - 1707 het ontstaan uit 'n begeerte om skakels te vind tussen die stigting van 'n verversingstasie in 1652 en die ontwikkeling van 'n kolonie aan die Kaap in die daaropvolgende halfeeu. Omdat die stigting van 'n vryburgerkolonie nie 'n deel van Here Sewentien se oorspronklike plan of van hulle oorspronklike opdrag aan Jan van Riebeeck was nie, ontstaan die vraag waarom hulle hulle plan verander het. Tot watter mate was dié verandering, wat noodwendig 'n reaksie op ekonomiese druk sou wees, 'n algehele wysiging, of was dit net aanpassings en klemverskuiwings in die bestaande beleid? Wat was die gevolg van dié beleidsverandering op die inboorlinge van die land, en watter rol het die V.O.C. gespeel in die verspreiding van 'n Europese maatskaplike bestel in die suidelike deel van Afrika gedurende die eerste halfeeu ná die stigting van die verversingspos?

Daar sal in dié skripsie aangevoer word dat die ekonomiese behoefte die dryfveer was, en die fisiese mag en gesag van die V.O.C. die middel, waardeur Europese imperialisme die binneland om Tafelbaai stap vir stap betree het. Gebeure tydens verskillende fases van dié indringing word ondersoek en bespreek, en die verloop en gevolg van die V.O.C. se optrede word aangedui. Daar word ook aangetoon dat nie Here Sewentien nie maar opeenvolgende Kaapse hoofde, elkeen volgens sy eie insig of begrip, gedurende die tydperk onder bespreking die draers en verspreiders van die ekonomiese gedagte aan die Kaap was waardeur die V.O.C. se buiteposte tot stand gekom het.

Daar bestaan nog nie 'n wetenskaplike historiese verhandeling oor die buiteposte van die Tweede Grens en die Derde Grens

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



nie, alhoewel daar heelwat bronne-materiaal in die Kaapse Argief is wat pertinent op dié onderwerp betrekking het. In die Algemeen Rijksarchief in Den Haag word sekere bronne bewaar, byvoorbeeld die skeepsprovisieboekies, wat ook waarskynlik lig op die onderwerp sal laat val, maar dit was nie vir my moontlik om hulle te raadpleeg nie.

Die navorsing in verband met die onderwerp was 'n aangename en stimulerende ondervinding. Ek wil eerstens die Kaapse Onderwysdepartement bedank vir 'n tydperk van studieverlof, wat later goedgunstig verleng is. Tweedens wil ek my waardering betuig aan die hoofde en die personeel van die volgende instansies wat met hulle vriendelike hulp en belangstelling my navorsingstaak vergemaklik het:

Die Kaapse Argief, waar verreweg die grootste deel van die argivale navorsing gedoen is,
Die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad,
Die Kantoor van die Landmeter-Generaal, Kaapstad,
Die Kantoor van Opmeting en Kartering, Mowbray,
Die Carnegie-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch,
Die Jagger-biblioteek, Universiteit van Kaapstad,
Die Instituut vir Kartografiese Analise aan die Universiteit van Stellenbosch, wat die kaart Die Buiteposte van die V.O.C. aan die Oosgrens van die Kaapse Nedersetting, 1661, saamgestel en geteken het,
Mnr. L. Beck van Rondebosch wat die ander nie-argivale kaarte ontwerp het.

Derdens: dit was vir my, wat jare lank van die tydsame, indirekte en onpersoonlike middele van afstandsonderrig gebruik moes maak, 'n voorreg om deur professor D.J. Kotzé as studieleier deur dié tydperk van intensiewe navorsing bygestaan te word. Nie net kon ek uit sy kennis en ervaring van die vakmetodiek put nie, maar deur sy verbintenis

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



met die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede was hy my steeds vóór, met 'n gevestigde belangstelling in die stigting, instandhouding en verval van die V.O.C. se buiteposte. Sy vrae en aanmoediging, raad, wenke en positiewe kritiek het baie daartoe bygedra dat die geskiedkundige navorsing my ook op die persoonlike vlak verryk het. Vir sy steun en aktiewe hulp gedurende 'n onsekere aanvang, is ek hom baie dank verskuldig.

Aan prof. D.J. van Zyl, wat as mede-eksaminator opgetree het, ook my hartlike dank en waardering.

Ten slotte 'n woord van dank aan mev. E. Hudson, wat die proefskrif getik het. Haar professionalisme en oplettendheid het ook my werk makliker gemaak.

Pinelands, K.P. D. Sleigh.
September 1982.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## A. DIE BUITEPOSTE AS UITVLOEISEL VAN DIE V.O.C. SE INTERNASIONALE HANDELSBELANGE

### 1. Inleiding en Definisies.

#### a. Inleiding.

Die diensstasie wat die V.O.C. in 1652 aan die Kaap gestig het was bedoel om sy skeepsbemannings op die lang heen-en-terugreise tussen Europa en die Ooste te voorsien van voorraad en materiaal wat deur die personeel van die verversingspos ingesamel, gekweek of opgegaar en in voorbereide of halfvoorbereide vorm aangebied moes word.

Die plaaslike besetting sowel as die besoekende seevaarders moes voorsien word van groot hoeveelhede brandhout, water, brood, groente, vleis en skeepshout. Die getalsterkte van die Kaapse besetting is beïnvloed deur die Kompanjie se behoefte en deur die toestand van oorlog of vrede in Europa. Die geografiese omvang van die opset aan die Kaap is deur Here Sewentien oorgelaat aan die Kaapse hoofde, onder kontrole van besoekende Kommissarisse en hulle eie Direksie. In die praktyk het die plaaslike hoofde se ondernemingsgees die deurslag gegee. Opeenvolgende hoofde is deur Here Sewentien vermaan om die V.O.C. van onnodige skade en uitgawe te vrywaar. Hulle beleid ten opsigte van die Kaapse pos is afgelei uit inligting wat hulle uit die Ooste of van die Kaap bereik het in die vorm van briewe, verslae en mondelinge berigte.

Die verversingspos is in 1652 tussen Tafelberg en die strand van Tafelbaai aangelê, maar die nedersetters was, in die uitvoering van hulle opdrag as voorsieners van hogenoemde behoeftes, nie in staat om hulle bedrywighede tot

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die Tafelvallei te beperk nie. Alle verbruik het spoedig die beskikbare middele verbygesteek en vooruitgeloop. Aanvullende diensposte was nodig om die behoorlike funksionering van die Kaapse verversingspos moontlik te maak. Terwille van voedselvoorsiening en beheer oor die bronne van diverse soorte hulpmiddels, is die V.O.C. se ekonomiese aktiwiteit en sy gesag in drie duidelike golwe na die binneland om die Kaap uitgebrei gedurende die 55 jaar wat in hierdie verhandeling ondersoek word.

Die voorsiening van voedsel en ander goedere aan die V.O.C. se skeepsbemannings, die hospitaal en die administratiewe en militêre personeel aan die Kaap word allereers breedvoerig nagegaan omdat dit sulke uitgebreide, diepgaande en langdurige gevolge op ekonomiese en maatskaplike vlak gehad het. Die uitbreiding van die V.O.C. se gesag en aktiwiteit deur middel van buiteposte na die westelike kusgebied, oos en noord van Tafelbaai val saam met die verdwyning van die Kaapse inboorlinge se pastorale, stamgebonde kultuur uit dieselfde gebied. In die geheel gesien was daar 'n ekonomiese stryd om beperkte voedselbronne tussen 'n magtige, imperialistiese kultuur en 'n primitiewe, hulpelose besitter. Die plek van hierdie stryd in die V.O.C. se skeepsvoorsiening word in die eerste deel van hierdie studie bespreek.

Die eerste tien jaar van die V.O.C. se besetting was 'n tydperk van ontdekking en vestiging, wat 'n militêre grens tussen die nedersetters en die inboorlinge nodig gemaak het, terwyl die landbou, veeteelt en ander aktiwiteite wat met skeepsverversing in verband staan agter dié grens beoefen is. Al die buiteposte van hierdie "begrepen cirkel" is deur Jan van Riebeeck aangelê. Met die latere byvoeging van Houtbaai, word hierdie poste se doel, stigting, funksie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



en verval onder die opskrif "Poste van die Eerste Grens" bespreek.

Ongeveer twintig jaar na die stigting van die Kaapse verversingspos kon die V.O.C. se grens verder noord en oos na die binneland uitgebrei word. Hierdie buiteposte het die verversingspos gedra dêûr die pionierstadium tot 'n kolonie. Die oorsake en verloop van die stigting van dié nuwe poste word in die hoofstuk "Poste van die Tweede Grens" beskryf.

Koloniale uitbreiding deur Vryburgers na die gebied Waveren-Bergrivier, het weer die stigting van 'n militêre grens tot gevolg gehad. Die "Poste van die Derde Grens" het almal in die kort, landbou-dinamiese regeringstyd van goewerneur W.A. van der Stel ontstaan.

Dit is ongelukkig nie moontlik om die waarde en voordeel, of die verlies en skade, wat die V.O.C. ten opsigte van die buiteposte gehad het, in meetbare terme uit te druk nie. Daar is naamlik nie aan die Kaap boekgehou van elke buitepos se inkomste en uitgaaf nie, sodat die rol van die buiteposte in die V.O.C. se kommersiële opset vandag nie in gulden, stuiwers en pennings aangetoon kan word nie. Dáárom is in hierdie verhandeling probeer om die uitgebreide funksies van die poste teen die agtergrond van die ekonomiese, sosiale en militêre omstandighede van dié tydperk, plaaslik sowel as oorsee, voor te stel. 'n Kombinasie van die tematiese en die chronologiese benaderings het die beste aan die doelstelling beantwoord.

In hierdie stuk word die benaming Hottentot soos dit in die V.O.C. se dokumente van dié tyd verskyn, in plaas van die volkekundige term Khoikhoi gebruik, om aan die taalkundige begrippe van die behandelde tyd, plek en omstandighede getrou te bly. Om dieselfde rede word byvoorbeeld aan Vogel

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



valleij, Leeuwenkop en Elsjes Corael voorkeur gegee bo die moderne Voëlvlei, Leeukop en Elsieskraal. In elke geval word eenmalig na die moderne Afrikaanse vorm van die naam verwys.

Die naam van die eerste poshouer van die buitepos Klapmuts kom ongeveer eweveel as Heerekenraadt en Kerckenraadt voor. Ek kon nie 'n oorspronklike handtekening van hom opspoor nie, en het toe, ter wille van eenvormigheid, na die voorbeeld van publikasies van die S.A. Argiefkommissie, die tweede lesing gebruik.


b. Definisies.

i. 'n Buitepos: 'n Buitepos is 'n bemande gedesentraliseerde hulpdiensstasie wat buite die Tafelvallei gestig is om die verskaffings- en herstelfunksies van die V.O.C. se verversingspos in die Tafelvallei regstreeks en/of onregstreeks te bevorder. In die tydperk onder bespreking het dit die vorm aangeneem van beskermingsposte, wagposte, seinposte, veeposte, landbouposte, houtkappersposte en visvangposte.

ii. 'n Grens: Ten opsigte van hierdie onderwerp is 'n grens die buitewyke van 'n gebied, nie noodwendig polities formeel afgebaken nie maar onder die *de facto* beheer van die V.O.C. se Kaapse administrasie, waarbinne die V.O.C. se ekonomiese aktiwiteite van landboukundige, algemene verversings-, kommersiële en militêre aard plaasgevind het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

**Die Buiteposte van die V.O.C. aan die Oosgrens van die Kaapse Nedersetting, 1661.** (Gebaseer op kaart M1/381(a), Kaapse Argief.)



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## 2. Agtergrond vir die stigting van Buiteposte aan die Kaap, in die tydperk 1652 - 1707.

### a. Die verversing van die V.O.C. se skepe.

Die eerste jare van die Kaapse besetting deur die V.O.C. was moeilik en armoedig, omdat die tuinbou en akkerbou tyd neem om te vestig, en die Hottentotte onwillig was om veel vee te verruil. Die besettelinge kon dus nie die verwagte verversing aan die skepe verstrek nie en het inteendeel self dikwels in hongersnood verkeer, sodat hulle uit verbygaande skepe gevoed moes word.[1] Toe die retoervloot van 1654, waarop hoop van verligting gevestig was, verby vaar sonder om die Kaap aan te doen, het Kommandeur van Riebeeck die vloot laat agternasit om voorraad van hulle te kry.[2] Galjote is terselfdertyd na Madagaskar en Mauritius gestuur om daar voedsel vir die Kaap te soek.[3] Die bietjie proviand wat op dié wyse bekom is, is binne weke opgebruik en Van Riebeeck het hierna verwag dat "voor ons alhier, een sobere tyd staan te worden".[4]

Deur Van Riebeeck se toewyding en toenemende ondervinding het die toestand, wat die tuinbou betref, mettertyd só verbeter dat Van Riebeeck aan die einde van sy dienstyd aan die retoerskepe wat van 18 tot 20 dae op die Kaapse reede gelê het, soveel vars groente kon gee as wat hulle wou hê.[5]

---

1. D.B. Bosman en H.B. Thom (reds.): Daghregister gehouden by den opperkoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 5. en 6.4.1654, pp. 211 - 213. Voortaan word na die publikasie verwys as: J. van Riebeeck: Daghregister . . .

2. Ibid., 2.4.1654, p. 220.

3. Ibid., 4.5.1654, pp. 222 - 223.

4. Ibid., 11.5.1654, p. 231; Ibid., 21.6.1654, p. 233.

5. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, J. van Riebeeck - Z. Wagenaer, 5.5.1662, p. 43.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Skippers het egter gekla oor die swak gehalte vleis wat aan hulle verskaf is.[6] Die uitreiking per skip is gereël na gelang van die kwaliteit van die vleis, want slegs vee wat te oud en te maer was vir arbeid of aanteel, is vir slag uitgekeer.[7]

Mettertyd is die voorsiening van vleis vergemaklik omdat die Kompanjie sy eie veestapel begin vestig het. In 1666 kon aan 'n skip met 'n bemanning van 280 tot 300 persone elke tweede dag 'n goeie bees, met 'n skaap vir die offisiere, gegee word, of anders van 8 tot 12 skape vir die hele skip.[8] Die verskaffing van 112 beeste en 1 010 skape aan die 15 skepe in Kommandeur Mattheus van den Broucke se retoervloot in 1670 gee 'n aanduiding van die getalle vee wat by 'n enkele geleentheid benodig was.[9] Teen 1681 is jaarliks ongeveer 300 beeste en 2 000 skape deur die Kaapse verversingspos verbruik. Kommissaris Rykloff van Goens was van mening dat die V.O.C. toe reeds selfstandig uit sy eie voorraad kon bestaan, en nie langer van die Hottentotte afhanklik was nie. Die Kompanjie het toe 5 000 skape en 1 200 beeste op sy verskillende buiteposte gehad.[10] In 1688 is berig dat jaarliks so veel soos 4 000 skape aan skepe voorsien word.[11] 'n Versekerde, standhoudende bron van slagvee en trekvee was dus 'n vereiste vir die suksesvolle funksionering van die Kaapse verversingstasie, en het tot die stigting van bemande veeposte gelei.

---

6. Ibid., p. 31.

7. Ibid., Z. Wagenaer: Antwoorde aan H. de Lairesse, 15.9.1662, p. 50.

8. Ibid., Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 21.9.1666, p. 81.

9. F. Valentyn: Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope, VRV II, 2, p. 170.

10. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, R. van Goens - S. van der Stel, 20.3.1681, pp. 149 - 150.

11. C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 26.4.1688, pp. 74 - 75.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die bestaan van groot veetroppe op buiteposte het egter nie die Kaapse verversingstasie selfvoorsienend gemaak nie. Skeepsiektes het 'n toenemende las op die verversingstasie se middele geword. Die toename in die aantal skepe op die Kaapse roete het 'n relatiewe toename in die aantal siekes in die vloot meegebring. Here Sewentien het Kommandeur Simon van der Stel aangemoedig om uit te vind watter ander oorsake, behalwe swak voedsel, daar vir die groot voorkoms van skeepsiektes kon wees, omdat dit die onkoste van die hospitaal, met hospitaalpersoneel en spesiale siekerantsoene, ook kon verminder, benewens 'n moontlike besparing op soldye wat vir bedlêende personeel betaal word.

In 1684 was daar ongeveer 300 siekes in die hospitaal, en moes die pottebakkery, die "oude kat" (dit is die klipvesting van die gesloopte Fort) en selfs die buitegeboue van die veekraal agter genoemde Fort, as huisvesting vir bedlêendes dien. 'n Spesiale ruiltog is uitgestuur om 250 skape as bykomende voeding te bekom.[12]

Ook die klagtes van besoekende skippers oor die swak en onvoldoende verversings wat hulle aan die Kaap gegee is, het toegeneem. Dié klagtes is aan Here Sewentien in Nederland en aan die Raad van Indië in Batavia voorgelê. Kommandeur Simon van der Stel het in 1686 die heersende droogte en die tekort aan weiding geblameer vir die gebrekkige skeepsvoorsiening. Tien jaar later het hy weer die groot koue en oorvloedige reën daarvoor geblameer.[13]

Kommandeur Simon van der Stel het 'n moontlike oplossing gesien in die verskaffing van meer vee, en in 'n verhoging

---

12. VC 10 Daghregister: 21.10.1684, pp. 382 - 383.

13. C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Camphuys, 22.5.1686, pp. 379 - 380; VC 14 Daghregister: 1.5.1696, pp. 166 - 167.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


van die kwaliteit van die vleis, omdat swak voeding op land en see as die mees algemene oorsaak van skeepsiektes beskou is. Wanneer die Kompanjie se eie vee te maer of andersins onbekwaam vir skeepsprovisie was, is 'n ruilgeselskap na die naasgeleë Hottentotte toe gestuur om 'n halfduisend vet skape te bekom.[14] Op dié wyse sou hy 'n voedselvoorraad kon opgaar, en hom so teen nood en die klagtes van skippers vrywaar.

In 1695 het 'n vloot van 11 skepe die Kaap in beroering gehad toe 678 siekes aan land gebring is, nadat 118 ander reeds op see oorlede is.[15] Die jaar daarop, in 1696, het die vloot weer 539 siekes na die Kaap gebring, nadat 188 op see gesterf het.[16] Die sewe retoerskepe wat in 1691 in Nederland aangekom het, was met soveel siekes belaai dat die V.O.C. se hospitaal in Amsterdam spesiaal vergroot moes word. Here Sewentien het in 1692 hul sterkste misnoeë teenoor Simon van der Stel uitgespreek oor die gebrek aan verversing vir die V.O.C. se skepe, en ook omdat hy onder dié omstandighede nog rys, meel en vleis aan skepe van vreemde nasies verskaf het.[17] Die skippers het eenparig gekla oor die swak kwaliteit en die geringe hoeveelheid verversings wat hulle aan die Kaap moes aanvaar.[18]

---

14. VC 11 Daghregister: 27.2.1687, pp. 100 - 101; Ibid., 14.3.1687, p. 163. Verdere briefwisseling insake die oorsake van skeepsiektes in C503 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 26.11.1693, pp. 577 - 578; C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 14.4.1694, pp. 544 - 545; Ibid., 9.5.1695, pp. 1021 - 1022; Ibid., S. van der Stel - W. van Outhoorn, 29.12.1695, p. 1275.

15. C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 29.11.1695, p. 177.

16. VC 14 Daghregister: 27.6.1696, p. 220.

17. C353 Inkomende Brieven: Here XVII - S. van der Stel, 27.8.1692, pp. 76 - 77.

18. C354 Inkomende Brieven: Here XVII - S. van der Stel, 8.7.1693, pp. 295 - 296.

CARNEGIE BIBLIOTEEK U.S.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Onder dié omstandighede het die Kaapse hoofde gedoen wat hulle kon om die oorsake van die skeepsiektes te probeer vasstel, en om klagtes oor kwaliteit en tekorte in die verversing uit die weg te ruim deur die Kompanjie se veestapel en ander voedselbronne soos graan, vrugte en groente te ontwikkel en op te bou deur middel van uitbreidings aan die buiteposte. Here Sewentien het veral gekla oor die tekort aan voedsel waarmee hulle skepe aan die Kaap voorsien is, wat geensins voldoen het aan die oogmerk waarom die Kaapse verversingspos gestig en reeds so lank teen groot onkoste onderhou is nie. Omdat hulle besef het dat nie alle seisoene ewe gunstig was vir die verskaffing van veel groente nie, is hoofsaaklik oor die vleis gekla. Hulle het verwag om nie weer te verneem dat niks anders as vel en been aan skepe gegee word nie.[19]

Ook uit Batavia het klagtes teen die versingstelsel gekom. Goewerneur-generaal Willem van Outhoorn het aan goewerneur Simon van der Stel gevra om te bedink watter genoeë Here Sewentien sou neem met die amper-algemene klagte oor die gebrekkige verversing wat aan hul skepe verstrek word. Omdat skippers beweer het dat skape op die buiteposte Dasseneiland, Robbeneiland en Saldanhabaai binne enkele maande vet kan word, is Van der Stel aangeraai om groot getalle vee daarnatoe te stuur. 'n Jaar later het goewerneur-generaal Van Outhoorn hierdie klag herhaal.[20]

---

19. C352 Inkomende Brieven: Here XVII - S. van der Stel, 5.3.1692, pp. 143 - 144.

20. C358 Inkomende Brieven: W. van Outhoorn - S. van der Stel, 9.3.1696, pp. 245 - 246; C361 Inkomende Brieven: W. van Outhoorn - S. van der Stel, 19.1.1697, pp. 9 - 10.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Benewens die toename in skeepsbesoeke en die toenemende skeepsiektes, het die volgehoue amptelike klagte oor die verversings die bestaan en regverdiging vir die Kaapse dienspos aangeraak, wat blykbaar nie aan sy doel beantwoord het nie, terwyl groot bedrae geld, teenoor 'n geringe jaarlikse inkomste, reeds daarop bestee is. Van der Stel het dié probleem probeer oplos deur steeds meer vee vir die Kompanjie te probeer bekom (natuurlik, volgens die V.O.C. se beleid, teen die laagste onkoste). Die vee is onder die Buiteposte verdeel om vet te wei en aan te teel. In 'n verweer, in 1697 geskryf, op 'n klag van Here Sewentien oor swak verversing, het Van der Stel hulle daarop gewys dat hy in die vyftien jaar ná 1681 die getal vee wat sy voorgangers in die vyftien jaar vóór 1681 aan skepe uitgereik het, met 206 000 stuks oortref het.[21] Nuwe buiteposte is geskep, en die produksie by bestaande poste is geïntensifieer om die vereiste vleis, brood en groente te verskaf. Die Kompanjie se druk op die inboorlinge se veestapel en op hul voedingsgebiede het toegeneem in verhouding tot Here Sewentien en die Raad van Indië se eise om verversing vir hulle skepe. Benewens die behoefte aan vleis en suiwelprodukte, het die Kaapse verversingstasie ook vee benodig vir gebruik as pakdiere, trekvee en aanteelvee.

In die eerste tien jaar van die verversingspos se bestaan - die tydperk van Van Riebeeck se bestuur aan die Kaap - is 305 skepe ververs, met 'n verskaffing van 960 skape en 705 beeste.[22] Van Riebeeck het baie vroeg die mate besef waarin die behoorlike funksionering van die verversingspos onder sy bestuur afhanklik sou wees van beheer

21. C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 16.6.1696, p. 67.

22. H.B. Thom: Die geskiedenis van die skaapboerdery in S.A., p. 120.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



oor die plaaslike voedselbronne, en hy het die stigting van 'n vee-buitepos gesien as 'n hulpmiddel tot die doel om 'n reserwe-voorraad op te bou. Sy oogmerk was "om't Robbeneijlant vol te crijgen, ten eynde men te eerder mochte uijt die aanteelt onbecommert bestaen, sonder dat men langer meer souden behoeven te wachten en vasten op den handel en toevoer van dese natie, . . . "[23] verwysende na die Hottentotte. Verdere uitbreidings in dié rigting was spoedig nodig.

Die volgende getalle, vir die tydperk 1652 - 1669, wys op die groot toename in veeverbruik gedurende die sewe jaar ná Van Riebeeck se vertrek:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2 997 | beeste en | 10 120 | skape is aan skepe verskaf, |
| 111 | beeste en | 3 020 | skape is aan die hospitaal verstrek, |
| 511 | beeste en | 2 364 | skape is vir die garnisoen geslag, |
| 111 | beeste en | 636 | skape is verkoop (byvoorbeeld aan vreemde skepe), |
| 536 | beeste en | 1 660 | skape is weens diefstal en siektes verloor, |
| 390 | beeste en | 383 | skape is aan Vryburgers uitgereik.[24] |

Die totale verbruik van 4 656 beeste en 18 683 skape dui op 'n toename van ongeveer 300 persent ten opsigte van beeste en 1 000 persent ten opsigte van skape, bo Van Riebeeck se verbruik, binne sewe jaar. Aanteelvee, en werkvee (meesal osse) wat gebruik is vir die vervoer van timmerhout, brandhout, graan, hooi, dekriet, ensovoorts, is nie hierby getel nie.

---

23. J. van Riebeeck: Daghregister I, 23.11.1655, p. 368.

24. R. Elphick: Kraal and Castle, p. 153.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Om die toename in die gebruik van die Kaapse verversingspos verder toe te lig, kan die besoekersgetal van 276 skepe met 'n moontlike totale bemanning van 56 304 persone in die eerste veertien jaar (1652 - 1666)[25] vergelyk word met die jaarlikse skeepsbesoek aan die einde van die tydperk waaroor hierdie ondersoek gaan.

TABEL 1: V.O.C.-skepe op die Tafelbaaise reede, 1.1.1700 - 31.12.1700[26]

| Skip | Aankoms | Vertrek | Lêtyd in dae |
|---|---|---|---|
| Pieter en Paul | 30.12.1699 | 10.4.1700 | 101 |
| Cattendijk | 25.1.1700 | 3.3.1700 | 37 |
| Landswelvaren | 25.1.1700 | 3.3.1700 | 37 |
| Nigtevegt | 25.1.1700 | 3.3.1700 | 37 |
| Meijdreght | 25.1.1700 | 3.3.1700 | 37 |
| Concordia | 25.1.1700 | 3.3.1700 | 37 |
| De Gent | 25.1.1700 | 3.3.1700 | 37 |
| Voorschoten | 25.1.1700 | 3.3.1700 | 37 |

25. S.P.F. Joubert: Die veehandel tussen die Hollanders en die Hottentotte aan die Kaap, 1652 - 1662, p. 46.

26. VC 15 Daghregister: pp. 530, 674; Ibid., pp. 550, 640; Ibid., pp. 550, 640; Ibid., pp. 550, 640; Ibid., pp. 550, 640; Ibid., pp. 551, 640; Ibid., pp. 551, 640; Ibid., pp. 551, 640; Ibid., pp 551, 640; Ibid., p. 742; Ibid., pp. 642, 664; Ibid., pp. 642, 664; Ibid., pp. 642, 664; Ibid., pp. 642, 664; Ibid., pp. 642, 661; Ibid., pp. 642, 664; Ibid., pp. 657, 661; Ibid., pp. 664, 688; Ibid., pp. 671, 708; Ibid., pp. 672, 687; Ibid., pp. 672, 732; Ibid., pp. 672, 679; Ibid., pp. 674, 706; Ibid., pp. 707, 727; Ibid., pp. 677, 688; Ibid., pp. 677, 710; Ibid., pp. 680-688; Ibid., pp. 687-732; Ibid., pp. 674, 688; Ibid., pp. 719, 761; Ibid., pp. 720, 761; Ibid., pp. 730, 741; Ibid., pp. 719, 761; Ibid., pp. 730, 741; Ibid., pp. 731, 743; Ibid., pp. 736, 743; Ibid., pp. 737, 743; Ibid., pp. 737, 760; Ibid., pp. 741, 760; Ibid., pp. 774, 790; Ibid., pp. 776, 790; Ibid., pp. 786, 794; Ibid., pp. 786, 794; Ibid., pp. 785, 794; Ibid., pp. 785, 794; Ibid., pp. 815, 820; Ibid., p. 853; Ibid., p. 855; VC 15 Daghregister: 1.1.1700, 31.12.1700.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



| Skip | Aankoms | Vertrek | Lêtyd in dae |
|---|---|---|---|
| Handboog | 25.1.1700 | 3.3.1700 | 37 |
| Waalstroom (hier gesloop) | 6.12.1699 | 21.6.1700 | 197 |
| Spiegel | 5.3.1700 | 31.3.1700 | 26 |
| Berkenroode | 5.3.1700 | 31.3.1700 | 26 |
| Overnes | 5.3.1700 | 31.3.1700 | 26 |
| Grimmesteijn | 5.3.1700 | 31.3.1700 | 26 |
| Oestgeest | 6.3.1700 | 24.3.1700 | 18 |
| Leck | 6.3.1700 | 31.3.1700 | 25 |
| Matroos | 19.3.1700 | 26.3.1700 | 7 |
| Meresteijn | 31.3.1700 | 29.4.1700 | 29 |
| Theeboom | 6.4.1700 | 14.5.1700 | 8 |
| d'Unie | 7.4.1700 | 28.4.1700 | 21 |
| Flora | 7.4.1700 | 7.6.1700 | 61 |
| Zoelen | 7.4.1700 | 21.4.1700 | 14 |
| Oostersteyn | 11.4.1700 | 9.5.1700 | 28 |
| Horstendaal | 11.4.1700 | 28.5.1700 | 47 |
| Nieuberg | 17.4.1700 | 29.4.1700 | 12 |
| Taxisboomtje | 17.4.1700 | 16.5.1700 | 29 |
| Geelvinck | 25.4.1700 | 29.4.1700 | 4 |
| Veght | 26.4.1700 | 7.6.1700 | 42 |
| Overrijp | 10.4.1700 | 29.4.1700 | 19 |
| Hennetjie | 19.5.1700 | 23.6.1700 | 35 |
| Huys te Byweght | 20.5.1700 | 22.7.1700 | 63 |
| Carthago | 5.6.1700 | 17.6.1700 | 12 |
| Schoondijk | 5.6.1700 | 24.6.1700 | 19 |
| Ellemeet | 11.6.1700 | 24.6.1700 | 13 |
| Domborgh | 11.6.1700 | 24.6.1700 | 13 |
| Schellack | 13.6.1700 | 20.7.1700 | 37 |
| Sandlooper | 17.6.1700 | 20.7.1700 | 33 |
| Peijgerdaal | 22.8.1700 | 12.9.1700 | 21 |
| Vosmaar | 26.8.1700 | 12.9.1700 | 17 |
| De Haak | 27.8.1700 | 12.9.1700 | 16 |
| Generaale Vrede | 31.8.1700 | 21.9.1700 | 21 |

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

| Skip | Aankoms | Vertrek | Lêtyd in dae |
|---|---|---|---|
| Huijs te Loo | 31.8.1700 | 21.9.1700 | 21 |
| Dieren | 30.8.1700 | 21.9.1700 | 22 |
| Bambeek | 30.8.1700 | 21.9.1700 | 22 |
| Zuijdpool | 5.11.1700 | 11.11.1700 | 6 |
| Ylperendam | 27.12.1700 | - | 4 |
| Noordgouw | 29.12.1700 | - | 2 |
| Nieuwland | 1.1.1700 | - | 365 |

Daarby kom nog die V.O.C.-skepe wat aan die Kaap gestasioneer was: Amy, Jupiter, Dolphijn, Centaurus en Wesel.

Hieruit blyk dit dat 48 skepe in die jaar 1700 aan die Kaap ververs is. Dit is amper tweemaal soveel as die gemiddelde van 27,6 skepe per jaar gedurende die tydperk 1652 - 1662. Bogenoemde 48 skepe het altesaam 1804 dae op die Kaapse reede deurgebring en moes, behalwe vir die bogenoemde tydperke, ook vir die oorblywende deel van hul reis van groente, meel, vleis ensovoorts voorsien word.

Die verversingslas wat deur een enkele retoervloot aan die einde van die tydperk 1652 - 1707 op die Kaapse verversingspos gelê is, word deur die volgende syfers geïllustreer: (die vloot van Harmen Voet in 1702, bestaande uit 18 skepe, met 3 200 koppe aan boord, dien as voorbeeld.)[27]

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 10 | skepe het elk | 76 dae gelê; | dus altesaam | 760 | provisiedae. |
| 4 | skepe het elk | 69 dae gelê; | dus altesaam | 276 | provisiedae. |
| 1 | skip het | 65 dae gelê; | dus altesaam | 65 | provisiedae. |
| 1 | skip het | 64 dae gelê; | dus altesaam | 64 | provisiedae. |
| 1 | skip het | 50 dae gelê; | dus altesaam | 50 | provisiedae. |
| 1 | skip het | 37 dae gelê; | dus altesaam | 37 | provisiedae. |
| 18 | skepe: | | | 1 252 | provisiedae. |

27. VC 16 Daghregister: 30.3.1702, p. 47; C371 Inkomende Brieven: Here XVII - W. van Outhoorn e.a., 18.9.1702, pp. 68-69; VC 16 Daghregister: pp. 31, 33-34, 38, 44.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Hierdie 18 skepe moes, benewens die tydperk wat hulle op die Kaapse reede deurgebring het, ook vir die oorblywende deel van hulle tuisreis van voedsel voorsien word. Die gewoonte op Kompanjieskepe was om drie gekookte maaltye per dag te verskaf wanneer die weer dit toegelaat het.[28] Daar kan dus met redelike sekerheid bereken word hoeveel maaltye aan die personeel van die bogenoemde retoervloot verskaf is gedurende dié vloot se verblyf aan die Kaap, te wete: 1 252 provisiedae x 3 maaltye per dag x 3 200 persone = 12 019 200 maaltye. Hieruit blyk duidelik dat daar altyd 'n baie groot, en 'n versekerde, voedselvoorraad aan die Kaap gereed gehou moes word. Vandaar die noodsaaklikheid vir Buiteposte.

28. C.R. Boxer: The Dutch East Indiamen - their sailors, their navigators and life on board, 1602-1795. The Mariner's Mirror, vol. 49, no. 2, 1963, p. 94.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## b. Die grondslae van die V.O.C. se veeboerdery.

### i. Die V.O.C. se veestapel.

Die aanvanklike onwilligheid van die Wes-Kaapse Hottentotte om van hulle kosbare veestapel, wat die fondamentstene van hulle maatskaplike stelsel was, af te staan vir bederfbare genotsware soos tabak, drank en krale, het die suksesvolle funsionering van die nuutgestigte Kaapse verversingspos bedreig. Daarby het die Hottentotte se nomadiese leefwyse, wat die teenwoordigheid of afwesigheid van die veebron afhanklik gemaak het van die beskikbaarheid van weiding en water, Jan van Riebeeck oortuig van die noodsaaklikheid om eerstens hongersnood onder sy eie mense af te weer, voordat daar aan skeepsvoorsiening gedink sou kon word. Nadat die troppie vee wat hy met sorg bymekaar gemaak het, van vlak by die Fort weggeroof is,[29] het Van Riebeeck sy vee beveilig deur 'n skaaphok en 'n kraal op Robbeneiland op te rig en dit te plaas onder toesig van 'n herder wat ook as seiner opgetree het.[30]

Aanvanklik is die skape net met inheemse skape ververs. Dit het voortgeduur totdat kommissaris Rycloff van Goens die eerste troppie Europese ("Vaderlandse") skape in Maart 1657 gebring het. Die skape is by die ander op Robbeneiland geplaas, en só het die Kaapse baster- of halfslagskaap ontstaan.[31] By Van Riebeeck se vertrek in 1662 het die Kompanjie 170 skape op Robbeneiland, en nog 489 skape, 278 beeste, 300 varke en 7 bokke op die vasteland gehad.[32] Hierdie vee het binne 'n beperkte gebied wat met

---

29. J. van Riebeeck: Daghregister I, 19.10.1653, pp. 161-162.

30. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 18.3.1654, pp. 32-33.

31. H.B. Thom: Die geskiedenis van die skaapboerdery in S.A., p. 244.

32. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, J. van Riebeeck - Z.Wagenaer, 5.5.1662, p. 43.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


waghuise en heinings afgesluit is gewei. Die gedagte aan weiding of enige ander landbou-aktiwiteit buite hierdie gebied, wat in die praktyk op uitbreiding oos van die Liesbeeckrivier neergekom het, het Van Riebeeck as "gansch ongeraden" beskou weens die bedreiging van Hottentotte.[33] Sy opvolgers sou spoedig vind dat hulle sonder veel gevaar of moeite die V.O.C. en die Vryburgers se boerdery dwarsoor die Kaapse Vlakte tot aan die Hottentotshollandberg kon uitbrei, sodat die forte en heinings van die "begrepen cirkel" hulle funksie verloor het.

Die ruilhandel met die Hottentotte was besonder goedkoop, maar 'n moeite en 'n onsekere bron wat die V.O.C. onder sy beheer moes kry. In die nuwe weigebied is op verskeie plekke krale en skaaphokke gebou, en soldate het daar as veewagters opgetree. Die weiding en die aanteel, egter, was natuurlike gawes wat die Kompanjie niks gekos het nie. Die verkryging van 'n groot aantal grootvee moet as een van die belangrikste take aan die Kaap beskou word, en alle moontlike pogings moet in dië opsig aangewend word, het kommissaris N. Verburgh in 1676 aan goewerneur J. Bax g.v. Herentals geskryf.[34]

Tydens die bewindstyd van Simon van der Stel is betekenisvolle veranderings gemaak ten opsigte van die Kompanjie se veeboerdery. Van der Stel was 'n bekwame en vooruitstrewende boer, wat die V.O.C. se mag en middele tot bevordering van die veeboerdery aangewend het en streng toesig oor die veeposte gehou het. In 1681 het hy gedink dat hy uit aanteel alléén 'n veestapel sou kon opbou. Daarvoor

33. Ibid., p. 39.

34. Ibid., N. Verburgh - J. Bax g.v. Herentals, 15.3.1676, p. 123.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


het hy 1 800 teelooie opsy gesit, en sy voorgangers van swak voorsorg beskuldig.[35] In dieselfde jaar het hy drie ruiltogte uitgestuur, wat 669 beeste en 2 374 skape opgelewer het, "om ons moervee te spaaren . . . om uyt eygen aanteelt te kunnen bestaan, daar toe het oogmerck van d'Comp. al soo langer heeft getendeert en nog noijt is te brengen geweest".[36] Hy het bereken dat die Kompanjie uit die 2 061 moerskaap (almal halfslag) waaroor hy in 1682 beskik het, wel 2 400 lammers per jaar kon verwag. Die plaaslike verbruik het reeds op 3 000 skape per jaar gestaan.[37] Ook die Kompanjie se jongvee is nie geslag nie: wanneer geen volwasse skape vir slagting beskikbaar was nie, is 'n spesiale ruiltog na die Hottentotte bestuur om geskikte slagdiere te kry.[38]

In 1685, toe kommissaris H.A. van Reede die Kaap besoek het, het die jaarlikse verbruik nog op 3 000 skape gestaan. Kommissaris van Reede het gehoop dat die Kaap binne 2 tot 3 jaar dié getal uit sy eie aanteel sou kon voorsien en dan nog skape sou oorhou. Ruiltogte sou dan nie meer nodig wees nie. Hy het dit goedgekeur dat Simon van der Stel die vee in verskillende soorte, geslagte en ouderdomme op verskillende buiteposte versprei het, sodat hulle groei en aanteel beter beheer kon word. Op die buitepos Hottentots-Holland is die Kompanjie se perde, ramme, aanteelooie en jong lammers gehou. Op Klapmuts was osse en bulle. By De Cuijlen was jong ooie, verse en speenoud lammers. By Tygerberg, Bommelshoek, Dieprivier en Boereboompies was moerskape, en by Vissershok was die hamels. Die bokke is

35. C499 I Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 20.3.1681, p. 779

36. C300 I Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 23.4.1682, p. 31.

37. Ibid., p. 32.

38. VC 10 Daghregister: 10.6.1686, p. 795.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



by Rietvlei gehou.[39]

Die jaarlikse verbruik van skape was in 1686 reeds 4 000 stuks.[40] In dié jaar het Simon van der Stel 'n spesiale beeskraal en 'n skaaphok in Tafelvallei laat bou, sodat die vee nie ná 'n lang trek van die buiteposte af in 'n swak kondisie in die Kaap kom om geslag te word nie. Die uitgesoekte slagvee sou 'n paar maande lank in die Tafelvallei kon wei en sou byderhand wees wanneer hulle benodig word. Die Vryburgers is drie maande tyd gegee om hulle eie vee uit die Tafelvallei te verwyder.[41] Die Kommandeur het op 16 Maart 1687 na 'n geskikte plek onder Vlaeberg (die bil of boud van Leeuwenberg) gaan soek, om die hokke en krale aan te lê.[42] Die weiland van die slagbeeste is met slote en heinings afgekamp. Die twee hokke was teen die einde van die winter voltooi.[43] Die herders het in 'n hut langs die stal gewoon.[44] Die hokke is egter in 1695 omvergewaai in 'n storm - een wat selfs die galg uit die grond gewaai het.[45] Hulle is daarna suidwes van die Kompanjie se perdestal her-opgerig en met riet gedek. Die stalmis sou ook dan nader aan die Kompanjiestuin wees.[46] In 1707 is die

39. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën: H.A. van Reede - S. van der Stel, 16.7.1685, pp. 201, 203.

40. C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Camphuys, 22.5.1686, pp. 379-380.

41. VC 10 Daghregister: 11.9.1686, p. 902.

42. VC 11 Daghregister: 16.3.1687, p. 164.

43. Ibid., 21.7.1687, p. 369; Ibid., 28.7.1687, p. 371.

44. VC 13 Daghregister: 2.8.1695, p. 861.

45. Ibid., 10.7.1695, p. 849.

46. VC 14 Daghregister: 5.9.1696, p. 249; Ibid., 24.9.1696, p. 258.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



hokke, wat toe in bouvallige toestand was, aan die publiek opgeveil.[47]

Uit die V.O.C. se veestapel is nuwe Vryburgers van tyd tot tyd op die been gehelp, deur aan hulle werksvee te leen. Van Riebeeck het byvoorbeeld aan die eerste Vryburgers melkkoeie en 12 trekosse geleen om hulle lande mee te ploeg,[48] en Simon van der Stel het om dieselfde rede aan Stellenbosse koloniste vee gegee. Aan die hele groep Franse Hugenote het hy 50 ooie en 15 verse geskenk.[49] Later het hy die Kompanjie se ploegosse aan die Hugenote geleen.[50]

Hóé afhanklik die Kompanjie vir die toevoer van slagvee en werksvee van 'n beskermde bron was, en hóé kwesbaar hy in die opsig was, kan onder meer gesien word in die Kaapse hoofde se pogings om te voorkom dat die Hottentotte as bron deur die Vryburgers uitgeput word. By verskeie geleenthede kon die Kompanjie se personeel nie op 'n uitgebreide landreis gaan sonder om vóóraf bykomende trekosse of pakosse van die Hottentotte te huur of te leen nie, omdat verlies van die V.O.C. se eie werksvee die vervoer en die landbou aan die Kaap erg sou belemmer.[51] Die vraag na

---

47. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 8.2.1707, p. 458.

48. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën; J. van Riebeeck - Z. Wagenaer, 5.5.1662, pp. 30-31.

49. VC 11 Daghregister: 15.10.1687, p. 425; SA 2/6/4 Daghregister, 8.10.1688.

50. VC 12 Daghregister: 20.4.1690, p. 414.

51. VC 10 Daghregister: 21.7.1685, p. 541; Ibid., 13.8.1685, p. 556; Ibid., 16.8.1685, p. 557; VC 15 Daghregister: 19.10.1699: pp. 434-435.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



werksvee het toegeneem nadat kommissaris H.A. van Reede in 1685 aanbeveel het dat osse voortaan vir die dorsproses gebruik moes word om die V.O.C. se slawe en ander dienaars se arbeidstyd te spaar.[52] Vermoedelik is voorheen van dorsvlieëls gebruik gemaak.

Die Kompanjie het ook vee verloor aan rowers, roofdiere en veesiektes. In 1693 het 'n langdurige siekte-epidemie - blykbaar 'n soort skurfsiekte - die Kompanjie en die Vryburgers se veetroppe getref. Wat die toestand onder die Hottentotte was, is nie bekend nie, maar van die Blankes is hele kuddes uitgewis. Om verspreiding van die siekte te beperk, moes die herders eerstens die verskyning van die skurfte aanmeld, en ná inspeksie deur die landdros of die private eienaar van die trop, moes siek diere vernietig word. Die straf vir nalating om dit te doen was 25 ryksdalers.[53] Die tekort aan vee vir skeepsverversing het gevolglik vererger.

Die Politieke Raad het veesiektes as een van die redes aangegee waarom sy verversingstaak gedreig het om skipbreuk te ly. Op 'n vergadering van 20 Julie 1693 is die toestand van die Kompanjie se belange aan die Kaap bespreek. Die Raad het bevind dat die V.O.C. se voorraad klein- en grootvee tot 'n laagtepunt gedaal het vanweë die gedurige verskaffing aan skepe, swak aanteel, veesiektes en ander ongelukke. Die V.O.C. sou binnekort nie in staat wees om sy skepe te ververs nie, en by gebrek aan trekosse sou die lewering van brandhout en ander materiaal aan skepe gestaak

52. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, H.A. van Reede - S. van der Stel, 16.7.1685, p. 201.

53. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 7.9.1693, pp. 273-274.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



moes word. Ook die landbou sou tot stilstand kom. Die Politieke Raad het bevind dat daar nie meer vee van die Hottentotte te kry was nie omdat die Vryburgers se onwettige veehandel die Hottentotte - en vernaamlik kaptein Claas van die Sousequas - afkerig van die Kompanjie gemaak het. Dit was dus nodig om die Kompanjie se belange te beskerm. Dáárom besluit die Raad toe om wéér per plakkaat die vryhandel te verbied, op straf van 'n jaar hardearbeid, konfiskasie van goedere en 'n geldboete. Later dieselfde dag besluit die Raad summier om kaptein Claas met 'n honderd soldate en honderd Vryburgers aan te val, om daardeur vir kaptein Koopman - 'n afvallige onderdaan van kaptein Claas en 'n gewillige handelsvennoot - te steun téén die onwillige kaptein Claas.[54] Die ekspedisie was geslaagd en het met die meerderheid van kaptein Claas se vee tuisgekom. Dié vee is oor die buiteposte versprei. Die V.O.C. se veevoorraad is aangevul deur die buit, en die skeepsvoorsiening is vir die nabye toekoms beveilig deur die steun wat aan Koopman gegee is.

Simon van der Stel het die onwettige ruil tussen Vryburgers en Hottentotte ("tot onversettelyck nadeel van de E. Comp.") in 'n baie ernstige lig beskou.[55] Hy het die ruilweë tussen die V.O.C. en die Hottentotte met alle middele tot sy beskikking (en soos in die geval van kaptein Claas gesien is, selfs met geweld) probeer ophou, "dat wij ons versekeren des geen meer nood te sullen lijden anders soude het met dese Colonie omgekomen sijn",[56] met ander woorde

54. Ibid., 20.7.1693, pp. 270-273.

55. VC 13 Daghregister: 20.7.1693, pp. 194-196.

56. C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 12.4.1693, p. 113.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die bestaan van die Kolonie was van die veevoorsiening afhanklik.

Die oorspronklike plakkaat van 30 Junie 1657 wat die vryruil verbied het, is herhaaldelik hernu en die strawwe het swaarder geword. In 1697 het Simon van der Stel gedreig dat diegene wat gevang word, met die strop om die nek tentoongestel en daarna gegesel en gebrandmerk sou word.[57] Een Vryburger is na Mauritius verban as 'n voorbeeld vir ander, en in 1698 is vier Vryburgers éérs met die strop om die nek tentoongestel, daarna gegesel en toe terug tronk toe gestuur totdat hul die name van hulle smokkelmaats bekend maak, omdat hulle die V.O.C. se handelsmonopolie oortree en Here Sewentien se belangrikste oogmerke in gevaar gestel het.[58]

Here Sewentien het beswaar gemaak teen die besonder swaar strawwe in die plakkaat van 19 Oktober 1697. Hulle het goewerneur W. van der Stel daarop gewys dat dit ingedruis het teen die gees van hulle brief van 14 Julie 1695 dat die landbou en veeteelt beter pas by die Vryburgers as by die Kompanjie. Hulle het nie verwag dat Simon van der Stel téén hulle bedoeling so 'n streng plakkaat sou uitvaardig nie, en hulle het van die nuwe goewerneur, W.A. van der Stel, verwag dat hy dit sou herroep en die veehandel vir die Vryburgers sou oopstel, en dat die Vryburgers voortaan in die Kompanjie se veebehoeftes moet voorsien.[59] Gevolglik is die bogenoemde plakkaat herroep. Tegelykertyd is bekend gemaak dat van die Vryburgers verwag word om die Kompanjie

---

57. VC 14 Daghregister: 19.10.1697, p. 616.

58. Ibid., 6.12.1698, pp. 1159, 1165.

59. C365 Inkomende Brieven: Here XVII - W.A. van der Stel, 27.6.1699, pp. 202-205.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met trekvee te help, teen 'n huurgeld van 10 gulden per stuk. Die Vryburgers sou na gelang van hulle vermoë aangespreek word.[60]

Sonder om vooraf kennis te gee van voorneme, bestemming of vertrek, het groepe Vryburgers ruilekspedisies na die binneland onderneem, waartydens gevalle van grootskaalse roof, en ook moord, teenoor Hottentotte voorgekom het. Klagte in die verband is nie in 'n geregshof getoets nie, maar goewerneur W.A. van der Stel het nogtans die vryhandel voorlopig gesluit.[61] Sy optrede is deur Here Sewentien tot nader oorweging goedgekeur, maar hulle het in 1704 weer die vryruil oopgestel vir eerbare burgers wat met opgaaf van naam, bestemming, getalle en datums, toestemming verkry het om met die Hottentotte handel te dryf.[62]

Hoewel die goewerneur teleurgesteld was, het hy beloof om dié besluit aan die Vryburgers bekend te maak. Hy het Here Sewentien daarop gewys dat hy nie die Hottentotte kon beskerm wat in die binneland aan Vryburgerveeruilers blootgestel was nie. Tydens die tydperk dat die ruil oopgestel was, het hy dit nodig gevind om vyf nuwe militêre buiteposte in die Waveren-Bergrivier gebied te stig met die doel om Vryburgers teen Hottentot-aanvalle te beskerm, en sedert die sluiting van die ruil was daar vrede met die Hottentotte. Dit was dus duidelik dat weerwraak die oorsaak van hulle aanvalle was. Aan die Kaap was ook nie meer weiveld vir

---

60. VC 15 Daghregister: 17.2.1700, pp. 609 - 610.

61. C507 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 1.4.1703, pp. 843-852.

62. C375 Inkomende Brieven: Here XVII - W.A. van der Stel, 24.7.1704, pp. 215-219.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vryburgervee nie; die Kaapse skiereiland was reeds oorbewei deur 'n te groot getal vee.[63]

Goewerneur W.A. van der Stel het nie Here Sewentien se opdrag aan die Vryburgers bekend gemaak nie. Hy het ook nie aan Here Sewentien verduidelik dat die Vryburgerruilers se misdade teen die Hottentotte neergekom het op die plundering van 'n ruïne, wat reeds dekades lank deur die Kaapse owerhede óórontgin is, nie. Ook het hy die omvang van sy private boerdery-bedrywighede, en sy persoonlike greep op die Kompanjie se skeepsverversing, verswyg.[64]

Die laaste amptelike ruiltog binne die tydperk van hierdie ondersoek - die van 1705 - was die gevolg van 'n ernstige tekort aan trekvee vir die transportwaens by die buitepos De Schuer.[65] Landdros Starrenburg en die baastuinier Hartogh kon in die groot wyk tussen Piketberg en Saldanhabaai ná veel moeite en dreigemente net 'n klein troppie vee bekom, die meeste waarvan ná die strooftogte van twee jaar tevore gebore is en nog te jonk was om onder die juk te kom.[66] Twee jaar later het die Van der Stel-regering tot 'n val gekom. Skeepsvoorsiening is toe aan die burgerlike slagters oorgelaat, en die Hottentotte as veebron was nie meer ter sake nie.

63. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 28.3.1705, pp. 568-571, pp. 582-584.

64. L. Fouché (red.): Dagboek van Adam Tas, VRV II, 1, pp. 234-246.

65. VC 17 Daghregister: 16.10.1705, pp. 252-260.

66. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - J. Starrenburg, 5.12.1705, pp. 859-860.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



TABEL 2: Die V.O.C. se veebesit, 1684 - 1706.[67]

| JAAR | SKAPE | BEESTE | PERDE | ESELS | VARKE | BOKKE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1684 | 6 062 | 1 331 | 157 | 12 | 921 | 746 |
| 1685 | 8 000 | 1 516 | 73 | 3 | | 922 |
| 1686 | 9 218 | 1 164 | 140 | 11 | 4 | 988 |
| 1687 | 9 912 | 1 115 | 152 | 8 | | 940 |
| 1688 | 11 751 | 942 | | | | |
| 1689 | 9 696 | 2 063 | 134 | 3 | | 869 |
| 1690 | 9 696 | 2 063 | 134 | | | |
| 1691 | 6 820 | 1 908 | 123 | | | |
| 1692 | 6 273 | 1 164 | 141 | 11 | | 758 |
| 1693 | 6 009 | 1 605 | 167 | 23 | | 235 |
| 1694 | 5 582 | 1 449 | 184 | 23 | | 734 |
| 1695 | 5 429 | 1 571 | 164 | | | 725 |
| 1696 | 4 796 | 1 275 | 187 | | | 275 |
| 1697 | 4 381 | 1 081 | 258 | 38 | | |
| 1698 | 5 093 | 1 166 | 206 | | | 436 |
| 1699 | 5 956 | 1 929 | 295 | 39 | | |
| 1700 | | | | | | |
| 1701 | 758 | 828 | 378 | 39 | | |
| 1702 | | | | | | |

67. C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 28.3.1685, p. 53; Ibid., 12.4.1686, p. 298; Ibid., 18.4.1687, p. 692; C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 26.4.1688, pp. 54-55; Ibid., 15.4.1689, p. 323; Ibid., 24.5.1690, p. 609; C503 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 29.6.1691, pp. 108-109; Ibid., 22.6.1692, p. 346; C504 Uitgaande Brieven: 12.4.1693, p. 116; Ibid., 14.4.1694, pp. 538-539; Ibid., 4.4.1695, p. 867; C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 1.8.1696, p. 237; Ibid., 30.6.1697, p. 671; Ibid., 8.3.1698, p. 997; C506 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 18.3.1699, p. 113; Ibid., W.A. van der Stel - Here XVII, 1.3.1700, p. 703; C507 Uitgaande Brieven: 20.3.1702, p. 407; Ibid., 1.4.1703, p. 861; C508 Uitgaande Brieven: 31.3.1704, pp. 42-43; Ibid., 28.3.1705, p. 493; Ibid., 31.3.1706, p. 971; C509 I Uitgaande Brieven: 4.5.1706, p. 139.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



| JAAR | SKAPE | BEESTE | PERDE | ESELS | VARKE | BOKKE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1703 | | 669 | 330 | 27 | | 210 |
| 1704 | 169 | 656 | 329 | 27 | | |
| 1705 | | 655 | 321 | 32 | | |
| 1706 | 157 | $771\frac{1}{8}$ | 311 | 39 | | $190\frac{1}{2}$ |

Nota: (a) Die getalle skape in 1697, 1701 en 1705 sluit 'n onbekende aantal bokke in.

(b) Die ooreenkoms in die getalle vir 1689 en 1690 kan nie verklaar word nie.

(c) Die breukdele in die verstrekking vir 1706 kan nie verklaar word nie.

(d) Die syfers vir 1700 en 1702 is nie bekend nie.

Die sluiting van die landbouposte.

Aanduidings in meetbare terms van die V.O.C. se uitgawe of inkomste ten opsigte van die veeboerdery, is skaars. Simon van der Stel het in 1688 bereken dat die 3 435 lammers wat die Kompanjie daardie jaar uit eie aanteel ryker geword het, teen 2 gulden per skaap, 'n netto wins van 6 860 (sic) gulden beteken het. Die twaalf skaapwagters het die Kompanjie ongeveer 1 720 gulde per jaar gekos. Dit was die enigste uitgaaf op dié trop skape.[68]

Die pryse van twee gulden per skaap en ses gulden per bees, waarteen vee aan skepe gelewer is, was teen 1699 al geruime tyd konstant, terwyl die totale salarisse wat aan die burgerlike en militêre personeel uitbetaal is, eerder laer as hoër was as elf jaar tevore, weens die vredestydse verkleining van die personeel.[69] Dit kan dus nie die koste

68. C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 26.4.1688, pp. 74-75.

69. C506 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - W. Corsenaar e. a., 23.6.1699, p. 464; VC 14 Daghregister: 1.7.1698, p. 1052.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



van personeel wees wat Here Sewentien laat besluit het om sy eie boerdery-bedrywighede te staak nie. Weens die leemtes in die inligting ten opsigte van die getalle van die vee en hulle jaarlikse natuurlike aanwas, kan die skoon profyt wat die Kompanjie uit sy vee gemaak het, nie bereken word nie. Toe die vleisvoorsiening aan skepe in 1699 aan die Vryburgers oorgelaat is, het die onkoste skielik die hoogte ingeskiet. Die vyf jaar tot 1705 het die V.O.C. tussen 20 000 gulden en 30 000 gulden aan vleis gekos.[70] Ook die prys per skaap het met 400 persent gestyg. In 1707 wou die Vryburgers nie 'n skaap onder 8 gulden aan die pagters verskaf nie.[71] Die geldelike verlies wat die V.O.C. deur die afskaffing van sy boerdery gely het, was ongetwyfeld baie groter as sy besparing ten opsigte van lone, arbeid en tyd van sy amptenare wat by die boerdery betrokke was. Here Sewentien het egter sy siening gehandhaaf dat die Kompanjie op die langtermyn 'n wins uit die Vryburgers se boerdery sou maak, in die vorm van goedkoop vleis, belastings, en 'n weerbare burgery wat die Kolonie se verdediging sou oorneem. Maar daarin is Here Sewentien teleurgestel.

In Junie 1695 het Here Sewentien aan goewerneur Simon van der Stel opdrag gegee om die Kompanjie se boerdery te staak. Hulle redes daarvoor was soos volg: "De groote ommeslagh dewelck de Comp. heeft soo in het cultiveren van de wijnen, de koornbouw, als het aenquiecken en voortsetten van allerhande bestiael is ons al overlangh, sedert dat wij soo een sterchen Colonie daer hebben gehadt, vrij tegens de borst geweest, als gemeent hebbende, gelyck wij oock als nogh doen, dat sulck beter de Coloniers, die daeraen mede de kost kunnen verdienen, als de Comp. past. Men laet nogh staen de menighte dienaers die daer toe buijten de slaven werden aengehouden en gebruijck, en daarom hebben wij ge-

70. F. Valentijn: Beschryvinge . . . , V.R.V. II, 2, pp. 202 - 203.

71. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 2.5.1707, p 464.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



geresolveert UE. te belasten alles daerhenen te dirigeren om uw daervan te ontdaen, en dat gansch werck aen de Coloniers over te laeten, niet plotselijck maer successivelijck van tijt tot tijt."[72]

In sy antwoord op die brief het Simon van der Stel 'n paar stewige besware voorgelê. Hy het voorsien dat as die Vryburgers toegelaat word om as agente op te tree, sowel die Hottentotte as verskaffers van vee, en die Vryburgers as middelmanne, die pryse sou verhoog. Dit was immers vir die Vryburgers nie moontlik om die skape en beeste so goedkoop van die Hottentotte te kry as wat die Kompanjie dit kon doen nie. Hulle eie troppe was ook nog nie groot genoeg om in die Kompanjie se groot verbruik te voorsien nie. Die verversingspos sou dus onverwags in die verleentheid kon verval, sonder enige vee, as die belangrike verversingsfunksie aan buitestaanders oorgelaat word. Simon van der Stel het Here Sewentien ook gevra om in ag te neem dat die Vryburgers se weiding - die Kaapse veld - geensins vergelykbaar was met die sagte groen klawerweide van Nederland nie; in die somer was die weivelde niks anders as sand en klippe nie. Die Hottentotte, het hy geskryf, oorkom hierdie probleem deur rond te trek, maar as die Vryburgers toegelaat word om op soortgelyke wyse rond te trek, sou daar Kompanjie-soldate saamgestuur moes word om hulle te beheer en te beskerm - iets wat die verdediging van die Kasteel heeltemal sou verswak.[73] Sy gevoel was dus sterk téén die afskaffing van die landbouposte.

In 'n proefneming om uiting aan Here Sewentien se wense te gee dat die Vryburgers uit hulle eie voorraad moes begin vee lewer - en moontlik om die Direkteure met die koste van

---

72. C358 Inkomende Briewe: Here XVII - S. van der Stel, 14.7.1695, pp. 103-104.

73. C505 Uitgaande Brieve: S. van der Stel - Here XVII, 1.8.1696, pp. 205 - 206.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



hulle plan af te skrik - het Simon van der Stel in Mei 1697 aan landdros Munckerus op Stellenbosch geskryf dat, aangesien die Kompanjie so pas sy beste vee opgebruik het om die retoervloot gedurende sy verblyf en vir sy verdere reis te voorsien, hy sekere reëlings met die Vryburgers moes tref. Gekommitteerde persone sou uit die Kaap gestuur word om 500 vet hamels teen tussen sewe en agt gulde per stuk, te koop. Landdros Munckerus moes ook uitvind wie vet beeste te koop gehad het, sodat die Kompanjie 400 daarvan kon koop. Pryse is nie gemeld nie.[74] Verdere hoeveelhede grootvee en kleinvee is daarna deur die landdros opgekoop en Kaap toe gestuur. Baie van die diere was onbekwaam vir skeepsverversing. Gevolglik is die landdros aangesê om meer en beter vee te soek. Hy moes ook boontjies en ertjies aankoop.[75]

Simon van der Stel het by sy uittrede in 1699 aan sy opvolger W.A. van der Stel voorgestel dat perde geteel moes word, sodat die V.O.C. se werksbeeste vir skeepsvoorsiening geslag kon word. Wanneer die Vryburgers se veestapel groot genoeg geword het om die Kompanjie as bron te dien, sou die landbouposte afgeskaf kon word. Na sy mening sou dit oor ongeveer drie jaar kon gebeur. Hóé onwillig hy was om uiting aan Here Sewentien se opdrag van 1695 te gee, blyk uit die verslag van kommissaris Daniel Heins, na sy besoek aan die Kaap in dieselfde jaar (1699) dat Simon van der Stel die bogenoemde instruksie aan sy opvolger geskryf het.[76]

---

74. VC 14 Daghregister: 23.5.1697, pp. 487-488; C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - H. Munckerus, 2.6.1697, pp. 557-558.

75. C505 Uitgaande Brieven: S. Elsevier - ongenoemde persoon, 15.10.1698, p. 1345; Ibid., H. de Goyer, 15.2.1698, pp. 972-973; Ibid., 19.2.1698, p. 981.

76. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, S. van der Stel - W.A. van der Stel, 30.3.1699, pp. 236,238.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Volgens Heins het die Vryburgers reeds sóveel vee besit dat die V.O.C. nie maklik verleë gelaat sou word nie, en die Kompanjie sou dus van sy eie skape ontslae kon raak. Daarbenewens was die vee wat die Vryburgers geteel het, twee maal so smaaklik en voedsaam as dié wat deur die Kompanjie van die Hottentotte geruil is. Die afskaffing van die V.O.C. se veeposte sou meebring dat die salarisse van die soldate wat by die poste diens doen, bespaar kon word.[77] In daardie jaar, volgens die algemene opgaafrol, het die Vryburgers (bestaande uit 568 manspersone) 53 971 skape en 8 957 beeste besit, teenoor die 5 956 skape en 1 929 beeste van die Kompanjie.[78]

Simon van der Stel se oorversigtigheid en onwilligheid om van die veeposte afstand te doen, is moontlik veroorsaak deur die vele beskuldigings en teregwysings oor gebrekkige skeepsverversing wat hy van sy owerhede moes aanhoor. Tydens my navorsing het ek geen definitiewe aanduiding gekry dat hy die Kompanjie se buiteposte vir die opbou van sy private kuddes en troppe gebruik het op dieselfde wyse as wat sy opvolger W.A. van der Stel enkele jare later gedoen het nie.

In die reeds aangehaalde brief van Here Sewentien aan goewerneur W.A. van der Stel gedateer 27 Junie 1699, waarin die vrye ruil aan die Vryburgers oopgestel is, is die Goewerneur aangesê om te sorg dat die leweransie van skeepsverversing die Kaapse amptenare, wat in die Politieke Raad en die Raad van Justisie dien, ontsê word. Die voorreg van verskaffing moet die Vryburgers toekom. Die Kompanjie se veestapel moes aan skepe uitgereik word totdat dit opgebruik

77. Ibid., D. Heins - Here XVII, 26.10.1699, p. 240.

78. C506 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 1.3.1700, pp. 703, 705.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



was, en dan moes die Goewerneur ontslae raak van die amptenare en slawe wat daarmee werksaam was. Die Kompanjie se voormalige weivelde moes daarna aan Vryburgers verhuur of verkoop word.[79]

Die Kaapse burgers is in 1700 per biljet genooi om die V.O.C. van skaapvleis en beesvleis te voorsien. Ondernemers moes by die Sekretaris van die Politieke Raad aanmeld teen watter prys hulle die vleis sou lewer. Eers het daar geen aanbod van 'n ondernemer gekom nie, totdat die vryburger Henning Hüsing 'n voorstel per memorandum aan die Politieke Raad voorgelê het. Kommissaris Valckenier het deelgeneem aan die besprekings om 'n algemeen-aanvaarbare pagkontrak te probeer opstel. Die kontrak sou vir 10 jaar geld. Hüsing sou toegelaat word om vee van die Hottentotte te ruil, dit vet te maak en dan teen 2½ stuiwers (ligte geld) per pond aan die Kompanjie te verkoop. Die Kompanjie sou die ingewande van 'n skaap teen 6 stuiwers koop, en dié van 'n bees teen 12 stuiwers. Die Kompanjie sou sy veetroppe verdeel in werksvee en slagvee, en Hüsing sou die slagvee binne 'n maand koop teen 12 gulden per bees en 3 gulden per skaap. Aan die einde van die kontrakperiode moes Hüsing dieselfde getal vee teen dieselfde prys teruggee, indien die Kompanjie dit sou verlang. Hüsing moes soveel beesvelle (teen ½ ryksdaler elk) en skaapvelle (gratis) lewer as wat die Kompanjie verlang. Die Kompanjie sou 'n stuk grond, bekend as Driefonteine, suid van die Groenekloof, aan Hüsing beskikbaar stel. Sy weigebied sou van Driefonteine óór Dassenberg weswaarts tot aan die see strek, en van daar kuslangs noord tot by Saldanhabaai, met uitsluiting van ander veeboere uit dié gebied. Die Kompanjie sou Hüsing jaarliks 1 000 pond tabak gee teen ½ persent wins, vir gebruik deur sy herders - met ander woorde nie as ruilmiddel nie. As Hüsing in sy weigebied las van Hottentotte het sou

79. C365 Inkomende Brieven: Here XVII - W.A. van der Stel, 27.6.1699, pp. 202-205.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die Kompanjie aan hom hulp verleen. Die Kompanjie sou 'n nuwe, sindelike slaghuis met slagkrale in die Kaap bou, waarvan die kraalmis die Kompanjie sou toekom. Hüsing sou tien maande tyd kry om sy veeposte, krale en hokke gereed te maak.[80]

Hüsing het 3 747 skape teen 3 gulden elk by die V.O.C. gekoop, en 522 beeste teen 12 gulden elk.[81]

Here Sewentien het hierdie kontrak, wat met 'n enkele verskaffer aangegaan is, as onvoordelig vir die ontwikkeling van die Kolonie beskou. Hulle het goewerneur W.A. van der Stel gevra om die kontrak te wysig totdat hulle oogmerk bereik is.[82] Hierdie oogmerk, soos elders uiteengesit word, was die materiële welvaart van die landbouers, wat weer die Here Sewentien self tot diens en voordeel sou strek met betrekking tot belastings, landsverdediging en skeepsvoorsiening.

Voordat die eerste jaar van die kontrak met Hüsing verstryk was, het hy gevra dat die bestaande kontrak gekanselleer en 'n nuwe een opgestel moes word. Die Politieke Raad het toe die duur van die kontrak met vyf jaar verkort; dit sou dus tot 1705 geld, en daarna sou 'n groep ondernemers die leweransie deel.[83]

---

80. VC 15 Daghregister: 16.1.1700, p. 545; Ibid., 17.2.1700, pp. 611-616.

81. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 17.2.1700, p. 365.

82. C367 Inkomende Brieven: Here XVII - W.A. van der Stel, 23.9.1700, p. 198.

83. C507 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 14.3.1701, pp. 82-87; C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 29.3.1705, p. 498.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die verdere ontwikkelings en omwentelings insake die vleisvoorsieningskontrak het nie die V.O.C. se eie boerdery en die buiteposte verder beïnvloed nie en val dus buite die bestek van hierdie ondersoek.[84]

84. Verdere ontwikkelings insake die verstrekking van vleis aan die Kompanjie kan gevolg word in: A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 19.12.1705, pp. 429-430; Ibid., 3.5.1707, p. 464; C377 Inkomende Brieven: Here XVII - W.A. van der Stel, 28.10.1705, pp. 264-265; C380 Inkomende Brieven: Here XVII - W.A. van der Stel, 30.10.1706, pp. 255-256; VC 17 Daghregister: 28.12.1706, pp. 776-778.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## ii. Die Hottentotte as bron van vee.

Die maatskaplike stelsel van die stamgebonde Hottentotte het op veebesit berus. 'n Stam het 'n gebied bewoon wat as sy voedingsbron gedien het ten opsigte van weiding, water, brandhout, jag en veldkos. Die omvang van 'n stam se voedingsgebied was in verhouding tot die grootte van sy veetroppe, terwyl laasgenoemde weer in verhouding tot die stam se mannekrag en die invloed van sy leiers gestaan het. Vir die individuele Hottentot was sy vee die bron van vleis, melk en botter. Dit het ook die velle voorsien waaruit sy klere, karosse, sandale, musse, sakke en riempies gesny is. Vee het 'n belangrike rol gespeel in sy seremonies oor reënmakery, en in die oorgangsritusse ten opsigte van geboorte, puberteit, huwelik en dood. Die bees was ook sy pakdier, rydier en oorlogsdier. Uit die beeste en skape is vet gebraai waarmee die liggaam gesmeer is; die vet, gal en bloed is ook as medisyne gebruik. Uit die horings en bene is artikels vir die daaglikse gebruik gemaak. Vee het as ruilmiddel kommersiële waarde gehad, waardeur die finansiële krag en sosiale status van die besitter bepaal is.[85]

'n Stam wat sy vee verloor het, moes hom tot jag, roof en die versameling van veldkos of seekos wend. In die tydperk onder bespreking verander 'n stam soos die Ubiqua van veebesitters tot Sonqua (struikrower),[86] en 'n versamelaarstammetjie soos die Goringhaicona verander deur struikrowery van versamelaars tot veebesitters.[87]

---

85. I. Schapera: The Khoisan peoples of S.A., pp. 292-300; H.J. le Roux: Die toestand, verspreiding en verbrokkeling van die Hottentotstamme in S.A., pp. 192-194.

86. Vergelyk VC 8 Daghregister: 24.3.1678, pp. 552-553; VC12 Daghregister: 4.4.1689, p. 287; VC 16 Daghregister: 24.4.1703, p. 255.

87. J. van Riebeeck: Daghregister I, 19.10.1653, pp. 161-162; Daghregister II, 3.6.1658, pp. 321-322.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die verskaffing van vleis en ander verversing aan die Kompanjie se skepe deur die Kaapse verversingspos, het tot 'n buitengewone druk op die Wes-Kaapse Hottentotte se verskillende voedingsbronne - hul veestapel, die natuurlike water en die veld - gelei, met uiteindelik noodlottige gevolg vir die sosiale stelsel van die Hottentotte. Die ontstamming van die Wes-Kaapse Hottentotte, as gevolg van die onteiening van hul voedingsbronne, was vyftig jaar na die stigting van die verversingspos reeds amper voltooi. Dié verarming en ontstamming word in hierdie skrif net aangeroer waar die betrokke voedingsbronne in die V.O.C. se besit oorgaan: die Kompanjie se groeiende veestapel is op die Kompanjie se buiteposte aangehou en die grond rondom die buiteposte is as weiveld en graanlande deur die Kompanjie gemonopoliseer. In hoeverre die natuurlike weiding en watervoorraad van die Wes-Kaap deur die Kompanjie weer aan Vryburger-boere in eiendom gegee is, is nie vir die doel van hierdie skripsie ter sake nie. Ander faktore wat tot die ontstamming bygedra het, word ook nie ondersoek nie.

Die V.O.C. het van 1652 af groot hoeveelhede vee nodig gehad vir skeepsvoorsiening, vir die Kaapse hospitaal en die garnisoen, as werksbeeste in die boerdery en vir vervoer, en vir die eie veeteelt. Die Wes-Kaapse Hottentotte wat die Skiereiland tot aan die Hottentotshollandberg bewoon het, wou egter nie groot getalle van hulle vee afstaan nie.[88] Die redes deur hulle aangegee vir hulle onwilligheid om te ruil, was dat die Nederlanders hulle grond beset, en as die Nederlanders troppe vee sou kry, sou die Hottentotte hul weivelde ook moes afstaan.[89] Ander het gesê dat die vee hulle belangrikste besitting is, op die opbrengs en produkte

---

88. J. van Riebeeck: Daghregister I, 19.11.1652, p. 86; Ibid., 24.11.1652, p. 89; Ibid., 17.12.1652, p. 102; Ibid., 9.1.1653, p. 115; Ibid., 29.1.1654, p. 196.

89. Ibid., 10.2.1655, p. 287.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


waarvan hulle bestaan.[90]

Georganiseerde ruiltogte deur die Kompanjie na die Wes-Kaapse stamme in die vroeë jare het ook min sukses gehad. Om 'n oorvloed vee in plaas van net 100 tot 200 stuks per ruiltog te bekom, sou 'n ánder plan gemaak moes word: die Hottentotte moes met vriendskaplike onthale na die ruil gelok word.[91] Maar onthale waar tabak, krale, koper, arak, brandewyn en brood of rys aan Hottentotte gegee is, het ook nie die gewenste groot troppe vee na die Fort laat stroom nie, sodat klein ruiltogte gereeld na die Hottentotkrale moes gaan. Dié bron is uiteindelik uitgeput. 'n Persoonlike besoek deur goewerneur Bax in 1676 aan die Wes-Kaapse kapteins Cuijper, Schacher en Houtebeen, wat Noordwes van die Tygerberg gewoon het, het net 10 beeste en 10 skape opgelewer, omdat die Hottentotte self min vee besit het.[92]

Goewerneur Bax is deur sy voorganger, goewerneur Isbrand Goske, aangeraai dat genoemde kapteins deur ervaring afkerig van die Kompanjie geword het, en dat dit nodig sou wees om kaptein Claas van die Chainouqua uit die Overberg te lok en sy vertroue te wen, sodat hy gebruik sou kon word téén die Kaapse Hottentotte.[93] (Hierdie oogmerk was sowel ekonomies en militêr van aard). Goewerneur Goske het kaptein Claas by hierdie geleentheid beskryf as 'n persoon wat goedgeaard ("civil") en met min tevrede is.

---

90. Ibid., 30.5.1655, pp. 308-309; Ibid., 3.12.1655, p. 371; J. van Riebeeck: Daghregister II, 8.12.1656, p. 87.

91. A.J. Böeseken (red): Memoriën en Instructiën: J. Cunaeus - J. van Riebeeck, 30.4.1663, p. 21; Ibid., H. Klencke - Z.Wagenaer, 6.4.1663, p. 55.

92. VC 7 Daghregister: 30.6.1676, p. 210.

93. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën: I. Goske - J. Bax g.v. Herentals, ...3.1676, p. 138.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Toenadering deur die Kaapse stamme, om die Kompanjie tot ruil te nooi wanneer hulle tabak op was, het hulle afhanklikheid van hierdie stof bewys. 'n Groot sterfte onder die stamme aan 'n ongenoemde oorsaak, het ondertussen hulle getalle verminder, en daarmee hulle aanspraak op die weiveld.[94] Hierdie bron was dus uitgedien.

Die Kompanjie sou sy ruiltogte in die toekoms toespits op kaptein Claas se Chainouqua oos van die Hottentotsholland-berg, en die verder-geleë Hessequa. Die Skiereilandse Hottentotte het die Hessequa probeer oorhaal om nie met die V.O.C. te ruil nie, en beloof dat hulle dan self die Hessequa van tabak sou voorsien. So het hulle gehoop om die vee-voorsiening aan die Kompanjie te ontwrig.[95] Dié poging was egter onsuksesvol, want die Overbergse stamme was reeds gewoond aan die smaak van alkohol en tabak, en deur die goedwilligheid van kaptein Claas het groot hoeveelhede vee uit die Overberg by die Kaap aangekom, om op die Kompanjie se buiteposte vet te wei en aan te teel.

Die Kompanjie het nie toegelaat dat die Hottentotte in die ruilproses 'n profyt maak nie, waardeur die verarming van die stamme verhaas is. Wat die Vryburgers se verkeer met die Hottentotte betref, het die Kompanjie ook sy bekende monopoliebeleid gehandhaaf: die aanplant van tabak deur Vryburgers en amptenare is in 1680 per plakkaat verbied, omdat hierdie tabak vir kleinighede soos heuning of volstruisvere aan Hottentotte verkwansel is, wat hulle noodsaaklike afhanklikheid van die Kompanjie verminder, en so die veeruil belemmer het.[96] Die veeruil tussen Vryburgers

---

94. VC 8 Daghregister: 4.9.1679, p. 965; Ibid., 6.9.1679, p. 968.

95. VC 9 Daghregister: 17.12.1680, pp. 170-171.

96. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 8.4.1680 en 11.6.1680, p. 164.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



en Hottentotte is herhaaldelik per plakkaat belet. 'n Drakensteinse burger wat saam met 'n paar vennote 50 beeste by Hottentotte geruil het, is as 'n skadelike burger en een sonder nut na Mauritius verban, omdat hy "op den roof van de E. Comp. en desselfs voornaamste prerogatijven en voordelen" geleef het.[97]

In 1673 het die Kaapse goewerneur berig gekry van moord en roof op blanke jagters, gepleeg deur sekere van Ngonnemoa se Cochoqua, gevolg deur 'n aanval op die buitepos Saldanhabaai, waartydens die poshouer, een soldaat en twee Vryburgers om die lewe gebring en die poshuis beroof is.

Die V.O.C. het toe twee ekspedisies onder vaandrig Cruse teen die Cochoqua gestuur. Hoewel daar geen afdoende bewys was dat die Cochoqua vir die misdaad verantwoordelik was nie, is die ekspedisies beveel om Ngonnemoa se krale, wat vroeër van die veerykste onder die Wes-Kaapse Hottentotte was, "aan (te) tasten en in de gront tragten te vernielen".[98] Ngonnemoa kon nie vasgekeer word nie, maar vaandrig Cruse het 'n kraaltjie naby Saldanhabaai op blote suspisie aangeval as vergelding. Die twee ekspedisies het tesaam 1 600 beeste en 4 900 skape aan buit opgelewer.[99]

Die Kompanjie het in Oktober 1676 nog steeds togte teen die Cochoqua onderneem met wraak en veeroof as verklaarde doel, omdat 'n retoervloot verwag is en die Kompanjie nie daarvoor

---

97. C358 Inkomende Brieven: W.van Outhoorn - S. van der Stel, 9.3.1696, p. 89.

98. VC 6 Daghregister: 14.6.1673, p. 795.

99. Ibid., 25.7.1673, pp. 808-816; VC 7 Daghregister: 7.4.1674, p. 79; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 11.7.1673, pp. 115-116; C496 II Uitgaande Brieven: I. Goske - J. Cruse, 14.7.1673, pp. 697-698.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



genoeg vee in voorraad gehad het nie.[100] Nadat Ngonnemoa hom aan die Kompanjie onderwerp het, is 'n jaarlikse belasting ("tribuut") op 'n paar van die Wes-Kaapse stamme gelê. Teen 1683 is nog steeds soldate na die Cochoqua gestuur om die belasting in te samel, maar die Chochoqua het nie meer beeste besit nie en kon dit gevolglik nie betaal nie.[101]

Die Overbergse stamme (die Chainouqua en die Hessequa) wat nog redelik ryk aan vee was, het teen 1680 die prooi geword van Ubiqua struikrowers. Die strooptogte deur arm Hottentotte op meer welvarende stamme kon die gevolg gewees het van die feit dat die seekoeie van die Bergrivier, wat 'n ryk voedselbron vir die jagter-stamme was, deur Vryburgers gejag is met toestemming van die V.O.C., en selfs onder beskerming van die Kompanjie se soldate, om sodoende hulle eie kosbare vee te spaar.[102] Hierdie optrede het bygedra tot die verarming van die Wes-Kaapse stamme.

Teen 1688 was die Skiereilandse Hottentotte grootliks sonder vee, en was hul sosiale stelsel in so 'n mate omvergegooi dat hulle om werksgeleenthede by die Kompanjie en die Vryburgers moes soek. Kommandeur Simon van der Stel was daarvan oortuig dat die Hottentotte se mag as georganiseerde groep of as mededingers in die veehandel, gebreek was. In die ploegtyd en oestyd het hul na die Vryburgers se plase toe gekom, "niet anders als de Westphaligers na de Neder-

---

100. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 27.10.1676, pp. 153-154.

101. VC 9 Daghregister: 2.11.1683, p. 1170.

102. VC 8 Daghregister: 30.7.1677, pp. 260-161; Ibid., 31.7.1677, p. 265; VC 12 Daghregister, 16.11.1692, pp. 1047- 1048.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



landen komen afsakken".[103] Op die V.O.C. se buitepos by Klapmuts is hierdie werkers in 1691 vir hulle arbeid as maaiers vergoed met tabak en arak alleen. Aangesien daar op daardie tydstip geen krale in die Kompanjie se pakhuis was nie, het hulle uiteindelik niks tasbaars vir hulle werk oorgehou nie.[104]

Met behulp van die buiteposte wat die V.O.C. op die grense van die Kolonie opgerig het, was dit vir ruilekspedisies maklik om op langer ruiltogte agter die Hottentotte aan te gaan, op soek na krale wat nog vee gehad het. Die pos in Hottentotsholland is herhaaldelik vir hierdie doel gebruik. Net so het landdros Starrenburg in 1705 die pos by Riebeeck-Kasteel en Songuasdrift as steunpunt gebruik gedurende sy seasweke-lange ruiltog, om trekvee vir die Kompanjie se vragwaens te verkry. Van Piketberg af suidwaarts langs die Bergrivier was die oorblyfsels van stamme arm en heeltemal onwillig; diê wat wel 'n paar beeste gehad het, het hul vee die bosse in en selfs oor die berg weggejaag, eerder as om hulle te verruil. Deur middel van dreigemente kon Starrenburg 'n klein troppie jongvee versamel. Naby Piketberg het die landdros ook die poshouer van die buitepos Groene Clooff aangetref, op 'n private ruiltog saam met 'n Vryburger, met dagga en tabak as ruilmiddels.[105]

---

103. C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 26.4.1688, p. 39.

104. C503 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Kerckenraad, 2.1.1691, p. 1.

105. C376 Inkomende Brieven: J. Starrenburg - W.A. van der Stel, 19 Octo. (segge November) 1705 (sic), pp. 295-297; Ibid., 26.11.1705, p. 301; Ibid., 28.11.1705, pp. 303-305; Ibid., 3.12.1705, pp. 307-310.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die Overbergse stamme is in 1699 deur luitenant Oloff Bergh besoek. Ook hulle was verarm en onwillig om hul laaste vee te verruil.[106]

Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die frekwensie en omvang van die V.O.C. se ruilhandel met die Hottentotte gedurende die bestuurstydperke van die twee goewerneurs Simon en W.A. van der Stel. Dit toon ook die groot leemtes in die beskikbare inligting. Inligting wat in hierdie tabel ontbreek, verskyn nie in die geraadpleegde bronne nie.

TABEL 3: Die Kompanjie se veeruil met Hottentotte onder Simon van der Stel en W.A. van der Stel se bestuur, 1679 - 1705.[107]

---

106. C366 Inkomende Brieven: O. Bergh - W.A. van der Stel, 25.11.1699, pp. 73-74, 76.

107. VC 8 Daghregister: pp. 1027-1028; VC 9 Daghregister: pp. 170-171; Ibid., p. 494; VC 11 Daghregister, pp. 446-447; VC 9 Daghregister: pp. 721, 722; Ibid., pp. 778-779, 782; Ibid., pp. 787, 806; Ibid., pp. 1170, 1172; VC 10 Daghregister: pp. 64-65; Ibid., pp. 66, 161-162; Ibid., p. 387; Ibid., p. 445; Ibid., p. 522; Ibid., p. 556; Ibid., p. 583; Ibid., pp. 610, 635; Ibid., pp. 644, 655; Ibid., pp. 795, 802; Ibid., pp. 1013, 1019; VC 11 Daghregister: p. 52; Ibid., pp. 117, 163; Ibid., p. 140; ZA 2/6/3 Daghregister, 21.1.1688; Ibid., 19.2.1688, 14.3.1688; ZA 2/6/4 Daghregister, 30.9.1688; VC 12 Daghregister: p. 157; Ibid., p. 2; C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 15.4.1689, p. 319; VC 12 Daghregister: p. 316; Ibid., p. 416; Ibid., p. 614; Ibid., p. 1047; VC 13 Daghregister: pp. 2-3, 60; Ibid., pp. 433, 494; Ibid., p. 744; C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 4.4.1695, p. 866; VC 13 Daghregister: pp. 721, 748; C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 1.8.1696, p. 236; VC 14 Daghregister: pp. 46, 49; C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 1.8.1696, p. 236; VC 14 Daghregister: pp. 301, 367, 396; Ibid., pp. 631, 663; Ibid., pp. 878-879; Ibid., pp. 1158-1183; C506 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 18.3.1699, p. 112; VC 15 Daghregister: pp. 8-9; Ibid., pp. 420, 456, 593; C506 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 1.3.1700, p. 759; VC 15 Daghregister: pp. 1017-1019; C507 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 20.3.1702, pp. 418-419; C508 Uitgaande Brieven, W.A. van der Stel - Here XVII, 31.3.1706, p. 973.

| Leier van ekspedisie | Doelwit | Vertrekdatum | Datum van terugkoms | Getal beeste geruil | Getal skape geruil |
|---|---|---|---|---|---|
| - | Caapse Hottentotte | 13.11.1679 | | | |
| Sers. Lourens | Hessequa | | 14.12.1680 | | |
| J. Hampen | Hessequa | 9.2.1681 | 19.3.1681 | 276 | 840 |
| - | Naasgeleë Hottent. | | 9.11.1681 | 3 | 90 |
| J. Hampen | Caapse Hottentotte | 4.9.1682 | 8.9.1682 | | 214 |
| J. Cruse | Caapse Hottentotte | 9.12.1682 | 13.12.1682 | 4 | 236 |
| Otto Cruse | Hessequa | 29.12.1683 | 27.1.1683 | 226 | 840 |
| S. van der Stel | Cochoqua | | 2.11.1683 | 80 | 80+ |
| Dorha | | | 24.2.1684 | 200 | |
| Dorha | | 25.2.1684 | 23.4.1684 | 197 | |
| 'n Sersant | Caapse Hottentotte | | 21.10.1684 | | 250 |
| Dorha | Caapse Hottentotte | | 27.3.1685 | | |
| Hott. kapt. & sersant | | | 7.7.1685 | | ±600 |
| C. Henning | Soeswas | | 13.8.1685 | | |
| J. Obenhouts | Soeswas | | 28.9.1685 | 42 | 217 |
| Korporaal | Hessequa | 12.11.1685 | 23.12.1685 | 261 | 486 |
| O. Bergh | Caapse Hottentotte | 7.1.1686 | 24.1.1686 | | |
| Korporaal | Naasgeleë Hottent. | 10.6.1686 | 22.6.1686 | | 550 |

| Leier van ekspedisie | Doelwit | Vertrekdatum | Datum van terugkoms | Getal beeste geruil | Getal skape geruil |
|---|---|---|---|---|---|
| Dorha | Sy nasie | 23.11.1686 | 23.1.1687 | 220 | 96 |
| Sersant | Naasgeleë Hottent. | 27.2.1686 | 14.3.1687 | | $\pm$500 |
| J. Muller | Naasgeleë Hottent. | | 3.11.1687 | 227 | 684 |
| - | Soeswas | | 21.1.1688 | | |
| Dorha | | 19.2.1688 | 14.3.1688 | 120 | 227 |
| J. Muller | Naasgeleë Hottent. | | 30.9.1688 | 132 | 701 |
| Dorha | | | 23.1.1689 | 250 | 200 |
| I. Schrijver | Inqua e.a. | 4.1.1689 | 6.4.1689 | 1 000+ | 300 |
| D. van Koningshoven | Naasgeleë Hottent. | | 8.11.1689 | 200 | 800 |
| Dorha | Naasgeleë Hottent. | | 25.4.1690 | 275 | 300+ |
| I. Schrijver | | | 13.1.1692 | $\pm$400 | 150 |
| I. Schrijver | Naasgeleë Hottent. | | 15.11.1692 | | $\pm$600 |
| I. Schrijver | | 4.1.1693 | 8.2.1693 | 250 | |
| I. Schrijver | Naasgeleë Hottent. | 12.3.1694 | 31.3.1694 | | |
| L. Hengst | Caapse Hottentotte | | 20.2.1695 | 419 | 600 |
| (getal elders gegee as: | | | | 119 | 551 |
| I. Schrijver | Hessequas | | 6.3.1695 | 450 | Byna geen |
| (getal elders gegee as: | | | | 421 | 108 |

| Leier van ekspedisie | Doelwit | Vertrekdatum | Datum van terugkoms | Getal beeste geruil | Getal skape geruil |
|---|---|---|---|---|---|
| I. Schrijver | | 11.10.1695 | 7.11.1695 | 330 | |
| (getal elders gegee as: | | | | 276 | 433 |
| I. Schrijver | Hessequa | 21.11.1695 | 7.2.1696 | 340 | 230 |
| I. Schrijver | Naasgeleë Hottent. | 20.11.1696 | 17.1.1697 | 223 | 300 |
| I. Schrijver | Soeswa, Hessequa | 13.11.1697 | 5.12.1697 | 203 | 377 |
| A. Sasse | Hessequa | | 15.4.1698 | | |
| D. van Koningshoven | Naasgeleë Hottent. | 6.12.1698 | 31.12.1698 | 255 | 499 |
| A. Sasse | Hessequa | 6.12.1698 | 12.1.1699 | 275 | 274 |
| O. Bergh | Soeswa, Gouris | 3.11.1699 | 10.2.1700 | 300 | 200 |
| A. Sasse | Portugees | 20.9.1701 | 21.10.1701 | | enige (107) |
| J. Starrenburg | Piketberg | ...9.1705 | 1.12.1705 | 179 | |

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



iii. Die handelsmiddele en handelsmetodes.

Die materiaal wat die V.O.C. as ruilgoed aangebied het vir die Hottentotte se beeste en skape was hoofsaaklik tabak, met krale en alkoholiese drank as tweede en derde belangrikste ware. Tien amptelike ruiltogte wat deur die Kompanjie onderneem is, waarvan die aangebode ruilgoed uitdruklik genoem word, gee 'n beeld van die goedere wat in die tyd voordat Here Sewentien die afskaffing van die buiteposte aanbeveel het, as ruilmiddels gedien het.

TABEL 4: Ruilgoed deur leiers van veeruilekspedisies aangebied.[108]

| Datum | Ruilgoed |
|---|---|
| 28 Sept. 1685 | tabak |
| 23 Des. 1685 | tabak en "andere snuijterijen" |
| 27 Feb. 1687 | tabak |
| 30 Sept. 1688 | tabak en "andere snuijterije" |
| 25 Okt. 1688 | tabak en "Snuijterije" |
| 8 Nov. 1689 | tabak, krale en "andere snuijserie" |
| 11 Nov. 1690 | tabak, arak, krale en "andere snuijserij" |
| 15 Nov. 1692 | tabak en arak |
| 4 Jan. 1693 | arak en tabak |
| 12 Maart 1694 | tabak, arak en krale |

Tabak word in al tien gevalle as ruilmiddel genoem, arak in die laaste vier gevalle, krale in drie gevalle, en ander mindere goed (byvoorbeeld kledingstukke, spieëltjies, ensovoorts) in ander gevalle.[109] Die hoeveelhede ruilgoed wat

108. VC 10 Daghregister: p. 563; Ibid., p. 635; VC Daghregister: p. 117; SA 3/6/4 Daghregister: 30.9.1688; Ibid., 25.10.1688; VC 12 Daghregister: p. 316; Ibid., pp. 560-561; Ibid., p. 1047; VC 13 Daghregister, pp. 2-3; Ibid., p. 433.

109. Vgl: R. Elphick: Kraal and Castle, pp. 164-166. Prof. R. Elphick se stelling dat die Kompanjie nie alkohol as ruilmiddel *per se* gebruik het nie, word deur hierdie gegewens weerlê.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gebruik is en die hoeveelhede vee wat daarmee bekom is, kan weens die onvolledigheid van die dokumentasie nie bereken word nie, maar dit kan sonder twyfel afgelei word dat 'n groot deel van die Hottentotte se vee - die hoeksteen van hulle maatskaplike bestel - letterlik in rook opgegaan het.

Van Riebeeck het eerste besef dat die gewoontevormende eienskap van tabak tot ekonomiese voordeel van die Kompanjie ingespan sou kon word. In 'n memorie wat hy vir die inligting van sy opvolger opgestel het, skryf hy dat aan die Kaap nie sonder tabak handel gedryf kan word nie, en dat dit die Kompanjie ook pas dat die ruilware opbruikbaar is: "dat derhalven voor d' E. Compe niet qualijck compt, vermits die consumabelheijt van de coopmanschappen selfs bij alle dit lantsvolck soo begeert, diese maer eens geproeft hebben, dat sy der na dollen".[110] Van Riebeeck het sy opvolger daarby ingelig dat die Hottentotte hou van Spaanse wyn, brandewyn en geurige anysarak, waardeur baie beeste van hulle afgerokkel kon word. Van gekleurde krale sou hulle mettertyd voldoende hê, "maer den tabackstrecq sal eeuwigh duijre ende langs soo meer toenemen", en dít was 'n gewenste toestand.[111]

'n Behoefte aan krale, alkoholiese drank en tabak moes dus geskep word en daarna uitgebuit word, om so slagvee, werksvee en teelvee vir die V.O.C. uit die Hottentotte se besit te onttrek. Die Europese ruilmiddels was aantrekliker as die natuurlike stowwe waarmee die inboorlinge vertroud was; die helderkleurige krale en blink koperkettinkies was mooier as hulle natuurlike krale wat van sade, been, skulpe en eierdop gemaak was, en die Europese dranke baie kragtiger in

---

110. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën: J. van Riebeeck - Z. Wagenaer, 5.5.1662, p. 43.

111. Ibid., p. 43.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


effek as die skaars heuningbier van die Hottentotte, en daarom begeerliker. Tabak was vóór die koms van Europeërs nóg skaarser onder die Kaapse inboorlinge, en kon net deur indirekte kontak van afgeleë Swart stamme gekry word.[112]

Die ekspedisie onder leiding van korporaal P. Cruijthoff wat in Januarie 1661 deur Van Riebeeck na die Namaqua gestuur is om handelsbetrekkinge te probeer aanknoop en die Kompanjie se ruilware te adverteer en aan hulle bekend te maak dat by die Fort volop van dié ware te kry was, het probeer om die rookgewoonte onder die inboorlinge aan te moedig, sodat 'n narkotiese afhanklikheid hulle gewillig sou maak om hulle vee aan die V.O.C. af te staan. Die onderleier en joernaalskrywer van die ekspedisie, P. Meerhoff, het by die eerste sien van die Namaqua "een pijp taback in mijn mont genomen en sijn deselve tegemoet gegaan".[113]

Die afstand en die dorre onbegaanbaarheid van die roete tussen die Fort en die Namaqua se woonplek het winsgewende veehandel belet. Die stam se potensiaal as veebron is deur verskillende ekspedisies daarheen getoets. Die aankoms in 1681 van 'n paar Namaqua by krale van die Grigriqua in Saldanhabaai is deur die poshouer van die betrokke buitepos aangemeld, en goewerneur Simon van der Stel het hulle toe daarvandaan na die Kasteel probeer lok. Hy het sersant J. Hampen aangesê om die beproefde metode van tabak en drank te gebruik om hulle te oorreed, omdat die ervaring geleer het dat dit die beste metode was om die inboorlinge tot die ruilhandel geneë te maak.[114]

---

112. I. Schapera: The Khoisan peoples of S.A., p. 241.

113. J. van Riebeeck: Daghregister III, 24.1.1661, p. 323; Ibid., 19.2.1661, p. 485.

114. VC 9 Daghregister: 27.11.1681, p. 454.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



In dieselfde jaar het kommandeur Simon van der Stel die volgende ruilmiddels uit Nederland aangevra, uitsluitlik vir die veehandel: 8 000 pond Virginiese tabak, 2 000 pond Brasiliese tabak, 1 000 kettings van onvergulde rooikoperkrale.[115]

Soos die rookgewoonte onder die Hottentotte toegeneem het, het die bestellings tabak en krale uit Nederland groter geword. In 1695 is 16 000 pond tabak vir die veehandel aangevra, asook 200 000 koperkrale, 400 pond rooi glaskrale, 400 pond blou glaskrale en 400 pond dik koperdraad vir armringe. In 1698 het 200 gros tabakpype in die Kaap aangekom vir die veehandel.[116] Simon van der Stel het dit raadsaam geag om aan 'n stam wat nie meer veel vee kon aanbied nie, maar nogtans om tabak verleë was, vyf of ses pond tabak gratis te skenk om nie die rookgewoonte onder hulle te laat uitsterf nie.[117]

Aan die einde van die tydperk van hierdie ondersoek was die prys van 'n geruilde bees een pond tabak en een bos krale, met 'n danksegging of "tabetje" van tabak en krale in verhouding tot die getal vee wat geruil is. In 1705 het landdros Starrenburg ses beeste geruil vir ses pond tabak en 6 bossies koperkrale, met 'n "tabetje" (danksegging) van een pond tabak en twee bossies koperkrale. 'n Paar dae later het hy 27 osse vir 27 pond tabak en 27 bossies krale geruil, met 'n "tabetje" van 3 pond tabak en 3 bossies krale, terwyl sy reisgenoot

---

115. C499 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 20.3.1681, p. 811.

116. C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 4.4.1695, p. 921; C362 Inkomende Brieven: Here XVII - S. van der Stel, g.d., p. 165.

117. C361 Inkomende Brieven: S. van der Stel - ongenoemde persoon, 12.7.1697, geen bladsy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



J. Hartogh in Saldanhabaai 16 osse geruil het vir 16 pond tabak en 16 bossies krale, met 'n "tabetje" van 2 pond tabak en 2 bossies krale.[118]

Die twee mees afgeleë binnelandse buiteposte gedurende die regeringstyd van Simon van der Stel, naamlik Saldanhabaai en Hottentotsholland, het albei 'n voorraad van bogenoemde ruilmiddels aangehou, om by elke beskikbare geleentheid ter verkryging van skape en beeste gebruik te word. Een van die take van hierdie buiteposte was om te waak teen onwettige ruilekspedisies wat deur Vryburgers onderneem word. Groepe burgers het soms saamgespan om ruilgoed, 'n wa, trekvee en wapens vir so 'n tog te voorsien, en hulle was bereid om 'n pond tabak op elke 10 beeste méér as die Kompanjie aan te bied. Hulle was ook meer vrygewig met brandewyn, en het met hulle aantrekliker aanbod die Kompanjie se handel benadeel.[119] Toe die volgehoue ruil uiteindelik die bron heeltemal uitgeput het, het die Kompanjie en roofsugtige burgers die vee met geweld en dreigemente van die Hottentotte afgepers.[120] Een voorbeeld van veeroof deur Vryburgers is die geval van Dronke Gerrit en sy maats, wat die armoedige kraal van Hanibal - die opvolger van die eens groot en veeryke Oedasoa, 'n hoofman van die Cochoqua met wie sedert Van Riebeeck gedurig handel gedryf is - aangeval, beroof en verbrand het, sodat vir dié groepie niks anders as struikrowery en die jag op olifante oorgebly het nie.[121] Beroofde Hottentotte het

---

118. F. Valentijn: Beschryvinge . . ., VRV II, 2, ii, pp. 52, 54.

119. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, S. van der Stel - W.A. van der Stel, 30.3.1699, p. 231.

120. Vgl.: die optrede van A. Sasse op die ruiltog van Desember 1698 - Januarie 1699, in C 333 Attestatiën: verklaring deur P. de Blaauw, 23.1.1699, pp. 1-7; en van J. Starrenburg op die ruiltog van Oktober 1705, in F. Valentyn: Beschryvinge . . ., VRV II, 2, ii, p. 16.

121. Ibid., p. 24.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


teen die begin van die agtiende eeu ander Hottentotkrale (as die maklikste prooi) aangeval en beroof, en so het die mense wat vroeër vreedsaam en vergenoegd in krale onder hul stamhoofde gewoon het met hulle veetroppe, amper almal in die berge verstrooi as jagters en rowers 'n bestaan probeer maak.[122]

In die Overberg, waar die veeryke Chainouqua en die Hessequa vroeër gewoon het, het luitenant Oloff Bergh in 1699 weer vir die Kompanjie gaan vee soek. Daarvandaan skryf hy aan goewerneur W.A. van der Stel dat hy in vroeër jare (ongeveer 1686) in die Soetendalsvallei en die Tijgerhoek (dit is tussen die huidige Caledon en Swellendam) die veeryke Hessequa in 85 verskillende krale saam aangetref het, en nou was hulle en ook die Chainouqua só verminder en verarm dat by hulle weinig te ruil was. Gevolglik was hy genoodsaak om twee sakke tabak, wat 8 rolle bevat het, na die Kaap terug te stuur as onnodig. Die Hottentotte wat tabak wou hê, kon niks in ruil daarvoor gee nie.[123] Deur die oorbenutting en berowing van die veebron (die Hottentotstamme) is die bron tot in sy wortels verarm en verwoes. Die V.O.C. se handelsmetode was daarop gemik om totale beheer oor die bron en die middele te bekom, terwille van doeltreffende skeepsverversing.

---

122. Ibid., p. 40; C507 Uitgaande Briewen: W.A. van der Stel - Here XVII, 20.3.1702, pp. 418-419.

123. C366 Inkomende Brieven: O. Bergh - W.A. van der Stel, 25.11.1699, pp. 73-74, 76.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



iv. Kaptein Claas en die V.O.C. se handelsmetode

Hierbo is die belangrikheid van doeltreffende skeepsverversing ondersoek, asook die metodes wat die V.O.C. gebruik het om beheer oor die bronne te verkry. Die Kompanjie se antwoord op die probleem was die stigting en instandhouding van 'n aantal buiteposte waar met vee, graan, groente, vrugte en soms ook wyn geboer is. Hoe die Kompanjie te werk gegaan het om die vee te verkry wat deur die groot verbruik genoodsaak is, is ook ondersoek. Hoofsaaklik is die winsgewende ruilhandel gebruik, maar gevalle van oorlog teen die inboorlinge, onder voorwendsel van wraak of afskrikking, en ook dié van afdreiging en die belasting van inboorlinge, is uitgewys. Here Sewentien was met hierdie toestand van sake bekend, en hulle was bewus van die wisselende sukses en mislukking van hulle Kaapse verversingspos. Die metodes wat die Kaapse hoofde aangewend het om die verversing te verseker, is nie deur die Direkteure afgekeur nie. Die geval van Kaptein Claas, sy jarelange rol in die onderhoud van die V.O.C. se veeposte, en die inbreuk wat die V.O.C. uiteindelik op sy stamlewe gemaak het, het egter by Here Sewentien protes uitgelok.

Aan kaptein Dorha van die Chainouqua, wat in die omgewing van die huidige Grabouw en Houwhoek gewoon het, is, volgens die gebruik van dié tyd die Nederlandse naam Claas gegee. Sy stam het bekend gestaan as die Soeswas, na aanleiding van die opperhoof Souswa, met wie Jan van Riebeeck in 1660 die ruil aangeknoop het. Vir Van Riebeeck was dit indertyd 'n deurbraak om 'n gewillige handelsgenoot te vind wat in die V.O.C. se behoefte kon help voorsien.[124] Die Chainouqua was net so welvarend soos hul bure die Hessequa, wat in die omgewing van die huidige Swellendam gewoon het.

124. J. van Riebeeck: Daghregister III, 22.9.1660, p. 267.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


'n Ruiltog na dié Overbergse stamme in 1663 onder leiding van Hendrik Lacus, en nog twee in 1664 en 1666 onder Cornelis de Cretser, het 240 beeste en 600 skape opgelewer. Dit het die afkeur van die Skiereilandse Hottentotte aangewakker, omdat dié twee Overbergse stamme nou hulle vyande - die V.O.C. - aan vee gehelp het.[125] Nadat die retoervloot van 1672 al die vee opgebruik het, en die Skiereilandse Hottentotte weer geweier het om vee aan die V.O.C. te verstrek, is korporaal P. Cruythoff op 'n ruiltog na die Chainouqua gestuur. Later in dieselfde jaar, toe die Paasskepe verwag is, is nog 'n ruiltog daarnatoe onderneem.[126]

Teen die end van 1672 het die Kompanjie 'n nuwe buitepos by Hottentotsholland gestig. Sersant Cruijthoff het toesig oor die bouwerk dáár gehou. In November 1672 het vier persone van die Chainouqua by die nuwe pos aangekom om die Kompanjie namens hulle hoofman tot die ruil te nooi. Sersant Cruijthoff het hulle na die Kasteel laat begelei om hulle boodskap daar af te lewer. Uit vrees vir die Skiereilandse Hottentotte wou die vier boodskappers nie alleen na hulle land terugkeer nie, en hulle het toe gewag totdat die ruilekspedisie gereed was, sodat hulle die beskerming van die soldate kon geniet.[127]

Vroeg in 1673 het kaptein Claas die Kompanjie op nog 'n ruiltog genooi. Hy het 50 osse daarvoor gereed gehad. Hy het ook laat weet dat die Chainouqua en die Hessequa in oorlog

---

125. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën; Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 24.9.1666, p. 73.

126. VC 6 Daghregister: 14.4.1672, p. 309; Ibid., 13.5.1672, p. 334.

127. Ibid., 25.11.1672, p. 532; Ibid., 27.11.1672, pp. 535-536; Ibid., 1.12.1672, pp. 539-540.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


met die Skiereilandse Hottentotte en ook die van Saldanha verkeer het.[128] Toe die V.O.C. in 1673 en 1674 militêre ekspedisies teen Ngonnemoa se Cochoqua uitgestuur het, het kaptein Claas met 250 man saam teen hulle gemeenskaplike vyand te velde getrek. Sy deel van die buit het uit 'n ongemelde aantal osse en 300 skape bestaan. Daarby sou hy nog 300 ooie vir die Kompanjie laat wei, en as beloning sou hy al die lammers ontvang wat gebore word.[129] Daarmee het die V.O.C. die Chainouqua se weiveld in die Overberg binnegedring.

Kaptein Claas het 'n getroue bondgenoot van die Kompanjie geword. Hy het nuus by die Kasteel gebring aangaande die migrasie van Hottentotstamme en die verskuiwing van krale; hy het ook gedroste slawe teruggebring, Blanke skipbreukelinge versorg, gidse vir landreisigers voorsien, en dikwels vee verruil vir drank, krale en tabak. Die Nederlanders het hom beskou as "wel de bescheijdenste van alle dees inlantsche barbaren".[130]

Sy waarde vir die Kompanjie het steeds toegeneem. Terwyl die Kompanjie in oorlog teen Ngonnemoa se Cochoqua verkeer het, het kaptein Claas, op versoek van goewerneur I. Goske, met sy mense uit die Overberg gekom en naby die buitepos Hottentotsholland kom woon om in die geval van 'n aanval deur die Cochoqua die afgeleë buitepos te help verdedig. Meer as 'n jaar later was hy nog daar, en goewerneur Goske het aan die poshouer, korporaal L. Visser, laat weet dat hy moes

---

128. Ibid., 21.2.1673, pp. 646-648; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 6.2.1673, p. 112.

129. VC 7 Daghregister: 9.4.1674, p. 81.

130. R. Elphick: Kraal and Castle, p. 142; VC 6 Daghregister: 18.11.1673, p. 918.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


probeer uitvind wanneer kaptein Claas van plan was om weg te trek, omdat sy plek dan deur soldate ingeneem sou moes word.[131]

By ten minste twee geleenthede het die V.O.C. op kaptein Claas se hulp staatgemaak, wanneer 'n inval deur 'n Europese vyand verwag is. Die Politieke Raad het in 1677 met hom, as "een der trouwste en voornaemste der Hottentots", gereël dat hy die Kompanjie en die Vryburgers se vee in bewaring sou neem as die Kaap van buite aangeval word. Ook Simon van der Stel het met hom gereël dat die Vryburgers se vrouens en kinders oorkant die berg in sy beskerming geplaas sou word.[132]

Teen die middel van 1677 het sersant L. Visser, die poshouer by die buitepos Hottentotsholland, laat weet dat gevegte tussen kaptein Claas en die mindere kaptein Koopman uitgebreek het en dat kaptein Claas van sy vee verloor het. Die Politieke Raad het luitenant J. Cruse met tien soldate gestuur om te gaan verseker dat die Kompanjie se getroue bondgenoot nie die onderspit delf nie.[133]

Kaptein Claas was spoedig van nóg groter diens vir die Kompanjie. Goewerneur Bax g.v. Herentals het hom in 1676 gevra om persoonlik die Kompanjie se ruiltogte te vergesel.

---

131. Ibid., 28.7.1673, p. 825; 3476 Uitgaande Brieven: I. Goske - L. Visser, 8.12.1674.

132. VC 8 Daghregister: 8.11.1677, p. 369; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 2.10.1677, p. 203, en 9.11.1677, p. 208; R. Elphick: Kraal and Castle, p. 142.

133. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 2.7.1677, p. 192.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Aanvanklik kon hy nie, vanweë die aanwesigheid van vyande in sy omgewing, maar hy het 10 of 12 van sy mense saamgestuur.[134] Op 24 Februarie 1684 kom hy self as leier van só 'n tog namens die V.O.C. terug, en bring 200 beeste wat hy vir die V.O.C. geruil het. Sy mense het self die ruilgoed vervoer en ook self die ruilwerk gedoen. Die Kompanjie het hom daarvoor met die 27 koeie in die trop beloon; die orige vee is dieselfde dag in groepe verdeel en na die Buiteposte gestuur. Die ruiltog het die Kompanjie niks behalwe die ruilgoed gekos nie, en het hulle die afwesigheid van een sersant en 12 of 15 soldate op 'n maandlange reis gespaar.

Die dag na sy terugkeer het kaptein Claas weer met 'n vrag ruilmiddele vertrek, en op 16 April het hy 'n boodskap na die Kasteel gestuur dat hy met 167 beeste onderweg is, maar dat Obiquas hom by die pas oor die Hottentotshollandberg inwag. Kommandeur Simon van der Stel het toe dadelik 'n geleide van 15 soldate daarnatoe gestuur. By die Kasteel het hy 197 (sic) beeste oorhandig. Die koeie is nou ook weer vir hom gegee. Hy moes hulle egter teen 5 persent rente per jaar afbetaal en hy kon die natuurlike aanwas hou.[135]

Kaptein Claas het op sy twee togte 397 beeste vir die Kompanjie gekry, in ruil vir goedere ter waarde van net 237 gulden. As die destydse prys per bees op gemiddeld 10 gulden beraam word, het die V.O.C. 'n wins van 1 700% op die transaksie gemaak. In die ses jaar ná 1684 het kaptein Claas nog ten minste ses sulke reise onderneem en meer as

---

134. C498 Uitgaande Brieven: J. Bax g.v. Herentals - L. Visser, 11.9.1676, p. 310.

135. VC 10 Daghregister: 24.2.1684, pp. 64-65; Ibid., 16.4.1684, pp. 146-147; Ibid., 23.4.1684, pp. 161-162.

1 242 beeste en 823 skape teruggebring.[136]

Op 27 Maart 1685 het hy skape en beeste na die Kasteel gebring wat hy van Kaapse Hottentotte afgevat het omdat hulle nie met die V.O.C. wou handel dryf nie. So het hy sy verknogtheid aan die Kompanjie bewys. Toe kommandeur Simon van der Stel in 1685 op sy tog na Namaqualand gegaan het, het kaptein Claas van sy geleerde pakosse aan hom verruil vir die reis. Kort na die Kommandeur se vertrek het sekunde Andries de Man twee soldate na kaptein Claas toe gestuur om hom te versoek om met soveel pakosse as wat hy nodig gehad het om ruilgoed te dra, na die Kasteel toe te kom, vir nog 'n ruiltog na die Overberg.[137]

As veebesitter het kaptein Claas swaar gely onder die Ubiqua-struikrowers, sodat hy selfs tydelik na Kaap Agulhas moes retireer. Van dáár af het hy die Ubiqua genooi om tabak te kom ruil, en tydens 'n feesviering het hy hulle leier en ses persone laat doodslaan omdat hulle na bewering lank tevore Blanke jagters vermoor het.[138]

Die V.O.C. het hom in 1686 Nederlandse klere laat aantrek, van ruilgoed voorsien, en op verdere handelsreise uitgestuur.[138] Toe hy in die jaar daarop kla dat sy onderdaan hoofman Koopman sy vee steel, het die Politieke Raad besluit om hom teen die rowery van Koopman te help, aangesien kaptein Claas altyd die V.O.C. "gehouw en getrouw is geweest". Soldate is gestuur om Koopman te waarsku dat hy hom vreedsaam en onderdanig aan sy kaptein moes gedra,

136. Ibid., 23.4.1684, pp. 161-162; R. Elphick: Kraal and Castle, p. 143.

137. VC 10 Daghregister: 27.3.1685, p. 445; Ibid., 20.10.1685, p. 599.

138. Ibid., 30.10.1685, p. 604; Ibid., 16.11.1685, pp. 625-626.

139. Ibid., 21.11.1686, p. 1019.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


anders sou sy vee en sy posisie weggeneem en aan 'n ander een gegee word.[140]

Toe vaandrig Isaaq Schrijver in Januarie 1689 op sy lang tog na die land van die Inqua, anderkant die Gouritsrivier, vertrek, het kaptein Claas twee pakosse verskaf, asook 9 of 10 van sy mense om Schrijver te dien, te beskerm en vir hom te veg, en liewer te sterf as om sonder sy toestemming huis toe te gaan, waar 'n sekere dood op hulle sou wag.[141]

In 1689 het kaptein Claas vertel van 'n siekte-epidemie wat die lewens van sy stamlede eis, en gesê dat rowers van die Ubiqua al die vee uit drie van sy krale weggesteel het.[142] Ten spyte van sy eie verliese, het hy nog vir die Kompanjie as ruiler opgetree. In 1690 het hy genoeg vee gebring sodat die Kompanjie ook nuwe Vryburgers aan werksvee kon help. Kaptein Claas het sy werk "seer getrouwlijck gedaan", en die geruilde vee is as "seer deugsaam, jong en goed", bevind.[143] Só waardevol was sy dienste ten opsigte van vee-verstrekking vir die V.O.C., dat vaandrig Schrijver daardie jaar met 30 soldate uitgestuur is teen die Ubiqua wat kaptein Claas se veetroppe bedreig het.[144]

Hierna het daar 'n verwydering tussen kaptein Claas en die Kompanjie gekom. Hy wou nie meer die V.O.C. as tussenganger en veeruiler dien nie. In 1692 het hy vaandrig

---

140. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 16.2.1688, pp. 186-187.

141. VC 12 Daghregister: 23.1.1689, pp. 11-12.

142. Ibid., 27.12.1689, p. 330.

143. Ibid., 25, 26.4.1690, p. 416.

144. Ibid., 11.11.1690, pp. 545-547.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Schrijver en sy geselskap beledig, hulle met wapens gedreig en hulle beveel om uit sy land pad te gee. Hy en die Hessequa wou voortaan niks met die V.O.C. te doen hê nie.[145]

Dit is moontlik dat kaptein Claas so veel van die Chainouqua se vee verloor het deur óórgeesdriftige en onversigtige veeruil, en ook deur rowery en die heersende droogte, dat hy tot die besef gekom het dat hy verdere veeverliese moes beperk ten einde sy stam se maatskaplike samehang te bestendig. Miskien het hy gedink dat hy 'n meer winsgewende (maar onwettige) handel met die Vryburgers kon voer. Goewerneur Simon van der Stel het in 1693 Here Sewentien gewaarsku dat 'n ernstige ramp die skeepsverversing bedreig, en hy het die gebruik van wapens aanbeveel om die toevoerkanaal oop te hou, net soos tevore met die Kaapse Hottentotte gedoen is.[146]

Die V.O.C. se standpunt is maklik om te begryp: sy behoefte aan slagvee, werksvee en aanteelvee het jaarliks toegeneem. Die Hottentotte wes van die Hottentotsholland-bergreeks was reeds sonder vee, en nou het die Chainouqua agter die berg ook 'n arm tyd binnegegaan en boonop kontak met die ooswaartse stamme probeer belemmer.

Twee van Koopman se volgelinge het in Julie 1693 by die Kasteel kom kla dat kaptein Claas 'n aanval teen Koopman beplan omdat laasgenoemde met die V.O.C. wou handel dryf. Op 'n namiddagvergadering van die Politieke Raad op 20 Julie 1693 is dit as 'n goeie rede aanvaar om militêr teen kaptein Claas op te tree, ook omdat hy dalk die Kompanjie se buiteposte kon aanval. Veel aanneemliker vir dié besluit is die uitgebreide beskrywing van die Kompanjie se haglike posisie ten

---

145. VC 13 Daghregister: 20.7.1693, p. 196.

146. C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 12.4.1693, pp. 113-114.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


opsigte van die veevoorraad, wat goewerneur Van der Stel op die oggendvergadering aan die Politieke Raad voorgelê het.[147]

Luitenant W. Padt het die volgende dag met 100 soldate en 50 Vryburgers na De Cuijlen vertrek, en teen dagbreek op 22 Julie het hulle by Henning Hüsing se plaas Meerlust aangekom, waar nog 50 burgers uit Stellenbosch by hulle aangesluit het. Koopman se boodskapper Kabelaar, is met 'n sersant en tien soldate vooruit na Koopman se kraal, om te reël dat sy Hottentotte en die tien soldate in die nag 'n ent oos van kaptein Claas se kraal stelling inneem, sodat kaptein Claas se mense nie met hul vee na die Hessequa sou kon vlug nie. Luitenant Padt se opdrag was dat hulle kaptein Claas, sy swaer en 'n ander leier moes vang, en bloedstorting moes vermy. As die aanval in daglig plaasvind en kaptein Claas ontsnap, moes hulle hom 2 of 3 dae lank agtervolg.[148]

Luitenant Padt se mag het 'n week later almal ongedeerd teruggekom, met kaptein Claas, Leendert Cruidop en Jantje Spring in't Veld, wat almal dadelik opgesluit is. 'n Groot hoeveelheid vee (die getal is nie bekend nie) het later by die buitepos De Cuijlen aangekom, waar dit in verskeie troppe tussen die Buiteposte en die buiters verdeel is. Luitenant Padt het gerapporteer dat hulle die slapende krale in die nag aangeval het. Koopman se volgelinge het diegene wat agter probeer uitvlug het, doodgeslaan. Die meeste van kaptein Claas se grootvee en kleinvee is gebuit.[149]

---

147. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 20.7.1693, pp. 270-273.

148. VC 13 Daghregister: 21.7.1693, p. 209.

149. Ibid., 25.7.1693, p. 214; Ibid., 28.7.1693, p. 216; Ibid., 29.7.1693, pp. 217-218.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Voor die Politieke Raad het die gevangenes volgehou dat hulle die V.O.C. geen kwaad aangedoen het nie. Goewerneur Simon van der Stel was tevrede dat kaptein Claas tot onderdanigheid gedwing is. Sy volk was verstrooi, sy vroue en kinders was in Koopman se krale, en die meeste van sy vee was tussen die Kompanjie en Koopman verdeel. Omdat die Kompanjie nou besef het "dat hij capn Claas directelijck geen feijtelijkheid tegens d' E. Comp. begaan heeft", omdat geen Christenbloed vergiet is nie en daar vóór die veldtog deur die Kompanjie of die Vryburgers ook geen skade gely is nie, sou die vervolging teen kaptein Claas gestaak word. Hy en sy swaer sou na Robbeneiland verban word totdat hulle ootmoediger is en hulle onderhoriges verder in krag en getalle verminder het en hulle stil in Koopman se krale woon - met die verdere dreigement dat as hulle dit nie doen nie, hulle liggaamlik gestraf sou word.[150]

Na drie maande moes kaptein Claas na die vasteland teruggebring word omdat hy ernstig siek was. Toe die skip Dageraad daarna op Robbeneiland strand, en die eiland weke lank vol bergingspersoneel was, is die gevangenes na die vasteland ontruim, om hulle ontsnapping te voorkom. Claas kon aan die Kaap op vrye voet bly, maar hy is verbied, op straf van lyf en lewe, om na sy mense in die Overberg te probeer terugkeer.[151] In April 1694 is kaptein Claas na die Kompanjie se weiveld by Steenberg gestuur om 'n trop van die V.O.C. se vee op te pas.[152]

Goewerneur Simon van der Stel het nie dadelik die aanval op Claas aan Here Sewentien bekend gemaak nie, hoewel hy kort

---

150. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 17.8.1693, pp. 274-275.

151. VC 13 Daghregister: 23.1.1694, pp. 392-393.

152. Ibid., 3.4.1694, pp. 501-502.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


voor die aanval sy mening, dat kaptein Claas tot onderdanigheid gedwing behoort te word, aan hulle gestel het. Toe Here Sewentien op sy aanbeveling antwoord, was die aanval al meer as 'n jaar verby. Here Sewentien was daarteen gekant om mense met geweld te dwing om die belange van die Kompanjie te dien. Hulle het daartoe sagte middele aanbeveel.[153] Eers byna twee jaar na die moordparty het goewerneur Simon van der Stel sy optrede aan Here Sewentien bekend gemaak. Die Politieke Raad wat in 1693 die besluit geneem het, het toe nie meer bestaan nie: sekunde De Man en luitenant Padt was reeds oorlede, Lodewyk van der Stel het saam met die skip Ridderschap op see verdwyn, fiskaal Simons is verplaas, en sekretaris De Grevenbroek het uit die V.O.C. se diens getree. Net luitenant van Reede en goewerneur Simon van der Stel het oorgebly. Voordat Here Sewentien die brief ontvang het, het hulle self die gebeure uit die oorgestuurde dagregister van die jaar 1693 te wete gekom.

Here Sewentien het Van der Stel erg kwalik geneem omdat hy dié daad laat pleeg het en omdat hy die gebeure nie aan hulle bekend gemaak het nie. Hulle spreek hulle ergste misnoeë uit omdat hy kaptein Claas se onderdane laat doodmaak en verstrooi het en sy skape en beeste afgeneem het, en omdat hy in die Kasteel opgesluit is sonder dat hy ooit die geringste wandaad teenoor die V.O.C. of die Vryburgers gepleeg het. Hulle was verwonderd, "niet kunnende bedencken hoe het mogelyck is dat sulcx in UE: hersens heeft konnen komen, dat UE een man die altijt Comps. vrint is geweest, en onse vrintschap in alle gelegentheden heeft gesoght, op die wijse vijantlijck te overvallen, . . . . . 't welck gevolchlijck niet als een groote haet en bitterheijt in de anderen hottentots tegens ons kan verwecken".[154] Uit die oorgestuurde

---

153. C356 Inkomende Brieve: Here XVII - S. van der Stel, 27.8.1694, p. 60.

154. C358 Inkomende Brieve: Here XVII - S. van der Stel, 14.7.1695, p. 101.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



dagregister kon Here Sewentien niks agterkom wat Simon van der Stel se optrede kon regverdig nie.

In Junie 1696 het Simon van der Stel aan die Direkteure berig dat kaptein Claas na sy land terug gestuur is.[155] Of sy veebesit en sy status (dié twee hang nou saam) herstel is, word nie gesê nie.

Die onenigheid tussen Koopman en kaptein Claas het binne maande weer uitgebreek. Daar was klagte van beide kante. Van der Stel het soldate gestuur om hulle uitmekaar te hou. Kaptein Claas se klagte was dat Koopman sy vee gesteel het, sy krale beroof het (hy was nou tussen die Hessequa woonagtig) en sy vrou vermoor het toe sy uit Koopman se kraal na kaptein Claas wou teruggaan.[156]

Teenoor die amptenare wat na die Hessequa gestuur is om vee te ruil, het kaptein Claas sy verbittering getoon. Hy het die hoof van die Hessequa ook afkerig van die V.O.C. gemaak, en heeltemal sinies teenoor die ruiloffisier wat steeds op meer vee aandring, gesê: "Siet, daar is ons vee, dat is allemaal 's Comps. vee, soo het U.l. goed dunkt, neemt het maar weg".[157] By dié geleentheid is kaptein Claas deur die ruiloffisier, luitenant A. Sasse gevang, vasgebind, en van 22 Desember 1698 tot 3 Januarie 1699 in 'n tent aangehou, terwyl Sasse met Koopman handel dryf. Op 4 Januarie het kaptein Claas uit die tent ontsnap.[158]

---

155. C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 16.61696, p. 79.

156. VC 14 Daghregister, 27.5.1697, pp. 497-498.

157. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, S. van der Stel - W.A. van der Stel, 30.3.1699, p. 232.

158. C333 Attestatiën: Verklarings deur P. de Blaauw, 23.1.1699, pp. 1-7; A. Sasse en F. Lever, 23.1.1699, pp. 7-18; D. Vieravond, pp. 19-29.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Op 15 Junie 1701 meld die Daghregister dat Claas na 'n afgedwaalde bees in Koopman se kraal gaan soek het en daar doodgeslaan is.[159]

Die betrekkinge van amper 30 jaar tussen kaptein Claas en die Kompanjie illustreer die effek wat die Kaapse verversingspos se alles-oorheersende taak van skeepsvoorsiening op die Kaapse inboorlinge gehad het, en watter pryse geëis en betaal is om die veeposte effektief te laat funksioneer. Uit die Here Sewentien se reaksie op Simon van der Stel se optrede blyk dit dat hulle nie 'n beleid ten opsigte van die beveiliging van die veebron neergelê het nie. Die oplossing van die probleem is aan die opeenvolgende Kaapse hoofde se vindingrykheid oorgelaat, wat dit elk op sy eie manier probeer doen het.

159. VC 15 Daghregister: 15.6.1701, p. 951.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


v. <u>Die behoefte aan weiding vir die V.O.C. se veestapel.</u>

Jan van Riebeeck het tydens 'n droogte in Februarie 1656 aanspraak gemaak op die alleenreg van die Kompanjie se vee om die Tafelvallei, tussen Leeuwenberg en Windberg, te bewei, toe hy Autshomao ("Herry"), die Goringhaicona-kaptein, beveel het om nie vee daarheen te bring voordat dit gereën het nie. Ook die Goringhaiqua ("Caapmans") van kaptein Gogosoa is belet om daar te laat wei, omdat daar skaars genoeg weiding vir die Kompanjie se vee was.[160] Die V.O.C. se belang - die suksesvolle funksionering van sy verversingspos - word hier dus bo die inboorlinge se aanspraak op hulle voedingsgebied gestel.

Presies 'n jaar later het Van Riebeeck, daartoe aangemoedig deur kommissaris Van Goens, die nedersetting uitgebrei na die vrugbare Liesbeeckvallei oos van Tafelberg, waar 'n standhoudende rivier en 'n minder skadelike suidoostewind die landbou en tuinbou goed sou dien. Die eerste groep Vryburgers wat hy daarnatoe geneem het om hul plasies te kies, het die plekke aangewys waar die kapteins Herry en Gogosoa se krale toe geleë was. Dat Van Riebeeck met die besetting van die Liesbeeckvallei die inboorling-veeboere van 'n voedingsbron ontneem het, het hom ontgaan óf hom glad nie aangegaan nie. Op die Hottentotte se vraag wáár hulle nou moes heen, het Van Riebeeck geantwoord dat daar oral genoeg weiding was, en dat hulle van die tabak en brood wat daar verbou word as geskenk sou kry - 'n stelling wat van enige sin ontbloot is.[161]

Deur die Liesbeeckrivier as grenslyn te gebruik, van waar dit uit die suidoostelike hang van Tafelberg vloei tot by sy aansluiting met die Swartrivier, en van dáár af tot by

---

160. J. van Riebeeck: Daghregister II, 27.2.1656, p. 22.

161. Ibid., 20.2.1657, pp. 98-99.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die Soutriviermond, het Van Riebeeck 'n gebied afgebaken wat hy die Kompanjie se "begrepen cirkel" genoem het. Met hierdie aansienlike, waterryke gebied wou hy die weiding van die Kompanjie se vee verseker, dat dit nie deur die groot trekkende veetroppe van die Hottentotte afgewei word nie.[162] Hierdie grens het hy versterk met 'n reeks reduite en ruiterstalle wat deur 'n wilde amandelheining en 'n pega-pega of borswering van pale en doringtakke, verbind is. Daar was 'n paar verpligte toevoerpaaie vir die inboorlinge deur hierdie grensheining.

Die inboorlingstamme van die Skiereiland het binne hulle beperkte vermoë geprobeer om deur roof, moord, brandstigting en die ontwrigting van die ruilhandel te verhoed dat die Nederlanders groot veebesitters, met toenemende aansprake op weiding en water, word. 'n Vredesgesprek het op 6 April 1660 tussen Van Riebeeck en die leiers van die Skiereilandse Hottentotte plaasgevind. Hulle klagte was dat die Nederlanders hoe langer hoe meer van die grond vat waarop hulle eie vee sedert alle eeue gewei het. Die Nederlanders het ook nie net by die Fort (dit is in die Tafelvallei) gebly nie, maar die hele land ingegaan en die beste daarvan gevat sonder om te vra hoe dit die inboorlinge geval, en of hulle daardeur ongerief sou ly. Van Riebeeck se verweer was dat daar nie genoeg weiding vir albei groepe se vee was nie. Die Hottentotleiers het toe geantwoord dat dít juis die rede was waarom hulle wou voorkom dat die Nederlanders beeste kry. Benewens weiding, het Van Riebeeck hulle ook die insameling van veldkos binne die "begrepen cirkel" belet.[163]

By Van Riebeeck se vertrek in 1662 was die weiding binne die "begrepen cirkel" al so skraal dat gewapende herders

---

162. J. van Riebeeck: Daghregister III, 8.11.1658, p. 412.

163. J. van Riebeeck: Daghregister III, 6.4.1660, pp. 197-199.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die Kompanjie se vee bedags buite die grensheining begelei het.[164]

Vryburgers is van 1671 af verbied om hulle vee in die kloof tussen Leeuwenkop en Tafelberg te laat wei, en van 1687 af is hulle die hele Tafelvallei belet. Net lede van die Politieke Raad en die Raad van Justisie is deur kommandeur Simon van der Stel toegelaat om die Kompanjie se eksklusiewe weireg daar te deel. Dié vergunning was strydig met Here Sewentien se bevele.[165]

In 1671 was Vryburgers al ver buite die "begrepen cirkel" gesetel, en is die skutheining en sommige reduite toegelaat om te verval, as 'n oorbodige middel. In Februarie van daardie jaar het kommissaris Isbrand Goske en die Politieke Raad 'n groep, bestaande uit vrye landbouers en V.O.C.-landbouers, na die Hottentotshollandvallei laat reis, om die situasie, vrugbaarheid en die ekonomiese moontlikhede van die gebied te ondersoek, en te kyk of dit tot die V.O.C. se voordeel sou wees om dit te beset. Die ekspedisie het gelei tot 'n jarelange besetting deur die V.O.C., met 'n bemande buitepos, groot veekrale en graanlande.[166] In 1680 het kommandeur Simon van der Stel nog 'n buitepos vir landbou en veeteelt gestig by De Cuijlen, aan die Kuilsrivier, en in 1683 ook een by Klapmuts, waar in die nat en droë seisoene volop weiding was.

Intussen het die V.O.C. 'n voorraad veevoer vir die droë somermaande verseker deur aanspraak te maak op jong welige langgras wat gesny en as hooi opgeberg kon word. In die

---

164. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën: J. van Riebeeck - Z. Wagenaer, 5.5.1662, p. 39.

165. VC 6 Daghregister: 15.9.1671, p. 153; VC 11 Daghregister: 10.7.1687, pp. 359-360; Ibid., 5.6.1687, p. 281.

166. VC 6 Daghregister: 11.2.1671, p. 32.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



lente van 1676 het goewerneur Bax g.v. Herentals, op pad terug na die Kasteel ná 'n besoek aan die buitepos Hottentotsholland, die kraal van die inboorlingkaptein Cuijper langs die Eersterivier aangetref, en hom aangesê om uit dié omgewing te verhuis aangesien die Kompanjie die gras vir somervoer wou laat maai.[167] 'n Paar dae later is luitenant J. Cruse gestuur om agter die Tygerberg te gaan soek na geskikte langgras waarvan hooi gemaai sou kon word. Op die alleengebruik van daardie weide het die Kompanjie ook aanspraak gemaak.[168] By verskillende geleenthede daarna is Hottentot-kapteins wat hulle krale agter (noord en oos van) Tygerberg gevestig het, per militêre boodskapper aangesê om te vertrek.[169] In 1690 is 'n sersant weer gestuur om kaptein Dikkop te gelas om met sy krale en sy vee te vertrek en in die binneland na ander weiding te gaan soek. Die sersant het die inboorling gearresteer oor sy hardnekkige weiering en bars antwoorde, en hom Kasteel toe gebring, waar kommandeur Simon van der Stel en sekunde A. de Man hom onder hande geneem het. Nadat hy deur hulle gesag geïntimideer is, is kaptein Dikkop beveel om in die toekoms "Comps. ordres praecis en sonder tegenspreken" uit te voer. Ook moes hy sorg dat sy Hottentotte nie weer naby die V.O.C. en die Vryburgers se landerye kom met hulle vee nie.[170]

Intussen is die beskikbare weiveld wes van die lang Hottentotsholland-Drakenstein bergreeks, waar in die somer standhoudende drinkwater was, meer en meer deur Vryburgers beset, met die aanmoediging van opeenvolgende Kaapse hoofde. Langs die Eersterivier is van 1679 af plase uitgedeel. In die

---

167. VC 7 Daghregister: 18.9.1676, p. 310.

168. Ibid., 21.9.1676, p. 312.

169. VC 8 Daghregister: 14.7.1679, p. 933; VC 9 Daghregister: 5.9.1680, pp. 120-121; Ibid., 6.10.1680, p. 139.

170. VC 12 Daghregister: 21.2.1690, pp. 380-381.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Kaapse Skiereiland van Tafelbaai af tot aan die Steenberg, was in 1685 reeds 24 boereplase. In die veel groter Stellenboschgebied was daar 99 boeregesinne. Die Vryburgers het toe 14 501 skape en 2 297 beeste besit, wat, saam met die V.O.C. se 8 000 skape en 1 516 beeste, 'n aansienlike druk op die somerweiding geplaas het.[171] In dieselfde tyd is in Nederland per biljette geadverteer dat persone wat as vry landbouers na die Kaap wou emigreer, soveel grond in eiendom geskenk sou word as wat hulle sou kon beheer.[172] Simon van der Stel het aan soldate wat voorheen op buiteposte gedien het en ondervinding van pionier-landbou gehad het hulp beloof as hulle wou Vryburgers word.[173] Die waterryke Olifantshoekvallei (die huidige Franschhoekvallei) is ná 'n vóóronderseok aan Nederlandse en Franse Vryburgers uitgedeel.[174] Op goewerneur Simon van der Stel se laaste besoek aan die Kaapse buiteposte in 1699, net voordat hy sy gesag aan W.A. van der Stel oorgedra het, het hy ongeveer 30 nuwe plase in die Wagenmakersvallei uitgereik.[175] Ses maande later het goewerneur W.A. van der Stel ook die Waveren-vallei (die huidige Tulbaghvallei) sowel as die driehoek wat deur Riebeeck-Kasteel, Heuningberg en Vogelvalleij (tans Voëlvlei) ingesluit word, vir besetting deur

---

171. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën: H.A. van Reede - S. van der Stel, 16.7.1685, p. 208; C501 Uitgaande Brieven: 3.10.1685, p. 129.

172. C335: Inkomende Brieven: 3.10.1685, p. 129.

173. VC 9 Daghregister: 6.12.1683, pp. 1238-1239; VC 10 Daghregister: 29.2.1684, p. 69.

174. SA 2/6/4 Daghregister: 20-24.10.1688.

175. C506 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 18.3.1699, p. 91.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Vryburgers oopgestel, omdat hy die Drakensteinvallei as te sleg, te waterig en te beknop vir landbou beskou het.[176] Hierdie skielike noordwaartse grensverskuiwing het met die oprigting van vyf nuwe buiteposte gepaard gegaan.

Geeneen van die nuwe plase in hierdie gebied wat vroeër as voedingsbron vir die inboorlinge gedien het, is omhein nie, en gevalle het voorgekom waar Hottentotte se vee skade aan koringlande en wingerde veroorsaak het.[177] Soos die geval was met die Hottentotte, is geen Vryburger toegelaat om sy diere naby die Kompanjie se buiteposte, krale of landerye te laat wei nie, op straf van 'n geldboete en konfiskasie van die betrokke vee. Om diefstal van die Kompanjie se diere te voorkom, is niemand toegelaat om hul vee se ore af te sny en so die V.O.C. se teken (die letters O.C. op albei ore) uit te wis nie.[178] Simon van der Stel het sy opvolger aangeraai om te belet dat Vryburgers wat by een van die buiteposte verbyry, daar uitspan, omdat hulle vee dan die Kompanjie se gras opvreet. Hy moes ook sorg dra dat Vryburgers nie hulle veetroppe en kuddes naby die Kompanjie s'n bring nie, om te voorkom dat hulle die Kompanjie se herders omkoop om hulle swak vee vir goeies uit die V.O.C. se troppe te ruil.[179]

Die V.O.C. het die vrye landbou aangemoedig omdat hy daardeur 'n bestendige verversingsbron binne sy beheer en onder

---

176. Ibid., W.A. van der Stel - Here XVII, 1.3.1700, p. 690.

177. C503 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - C.P. Linnes, 29.7.1692, p. 545; C507 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - M. Ditmars, 23.5.1702, p. 623.

178. VC 10 Daghregister: 25.4.1686, pp. 710-711.

179. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, S. van der Stel - W.A. van der Stel, 30.3.1699, p. 235.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


sy gesag sou kry. Mettertyd sou hy dan ook van die moeite en onkoste ten opsigte van sy eie boerderyposte bevry word. Binne die tydperk van hierdie ondersoek (1652 - 1707) het die Kompanjie sy grens gedurig uitgebrei na die binneland, weg van die Kasteel. Teen die einde van dié tydperk was die grens aan die Hottentotsholland-Drakenstein bergreeks, vanaf Riebeeck-Kasteel in die Noorde tot by die Lourensrivier in die Suide. Binne hierdie gebied is die veeboerdery van die inboorlinge aan verskillende soorte druk onderwerp. Ds. Francois Valentyn, wat die stamlewe van die Kaapse Hottentotte in die laaste jare van hul bestaan persoonlik ondersoek het, het die tragiese verbrokkeling daarvan beskryf wat op die verlies van hul vee gevolg het: "dus sijn ze menschen, die hun in vrede, vergenoegd en onder hoofden en kralen verdeelt, gerustelijk met den veeteelt had erneerden, meest alle bosjemans, jagers en rovers geworden, en overal tusschen en in geberghtens verstrooyt".[180]

180. F. Valentyn: Beschryvinge . . ., VRV II, 2, ii, p. 40.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za






V Die Kaapse Nedersetting en die kolonie Stellenbosch, 1688 - 1700 (M1/17, K.A.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



c. Die grondslae van die V.O.C. se graanboerdery.

Van die bemannings van dwarsgetuigde skepe is verwag om in alle weersomstandighede en enige tyd van die dag of nag diens te lewer. In stormweer het hulle selde gerus. Omdat droë klere gou nat geword het, is dit nie na die eerste stormweer uitgetrek nie. Matrose moes in die koue, donker nagte dikwels meer as veertig meter hoog in die maste werk. Die voorkasteel waarin gewone matrose gehuisves is, was donker, koud en klam, en die karige soldy van ongeveer 10 gulden per maand het die aankoop van voldoende winterklere of aanvullende kos uitgesluit. Die langdurige en uitputtende arbeid wat hulle moes lewer het dus gepaard gegaan met ongesonde huisvesting en ondervoeding.

Here Sewentien het die belangrikheid besef van styselkos in die skeepsdieet om as bron van warmte en energie te dien. Gort, boontjies en graan is vir dié doel ingevoer, maar die V.O.C. sou graag van dié onkoste ontslae wees, en gevolglik is die graanbou aan die Kaap gedurig aangemoedig. Die V.O.C. se skepe is in Nederland vir die heenreis van beskuit voorsien wat in die volksmond skeepsbrood, hardbrood en "tweebacken" genoem is. Vir die tuisreis is skepe in Batavia hoofsaaklik van rys, maar ook van beskuit voorsien. Op see was dit nie moontlik om die klammigheid, wat broodskimmel veroorsaak, uit die rys en beskuit te hou nie; ook miet en broodwurm het die styselvoorraad bederf. Seelui met skeurbuik kon vanweë hulle ontsteekte tandvleis en los tande nie die harde beskuit eet nie, daarom was vars en sagte styselkos 'n noodsaaklike behoefte van die V.O.C. se seevarendes op die Kaapse roete.

Die taak van proefnemings doen met grondsoorte, omheining, besproeiing en bemesting asook kennis van plantsiektes, wind, reën, en die beste tye om te ploeg, te saai en te oes,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



asook die vervoer en opberging van graan, was soos meeste ander pionierstake, Jan van Riebeeck s'n. Onder sy leiding en voorbeeld is die eerste graan aan die Kaap verbou. Dit het binne 'n paar jaar nodig geword om nuwe bouland buite die kromming van die Liesbeeckrivier te soek, omdat daar binne die besette gebied of "begrepen cirkel" nie meer grond was wat vir die verbouing van koring geskik was nie.[181] Nogtans het Van Riebeeck sy opvolger afgeraai van graanbou buite die "begrepen cirkel", omdat die gesaaides die Hottentotte ten prooi sou val. Met die verdringing van die Hottentotte uit die Skiereiland kon meer land onder die ploeg gebring word. Opeenvolgende Kommissarisse het die Kaapse regeringshoofde tot groter pogings ten opsigte van die graanbou aangemoedig.[182] Die graanbou in 'n nuwe land was 'n moeisame en tydsame werk, een wat nie sonder bykomende hulp van mense, trekvee, kapitaal, gereedskap en die nodige seëninge van die natuur op die regte tye, suksesvol sou kon wees nie. Veeboerdery, daarenteen, was soveel makliker en aantrekliker dat die Vryburgers deur die gesag van die wet daarvan ontmoedig en na die graanbou gewend moes word.[183]

Ander kwellinge van die pionier-graanboer was dat sy lande nie omhein was nie en gevolglik wilde en mak grasvreters ge-

---

181. J. van Riebeeck: Daghregister III, 20.12.1661, p. 429.

182. Vgl. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën: R. van Goens - J. van Riebeeck, 16.4.1657, p. 15; Ibid., J. Cunaeus - J. van Riebeeck, 19.3.1658, p. 16; Ibid., H. de Lairesse - Z. Waegenaer (sic), 22.9.1662, p. 54; Ibid., H. Klencke - Z. Wagenaar (sic), 16.4.1663, p. 57; Ibid., M. van den Broeck - J. Borghorst, 14.3.1670, p. 91.

183. Vir die ontwikkeling van die graanbou aan die Kaap, sien onder andere A.J. du Plessis: Die geskiedenis van die graankultuur in Suid-Afrika, 1652 - 1752.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



lok het. Ook die suidoostewind, ruspes, sprinkane en heuningdou, asook periodieke droogtes en oorstromings het vir hom probleme geskep.[184] Bestellings van plaasgereedskap uit Nederland het, benewens die vertraging van meer as agt of nege maande, ook ander probleme opgelewer. So kla Simon van der Stel byvoorbeeld teenoor die Direkteure: "Item in plaats van 20 ps. ploeghschaeren in een kist no. 14, maar 50 stucx spaden. Desgelyckx 50 stucx spaden in plaats van soo veell graven, in cas no. 5 bevonden. Mitsgaders in een cas no. 13, 10 sickels in plaats van so veell sightens. 10 cooren sighten voor gelyck getall do. seijssen . . ."[185]

Nadat die Vryburgers met graanverbouing begin het, het Van Riebeeck steeds die V.O.C. se eie graanboerdery voortgesit, omdat die Vryburgers se bydrae nie die belangrike skeepsvoorsiening kon verseker nie. Die Kompanjie het op verskillende buiteposte land voorberei en graan gesaai, waarvan die belangrikste pogings by De Schuer, Hottentots-Holland, Clapmuts en De Cuijlen was. Nieteenstaande al dié pogings, moes groot hoeveelhede rys uit Batavia ingevoer word om die Kaapse besetting te voed, en verder as verversing aan skepe uitgereik te word. Wanneer oorloë of droogtes die rysproduksie in die Ooste geknou het, het dit 'n angstige besparingspoging en naarstige soeke na alternatiewe styselbronne aan die Kaap tot gevolg gehad.[186]

In sy eerste brief ná sy aanstelling het Simon van der Stel aan die goewerneur-generaal in Batavia beloof om alle moont-

---

184. F. Valentyn: Beschryvinge . . ., VRV II, 2, i, p. 168.

185. C499 II Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 27.3.1680, p. 531.

186. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 4.3.1677, pp. 171-172.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



like middele in die werk te stel om die koringbou te bevorder.[187] Teen die einde van die volgende jaar het die Raad in Batavia sy blydskap uitgespreek oor die verbetering van die Kaapse oes, en gehoop dat die Kaap spoedig op sy eie opbrengs sou kon bestaan, sodat die Kompanjie die koste van die rys kon bespaar en die skeepsruim wat met kos vir die Kaap in plaas van handelsware vir die V.O.C. gelaai is, kon vry kry.[188] Om die Vryburgers tot groter graanproduksie te verplig, het Simon van der Stel in 1681 bekend gemaak dat hulle voortaan nie meer rys te koop sou kry nie, maar dat hulle hulle graankos self moes produseer.[189]

Die Kaapse produksiesyfers vir die jare kort ná die bogenoemde maatreël ontbreek, sodat die uitwerking daarvan nie afgelei kan word nie. Die toename in die getal mudde graan wat teen 1686 geoes is, is waarskynlik die gevolg van die toename in Vryburger-getalle. Om verder onafhanklik te word van Batavia se rys, het Simon van der Stel in 1682 begin om die garnisoen se dagrantsoen van $1\frac{1}{4}$ pond rys (ongeveer ,56 kilogram) met dieselfde gewig brood te vervang.[190] Nadat 'n brand op Stellenbosch in 1683 'n oes van 100 mud (ongeveer 8 100 kilogram) koring vernietig het, was dit duidelik dat die Kaap nie op sy eie opbrengs sou kon bestaan nie. Rys ter waarde van meer as 9 000 gulden moes uit Colombo ingevoer word, wat die vorige jaar se in-

---

187. C499 I Uitgaande Brieven: S. van der Stel - R. van Goens, 27.10.1679, p. 352.

188. C220 Inkomende Brieven: R. van Goens - S. van der Stel, 29.11.1680, p. 46.

189. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 16.6. 1681, pp. 174-175.

190. VC 9 Daghregister: 3.1.1682, p. 483.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



voer van meer as 5 000 gulden amper verdubbel het.[191]

Teen 1684 was daar 'n garnisoen van ongeveer 300 man aan die Kaap, wat jaarliks ongeveer 900 mud graan gebruik het.[192] In dié jaar het die rysskip uit die Ooste sy vrag in 'n storm verloor. Hongersnood het toe die Kaapse personeel bedreig, en Simon van der Stel het dadelik weer om "een expresse bodem met rijst" versoek.[193] Die plaaslike koringoes was daardie jaar so erg verniel deur koringluis en ruspes dat party boere niks sou oes nie. Die Politieke Raad het hulle gevolglik vir daardie jaar van belasting onthef.[194]

In die jaar daarop het Van der Stel 350 morg nuwe land laat ploeg en saai, en hy het begin om die Kompanjie se Oosterse slawe aan brood in plaas van rys gewoond te maak. Hy het die graanproduserende buiteposte self besoek om instruksies te gee insake die behandeling, oes en lewering van graan. Tydens die oestyd in Januarie 1685 het hy 11 dae lank by die graanposte gebly. Nog 'n middel waarmee hy gehoop het om die graanbou te bevorder, was om Here Sewentien te vra om 30 of 40 jong meisies uit Nederland te stuur, omdat getroude Vryburgers meer geneë sou wees om hulle aan 'n bepaalde plaas te verbind en dit intensief te bewerk.[195]

---

191. Ibid., 31.1.1683, p. 812; Ibid., 13.4.1683, p. 927; C331 Inkomende Brieven: C. Speelman - S. van der Stel, 8.12.1683, p. 40.

192. VC 10 Daghregister: 1.3.1684, p. 72.

193. C500 II Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Camphuijs, 27.6.1684, p. 1002.

194. VC 10 Daghregister: 14.11.1684, p. 393.

195. C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 28.3.1685, p. 52; Ibid., 12.4.1686, pp. 274-275; VC 10 Daghregister: 6.1.1685, pp. 419-422; C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 6.2.1685, p. 25.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die Kaapse graanopbrengs moes in die komende jare nog gereeld met rys uit die Ooste aangevul word. In die lente van 1687 het 'n plaag van koringluis weer op Stellenbosch uitgebreek, en omdat meer as 93 persent van die Kaap se koring deur die Vryburgers van Stellenbosch geproduseer is, het Simon van der Stel daar proewe gemaak en 'n apparaat ontwerp om die pes uit te roei. Twee persone - een aan elke kant - het aan weerskante van 'n koringland geloop met 'n lang tou, wat hulle net bo-oor die toppe van die graan gedra het. Aan die tou het 'n ry dun toutjies gehang, met klippies onderaan vasgemaak. Wanneer die klippies deur die graan gesleep word, sou dit die halms skud, sodat die plantluise van die stengels afval, om dan op die grond van honger te vergaan. Suksesvolle proefnemings met hierdie uitvinding is aan kommandeur Van der Stel gerapporteer.[196] Aan die einde van 1687 is 'n goeie oes verwag. Addisionele bergplek is gevolglik voorberei. En op die buitepos Rustenburgh is vroeg in 1688 'n nuwe graanstoor ingerig.[197]

Die jaar daarop het kommandeur Van der Stel aangekondig dat hy nie meer rys uit Batavia sou aanvra nie. Hy sou inderdaad 15 las koring (aan die Kaap was 1 las gelyk aan 18 mud) en 1 las rog daarheen kon uitvoer.[198] Toe daar 'n versoek uit Batavia kom om meer koring, kon hy dit egter nie uitvoer nie, en Here Sewentien het hom dit verkwalik. Hy was in goeie jare só uitbundig in sy optimisme oor die graanbou dat hy in Nederland misverstaan is: in 1681 het hy vertel dat Stellenbosch só vrugbaar is dat hy daar 'n koringaar gesien het met 105 korrels, wat alles uit een enkele korrel gegroei het. In 1688 het hy verklaar dat die koste

---

196. VC 11 Daghregister: 14.10.1687, p. 421.

197. SA 2/6/3 Daghregister: 21.1.1688.

198. C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Camphuijs, 22.4.1689, p. 362.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


van die graan wat op die buiteposte verbou word, nie méér bedra as die salarisse van die vier of vyf Nederlanders wat daar werk nie. En in 1692 is in die Dagregister geskryf dat die graan só mooi staan dat een van die langste boere die halms bo sy kop kon toebind.[199] Moontlik het dit vir Here Sewentien na die stories van die Israelse verspieders begin klink, want hulle het hulle "uijtterste resentement daer over" uitgespreek dat hy vertel hoe oorvloedig die graan aan die Kaap is, maar dat V.O.C.-skepe wat daar aandoen, met honger-rantsoene weggestuur word. Hulle het geëis dat hy hom verantwoord, met verwysing na spesifieke klagtes van skippers oor die brood wat aan hulle verstrek is.[200]

Van 1693 af het Van der Stel "bisquijt of twee bakken" laat maak van Kaapse graan. 'n Proefbesending om die duursaamheid daarvan as skeepsbrood te toets is in 1696 gemaak, toe 12 halfame Kaapse beskuit op die skip Poskam Nederland toe gestuur is om daar beoordeel te word.[201]

Ten spyte van die verbetering in die jaarlikse graanopbrengs, was dit nog steeds nodig om rys uit Batavia in te voer, en soms is aanvrae daarvoor meer as een keer per jaar gedoen.[202]

---

199. VC 9 Daghregister: 9.11.1681, pp. 443-444; C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 26.4.1688, p. 74; VC 12 Daghregister: 9.12.1692, p. 1071.

200. C351 Inkomende Brieven: Here XVII - S. van der Stel, 19.12.1691, pp. 120-121.

201. VC 13 Daghregister: 7.4.1693, p. 101; C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 1.8.1696, p. 208.

202. C353 Inkomende Brieven: W. van Outhoorn - S. van der Stel, 25.1.1692, p. 50; C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - W. van Outhoorn, 20.7.1693, p. 313.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



In 1694 het goewerneur Van der Stel 5 000 pond skeepsbrood uit verbygaande skepe se eie voorraad gelig, om in die Kaap se behoefte te voorsien.[203] Die graanoes wat in die begin van 1695 ingesamel is, was besonder skraal as gevolg van die groot droogte, sterk wind en koue, en ook sprinkane. Die getal skeepsiekes in die Kaapse hospitaal het vermeerder, en die Goewerneur moes rys uit besoekende skepe se voorraad lig vir die siekes.[204]

Onder dié moeilike omstandighede het Simon van der Stel opdrag gekry om die V.O.C. se graanboerdery te staak en die graanproduksie aan die Vryburgers oor te laat. Hy moes die landbou voorlopig voortsit totdat hy genoeg voorraad opgebou het, maar dit intussen "hant over hant verminderde en intrekkende". Hy moes die landerye by die buiteposte aan Vryburgers verkoop of verhuur, sodat die V.O.C. daarop belasting kon hef.[205]

Aangesien Vryburgers wat grond wou hê dit verniet gekry het, was die bogenoemde voorstel onprakties. Goewerneur Van der Stel het landdros Munckerus aangesê om aan die Vryburgers bekend te maak dat hulle voortaan soveel graan moes saai as wat hulle maar kon. As daar dan later enige surplus is, sou die V.O.C. dit vir hulle na Batavia uitvoer, waar 'n aanvraag bestaan het.[206] Die afskaffing van die Kompanjie se buiteposte vir graanbou het dus die moontlikheid van geldelike voordeel vir die Vryburgers ingehou. Op hierdie stadium was die staking van die graanbou by die buiteposte in stryd met die Kompanjie se belange, veral om-

---

203. Ibid., 6.7.1694, p. 659.

204. Ibid., S. van der Stel - Here XVII, 4.4.1695, pp. 866, 876.

205. C358 Inkomende Brieven: Here XVII - S. van der Stel, 14.7.1695, pp. 104-105.

206. C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - H. Munckerus, 26.4.1697, p. 539.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


dat die uitreiking van rys aan retoerskepe in Batavia juis ingekort moes word vanweë die mislukking van die rysoeste by sy gewone Oosterse bronne. Die langtermyn-verwagting vir die Kompanjie sou egter beter wees indien die Vryburgers self graan sou produseer, en die onkoste, arbeid en risiko daarvan self sou dra.[207]

Die Vryburgers was egter nie begerig om teen die heersende lae pryse baie graan te verkoop nie. Deur hul ge-oeste graan te versteek, en die jaarlikse opgaaf laag te hou, sou hul belasting laer wees. Hul oortollige graan is onderling verhandel of tot koring-brandewyn verstook. Die V.O.C. se verleëntheid om broodkoring het veroorsaak dat die stook van koring-brandewyn verbied is op straf van geseling, brandmerk en konfiskasie van goedere.[208]

Die behoefte aan styselkos aan die Kaap het veroorsaak dat goewerneur Simon van der Stel gedurende die twee droë jare van 1695 en 1696 soveel as 8 000 pond skeepsbrood uit verbygaande skepe gelig het. Dit is uit Batavia verbied, aangesien die behoefte van die handelsskepe altyd eerste moes kom; die Kaap moes die skepe verversn, nie andersom nie.[209]

Met 'n maandelikse verbruik van 200 mud graan deur die garnisoen, 'n tekort van 3 000 mud op die vorige jaar se reserwe, en 'n hospitaal vol siekes, sowel as skepe wat ver-

---

207. C362 Inkomende Brieven: Here XVII - J. van Hoorn, 4.11.1697, pp. 124-125.

208. VC 13 Daghregister: 8.1.1693, p. 8; VC 14 Daghregister: 13.9.1698, pp. 1091-1093.

209. C364 Inkomende Brieven: W. van Outhoorn - S. van der Stel, 6.12.1698, p. 126.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


vers moes word, was die nabye toekoms vir die Kaap in 1699 onseker.[210] As gevolg van die droogte en ruspes was daar nie meer vars brood om die skeepsbemannings mee te ververs nie.[211] Goewerneur W.A. van der Stel het gevolglik 16 800 pond skeepsbrood uit verbygaande skepe gelig weens die nood waarin die Kaapse verversingstasie verkeer het, voordat daar in die winter van 1700 meer as 154 las rys uit die Ooste aangekom het. Na die aankoms van die rys het hy nog 14 880 pond beskuit gelig en in 1701 ook 7 260 pond - alles om die garnisoen mee te onderhou. Vir hierdie beskuit is 8 gulden per 100 pond betaal.[212] (1 las was aan die Kaap gelyk aan 18 mud. 'n Mud het 180 pond geweeg. 'n Hollandse (Amsterdamse) pond was in die Kompanjietyd 494,1 gram.)

In 1704 het die graanvoorraad weer 'n knou gekry toe 'n harde Suidoostewind en kwaai hitte die gesaaide graan verskroei het. Teen die end van dié jaar was normaalweg lopende riviere opgedroog en die weiding so skraal dat baie vee van honger dood is. Toe dit teen die middel van 1705 nog nie gereën het nie, is 'n spesiale skip na die Ooste gestuur om rys te probeer koop.[213] In Augustus 1705 het goewerneur

---

210. VC 15 Daghregister: 12.2.1699, p. 39.

211. C506 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 24.2.1699, p. 45; Ibid., 1.3.1700, p. 687.

212. VC 15 Daghregister: 20.5.1700, p. 720; C506 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - W. van Outhoorn, 2.5.1700, p. 942; Ibid., 29.5.1700, p. 979; Ibid., 21.7.1700, p. 1049; C507 Uitgaande Brieven: 30.8.1701, p. 328; Ibid., 21.9.1701, p. 333.

213. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Goewerneur-Generaal, 17.2.1704, p. 396; VC 17 Daghregister: 14.3.1705, pp. 60-61; Ibid., 12.5.1705, p. 106; VC 17 Daghregister: 6.6.1705, pp. 131-133.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


W.A. van der Stel probeer om 300 tot 400 mud koring teen 'n spesiaal-verhoogde prys te koop van die Kaapse Vryburgers. Hy kon egter net 70 mud teen 15 gulden en 30 mud teen 12 gulden bekom. Die gewone koringprys was toe 8½ gulden.[214] Dit is merkwaardig dat 'n nuuskierige persoon soos Adam Tas nie van dié aanbod geweet het nie. Volgens sy dagboek-inskrywing op 14 Augustus 1705 was dit 'n skelmstuk om die Goewerneur se broer te begunstig, en sou die Vryburgers niks meer as die gewone prys ontvang nie.[215] Goewerneur W.A. van der Stel het in September 1705 weer 4 800 pond skeepsbrood uit twee skepe gelig. Die rysskip uit die Ooste het eers op 6 Desember opgedaag.

Op 25 Desember het dit begin reën. Ná die jarelange droogte het 'n watervloed gekom wat die gerwe van die lande gespoel en in die modder laat verrot het. Dit was "een seldsaam en schrikkelijck noodlot", het W.A. van der Stel aan die Goewerneur-generaal in Batavia geskryf.[216]

Oorsigtelik gesproke, was die V.O.C. se graanboerdery onsuksesvol, hoofsaaklik as gevolg van die moeilikhede van pionierswerk, maar ook vanweë die wisselvalligheid van die natuur en die V.O.C. se besparingsbeleid. Beskikbare besonderhede word in die volgende tabel saamgevat. Weens gebrek aan inligting kan die rol van die buiteposte vir graanbou in die verversingsfunksie van die Kaap nie presies bepaal word nie.

---

214. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - J. van Hoorn, 16.1.1706, p. 896.

215. L. Fouché (red.): Dagboek van Adam Tas, VRV II, 1, pp. 106, 108.

216. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - J. van Hoorn, 30.9.1705, p. 815; VC 17 Daghregister: 4.1.1706, p. 363; C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - J. van Hoorn, 16.1.1706, p. 896.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



TABEL 5: Graanoeste aan die Kaap, 1679 - 1706.[217]

| Jaar | Totale oes (mudde) | Buiteposte se bydrae |
|---|---|---|
| 1677 | 598 | |
| 1678 | 703 | 39 |
| 1679 | 1 536 las | |
| 1680 | 2 025 | |
| 1681 | 2 549 | |
| 1682 | 2 155 | |
| 1683 | 2 900 | 1 400 |

217. C498 II Uitgaande Brieven: E. Diemer en J. Valckenryck - J. Bax g.v. Herentals, 10.1.1678, p. 1020; VC 8 Daghregister: 21.12.1678, pp. 754-755; C499 I Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 29.3.1680, p. 477; C499 II Uitgaande Brieven, S. van der Stel - Here XVII, 20.3.1681, p. 775; VC 9 Daghregister: 11.2.1682, p. 495; C331 Inkomende Brieven: C. Speelman - S. van der Stel, 8.12.1683, p. 40; VC 10 Daghregister: 1.3.1684, p. 72; C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 18.4.1687, p. 635; C 502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 26.4.1688, pp. 36-37; Ibid., 15.4.1689, p. 322; Ibid., 24.5.1690, pp. 608-609; C503 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 29.6.1691, p. 109; Ibid., 12.4.1693, p. 116; C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 14.4. 1694, pp. 539-541; Ibid., 14.4.1695, p. 540; C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 1.8. 1696, p. 238; Ibid., 30.6.1697, pp. 671-673; Ibid., 8.3.1698, p. 998; C506 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 18.3.1699, p. 114; C507 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 1.4.1703, p. 861; C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 31.3.1704, p. 44; Ibid., 28.3.1705, p. 495; Ibid., 31.8.1706, p. 981; C509 I Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 15.4.1707, p. 121. (Nota: (a) Getalle wat in hierdie tabel ontbreek, kon nie in die geraadpleegde dokumente opgespoor word nie. (b) Die getalle vir 1678 is vooruitskattings. (c) Die totaal vir die jaar 1677 verskil van die in die bron, omdat die getalle in die bron foutief bereken is.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



| Jaar | Totale oes (mudde) | Buiteposte se bydrae |
|---|---|---|
| 1684 | | |
| 1685 | | |
| 1686 | 3 531 | |
| 1687 | 2 309 | |
| 1688 | 4 671 | |
| 1689 | 6 413 | 1 200 |
| 1690 | 5 860 | |
| 1691 | | |
| 1692 | 8 440 | 600 |
| 1693 | 9 788 | 800 |
| 1694 | 8 244 | |
| 1695 | 4 123 | 100 |
| 1696 | 5 567 | 180 |
| 1697 | 7 087 | |
| 1698 | 6 233 | |
| 1699 | | |
| 1700 | | |
| 1701 | | |
| 1702 | 6 250 | |
| 1703 | 6 559 | |
| 1704 | 3 394 | |
| 1705 | 6 550 | |
| 1706 | 9 144 | |

Uit die bogenoemde blyk dit duidelik dat in die jare waarvoor die buiteposte se bydrae tot die graanopbrengs beskikbaar is, sodanige bydrae maar 'n lae persentasie van die totale graanoes uitgemaak het. Soos hierbo gesê is, is verreweg die meeste graan deur Vryburgers gekweek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## d. Die Landdros as opsiener oor die Buiteposte.

Die oppergesag oor die Buiteposte was gesetel in die Kommandeur of die Goewerneur van die Kaapse verversingspos. Hy het na goeddunke opsieners oor die poste aangestel, oorgeplaas of vervang, en ook die bemanning van die poste vermeerder of verminder. Korrespondensie tussen die Kaapse gesagvoerder en die opsiener of poshouer, soos hy in die laaste jare van die sewentiende eeu genoem is, het per brief geskied. Korrespondensie met die poste wat só naby aan die Kasteel was dat hulle as annekse van die hoofkwartier beskou kon word, soos De Schuer en Rustenburgh, moes amper deurgaans mondeling geskied het, want baie min voorbeelde van hulle briewe het bewaar gebly.

Hoewel daar nie voorbeelde van briewe van al die poshouers uit die jare 1652 - 1707 bestaan nie, is dit vanselfsprekend dat die vermoë om te kon skryf een van die oorwegings by die keuse van 'n poshouer was. Daar is ten minste één aanduiding dat van die poshouer verwag is om self 'n kopie te hou van die briewe wat hy uitstuur.[218]

Geskrewe korrespondensie tussen goewerneur W.A. van der Stel en die buiteposte (en so ook gedurende goewerneur Simon van der Stel se laaste regeringsjare) is opvallend min. 'n Moontlike rede hiervoor is dat hulle meer met die landdros as algemene opsiener oor die buiteposte, en daarom minder met spesifieke poshouers, gekorrespondeer het. 'n Ander moontlikheid is dat daar meer mondelinge en minder geskrewe korrespondensie plaasgevind het. Die afskaffingsproses na Here Sewentien se opdrag van 1695 sou noodwendig die

---

218. C340 Inkomende Brieven: H.M. Callenbagh - S. van der Stel, 18.12.1687, p. 105.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Kompanjie se aktiwiteite by die buiteposte verminder het, sodat minder briefwisseling nodig was. By sommige poste het die aktiwiteit nie afgeneem nie, omdat hulle afskaffing nie oorweeg is nie, en die groot hoeveelheid korrespondensie wat met die buiteposte Robbeneiland en Mauritius gevoer is, gee dan ook die beste geheelbeeld van die aktiwiteite op so 'n buitepos, van die begin tot by die einde van die tydperk waaroor hierdie ondersoek handel. Daarenteen laat 'n gebrek aan skriftelike bronne gedurende die tydperk 1690 - 1707 die geheelbeeld van die Kaapse poste, wat gedurende die jare voor 1690 uit die gereelde briefwisseling opgebou is, weer vervaag.

Die vermindering in skriftelike korrespondensie het dit moontlik gemaak dat 'n goewerneur en 'n landdros die rolle van landlord en bailiff respektiewelik ten opsigte van die buiteposte kon aanneem, sodat die Goewerneur se wense uitgevoer kon word sonder dat 'n derde party (en uiteindelik Here Sewentien) weet wat onderneem is. Gevolglik kon 'n buitepos vir die Goewerneur se privaathandel, in plaas van vir die Kompanjie se amptelike sake, gebruik word - soos in goewerneur W.A. van der Stel se bewindstyd gebeur het.[219]

H.A. van Reede, wat die Kaap in 1685 as Hoë Kommissaris besoek het, het na 'n grondige ondersoek van die buiteposte 'n paar belangrike administratiewe veranderings aanbeveel. Omdat die poshuise, die weivelde en die saailande ver uitmekaar was, en met die doel om die Kommandeur se dienslas te vergemaklik, was dit nodig om 'n persoon aan te stel wat (a) algemene opsig sou hê oor die Kompanjie se baaslandbouer, baasslagter, baashoutkapper, en die poshouers van die verskillende buiteposte; (b) 'n maandelikse opname van vermeerderings en verminderings van die Kompanjie se

---

219. C340 Inkomende Brieven: M. Hamerling - J. d' Ableing, 30.10.1707, pp. 233-234.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



roerende eiendom op die buiteposte aan die Kommandeur sou voorlê; (c) sou sorg dat die Kommandeur se opdragte insake die landbou en veeteelt uitgevoer word; en (d) 'n netjiese rekening van die uitgawe en inkomste by elke buitepos sou hou en die rekenings aan die boekhouers sou inlewer om na die Kompanjie se rekeningboeke oorgedra te word. Hy moes só noukeurig boekhou, dat geen verduistering moontlik was nie, anders sou sy nalatigheid dié misdaad aanmoedig. Kommandeur Simon van der Stel is aangesê om vir die bogenoemde werk iemand te kies wat Nederlands van geboorte is, aan die Gereformeerde Kerk behoort, nugter, ywerig en getrou is, wat bekwaam lees en skryf, en kennis het van landbou, veeteelt en bosbou ("plantagie"). Dié persoon sou 'n maandelikse salaris van 24 gulden, plus 4 reals kosgeld, ontvang, en daarby 'n perd, 'n slaaf en twee Nederlandse assistente. Dié amptenaar sou die titel van Landdros hê, en hy moes terselfdertyd as skout en offisier van "het vleck Stellenbosch" dien.[220] Met laasgenoemde funksie word waarskynlik dié van dorpskonstabel bedoel.

Die Hoë Kommissaris het 'n uitgebreide opdrag vir die landdros uitgewerk, om hom te lei in sy diens as opsigter oor die buiteposte en oor die geregtelike en burgelike sake van die Vryburgers en die plattelandse distrikte. As eerste landdros is Johannes Muller van Rotterdam, wat in 1682 as soldaat by die Kaap aangekom het, aangestel.[221] 'n Raad, bestaande uit vier Vryburgers, met die benaming Heemrade, is reeds in 1682 in die Stellenboschse distrik aangestel om die siviele administrasie insake plaasgrense, paaie, brûe ensovoorts te help organiseer,[222] en volgens Hoë Kom-

---

220. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, H.A. van Reede - S. van der Stel, 16.7.1685, p. 203.

221. Ibid., H.A. van Reede - Instruksie vir J. Muller, 16.7.1685, pp. 223-226.

222. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 31.8.1682, p. 47.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



missaris van Reede se opdrag moes die landdros die voorsitterskap van hierdie raad oorneem. 'n Raadhuis, wat die woning en 'n kantoor vir die landdros bevat het, is in 1687 voltooi. Dit het as die drostdy bekend geword. Die landdros se twee Nederlandse assistante was bekend as Veldwagters, en hulle was met hul ryperde op die sentraal-geleë buitepos De Cuijlen gestasioneer.

Landdros Muller was nie iemand met veel geleerdheid nie en hy het moeite ondervind om sy opgelegde taak uit te voer. Kommandeur van der Stel het die landdros verskeie kere tereggewys omdat hy stadig of nalatig was om sy plig uit te voer ten opsigte van die V.O.C. se buiteposte. By geleentheid kon die Kaapse boeke nie vir die jaar afgesluit word nie omdat hy nog nie sy boeke voorgelê het nie, en die vloot wat dit Nederland toe moes vervoer, was enige tyd te wagte.[223] Meer vermanings en teregwysings was nodig, en die landdros het toe 'n plegtige belofte afgelê om sy plig behoorlik uit te voer. Twee weke later, na 'n mondelinge bevel om soveel slawe by die buiteposte te versamel as wat daar gespaar kon word en hulle te gebruik om die fontein by die Tygerbergpos skoon te maak en op te bou, het die landdros een van sy assistente na die slawelosie in die Kaap gestuur om daar sewe of agt slawe vir dié taak te vra. Die Kommandeur het toe die landdros gewaarsku dat sy afwykings van bevele en van sy plegtige belofte tot sy ondergang sou lei.[224] Die Kommandeur moes die landdros ook daaraan herinner dat slawe wat op die buiteposte sterf nie net begrawe moes word nie, maar dat 'n volledige verslag ingedien moes word van die oorsaak van dood, asook die slaaf se naam en sy land van herkoms.[225]

---

223. C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Muller, 27.1.1687, p. 600.

224. Ibid., 13.2.1687, pp. 601-602.

225. VC 11 Daghregister: 20.2.1687, p. 109.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Wanneer die orde of veiligheid aan die Kaap bedreig is, kon daar met 'n enkele brief aan die landdros, gewapende versterkings van al die buiteposte af na die Kaap ontbied word. Só 'n geval het voorgekom in Februarie 1687, toe die Kompanjie se tronk so vol was van sy eie soldate en onder-offisiere (en selfs 'n offisier), dat die oorblywende garnisoen nie sterk genoeg was om as tronkbewaarders te dien en terselfdertyd teen buitelandse vyande wag te staan nie. Om dié rede is hulp van die buiteposte af ontbied.[226] Die aankoms van admiraal de Vaudricourt se vyf Franse oorlogskepe in Tafelbaai in Junie 1687 was weer 'n geleentheid vir die landdros om te skryf dat al die soldate wat die buiteposte beman het, gewapend na die Kasteel moes gaan. Dié opdrag is spoedig uitgevoer, maar die landdros het moeite gehad om die 40 Vryburgers wat die Goewerneur geëis het, te oorreed om hom na die Kaap te volg. Dit het weer 'n skerp teregwysing deur die Kommandeur uitgelok.[227] By dié geleentheid is 'n alarmsein aan die landdros bekendgemaak, waarvolgens drie kanonskote van die Tygerberg, herhaal in die Stellenboschkloof, al die soldate van die buiteposte af na die Kaap sou ontbied. Die poshouer van elke pos moes net een man by die vee laat, maar die poste De Cuijlen en Hottentotsholland moes ook twee slawe ("jongens": dit kon ook ontstamde Hottentotte gewees het) by die vee laat bly. As vyf kanonskote geskiet word, moes die vee van al die buiteposte af na Hottentotsholland gedryf en daar in die sorg van vier man gelaat word. Die Vryburgers se vee, asook al die vrouens en kinders in die Kolonie, moes dan deur 10 Vryburgers oor die berg na kaptein Claas se land geneem word om daar onder sy beskerming te vertoef.[228]

---

226. C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Muller, 15.2.1687, p. 603.

227. Ibid., 13.6.1687, p. 863.

228. VC 11 Daghregister: 29.6.1687.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Gedurende die Franse oorlog wat die jaar daarop uitgebreek het, is die landdros en sy assistente diensposte in die Kasteel aangewys.[229] Sy plig word hier dus meer direk aan die Stellenboschse Vryburger-kommando gekoppel as aan die Kaapse buiteposte, waarvoor daar geen spesifieke beskermingsopdrag gegee is nie. Of dit goeie strategie was om elke keer die bemannings van die buiteposte na die Kasteel te onttrek, kan bevraagteken word. As 'n vyand die veeposte en graanposte sou inneem, was die Kasteel immers van sy voedselvoorraad afgesny.[230]

Die landdros se diens ten opsigte van die buiteposte het die veeruil met Hottentotte ingesluit. Een besonder voordelige ruiltog deur landdros Muller het 132 beeste en 701 skape opgelewer.[231]

Een van die bes-georganiseerde take waaroor landdros Muller toesig gehou het, en waartydens die buiteposte as egte grensposte ten beste benut is ten opsigte van soldate, huisvesting, proviand en stalle, was die maandelange patrollies in die winter van 1690 om vier gewapende slawe te vang wat 'n Vryburger, sy twee kinders en 'n slawekind vermoor, twee persone ernstig verwond en 'n klomp skape weggevoer het. Die Kolonie se grens is van buitepos tot buitepos gepatrolleer: (a) van die buitepos Hottentotsholland tot by Meerlust; (b) van Meerlust tot by die Raadhuis op Stellenbosch; (c) van die Raadhuis tot by eerwaarde Pierre Simond se woning; (d) van eerwaarde Simond se huis af tot by die buitepos Klapmuts; (e) van Klapmuts af tot die hoek van Paarlberg, en van dáár af tot by heemraad de Savoye se huis;

229. VC 12 Daghregister: 23.2.1689, p. 133.

230. C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Muller, 29.8.1689, pp. 573-574.

231. 2A 2/6/4 Daghregister: 30.9.1688.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



(f) van de Savoye se huis in die Franschhoekvallei af tot by die Olifantspad, waar die bergpas na kaptein Claas se land oorgaan; (g) van Tygerberg af, óór Fisantekraal na die Mosselbanksrivier; (h) van die buitepos De Cuijlen af tot by die hoek van Steenberg; en (i) van die buitepos "agter die Steenberg" af deur die hele gebergte van die Skiereiland. By elke patrollie was van vier tot ses Hottentotte wat vuurwapens kon gebruik. Die lede van die patrollies moes hulle sending geheim hou. Daar was 'n kontantbeloning vir 'n Blanke wat een van die slawe vang of doodskiet, en tabak, arak en ander goedere wanneer 'n Hottentot dit doen. As die landdros verneem dat nog slawe gedros het, moes hy die poshouer by De Cuijlen beveel om 'n blou seinvlag te laat waai en die nuus bekend te maak.[232]

Die agt poste moes gelyktydig op 5 Augustus 1690 begin patrolleer. Op 20 Augustus is hulle na die Kasteel ontbied om verslag te doen. Hulle is beveel om altyd in goeie orde te reis en om vir niemand onderweg 'n oorlas te wees nie. Nadat op Stellenbosch ingebreek is, is dáár ook 'n sersant met 15 soldate geplaas om in en om die dorp te patrolleer. Die slawe is teen die einde van Augustus gevang of doodgeskiet, en landdros Muller is op 8 September aangesê om die patrollies te staak en die troepe na hulle poste terug te stuur.[233]

As opsigter oor die buiteposte moes die landdros sorg dat die maandelikse proviandwa nie leeg van die buiteposte af na die Kasteel terugkeer nie, maar met hooi uit die omgewing van Klapmuts gelaai word vir die V.O.C. se stalperde.

232. C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Muller, 31.7.1690, pp. 753-764.

233. Ibid., 8.9.1690, p. 772.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ook moes vragte dekriet gekap en aangery word na plekke waar bouwerk aan die gang was.[234]

Omdat die V.O.C. se werk sou stilstaan as die personeel en slawe van die buiteposte weggeroep word om die jaarlikse monstering of sensus in die Kasteel by te woon, moes die landdros kort voor die aankoms van die jaarlikse retoervloot na die buiteposte gaan om die manskappe daar te monster, en moes hy 'n volledige beskrywing inlewer van elke persoon se naam en van ("toenaam"), sy plek van oorsprong, rang, maandelikse soldy en die plek waar hy sy diens verrig.[235]

Landdros Muller is vroeg in 1692 vervang met landdros C.P. Linnes, en na sy afsterwe in Junie 1695, is die taak van monstering opgedra aan sersant Claas Pietersz, die hoofveldwagter wat by De Cuijlen gestasioneer was. Daarna het landdroste M. Ditmars, P. Robberts en J. Starrenburg agtereenvolgens dié taak oorgeneem. Nadat J. Starrenburg na Nederland ontbied is, het S.M. de Meurs die landdros geword. Hulle monsterrolle van die buiteposte, en die rekenings van uitgawe en inkomste vir die buiteposte wat hulle moes opstel, het nie aan die Kaap bewaar gebly nie, indien sodanige boeke hoegenaamd bygehou is.

Die landdros se rol as opsigter oor die buiteposte het afgeneem nadat Here Sewentien éérs in 1695 en weer in 1699 opdrag vir die geleidelike verkleining en ontruiming van die landbouposte gegee het. Die stakings van die V.O.C. se eie voedselproduksie het 'n nuwe las op die landdros se

---

234. C503 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - C.P. Linnes, 26.1.1692, p. 259; C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Muller, 16.10.1689, p. 557.

235. C503 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - C.P. Linnes, 23.3.1692, p. 263.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



skouers gelê om graan, vee en groente van die Vryburgers in te koop wanneer dit skielik benodig word. Soms moes trekvee ook van die Vryburgers gekoop, gehuur of opgekommandeer word.[236]

236. C506 Uitgaande Brieven: H. de Goyer - M. Ditmars, 9.2.1699, pp. 24-25.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## B. DIE BUITEPOSTE

### 1. Poste van die Eerste Grens.

#### a. "Die begrepen cirkel."

Die Skiereilandse Hottentotte het die Nederlandse besetting van die Liesbeeckvallei betwis van die dag dat Van Riebeeck die eerste Vryburgerplase gaan afpen het.[1] Insidente daarna, soos die omsingeling van 'n groep houtkappers deur Hottentotte in Mei 1657, en die wegsteel van 100 pond tabak, met dreigemente van geweld, in Maart 1657, het die sukses van die Vryburger-eksperiment in gevaar gestel. Daarbenewens het die Hottentotte se vee saam met die Kompanjie se vee, en nou ook die Vryburgers se vee, 'n stuk grond bewei wat nie groot genoeg of vrugbaar genoeg vir almal was nie. In droë somers het die Cochoqua of Saldanhase Hottentotte met hulle hutte en hulle duisende skape en beeste uit die binneland ook na hierdie groen vallei gemigreer, soos Van Riebeeck in November 1655 self gesien het. 'n Behoefte het ontstaan om die Vryburgers en die V.O.C. se graan, weiding en vaste eiendom te beskerm, met die groter doelstelling om die voorsiening van skeepsverversing in die vorm van graan, vleis en groente te verseker.

Van Riebeeck kon nie die Hottentotte belet om die Liesbeeckvallei te besoek voordat die Kaapse verversingspos militêr sterk genoeg was om so 'n bevel af te dwing nie. Die plan van kommissaris Rycklof van Goens om 'n kanaal van Tafelbaai tot Valsbaai te grawe, is uiteindelik deur Van Riebeeck, met Here Sewentien se goedkeuring, as onprakties laat vaar.[2] Die gerieflikste sou voorlopig

---

1. J. van Riebeeck: Daghregister II, 20.2.1657, pp. 98-99.

2. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, p. xi.

wees om op die oostelike oewer van die Liesbeeck, van waar dit op die suidoostelike berghang van Tafelberg naby Leendert Cornelisz se houtbos ontstaan, tot waar dit naby die see in die Soutrivier vloei, 'n defensiewe linie van bemande buiteposte te plaas, met 'n heining om die spasies tussen die poste af te sluit. So sou voldoende weiding vir die Kompanjie se beeste verseker word.[3]

In Junie 1657 het Van Riebeeck begin om die reduite te bou wat hy aan Van Goens voorgestel het, en wat deur die Kommissaris goedgekeur is.[4] Die reduit Duynhoop het sedert 1654 die westelike wal van die Soutriviermond bewaak. Nog 'n reduit, die latere Kyckuyt sou oorkant die rivier op die noordoostelike oewer gebou word. Op die laer hange van die Windberg (tans Duiwelspiek), halfpad tussen die plaas van Jan Reyniersz en Stevens Kolonie aan die Liesbeeck, sou die grootste of hoofreduit gebou word, sodat dit op die Vryburgers se boerderye kon neerkyk. Dit sou later die naam Coornhoop kry. Verder na die suidweste, op die berghang bokant Harmans Colonie se boerderye, sou die laaste reduit gebou word. Die naam Houdt den Bul is later daaraan gegee. So sou die landbougrond en die weiding wat die Kompanjie besit het en voorlopig sou nodig hê, ingesluit word.[5] Dié plan is, met enkele mindere wysigings, soos die toevoeging van 'n heining en die reduit Keert de Koe, uitgevoer.

---

3. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 9.8.1659, p. 208.

4. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën; R. van Goens - J. van Riebeeck, 16.4.1657, p. 3.

5. J. van Riebeeck: Daghregister II, 9.7.1657, pp. 140 - 141.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Van Riebeeck het op 31 Julie 1659 met die Sekunde, die fiskaal en sersant uitgegaan om op verskeie plekke ondersoek in te stel hoe die Kompanjie en die Vryburgers se vee "binnen den begrepen cirkel, (nodigh tot Compagnies intentie)" op die beste en goedkoopste wyse, met die minste soldate, beveilig sou kon word.[6]

Die antwoord het gelê in 'n paalheining, soos by 'n Nederlandse beesmark gebruik is. Die pale sou een roede (ongeveer 3,66 m) uitmekaar geplant word.[7] Elke paal was 8 voet (2,44 m) lank, waarvan die onderste 4 voet (1,22 m) gebrand is om verrotting te beperk. Dit sou 3 voet (,915 m) diep geplant word. Dwarsbalke van 13 voet lank (3,965 m) en 6 duim dik, wat aan die punte reghoekig ingekap is, sou bo-op die regop-pale gelê word om hulle te verbind, en halfpad teen die regop-pale (dus, op die hoogte van 2½ voet (,762 m) bo die grond) is nog 'n ry dwarsbalke van dieselfde lengte en dikte, van paal tot paal gelê. Die vryhoutsaer Leendert Cornelisz sou die werk onderneem teen 16 stuiwers (1 stuiwer het ongeveer die waarde van die huidige sent gehad) per roede. Dit moes binne 3½ maande voltooi wees.[8]

Nadat hy die saak oordink het, het Cornelisz die werk van die hand gewys omdat die prys te laag was. Die Kompanjie het gevolglik vier van Cornelisz se beste werkers uit sy diens gehuur en die taak self aangepak. Die paalheining sou net op plekke geplant word waar nie 'n goedkoper en makliker

---

6. Ibid., Daghregister III, 31.7.1659, p. 109.

7. 'n Vergelykende tabel van sewentiende eeuse Nederlandse mate en gewigte en die hedendaagse metrieke, verskyn in Bylae 1.

8. J. van Riebeeck: Daghregister III, 2.8.1659, p. 110; Ibid., 9.8.1659, pp. 116-117.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



uitweg gevind kon word nie. Van Cornelisz se houtbos tot aan die Kromboom - 'n afstand van 1 500 roede (5,49 km) - het handige digte kreupelhout op die oostelike wal van die Liesbeeck gegroei. Deur dit te benut en nie die paalheining daar te plant nie, sou die Kompanjie aan tyd, hout en spykers ongeveer 1 000 reale van agt bespaar. (Die bedrag, hoewel seker nie die koopkrag van die bedrag nie, was ongeveer gelyk aan R400.) Dertig werkers onder 'n sersant sou die openinge tussen die kreupelbos met takke en struike dig pak.[9] Teen September 1659 was sersant P. Everard en dertig man besig aan hierdie takkraal of pega-pega tussen die Kromboom en Cornelisz se houtbos. Op 5 September is 'n praktiese toets van die sterkte van die takkraalheining (pega-pega) gemaak, deur 'n trop beeste daarteen te jaag, en dit is deugsaam bevind. Die 30 soldate het 1 150 roede in 20 dae voltooi. Soveel droë hout was egter aan die gevaar van brand onderworpe, wat dan die hele suidelike grens van die V.O.C. se besetting oop en onbeskerm sou laat.[10]

Die middelgebied van die Liesbeeck, tussen die Kromboom en Jan Reyniersz se huis, sou deur die Vryburgers self verseker word, deur middel van 'n takkraalheining of met aangeplante wilde-amandelbome. Laasgenoemde sou eers na 'n aantal jare effektief wees. Die rivier het self hier 'n beskutting gevorm, en die Vryburgers moes die oewers twee voet breed van ruigte suiwer. Vlak plekke in die rivier kon verdiep word om die deurdryf van beeste te verhoed.[11]

Die laaste deel van die Liesbeeck, van Jan Reyniersz se

---

9. Ibid., 13.8.1659, pp. 120-121.

10. Ibid., 2.9.1659, p. 132; Ibid., 15.9.1659, pp. 133-134.

11. Ibid., 13.8.1659, p. 120; Ibid., 15.9.1659, p. 134; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën; J. van Riebeeck - Z. Wagenaer, 5.5.1662, p. 38.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

huis tot aan die Soutrivier, en verder tot by die see, het deur grond gevloei wat so sanderig en onvrugbaar was dat geen bekwame boomheining daar geplant kon word nie. Hier was geen ander uitweg nie as om die skutheining van pale op te rig, soos vroeër vir die hele grens beplan is.[12]

Op 23, 24 en 25 Februarie 1660 het Van Riebeeck die afstand van die Kaapse "begrepen cirkel" laat opmeet. Van die waghuis Kyckuyt aan die seekant, buite die Vryburgers en die Kompanjie se landerye om, oor die rug van die Bosheuwel, tot by Leendert Cornelisz se bos aan die Bosberg, was 'n afstand van 3 673 roede (13,44 km). Van Riebeeck wou die hele grenslyn een roede breed laat omploeg en met wilde-amandels en ander vinnig-groeiende bome beplant. Die ploegwerk sou 2 - 3 weke duur, en aan die einde van die somer sou volop wilde-amandels versamel kon word, om aan die begin van die winter geplant te word. Van Riebeeck het verwag om binne 4 tot 5 jaar 'n sterk, hegte en veilige grensheining te hê, waardeur diere (en moontlik nie eens mense) sou kon dring nie, en die hele Kolonie met huise, graanlande en houtbosse "als in een halff maen fraaij sal beslooten".[13] Die heining is waarskynlik in Junie en Julie 1660 geplant, deur die ongeveer 40 Franse matrose wat aan die Kaap in die V.O.C. se diens getree het nadat hulle skip La Mareschal gestrand het.[14]

Die "levendige heyningen" (dit is, die natuurlike sowel as die aangeplante) is die volgende jaar deur kommissaris A. Frisius as "dienstich werck" beskryf. Waar hier en daar 'n boompie dood is, kon dit weer aangevul word. Van Riebeeck het sulke openinge vroeg in 1661 weer laat beplant, maar die

---

12. J. van Riebeeck: Daghverhaal III, 13.8.1659, p. 120.

13. Ibid., 23, 24, 25.2.1660, p. 187; Ibid., 12.7.1660, p. 249.

14. Ibid., 24.5.1660, p. 229.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Saldanhase Hottentotte het die plante vertrap en dit moes nog 'n keer aangevul word.[15] Hy het sy opvolger, kommandeur Z. Wagenaer, aangeraai om nuwe openinge jaarliks in die reëntyd te beplant, omdat die onderhoud en herstelwerk aan 'n paalheining groot moeite en onkoste sou beteken. Dit sou nodig wees om die takkraalheining (pega-pega) tussen die reduit Houdt den Bul en die Bosberg van tyd tot tyd te herstel deur nuwe takke daarop te pak, totdat die geplante heining tot volle wasdom gegroei en effektief geword het.[16]

Kommandeur Wagenaer het besef dat die geruste en veilige landbou, met die doel om skeepsbemannings te ververs, net moontlik gemaak is deur die grenslinie van reduite, en 'n heining van amandelbome en haakdoring. Daar was net twee toegangspoorte, naamlik by die buiteposte Ruyterwacht en Keert de Koe, waardeur alle Hottentotte en Europeërs "de begrepen cirkel" moes binnekom of verlaat. In Desember 1662 het hy die heining te perd ondersoek. Verskeie boompies was dood en naby die buitepos Keert de Koe was 'n deel van die heining verbrand. Hoewel Van Riebeeck vroeër voorgestel het dat die gras aan weerskante van die heining jaarliks een roede breed ondergeploeg moes word om brandskade te voorkom, het kommandeur Wagenaer nie kans gesien om dit te laat doen nie. Die heining was meer as 3 000 roede lank, die grond sanderig en klipperig, en die Kompanjie se trekvee te min en te swak vir die taak. Hy sou egter die ergste struike laat wegkap, en die gras aan weerskante van die heining twee tot drie voet breed laat verwyder.[17]

15. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën; A. Frisius - J. van Riebeeck, 11.3.1661, p. 38; Ibid., p. 28, voetnoot 19.

16. Ibid., p. 38.

17. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 1662-1666, 18.12.1662, pp. 40-41.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kommissaris H. de Lairesse, wat die Kaap in 1662 besoek het, was van mening dat die V.O.C. deur die hulp van hierdie heinings en toegangspoorte niks meer te vrese gehad het van die inboorlinge nie.[18]

Die takkraalheining (pega-pega) onder die Boschheuwel, teenoor die reduit Houdt den Bul, het in die droë herfs van 1663 aan die brand geraak, en 1 000 roede (3,66 km) daarvan (ongeveer 'n derde deel van die hele lengte) is verwoes. Die soldate van Houdt den Bul kon nie die brand blus nie. Die suidelike grens van die Kolonie het gevolglik oop gelê, en kommandeur Wagenaer het moontlike veediefstal gevrees.[19] Kommissaris P. Overtwater het 'n paar maande later vir kommandeur Wagenaer aangeraai om nie verder moeite te doen om gapings in die heining aan te vul en te laat beplant nie. Hy het dit as onnodige moeite beskou. Die Hottentotte was nie meer 'n militêre bedreiging nie en die Kolonie was reeds groot genoeg om buite die "begrepen cirkel" te groei. Hy het aanbeveel dat die grens ooswaarts uitgebrei word, deur die stigting van 'n aantal nuwe militêre buiteposte, op die linie wat kommissaris R. van Goens in 1657 aangedui het, waar 'n kanaal tussen Tafelbaai en Valsbaai gegraaf moes word.[20]

Die laaste woord oor hierdie eerste grens van die Kolonie is in 1682 gespreek deur die afgetrede goewerneur-generaal

---

18. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën; Z. Wagenaer - H. de Lairesse, 15.9.1662, p. 49; Ibid., H. de Lairesse - Z. Wagenaer, 22.9.1662, p. 54.

19. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 5.3.1663, pp. 55-56.

20. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën; P. Overtwater - Z. Wagenaer, 7.9.1663, p. 60.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za




R. van Goens, wat 25 jaar tevore saam met Van Riebeeck die konsep van die militêre grens, bestaande uit buiteposte en heinings, beplan het. In April 1682 was die waghuise en reduite wat op verskillende plekke in die veld gebou is om Hottentotte af te weer, nie meer nodig nie, en dit moes nou op sy bevel afgebreek en die soldate ingetrek word.[21]

21. Ibid., R. van Goens - S. van der Stel, 24.4.1682, p. 170.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za






e Nedersetting aan die Liesbeeck, 1661. (M1/381(a) K.A.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



i. Die reduit Duynhoop.

Die oop strand tussen die Fort en die mond van die Soutrivier is beskou as die waarskynlikste landingsplek van 'n vyandelike mag, wat die V.O.C. se verversingspos wou aanval. Die besluit om die reduit Duynhoop te bou, en die eerste voorbereiding van die grond, dateer uit Januarie 1653.[22]

Op 'n sandduin by die riviermond, op die oewer naaste aan die Fort, het Van Riebeeck op 29 Januarie 1654 begin met 'n reduit wat die reede en die strand in die kruisvuurgebied tussen die Fort en die beplande reduit moes beveilig. Die los duinsand is met 'n matwerk van takke en struike opgebou en gestut "als kribwerck op den Rhijn". Die suidoostewind het die dag só sterk gewaai dat die werk vóór middagete gestaak is weens die vlieënde sand. Ten spyte van die daaglikse onaangename wind, is die werk 'n week lank voortgesit, maar op 4 Februarie was dit weer so erg dat Van Riebeeck liewer die werkers na die houtbos agter Tafelberg gestuur het om balke te haal vir 'n bedding of vloer vir die kanonaffuite. Die dag daarop is die ingangspoort van die reduit opgestel en die werk aan die kanonstellings amper voltooi, maar na die middag het die vlieënde sand verdere voortgang verhoed. Binne 'n week is die reduit deur 'n paar soldate beset, en in die nag van 6 Februarie kon hulle verhinder dat Hottentotte die ysterwerk van die poort verwyder. Op 7 Februarie is twee twaalfponder-kanonne op hul beddings gelê. So is die reduit binne 10 dae gebou en slagvaardig gemaak.[23]

Volgens 'n afdruk van 'n kaart in die Leupe Versameling was

---

22. J. van Riebeeck: Daghregister I, 24.1.1653, p. 122.

23. Ibid., 29.1.1654, pp. 195-196; Ibid., 4-5.2.1654, p. 197; Ibid., 7.2.1654, pp. 198-199.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die reduit Duynhoop in die vorm van 'n vierpuntige ster; die mure was 10 voet (3,05 m) hoog, 8 voet (2,4 m) dik op die grond en 2 voet (,61 m) dik op die kanteel. 'n Ondersoeker wat deur die poort na binne kyk, het 'n smal binneplein voor hom gesien, met twee woonkamers en 'n wagkamer aan die regterkant, en 'n opgeboude battery met twee kanonne aan die linkerkant. Aangesien die kanonne op die see gerig was, beteken dit dat die poort aan die westekant van die reduit was. Dit het dus in die rigting van die Fort gewys. Aan die binnekant van die agterste muur van die reduit was 'n opgeboude looppaadjie ("banket") vir die patrollerende wag. 'n Trap teen dieselfde muur het na die geskutplatform gelei. Onder die platform was 'n kruitkeldertjie.[24] Die eerste bevelvoerder van die reduit, korporaal Jan van Harwaerden, het die vastigheid van die kruitkelder benut om sy brandewynvoorraad in weg te sluit.[25]

Die eerste operatiewe diens wat die reduit gelewer het, was ten behoewe van die Kaapse Hottentotte, die Goringhaiqua, wat hulle vee naby die reduit laat wei het, en by die aankoms van hulle vyande die vee na die beskermde gebied tussen die reduit en die Fort gejaag het.[26]

Die talryke en veeryke Cochoqua ("Saldanhase Hottentotte") het in die lente van 1655 met ongeveer 5 000 tot 6 000 mense en 400 tot 500 hutte na die gebied agter die reduit gekom en hulle daar gevestig, terwyl hulle vee in die grasryke Liesbeeckvallei wei. Tussen die reduit en die houtbos teen die hang van Tafelberg was daar sô baie beeste en skape dat Van Riebeeck en kommissaris Frisius nouliks tussen hulle kon deur loop; die Hottentotte moes die vee opsy

---

24. Kaart M1/35, Kaapse Argief.

25. J. van Riebeeck: Daghregister I, 14.7.1654, p. 241.

26. Ibid., 30.5.1655, p. 308.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


jaag om hulle deur te laat.[27]

'n Groep matrose op weg na die houtbos agter Tafelberg is in Mei 1657 omsingel deur 400 tot 500 Hottentotte, wat 'n deel van die werkers se padkos afgevat het. Voordat 'n geveg ontstaan het, het 'n ervare stuurman wat geweet het om nie te gou wapens uit te haal nie, die matrose na die buitepos Duynhoop laat retireer, waarvandaan 'n gewapende eskort hulle op hulle pad begelei het.[28]

'n Groot skip onder 'n Engelse vlag het in Oktober 1655 teenoor die reduit geanker, en drie roeibote is te water gelaat. As dit 'n Portugese skip was, sou 'n nagtelike aanval verwag kon word, en daarom is by die reduit en die strand die hele nag waggestaan. Die volgende dag is die bote land toe geroei. Dit was Engelse, wat wou water inneem en visvang, en aangesien daar vrede met Engeland was, het Van Riebeeck hulle gasvry onthaal.[29]

In Mei 1660 het die Franse skip La Mareschal in 'n noordwestelike storm vlak onder die reduit gestrand. Aangesien die Franse vyande was, en Rooms-Katolieke, is daar nie geprobeer om hulle te help nie. Die soldate van die reduit moes net oplet wie en wat aan land kom. Die volgende namiddag het twee briewe in 'n vaatjie aan wal gespoel. Dit was 'n smeking om hulp. Aan land is 'n tent vir oorlewendes en hulle goedere opgeslaan, reg onder die kanonne van Duynhoop. Later is aan hulle verlof gegee om tussen die reduit en die naaste vissershuise hulle tente op te slaan, maar hulle moes in één groep bly, en alle Vryburgers is verbied

27. Ibid., 24.11.1655, p. 368.

28. Ibid., Daghregister II, 7.5.1657, p. 128.

29. Ibid., Daghregister I, 27.10.1655, p. 359.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



om hulle te huisves.[30] Die soldate van die reduit het opdrag gekry dat, as hulle die vlag op die buitepos Ruyterwacht sien op-en-neer gaan as 'n algemene alarmsein, hulle dieselfde met hulle vlag moes doen, om sodoende die sein na die Fort te herlei. Hulle moes ook nie Franse, Hottentotte of Engelse in die reduit toelaat nie, maar die deur sluit, na bo gaan en die besoekers van daar af vriendelik wegwys. Die getal van hulle bemanning moes hulle geheim hou, en as hulle aangeval word, moes hulle weerstand bied.[31]

Die Politieke Raad het in 1658 'n plakkaat uitgevaardig dat alle persone wat aangespoelde goedere op enige deel van die strand vind, dit éérs by die reduit Duynhoop of by die Fort moes inhandig, voordat hulle dit in besit mag neem. In dié opsig het die reduit as tipiese buite-kantoor van die Fort gedien.[32]

Toe daar in April 1661 herstelwerk aan die reduit nodig was, is daarna verwys as "de oude vervallen eerde redout Duynhoop". Terselfdertyd is 'n nuwe reduit, Santhoop, tussen Duynhoop en die Fort gebou. In Augustus 1662 het die twee kanonne al geruime tyd lank op die grond gelê, sodat dit lyk of die grondmure na agt jaar ingestort het. Kommandeur Wagenaer het egter in 1666 geskryf dat die reduit, hoewel erg bouvallig, nog staande is. In 1668 verskyn die naam van die buitepos Duynhoop nie meer op die lys van besette poste nie, en in 1672 onderneem die burgerrade "uijt

---

30. Ibid., Daghregister III, 19-20.5.1660, pp. 222-230.

31. Ibid., 27.5.1660, p. 233.

32. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 7.10.1658, pp. 42-43.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

den naam van't gemeen" om op hulle koste 'n reduit op die plek te bou waar die waghuis Duynhoop gestaan het. Die oorspronklike waghuis is dus vóór 1672 afgebreek.[33]

33. J. van Riebeeck: Daghregister III, 5.4.1661, p. 357; A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, Z. Wagenaer - Here XVII, 10.8.1662, p. 284; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 24.9.1666, p. 82; VC 6 Daghregister: 7.9.1672, pp. 435-436.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ii. Die waghuis, seinpos en veepos Kykuyt.

Op 13 Augustus 1659 het die Politieke Raad besluit om 'n waghuis op die verste of noordelike wal van die Soutriviermond te laat oprig. Daarvandaan sou die besettelinge 'n uitsig hê oor Tafelbaai en oor enige persone wat die Fort uit die noorde nader. Die waghuis sou 12 voet (3,66 m) vierkant wees, en geheel van hout gemaak word. Dit sou met twee ander soortgelyke waghuise in die houtbos voorberei word en sou bestaan uit dwarshoute wat met planke bespyker was, onder 'n houtdak. Dit moes dan in stukke uit die bos vervoer word na die plek wat daarvoor aangewys is.[34]

Die raamwerk van een van die drie opslaanhuisies is vroeg op 25 Augustus 1659 op vier Vryburgerwaens vervoer na die hoë sandduin wat Van Riebeeck vroeër uitgekies en afgesteek het. Daar is die raamwerk deur timmerlui opgestel en met planke betimmer. Dit was 8 voet (2,44 m) hoog, met 'n "3 voet oorstekende borstweer". (Of die "3 voet" na die horisontale of vertikale gedeelte van die borswering verwys, is nie duidelik nie.) Die waghuis is "den Uijtkyck" genoem. Hiermee is die landengte tussen die see en die Soutrivier afgesluit, sodat die Kompanjie se vee nie daarlangs weggedryf sou kon word nie.[35] Die dag daarna was die naam Kyckuyt reeds in gebruik.

Met die afgesproke sein (die op-en-neer haal van die vlag) het die waghuis op 20 September 1659 gesein dat Hottentotte in aantog was. Die berede soldate en die Vryburgers van die omgewing is daarheen om, indien nodig, hulp te verleen.

---

34. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 13.8.1659, p. 209-210.

35. J. van Riebeeck: Daghregister III, 25.8.1659, pp. 126-127.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Hoewel dit net 'n klein groepie inboorlinge was wat skape wou verruil, het die waghuis bewys dat hy sy naam waardig was.[36]

Die Kompanjie het dadelik begin om die beplande skutheining van pale vanaf die waghuis Kyckuyt suidwaarts na die Soutrivier, en daarvandaan na die waghuis Keert de Koe, te bou. Terselfdertyd is Vryburgers wat oos van die Liesbeeck gewoon het (die sogenaamde "overluijden") per plakkaat gelas om hout uit die houtbos te haal en op die voorgeskrewe wyse die heining op hulle oostelike plaasgrense voort te sit.[37] In die deel van die houtheining tussen die Soutrivier en die waghuis Keert de Koe was 'n hek of slagboom waardeur alle Hottentotte wat die Kaap nader (met of sonder vee) moes gaan. Dit was dus onder die oë van die Kyckuyt en Keert de Koe. Daar was geen ander deurgang in die heining nie, behalwe een vir die ruiters by die Ruyterwacht. Van Riebeeck het by geleentheid 'n besoekende groep Hottentotte tot by die slagboom begelei, om hulle te beïndruk met die doeltreffendheid van sy verdedigingsmaatreëls en die spoed van sy perd.[38]

Nog 'n funksie van die waghuis Kyckuyt was om in reënweer, wanneer die uitkykers op Leeuwenkop bo die wolkevlak was, die aankoms van skepe in die mond van Tafelbaai na die Fort te sein.[39] Aangespoelde voorwerpe, soos verdrinktes, of

---

36. Ibid., 20.9.1659, pp. 135-136.

37. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 7-9.11. 1659, pp. 53-54.

38. J. van Riebeeck: Daghregister III, 7.5.1660, p. 218.

39. Ibid., 1.9.1661, p. 394; A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 24.7.1662, p. 14; Ibid., 29.8.1662, p. 19.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



dooie walvisse waarvan die V.O.C. die traan kon uitbraai, is by die waghuis Kykuyt aangemeld en deur hulle bewaak. Hulle moes Strandloper-Hottentotte van die walvisse weghou.[40] Die soldate het opdrag gehad om geen Hottentotte, Engelse of Franse in die waghuis toe te laat nie, maar die deur te sluit en die vreemdelinge weg te stuur, sonder om hul getalsterkte bekend te laat word.[41]

Die waghuis se posisie op 'n hoë duin het hom nie van stormskade gevrywaar nie. In Augustus 1664 was die waghuis ná drie dae van noordwestelike stormweer só erg van onder uitgespoel dat dit nie meer veilig bewoon kon word nie. Timmerlui en messelaars is by die eerste geleentheid daarheen om die fondamente weer op te bou.[42]

In vredestyd was die waghuis gewoonlik deur 2 man beset. In 1679 is die besetting vergroot toe die V.O.C. sy beeste buite die "begrepen cirkel" se houtheining laat wei het, en gewapende soldate saamgestuur is om hulle op te pas. In Mei 1679 was daar 5 beeswagter-soldate wat by Kyckuyt pos gehou het. In 1681 was 2 man op wag in die waghuis en nog 6 soldate by die weiende trekbeeste.[43]

Die waghuis is nie in 1682 afgebreek, ná die voormalige goewerneur-generaal R. van Goens se algemene bevel ten opsigte van reduite en waghuise nie. Dit verskyn nog op die kaart van die Skiereiland wat in 1685 in opdrag van

---

40. VC 10 Daghregister: 6.8.1684, p. 352.

41. J. van Riebeeck: Daghregister III, 27.5.1660, p. 233.

42. Ibid., 18-19.8.1664, p. 160.

43. C499 II Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 20.3.1681, p. 809.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kommandeur Simon van der Stel geteken is,[44] maar met die ooswaartse verskuiwing van die Kolonie se grens was die waghuis Kyckuyt se diens as grenspos, veepos en seinpos reeds afgeloop. In 1691 is nog daarna verwys as een van die bakens wat die gebied van die Landdros se jurisdiksie aandui.[45]

44. Kaart M2/2, Kaapse Argief.

45. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 12.6.1691, p. 242.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



### iii. Die waghuis Keert de Koe.

Die Soutrivier het ongeveer 'n halfuur te voet van die Fort in Tafelbaai uitgemond. Die rivier was aan seegetye onderhewig, en in die vroegste jare van die V.O.C. se besetting het dit volop harders en ander seevis bevat. Ná winterreëns was die rivier se afvloei so sterk dat dit mense meegesleur het wat die riviermond probeer oorsteek het, maar in die somer kon die riviermond bevaar, en ook deur persone wat treknette gebruik het, deurloop word. Die monding van die Soutrivier kan met die langbeen van 'n hoofletter Y vergelyk word. Die lengte van hierdie deel (wat ook die afstand tussen die reduit Duijnhoop en die waghuis Keert de Koe was) was ongeveer 'n halfuur te voet. Die regterarm van die hoofletter Y is gevorm deur die kombinasie van die Liesbeeck en die Swartrivier, wat uit die suide in die Soutrivier vloei. Die linkerarm van die hoofletter Y was die Dieprivier, wat uit die soutpanne van Rietvlei in die noorde die Soutrivier binnegevloei het.[47]

Op advies van kommissaris R. van Goens het Van Riebeeck in Augustus 1659 die waghuis Keert de Koe laat bou, in die hoek wat deur die Liesbeeck en die Soutrivier gevorm word, en 100 roede (366 m) van albei riviere af. Die waghuis het teenaan die paalheining gestaan wat 'n deel van die Kompanjie se "begrepen cirkel" afgebaken het. Dié plek is gekies omdat dit die gewone aanloop van die Kaapse Hottentotte was, terwyl die drif in die Soutrivier wat deur die Saldanhase Hottentotte gebruik is, ook binne sig

---

46. J. van Riebeeck: Daghregister I, 4.10.1653, p. 157.

47. Vir tydgenootlike kaarte, vergelyk Kaart M1/381 (Kaapse Argief) en die kaart teenoor J. van Riebeeck: Daghregister II, p. 52.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



van die waghuis was.[48] Die drif wat deur die Kaapse Hottentotte gebruik is, was in die laaste deel van die Liesbeeck, tussen sy aansluiting met die Swartrivier en sy invloei in die Soutriviermond. Dié deel van die Liesbeeck was moontlik ook aan die invloed van seegetye onderhewig, want teen ongeveer 1660 is die naam Brackerivier daaraan gegee. Die algemene pad na die binneland, vir sowel Hottentotte as Nederlandse ekspedisies, het deur dié drif in die Brackerivier gelei.[49]

Die waghuis Keert de Koe, wat hierdie drif deur die Brackerivier moes bewaak, sou oorspronklik van hout gemaak word, 12 voet (3,66 m) in die vierkant, 8 voet (2,44 m) hoog, met 'n 3 voet oorhangende borswering. Weens gebrek aan voorbereide hout, en om die waghuis in die kortste tyd te voltooi, is dit van klip gebou. Die bouwerk het 'n dag of twee ná 25 Augustus 1659 begin. Die waghuis is op 'n hoë beboste duin, reg in die middel van die Hottentotte se gewone roete, gebou. Dit was 340 roede (1,244 km) van die waghuis Kijckuijt, oorkant die Soutrivier. Op 27 Augustus 1659 is die fondamente voltooi.[50] Kommandeur Van Riebeeck het op 2 September na die bouwerk gaan kyk en bevind dat die mure só ver gevorder was dat die houtdak en die uitkykplatform wat by die Fort voorberei is, in afgetakelde vorm daarheen vervoer en opgesit kon word, sodat die waghuis nog binne daardie week voltooi sou wees.[51]

Intussen was die V.O.C. besig om die paalheining te bou, wat as grens moes dien totdat die aangeplante amandelheining groot en dig genoeg sou wees om veeroof te voorkom.

---

48. J. van Riebeeck: Daghregister III, 9.8.1659, p. 116.

49. Vgl. Ibid., 10.11.1660, p. 295; Ibid., 15.11.1661, p. 414; Ibid., 9.3.1661, p. 491; Ibid., 22.4.1661, p. 499.

50. Ibid., 27.8.1659, p. 127.

51. Ibid., 2.9.1659, p. 132.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die mees noordelike deel van die paalheining was tussen die waghuise Kijckuijt en Keert de Koe. Dit het waarskynlik nie dwarsdeur die Soutrivier gestrek nie, maar net tot op die twee oewers. By die waghuis Keert de Koe was 'n hek of slagboom, ook 'n draaiboom genoem, wat moontlik in die vorm van 'n paal was wat opgelig en laat sak kon word. Die slagboom is beskou as die poort tot die Kaapse besetting. Van Riebeeck het hierdie slagboom en die een by die reduit Ruyterwacht beskryf as "in forma als poorten van Comps. begrepen cirkel". Hottentotte, met of sonder ruilvee, is nie toegelaat om die "begrepen cirkel" op enige ander plek binne te gaan nie. Militêre perdestalle ("redoutswijse op te maecken") is by dié twee poste gebou.[52] Daar was dus twee verdiepings, met die stal onder en die woonkwartier daarop.

Die soldate by die waghuis Keert de Koe moes die alarmseine van die reduit Ruijterwacht na die Fort herlei, omdat die reduit Ruijterwacht nie in visuele kontak met die Fort was nie. Wanneer daar Franse aan die Kaap was, moes 'n soldaat van die buitepos Keert de Koe alle Hottentotte uit die binneland wat met ruilvee by die slagboom kom, tot by die Fort begelei, sodat die vee nie in die Franse se hande kom nie. Hottentotte, Engelse en Franse moes nie binne die waghuis toegelaat word nie, en die sterkte van die besetting mag nie bekend gemaak word nie.[53]

Aan die einde van 1662 het kommandeur Wagenaer die grens te perd ondersoek. Naby die waghuis Keert de Koe was die

---

52. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, J. van Riebeeck - Z. Wagenaer, 5.5..1662, p. 38, p. 44.

53. J. van Riebeeck: Daghregister III, 27.5.1660, p. 233.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


amandelheining wat in 1660 geplant is, gedeeltelik verbrand, en kommandeur Wagenaer het besluit dat die droë gras en bosse aan weerskante van die heining weggekap behoort te word.[54]

Die getal soldate waarmee die pos beset was, het in verhouding tot die gevaar wat Hottentotte vir die skeepsverversing was, gekrimp. Ook Hottentotte wat wou ruil, kon nie ligtelik gehanteer word nie. In 1664 het sewe Cochoqua met ruilvee by die slagboom aangekom nadat dit vir die nag gesluit was, en toe die heining langs die hek begin afbreek. Die soldaat wat na buite gegaan het om hulle te verhinder, is aangeval en só ernstig verwond dat hy maande lank buite aksie was.[55]

In 1668 was korporaal H.M. Callenbagh in bevel van 4 soldate op hierdie buitepos, maar daarna het die besetting meesal uit 2 persone bestaan. Tot 1682 verskyn die waghuis Keert de Koe op die lys van besette poste. Die soldate wat toe in die waghuis diens gedoen het, het die V.O.C. se beeste opgepas wat in die vleie langs die Liesbeeck gewei het.[56]

As grenspos op die rand van 'n beskermde gebied het die waghuis Keert de Koe gereeld gedien as vertrekpunt en ontvangspunt vir reisgeselskappe na en van die binneland: ontdekkingsreisigers sowel as togangers op ruiltogte het by die heenreis en die tuisreis by dié buitepos aangedoen. Gewoonlik het hulle ná 'n nagrus, wanneer die slagboom ont-

---

54. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 18.12.1662, pp. 40-41.

55. Ibid., 19.12.1664, p. 178.

56. VC 39 Monsterrolle: 1668, p. 79; C500 I Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 19.2.1682, p. 124.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sluit is, hulle reis voortgesit. In 1677 het die buitepos nog steeds as vertrekpunt vir 'n ekspedisie na die binneland gedien.[57]

Met die verdwyning van die Hottentotte as militêre en ekonomiese teenstander, het die "begrepen cirkel" sy waarde en nut verloor, en met die verdwyning van die "begrepen cirkel" het die waghuis Keert de Koe se nut as toegangspoort tot die gebied verval. Soos gesien, het dit nog as vesting vir veewagters gedien, en dit is gewis nie gesloop in ooreenstemming met die afgetrede goewerneur-generaal R. van Goens se opdrag van 1682 nie. In 1692 word Keerde-Koe (sic) genoem as een van die punte wat as bakens van die landdros se ampsgebied aangewys is.[58]

Weens die buitepos se nabyheid aan die Soutrivier kon dit 'n wakende oog hou oor die V.O.C. se skeepshout wat in die rivier in vlotte aanmekaar vasgeketting en geanker is, omdat skeepshout onder water beter teen verrotting en kewers bestand is. Wanneer aankomende skepe ra's of maste nodig gehad het, is dit uit die Soutrivier se houtvoorraad aan hulle verskaf.[59]

Hierdie waghuis het dus vir meer as twintig jaar lank as voorpos gedien, totdat die grens ooswaarts uitgebrei is en hy sy primêre funksie verloor het.

---

57. Vgl. J. van Riebeeck: Daghregister III, 9.3.1661, p. 491; Ibid., 12.2.1662, p. 440; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 29.7.1677, p. 197.

58. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 12.6.1691, p. 242.

59. VC 8 Daghregister: 27.4.1679, p. 369; C503 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - P. Kemp, 5.5.1692, p. 279.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



iv. Die reduit Coornhoop.

In die nag van 13 Maart 1657 het 'n groep Hottentotte ongeveer 100 pond groen tabak uit die lande van die Vryburgers by Stevens Colonie aan die Liesbeeck gesteel en die Vryburgers wat die tabak wou terug hê, met hulle assegaaie gedreig. Op daardie stadium was die Vryburgers reeds besig om hout en klippe te versamel sodat 'n reduit tot hulle beskerming op die grens van die nedersetting opgerig kon word. Omdat die V.O.C. se beeste daar naby in die vleie van die Liesbeeck gewei het, sou die reduit die Kompanjie tot dubbele diens en voordeel strek, want "'t principaelste ooghmerck van deselve is, na Compagnies intentie, op den lantbou vooreerst, ende de rest mettertijt".[60] Ter wille van die skeepsverversing, wat op landbou berus het, en nie om die Vryburgers se tabak te beskerm nie, sou die V.O.C. dus in hierdie omgewing 'n reduit moes bou.

Van Riebeeck het op verskillende plekke gaan soek waar dié sterkste of "principaelste" reduit in die grensverdedigingstelsel van waghuise en heinings behoort te staan. Dit sou met kanonne bewapen wees, wat sowel die Vryburger-landerye as die weiveld sou kon bestryk. Die plek wat hy daarvoor gekies het, was halfpad tussen Jan Reyniersz en Stevens Colonie se boerderye, teen 'n skuinste wat deel was van Duiwelspiek se laer hange. Van dáár af kon die V.O.C. se hele besetting - van Tafelbaai se strand tot aan die Boschheuwel - gesien word, met die uitsondering van één dal waar die Kompanjie se nuwe graanlande was, agter 'n heuwel teenoor Harmans Colonie. Ook die vrugteboorde en wingerde by Rondebosch was in gesig, van hierdie posisie af.[61]

---

60. J. van Riebeeck: Daghregister II, 13.3.1657, pp. 110 - 111; Ibid., 21.2.1657, pp. 99-100.

61. Ibid., 9.7.1657, p. 141; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 17.7.1657, p. 105.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Van Riebeeck en 'n aantal lede van die Politieke Raad het die plek op 17 Julie 1657 gaan ondersoek. Hulle het besluit om dadelik te begin bou, sodat die reduit kon klaar wees voordat die Cochoqua ("Saldanhars") met hulle groot getalle vee op hulle periodieke somermigrasie na die Liesbeeck kom. Daar is op 'n dubbelverdiepinggebou van 16 voet (4,88 m) vierkant besluit, met 'n plat dak en 'n oorhangende borswerk op die boonste vlak. Twee kanonne sou die hoofgeskut uitmaak. Hierdie reduit sou die naam Koorn-hoop kry.[62]

Die gebou sou hoofsaaklik van klip wees, met die weinige houtwerk wat uit geskutplatforms, dakbalke, luike ensovoorts bestaan het. Timmerlui is van die kaai by die Fort weggeneem om éérs die houtwerk by Coornhoop te voltooi. Op 24 Julie 1657 is Van Riebeeck na die houtbos om bevele insake hout te gee, en onderweg daarheen het hy die vier sye van die reduit Coornhoop afgesteek, sodat die messelaars kon begin werk. Op 30 Julie is die fondament klaar gelê en het die bouwerk aan die mure begin.[63]

Aan die Noorde en Suide van die reduit was landerye van Vryburgers. Twee Vryburgers, Hendrik van Surwarden en Elbert Diercks, albei voormalige soldate, sou die reduit in vredestyd bewaak, terwyl hulle met die landbou besig was.[64] Aangesien albei op 25 September 1657 Vryburgers geword het, was die reduit waarskynlik teen dié tyd voltooi. Twee ligte kanonne is in Julie 1658 uit die jag Maria na Coornhoop oorgeplaas; of anders is een stuk in Julie 1658 en nog een op 29 Mei 1659 daar geplaas. Hulle het respektiewelik Noord

---

62. J. van Riebeeck: Daghregister II, 17.7.1657, pp. 142-143.

63. Ibid., 24.7.1657, p. 148; Ibid., 30.7.1657, p. 150.

64. Ibid., 25.9.1657, p. 169.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



en Suid gewys.[65]

In die klagskrif met Vryburger-griewe wat op 23 Desember 1658 aan Van Riebeeck oorhandig is, het die Vryburgers beweer dat hulle self hulle landerye moes bewaak, tot voordeel van die V.O.C. Van Riebeeck het hulle daarop gewys dat die reduit Coornhoop op die V.O.C. se onkoste gebou is, tot die voordeel van die Vryburgers, en dat hy van plan was om die V.O.C. se beeste met soldate-wagters oorkant die Liesbeeck te laat wei, en dat die Vryburgers ook van dié beskerming gebruik kon maak.[66]

Toe die oorlog teen die Hottentotte in Mei 1659 uitbreek met brandstigting, moord en roof, het die Fiskaal die Vryburgers van die Liesbeeckvallei gewaarsku om by gevaar van 'n Hottentot-aanval hulle vrouens en kinders na die reduit Coornhoop dig by hulle, of na die Fort te stuur. Die mans moes voortgaan met die landbou. Die Vryburger Hendrik Boom het verkies om sy familie tuis te hou nadat sy bure reeds hulle plase verlaat het. Die dag ná die Fiskaal se waarskuwing het verskeie Vryburgers reeds na die reduit gevlug en hul plase en besittings verlate laat lê.[67] Boom en sy familie het tot 15 Junie op hulle plasie gebly, voordat die Kaapse Hottentotte sy graanskuur en stal afgebrand en sy beeste en skape weggevoer het. Van Riebeeck het hom kwalik geneem dat hy nie sy vee, soos die ander Vryburgers gedoen het, onder die beskerming van die V.O.C. se reduit gebring het nie.[68]

Die mans wat hul huise verlaat het, is aangesê om na hul

---

65. Ibid., 3.7.1658, p. 324; Ibid., Daghregister III, 29.5.1659, pp. 59-60.

66. Ibid., Daghregister II, 23.12.1658, p. 441.

67. Ibid., 21, 22.5.1659, pp. 52-53.

68. Ibid., 15.6.1659, pp. 65-66.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


werk terug te keer, maar alle vrouens en kinders, graan, waardevolle besittings, en gereedskap wat van yster gemaak was, moes na die reduit Coornhoop geneem word.[69] Die Vryburgers van die Tafelvallei ("Stadsborgers") moes op Sondae éérs die gebruiklike parade by die Fort bywoon, en daarna in 'n groep na Coornhoop gaan om daar tesaam met die Kommandeur of een van die Raadslede die preek aan te hoor. Daarna sou almal tesaam paradeer en wapenoefeninge doen, waarna 'n beker wyn of brandewyn uitgedeel sou word. Die Sondag-byeenkoms by die reduit was verpligtend vir alle Vryburgers, en alleen Leendert Cornelisz, die vryhoutsaer wat op die uithoek van die Kolonie gewoon het, is daarvan uitgesluit. Hy sou tuis besoek word deur die Fiskaal en die Sersant.[70]

Die reduit Coornhoop het ook gedien as seinpos of seinherleipos. As die vlag op die reduit halfstok waai, en 'n soldaat 'n piek met 'n vlaggie aan die punt gebruik om die rigting aan te dui waar die Hottentotte gesien is, moes die berede soldate van Puyterwacht teen die vyand uittrek. Die Hottentotte het egter mettertyd die betekenis van die sein begryp en dan so vinnig soos wildsbokke teen die berg opgehardloop, sodat die perde weens die steilte hulle nie kon inhaal nie.[71]

'n Groep soldate en matrose, bestaande uit 4 Engelse, 4 Skotte en 3 Nederlanders, wat saamgesweer het om die amptenare by die Fort te vermoor en dan met die jag <u>Erasmus</u> weg te seil, het op 14 Desember 1659 by die reduit bymekaar gekom om te wag dat dit donker word, wanneer hulle dié plan sou uitvoer. Die V.O.C. se oppermeester, of dokter,

---

69. Ibid., 23.5.1659, p. 53.

70. Ibid., 25.5.1659, p. 56.

71. Ibid., 14.8.1659, p. 122.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



William Robertson het egter die komplot ontdek en dit aan Van Riebeeck bekend gemaak.[72]

Die algehele verswakking van die Kaapse Hottentotte en die voortgesette uitbreiding van die Kaapse boerdery-bedrywighede het hierdie reduit, wat nou taamlik ver agter die grens was, ondienstig gemaak. Op 13 Desember 1661 is 50 morg grond "daer de redout Coorenhoop staet" afgemeet en in eiendom aan die Vryburger Tielman Hendrikss gegee.[73] Volgens 'n kaart van die Kaapse nedersetting in 1661 was daar nie meer as 20 morg onbesette grond in die omgewing van die reduit nie, en Hendrikss se nuwe plaas sou waarskynlik die perseel van die reduit ingesluit het.[74] Ongeveer ses maande later het kommandeur Zacharias Wagenaer die reduit laat afbreek, en die materiaal na die V.O.C. se vrugteboord, 'n musketskoot daarvandaan, laat neem om vir die bou van 'n woonhuis gebruik te word.[75] Dié gebou en terrein het later die naam Rustenburgh gekry.

---

72. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 23.12.1659, p. 225.

73. J. van Riebeeck: Daghregister III, 13.12.1661, p. 427.

74. Kaart M1/381, Kaapse Argief.

75. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 5.7.1662, pp. 285-286.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## v. Die twee waghuise Ruyterwacht.

Van Riebeeck het die veldkuns en vlugvoetigheid van die Skiereilandse Hottentotte, met wie die V.O.C. teen Augustus 1659 in oorlog was, as so 'n bedreiging vir die Kaap se verversingsfunksie aangevoel dat hy 'n beskermende heining, deels van takke, deels van pale en deels van wilde-amandelbome (wat met verloop van tyd die hele heining moes vorm) gemaak het. Die Hottentotte was egter so bedrewe in die roof, selfs van beeste wat deur gewapende voetsoldate bewaak is, dat gewapende ruiters vir Van Riebeeck na die beste oplossing vir die probleem gelyk het. In Augustus 1659 het hy maar min bruikbare perde gehad, en die klein getal "op de wacht leggende ruijters" moes hulle kanse op sukses probeer verhoog deur hulle in die dag te versteek en dan snags te patrolleer. Dit het nie verdere roof verhoed nie.[76] Die Hottentotte het ook geleer om teen die skuinste van die Windberg op te hardloop en daar in die bosse weg te kruip, as hulle aan die alarmseine merk dat hulle gesien is.

By gebrek aan effektiewe waghuise en heinings het die paar ruiters, aangevul deur voetsoldate, die vee opgepas. Die bloedigste gevegte in 1659 het dan ook tussen berede soldate en aanvallende Hottentotte plaasgevind.[77]

Van Riebeeck het die vrees vir ruiters onder die Hottentotte probeer vergroot deur sy bekende demonstrasie van ruiterspoed, en hy het die ruiterstal 'n sentrale plek in sy verdedigingslinie gegee. In die "circkel van den Caepsen omslagh", van die waghuis Kyckuyt aan die seekant, agter die landerye en boerderye van die Liesbeeckvallei om tot

---

76. J. van Riebeeck: Daghregister III, 9.8.1659, p. 115.

77. Ibid., 19.7.1659, p. 102; Ibid., 15.8.1659, p. 122.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



by Leendert Cornelisz se bos, was 'n afstand van 3 673 roede (13,44 km). Van die pos Kyckuyt tot waar die beplande ruiterstal sou staan, was 1 320 roede (4,83 km), sodat die res van die heining 2 353 roede (8,61 km) lank was. Die Ruyterwacht is dus op een-derde van die totale afstand gebou, maar dit was nogtans in die middel van die boerderykonsentrasie van die Liesbeeck-vallei.[78]

Die waghuis buite in die veld, waaraan die naam Ruyterwacht gegee is, was teen 27 Mei 1660 so ver gevorder dat dit in gebruik geneem kon word. Daar was ook 'n perdestal by die waghuis; moontlik was die gebou hoofsaaklik as stal bestem en is dit hoofsaaklik as sulks ingeruim. Dit is egter te lâât voltooi om in die Hottentot-oorlog te dien, want die vrede is op 5 en 6 April 1660 gesluit.

Van Riebeeck het die volgende reëls vir die soldate van die ruiterwag opgestel: Geen Hottentotte mag na die Vryburgerhuise toe gaan nie, maar moes beveel word om deur die slagboom by Keert de Koe te gaan, en van daar reguit na die Fort. Die Korporaal van die ruiterwag moes die Vryburgerhuise dophou en kyk of hulle Hottentotte aanhou of wegsteek. Alle beeste wat buite gesig van die Ruyterwacht wei moes binnegehaal word, en die eienaar moes beboet word. As die ruiters onraad onder die vee bemerk, en sien dat dit deur Hottentotte veroorsaak word, moes hulle die Hottentotte as vyande beskou en om die lewe bring. Die ruiters moes let op seine van die reduit Houdt den Bul, en as hulle 'n kanonskoot van dáár hoor, moes hulle dié afgeleë pos te hulp gaan en onderweg die Vryburgers waarsku om hulle beeste binne te haal. Wanneer die vlag op een van die ander waghuise op-en-neer getrek word, moes ruiters, burgers en

78. Ibid., 25.2.1660, p. 187.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



voetsoldate van alle kante daarheen gaan om te help.[79]

Van Riebeeck het kort na die stigting van hierdie buitepos, by drie Hottentotte wat saam met die burger Harmen Remajenne weens onwettige ruilhandel gearresteer is, gehoor dat Remajenne hulle aangeraai het om die Ruyterwacht met mense, perde en al uit die weg te ruim, omdat hierdie waghuis die vrye ruil (met ander woorde smokkelhandel) tussen Vryburgers en Hottentotte belemmer het.[80] Dié pos het dus goed gefunksioneer.

Op sy eerste raadsvergadering as hoof van die Kaapse verversingspos het Kommandeur Wagenaer die ruiterwag as 'n goeie en nuttige diens bestempel. Die bevelvoerder van die garnisoen moes spesiaal die ruiterstal besoek en kyk dat perde, wapens en tuie by die afgeleë pos deeglik versorg word.[81] Gedurende Wagenaer se regeringstyd het die besoekende kommissarisse H. de Lairesse in 1662, H. Klencke in 1663 en P. Overtwater in 1663, die nut van dié buitepos besef.[82]

Kommandeur Wagenaer het teen die einde van 1663 aan Here Sewentien geskryf dat die buitepos Ruyterwacht dringende herstelwerk benodig het. Vier maande later stel hy voor dat nog twee reduite en een ruiterstal op die suidelike

---

79. Ibid., 27.5.1660, p. 232.

80. Ibid., 4.7.1660, p. 245.

81. A.J. Böeseken, (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 9.5.1662, p. 281.

82. A.J. Böeseken, (red.): Memoriën en Instructiën, Z. Wagenaer - H. de Lairesse, 15.9.1662, p. 49; Ibid., H. Klencke - Z. Wagenaer, 6.4.1663, p. 58; Ibid., P. Overtwater - Z. Wagenaer, 7.9.1663, p. 60.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



grens van die "begrepen cirkel" dienstig sou wees. Die reduite kon bo-op die Boschheuwel en teen die hang, of aan die voet daarvan, gebou word. Die bykomende ruiterstal kon in die omgewing van Frans Gerritsz se huis (dit is waar Harmen Remajenne vroeër gewoon het) opgerig word, terwyl die bestaande Ruyterwacht wat al erg vervalle was en noodsaaklik herstel moes word, nader aan die seekant en die buitepos Keert de Koe verskuif kon word.[83]

Die Kommandeur, twee Raadslede en die baastimmerman het in Junie 1664 uitgery om die plek vir 'n reduit onder Boschheuwel, en twee ruiterwaghuise af te steek. Op 18 Augustus is gevrees dat die bestaande Ruyterwacht, ná drie dae van storms, op die punt gestaan het om in te stort. Die gebou is daarna egter steeds bewoon, want een van die ruiters, wat homself per ongeluk verwond het, is daarvandaan na die Fort gebring.[84]

Van die nuwe reduit by die Boschheuwel het niks gekom nie. By sy vertrek van die Kaap het kommandeur Wagenaer aan sy opvolger bekend gemaak dat hy, weens die bouwerk aan die nuwe Kasteel, nie 'n aanvang kon maak met die twee reduite by die Boschheuwel en nog 'n ruiterwaghuis nie; hoewel hy steeds van mening was dat hulle die pad tussen Valsbaai en die Fort sou kon help bewaak.[85] Daar was dus nooit meer as één Ruyterwacht op 'n keer nie.

---

83. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, Z. Wagenaer - Here XVII, 15.4.1664, p. 335.

84. Ibid., 5.6.1664, p. 148; Ibid., 18.8.1664, p. 160; Ibid., 27.8.1664, p. 161.

85. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 24.9.1666, p. 83.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Op 24 Oktober 1664 is 'n begin gemaak met die hervestiging van die bestaande pos, toe die Kommandeur en die steenbakker Wouter Mostaart na die Liesbeeck gery het om goeie klei te soek waarvan stene vir die nuwe Ruyterwacht gebak kon word. Die ou gebou is die volgende jaar (1665) afgebreek omdat dit as onherstelbaar beskou is. Die nuwe baksteengebou was nie net groter en sterker as die oue nie, maar het op 'n heuwel gestaan, effens meer na die binneland en meer na die see as die vorige een. 'n Torinkie daarop het dit van ver af na 'n boerekerkie laat lyk. Dit het reg teenoor die huis van die Vryburger Jacob Cloete gestaan, sodat dit hom en sy bure kon verhinder om hulle onwettige veeruil met die Hottentotte voort te sit.[86]

Geen Vryburger is toegelaat om verby die Ruyterwacht, (wat as toegangspoort tot die binneland gedien het) te gaan om te jag of dekriet te sny, of om enige ander rede nie, sonder dat hy vóóraf 'n verlofbrief daartoe gekry het nie. Twee plakkate, wat in 1667 en 1670 uitgevaardig is, het die ongemagtigde deurgang verbied. Die V.O.C. het veral gevrees dat die werklike rede vir sulke ekspedisies die onwettige veeruil met die Hottentotte was, waarin hulle 'n bedreiging vir die skeepsverversing gesien het.[87]

Die V.O.C. se eie ruilekspedisies, wat die Kaapse Vlakte oorgesteek het in die rigting van die Hottentotsholland-berg om by die Chainouqua en die Hessequa te gaan ruil, het meermale hulle eerste skof van die Kasteel tot by die Ruyterwacht afgelê, en dan daar oornag, sodat hulle vroeg daarvandaan op die lang, moeilike skof oor die Kaapse

86. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 24.10.1664, p. 168; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, Z. Wagenaer - C. Qualbergen, pp. 82-83.

87. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 25.10.1667, p. 104; Ibid., 3-6.11.1670, pp. 115-116.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Vlakte kon vertrek. Op die terugreis met die geruilde vee het hulle die voorlaaste skof tot by die Ruyterwacht afgelê, en daarvan dan 'n boodskap van hulle aankoms vóóruit na die Kasteel gestuur.[88]

In 1672 is 'n stel reëls vir die korporaal van die ruiterwag opgestel deur waarnemende opperhoof A. van Breugel. Die korporaal moes tweemaal per week al die reduite en waghuise besoek en 'n opname van gebeure maak, wat hy weekliks by die Fort moes rapporteer. Alle uitsonderlike gebeure, by dag of nag, moes dadelik gerapporteer word. Enige ruiter wat die wagpos snags verlaat, sou volgens die V.O.C. se Artikelbrief gestraf word. Ruiters mag nie op plesierritte gaan, en dan hulle perde vasbind en in die herberg gaan sit en 'n halfdag lank drinkparty hou, terwyl hulle perde die voertyd misloop nie. Alle wild wat geskiet is, moes deur die korporaal na die Fort gebring word. Geen waens of ander voertuie moes toegelaat word om verby die waghuis te gaan nie. Enige ruiter wat na die Fort gestuur word, se perd moes altyd in die Kompanjie se stal gesit word. So 'n ruiter moes met daglig by sy pos terug wees.[89]

Met hierdie regulasies lyk dit of die korporaal van die Ruyterwacht in toesig geplaas is oor die ander poshouers van die "begrepen cirkel". Hierdie buitepos is deurgaans ook sterker beman as ander wagposte in die linie. In die jaar wat bogenoemde regulasies uitgevaardig is, het korporaal Lourens Visser oor vyf ruiters bevel gevoer by die buitepos Ruyterwacht. Mettertyd, soos die potensiële vyand, die Hottentotte, militêr en ekonomies verswak het, het die strategiese belang van die pos verminder, en is

---

88. VC 8 Daghregister: 2.11.1678, p. 722; Ibid., 1.3.1679, p. 833; VC 9 Daghregister: 17.3.1680, p. 45.

89. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 1.6.1672, pp. 89-90.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



sy besetting verklein. Die buitepos Ruyterwacht is nie afgebreek op kommissaris R. van Goens se bevel van 1682 nie. In 1684 was die pos nog deur 'n korporaal en vier ruiters beman, en in 1692 is daar nog verwys na die Ruyterwacht in die woeste veld, ongeveer een myl (7,4 km) van die Kasteel af.[90] Daar is sedert 1684 nie meer melding gemaak van 'n militêre besetting nie.

---

90. C500 II Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 26.4.1684, p. 827; VC 12 Daghregister: 26.8.1692, p. 967.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



vi. Die buitepos Rustenburgh.

Van Riebeeck het die V.O.C. se graanlande uit die Tafelvallei na die vrugbare berggrond op die wesoewer van die Liesbeeck verskuif, omdat die suidoostewind daar minder en ook sagter gewaai het, en die graan minder skade gely het. Die twee soldate wat hy by "'t ronde Bossjen" (tans Rondebosch) geplaas het om die nuwe gesaaides op te pas, het in Mei 1656 opdrag gekry om ook 'n stuk grond skoon te maak sodat dit met tabak - die waardevolle ruilartikel waarmee vleis van die Hottentotte verkry is - beplant kon word.[91] Hiermee is 'n duidelike skeiding gemaak tussen die graanbou, wat om die buitepos De Schuer beoefen is, en die tuinbou wat om die latere ontspanningsoord Rustenburgh ontwikkel het.

In Oktober 1656 het Van Riebeeck grond laat voorberei en dit met Turkse en Roomse boontjies beplant. 'n Maand later het hy sy tevredenheid met die vordering van die tabak, ertjies en boontjies in hierdie nuwe tuin uitgespreek. In Julie 1657 is rondom die groentetuin 'n sloot van drie voet (,915 m) diep en agt voet (2,44 m) wyd gegrawe vir dreinering en ook om 'n mate van beskerming daaraan te gee, veral teen weiende vee.[92]

Van Riebeeck het die stuk grond nie verder ontwikkel nie, behalwe dat 'n huisie vir die werkers in sy regeringstyd daar gebou is. Voor sy vertrek in 1662 het hy die Kompanjie aangeraai om sy plaas Boschheuwel te koop, want groente sowel as vrugte het daar beter as "aen't Doornbosjen in Compagnie's cleynen boogaert" gegroei, en Rondebosch sou

91. J. van Riebeeck: Daghregister II, 25.5.1656, p. 59.

92. Ibid., 17.11.1656, p. 82; Ibid., 19.7.1657, p. 147.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


dan net as kwekery vir jong plante gebruik word.[93]

Die huisie wat vir die tuiniers en slawe opgerig is, was van strooi gemaak ("stroije huijs") en het in die tuin, vóór teen die pad, gestaan.

Kort na sy diensaanvaarding het kommandeur Wagenaer die tuin besoek. Die ou strooihuis was van ouderdom onbewoonbaar, en veral in die winter was dit baie nat. Aangesien die reduit Coornhoop toe al geruime tyd leeg gestaan het, skaars 'n geweerskoot van die groentetuin af, sou hy die reduit laat sloop en die stene, hout en yster na die tuin laat vervoer, waar 'n nuwe dubbelverdiepinghuis die strooihuis sou vervang. Die tuiniers sou die grondvlak bewoon, maar 'n afgeslote kamer in die boverdieping sou vir die Raadslede ("voor ons selffs") gereserveer word, sodat wanneer hulle die tuin in reënweer besoek, hulle nag en dag "een beter schuijl en rust-plaets" as tevore sou hê. In Julie 1662 was daar geen ander dringende werk vir die Kompanjie se messelaars nie en hulle kon dadelik aan die bouwerk begin. Bakstene is vir die bouwerk gebruik.[94] In Augustus 1663 het kommandeur Wagenaer 'n geselskap, bestaande uit kommissaris P. Overtwater, die vlootoffisiere en 'n paar dames, geneem om die boulande, die groot koringskuur en die nuwe huis by die boord te gaan besigtig.[95]

Die Vryburgers langs die Liesbeeck het die behoefte aan

93. Ibid., Daghregister III, 18.7.1661, p. 381.

94. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 5.7.1662, pp. 285-286; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, H. de Lairesse - Z. Wagenaer, 22.9.1662, p. 53.

95. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 31.8.1663, p. 92.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ambagslui en 'n werkswinkel gevoel, aangesien die enigste diens van so 'n aard in die Fort te kry was. Daarom het kommandeur Wagenaer in 1666 'n langwerpige lae boerehuis, met twee eindgewels en skoorstene naby die nuwe woonhuis laat oprig, en dit met 'n middelmuur in twee gedeel, sodat 'n vrysmid en 'n vrywamaker hulle werkswinkels daar kon inrig. Voor elke werkswinkel was 'n oordekte laaiplek, of "uytlatinge". Elkeen van die twee ambagsliede het maandeliks vyf gulden huur vir sy deel van die gebou betaal. Die gebou was ongeveer 'n geweerskoot van die woonhuis af, by die brug oor die Liesbeeck na Hans Ras se plaas, en dit is in Junie 1666 in gebruik geneem. Die werkswinkels was 'n doelstelling waaraan kommandeur Wagenaer jare lank beplan het, want 'n blaasbalk en 'n aambeeld vir hierdie doel is reeds in Mei 1663 uit Nederland aangevra.[96]

Wagenaer het ook beplan om 'n reduit by die genoemde woonhuis op te rig, en in Junie 1664 het hy, vergesel van enkele Raadslede, so 'n reduit uitgemeet en afgepen, maar weens die volgehoue en dringende arbeid aan die nuwe Kasteel is later van die reduit afgesien.[97] Die buitepos Rustenburgh het dus geen verdediging gehad nie, en omdat hier geen vee aangehou is nie, en die buitepos agter die linie van Vryburgerplase geleë was en hulle beskerming kon geniet, was 'n reduit, weens die verswakking van die Hottentotte, hoe langer hoe meer onnodig.

Kommandeur Wagenaer het in sy kort regeringstyd dié buitepos gevestig as iets meer as net 'n verversingsbron, en

96. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 22.9.1666, p. 79; A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, Z. Wagenaer - Here XVII, 16.5.1663, p. 305.

97. Ibid., 5.6.1664, p. 48; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 22.9.1666, p. 83.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die latere benaminge van "lust-huijs" en "playsier-huijs" het berus op die atmosfeer en die voorkoms wat hy deur sy ondernemingsgees eerste daaraan gegee het. Die buitepos het 'n aantreklike ingangspoort voor die nuwe woonhuis gehad, gemaak van "swaere palen en gesaechde sporten met een poort van twee vleugels". Dit is in 1663 opgerig.[98] Beide die wingerd en die tuin was met 'n palisade omhein om wildsbokke uit te hou. In die tuin het Wagenaer soveel Europese, Indiese en inheemse bome geplant as wat hy in die hande kon kry, en die jong bome is met groot strooimatte teen die wind beskut. Uit die vrugteboord wat hy aangeplant het, het die Kompanjie vir skeepsverversing appels, pere, kwepers, kersies en olywe gekry. Die groentetuin, wat Van Riebeeck eerste daar aangelê het, het boontjies, ertjies, komkommers en waatlemoene gelewer.[99]

Van 1664 af het kommandeur Wagenaer teen die berghang agter die tuin wingerd geplant. Pieter Hendricks, die opperstuurman van die skip Walcheren, het hom in Julie 1664 gewys hoe om die stokke te plant, en Hendricks het self die eerste Hocomerstokke wat hy uit Duitsland saamgebring het, by Rustenburgh geplant. Hy het ook 'n model van 'n wynpers aan die Kaap gelaat, sodat 'n regte pers mettertyd gemaak kon word. Kommandeur Wagenaer het in sy ampstermyn duisende stokke aangeplant, en voor sy vertrek in 1666 was daar al 1 000 stokke wat vrug gedra het.[100] Dit is ook in Wagenaer se regeringstyd dat die naam Rustenburgh aan die buitepos

---

98. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 17.8.1664, pp. 159.

99. A.J.Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 22.9.1666, pp. 78, 79.

100. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 8.7.1664, p. 152; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 22.9.1666, p. 78.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


gegee is.[101] Die woonhuis was geleë in die middel van aangeplante wingerde, bome, en groentetuine. Die aangename klimaat, redelike windloosheid, aantreklike ligging tussen die berg en die rivier, en rustige afsondering van die buitepos, het die woonhuis en die tuin 'n gewilde rusoord en ontspanningsoord gemaak. Kommandeur Hackius, wat dikwels siek was gedurende sy kort dienstermyn, het by verskillende geleenthede daarheen gegaan om aan te sterk. Twee weke voor sy dood het hy weer met sy gesin na die Kompanjie se "lusthuijs" gegaan.[102]

Die oorspronklike Kompanjiestuin in die Tafelvallei het genoeg groente gelewer om die V.O.C. se skepe mee te verversers, en omdat die buitepos Rustenburgh geen ander direkte wins gelewer het nie, en die groot koste aan onderhoud en herstelwerk inderdaad wins onmoontlik gemaak het, het goewerneur Isbrand Goske in 1672, kort na sy diensaanvaarding, besluit om die huis, tuin, vrugteboord en wingerd te verhuur. Die V.O.C. het die buitepos ontruim en dit op 3 Mei 1673 aan twee Vryburger-huurders oorgedra.[103] Die twee huurders het die tuine en boorde baie agteruit laat gaan. Een van hulle is in Julie 1673 in die oorlog teen Ngonnemoa se Cochoqua dood, en die ander het meer in die drankhandel as in die landbou belang gestel. Die Politieke Raad het toe die bestaande kontrak gekanselleer, en 'n nuwe ooreenkoms is opgestel: die tuine en boorde is aan die vryburger Cornelis Stevensz verhuur teen 3 000 gulden vir 'n tydperk van twee jaar; tegelyk is die tuin Rustenburgh, soos voorheen, aan die weduwee van Wynand Leendertsen verhuur, ter-

101. Ibid., p. 79.

102. VC 6 Daghregister: 11.11.1671, p. 188.

103. Ibid., 1.5.1673, p. 743.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



wyl sy tapperslisensie vir sterk drank aan haar oorgedra is.[104] Daar was dus twee huurders, wat albei vruggebruik van die grond gehad het, terwyl die weduwee Leendertsen op die perseel drank verkoop het.

By die verval van die kontrak in 1677 het Stevensz en sy vrou alleen hulle deel hernu. Hulle het slegs die vierkantige wingerd bo in die tuin gehuur, en het die reg gekry om drank in die omgewing te verkoop. Die huurprys was 3 000 gulden per jaar. Die V.O.C. het onderneem om jaarliks 50 vragte goeie tuinmis by Rustenburgh af te lewer. Die V.O.C. sou hulle drie Nederlandse knegte vir hulle gebruik laat uitsoek, teen die helfte van hulle huurgeld maar met volle kosgeld. Die huurders sou al die gereedskap by die buitepos koop; hulle sou ook 500 nuwe wingerdstokke aanplant, en dié vervang wat doodgaan. Die V.O.C. sou 2 000 pale en 2 000 latte voorsien vir die oplei van wingerd, en ook hout vir 'n heining rondom die wingerd. Die V.O.C. sou 'n parshuis laat bou, en 'n brandewynketel verskaf, volledig met helm, slang en toebehore. Die V.O.C. sou ook grond aan die huurders leen om huise op te bou, wat hulle sou kon afbreek of laat staan wanneer hulle kontrak verstryk het.[105]

Die kontrak het op 1 Mei 1680 verstryk. Die huur is nie weer op 'n openbare veiling aangebied nie, maar per ooreenkoms met die vorige huurders, teen dieselfde huurgeld, tydperk en ander voorwaardes. Daarby sou die V.O.C. hom jaarliks twee laste rys vir sy werkers lewer, en hy sou twee lêers deugsame Kaapse wyn aan die V.O.C. lewer. Voor-

---

104. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 22.1.1675, p. 122; M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 2.2.1675, p. 126.

105. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 26.3.1677 - 1.4.1677, pp. 177-179.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dat hierdie nuwe kontrak verstryk het, het kommissaris R. van Goens (die jongere) en die Politieke Raad egter besluit om die buitepos voortaan nie weer te verhuur nie, maar dit vir die Kompanjie self te benut. As die huurder sy huurtyd wou verkort, sou die V.O.C. hom daarin tegemoet kom.[106]

Nadat die Politieke Raad die taphuis van die weduwee Leendertsen gesluit het, het die Kaapse goewerneurs weer die plesier en stilte van Rustenburgh opgesoek, veral om, soos goewerneur Bax g.v. Herentals, voor die aankoms van die jaarlikse retoervloot in rus en stilte die boeke en briewe aan Here Sewentien voor te berei. 'n Voorraadopname van 16 April 1677, toe goewerneur Bax g.v. Herentals dikwels die huis gebruik het, toon aan dat dit 'n goedgemeubileerde dubbelverdiepinghuis was, met vyf gemeubileerde kamers en 'n kombuis. Dit het onder andere drie ledekante, 6 "gedraaijde stoelen" met rooi verekussings, en 'n "keegelspel met 2 bollen" bevat. Die poshouer van die buitepos, wat ook vir die gebou en sy inhoud verantwoordelik was, was indertyd die soldaat Jan Hendricksz van Maats.[107]

Op een van goewerneur Bax g.v. Herentals se vele besoeke aan Rustenburgh om aan die boeke en briewe te werk, het tien wadrywers van die nabygeleë buitepos De Schuer in 'n kroeggeveg teen die goewerneur se lyfwag betrokke geraak, in die taphuis van Cornelis Stevensz. Stevensz het hulle wapens weggesteek en die wadrywers aangehits. Hy is later hiervoor gearresteer.[108] Meer sulke gebeure by hierdie twee buiteposte wek die indruk dat die afstand tussen Rondebosch en die Kasteel 'n verslapping in dissipline in die hand ge-

---

106. Ibid., 3.5.1680, pp. 328, 329; C499 II Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 20.3.1681, p. 763.

107. VC 8 Daghregister: 21.1.1677, p. 39; Ibid., 16.4.1677, pp. 139-142.

108. Ibid., 7.2.1678, pp. 498-499.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


werk het.

## Die Brug.

Die brug oor die Liesbeeck, wat tussen Rustenburgh en die plaas van Herman Gresnicht geleë was, was teen 1687 aan insak omdat die sterk afvloei van die Liesbeeck in die winter die walle onder uitgespoel het. Kommandeur Simon van der Stel het die brug saam met die landdros en die V.O.C. se baastimmerman ondersoek en besluit dat die Vryburgers, wat vrylik van die brug gebruik gemaak het, tot die herstelwerk moes bydra. 'n Sterk, nuwe brug sou 'n paar honderd roede (een roede is 3,66 m) stroomop gebou word, sodat dit meer gerieflik vir die suidelike Vryburgers, die boswerkers en die wadrywers van De Schuer sou wees. Daar is besluit dat die Kompanjie twee timmermans, twee houtkappers, twee messelaars en 28 slawe sou verskaf, en dat die Vryburgers 'n gelyke aantal werkers van dieselfde kwaliteit sou gee. Hierdie brug, wat in werklikheid die enigste skakel tussen die oostelike en westelike oewers van die Liesbeeck was, is in 1692 'n tyd lank deur 'n leeu onveilig gemaak. Die leeu het selfs in die omheinde tuin van die buitepos Rustenburgh gegaan en al die slawe en slavinne daaruit gejaag.[109]

## Die Wingerdbou.

Simon van der Stel het baie moeite en tyd aan die ontwikkeling van die wynbou by Rustenburgh bestee. Hy het die buitepos reeds die dag na sy aankoms aan die Kaap besoek. Met die verstryking van Cornelis Stevensz se huurkontrak in 1683 het die V.O.C. weer die vrugteboorde en die wingerd

109. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 18.8.1687, p. 170; VC 12 Daghregister, 18.1.1692, p. 620; Ibid., 9.2.1692, p. 668.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



in besit geneem, en met slawe-arbeid die wynbou beoefen. Die wyn was vireers net vir plaaslike verbruik bedoel. Gedurende die maande Julie, Augustus en September 1683 het kommandeur Van der Stel net vir Politieke Raadsvergaderings, kerkdienste en buitengewone skeepsake na die Kasteel gekom, terwyl hy met soveel slawe as wat van ander werk gespaar kon word, op Rustenburgh "dominicilicum (sic) houdende", om 'n groot nuwe wingerd aan te lê.[110] Eers in Februarie 1684 het hy permanent na die Kasteel teruggekeer, nadat hy van die bestaande wingerd 'n ongemelde aantal lêers wyn gepars het. Van die nege morg nuwe wingerd het hy verwag om 100 lêers per jaar te oes, sodat dit vir die V.O.C. 'n besparing van 4 000 tot 5 000 gulden op die wynrekening sou beteken.[111]

Kommandeur van der Stel het verwag om in die parsseisoen van 1687 die druiwe van 100 000 stokke by Rustenburgh te pars. Aanvanklik was die Kaapse wyn nie gewild in Batavia nie, waarskynlik weens swak gehalte. Here Sewentien het instruksies vir die verbetering van die wyn aan kommandeur Van der Stel gestuur, en onder sy leiding het die kwaliteit so verbeter dat die gewildheid oorsee toegeneem het.[112] Here Sewentien het vinnig-groeiende wilgerstokke aan kommandeur Van der Stel gestuur om vir die oplei van wingerdstokke gebruik te word, en hulle het hom vermaan omdat hy die Vryburgers 15 gulden vir een vaam ou skeepstou, vir dieselfde doel, laat betaal het.[113]

---

110. VC 9 Daghregister: 27.8.1683, p. 1068.

111. C500 II Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 30.4.1684, p. 768.

112. C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 18.4.1687, pp. 637-638; C347 Inkomende Brieven: Here XVII - S. van der Stel, 13.12.1689, pp. 12-13; C350 Inkomende Brieven: L. Pijl - S. van der Stel, 20.2.1691, p. 51.

113. Ibid., Here XVII - S. van der Stel, 27.6.1691, p. 225.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Simon van der Stel het herhaaldelik om goeie vaatwerk aan Here Sewentien geskryf. Hy was oortuig dat die kwaliteit van die wynvat die kwaliteit van die wyn beïnvloed het. Die leë vate wat hy van skepe kon kry, het na vleis, spek of robbetraan geruik en was nie vir wyn geskik nie. Hy wou die regte hout uit Nederland hê, of toestemming om op die ooskus van Afrika na geskikte hout te gaan soek.[114]

Bosbou.

Hoë kommissaris H.A. van Reede het in 1685 vir Simon van der Stel aangeraai om op groot skaal eikebome aan te plant, voordat die land weens gebrek aan hout onbewoonbaar word.[115] In 1693 het Van der Stel die buitepos uitgebrei deur 24 000 jong eike teen die berghang bokant die woonhuis te laat plant. Hy het vertrou dat dit die Kaap se houtskaarste tot 'n mate sou verlig, en die publiek is per plakkaat gewaarsku dat alle vee (uitgesonderd perde) wat naby die nuwe bos kom, doodgeskiet sou word.[116]

Nog aanplantings op dié buitepos het gevolg. Teen Junie 1695 was daar 'n bykomende 3 600 eike, 459 elshoutbome, 81 eshoutbome en 'n groot aantal nuwe vrugtebome. Van der Stel was toe al vyf jaar lank besig om jaarliks 'n groot stuk land by Rustenburgh met akkers te besaai, waarvan 'n "ontelbaar menighte" al opgekom het en uitgeplant is. Die nuwe boompies is ondermeer in die ou bos (dit is: die

---

114. C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 18.4.1687, pp. 637-638.

115. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, H.A. van Reede - S. van der Stel, 16.7.1685, p. 204.

116. VC 13 Daghregister: 13.6.1693, p. 192; Ibid., 29.7.1693, p. 217; Ibid., 7.9.1693, pp. 246-247.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



oorspronklike bos van inheemse bome wat sedert Van Riebeeck se regering deur die V.O.C. se houtkappers weggekap is) geplant, waar hy sedert 1690 ongeveer 16 000 eike gevestig het. Vóór die einde van 1695 het hy al 28 984 eike uit die Rustenburgse kwekery op ander plekke in die V.O.C. se gebied laat oorplant. By sy uittrede in 1699 het hy bogenoemde syfers aan sy opvolger bekend gemaak en hom aangemoedig om die aanplanting voort te sit. By Rustenburgh was 'n groot voorraad jong boompies wat aan die Vryburgers uitgedeel sou kon word.[117]

Goewerneur W.A. van der Stel was twee dae na sy aankoms self op die kaai om oor die ontskeping van kiste met Europese bome en plante toesig te hou. In April 1699 is hy na die houtbosse om te reël dat 3 000 jong eike geplant word. Die bome is tussen ander geplant, in oop kolle van bestaande bosse, waar hulle meer teen wind beskerm was as teen die oop berghang. Op sulke beskermde plekke het die boompies vinnig en regop gegroei.[118]

Landdros Ditmars van Stellenbosch is in Augustus 1699 aangeskryf om die Vryburgers van Drakenstein en Stellenbosch te beveel om waens na Rustenburgh te stuur, waar 12 000 eike vir dié twee gebiede gewag het. Hy moes die Vryburgers aanraai om die boompies op oop plekke in die bosse te plant, en nie op die kaal vlakte nie. 'n Jaar later het die Goewerneur weer om één wa uit Stellenbosch en één uit Drakenstein gevra, om nog 'n paar duisend boompies te kom haal. Die Vryburgers het traag gereageer. In die Paradys-bos, wat Simon van der Stel uit die Rustenburgse kwekery aangevul

---

117. C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 9.5.1695, pp. 1063-1064; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, S. van der Stel - W.A. van der Stel, 30.3.1699, p. 239.

118. VC 15 Daghregister: 26.1.1699, p. 23; Ibid., 15.7.1699, pp. 288-289.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



het, het 35 houtkappers in 1701 die hout vir 'n nuwe brug oor die Eersterivier by Stellenbosch voorberei, maar die Goewerneur moes vier maal aan landdros Ditmars skryf, voordat die onwillige Vryburgers van Stellenbosch hulle waens en trekvee gestuur het om die hout vir hulle brug te gaan haal.[119]

Een wa met jong boompies is in Julie 1701 aan die landdros op Stellenbosch gestuur. Landdros Ditmars moes die boompies in samewerking met ds. H. van Loon langs die openbare paaie plant, om die dorp te versier. Ongeveer 'n jaar later het die Goewerneur verneem dat die boompies deur moedswilliges geskend is. Daarom het die Goewerneur 'n bordjie waarop die straf vir boomskendery geskryf is, aan die landdros gestuur, sodat dit op 'n paal gespyker kon word tot afskrik van ander boomskenders. Almal wat op die daad betrap word, moes na die Kasteel gestuur word om daar hulle straf te ontvang.[120]

Die sluiting van die pos.

Die V.O.C. se buitepos Rustenburgh het 'n moeilike tyd beleef in die dekade rondom die seuwisseling. 'n Groot droogte het die Kolonie etlike jare lank geteister, en plae van ruspes en sprinkane het op die laaste groenigheid toegesak. Op Rustenburgh was slawe en slavinne dae lank besig om die sprinkane (so veel en so groot soos nooit tevore gesien is nie) te vang. Die druiwetrossies was klein, uitgedor en

---

119. C506 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - M. Ditmars, 29.8.1699, pp. 552-553; Ibid., 19.7.1700, pp. 1044-1045; C367 Inkomende Brieven: M. Ditmars - W.A. van der Stel, 27.3.1701, pp. 94-95; Sien ook W.A. van der Stel se briewe aan landdros Ditmars, van 17 Maart 1701, 26 Maart 1701 en 21 April 1701.

120. C507 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - M. Ditmars, 13.7.1701, pp. 324-325.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



swart.[121]

Toe Here Sewentien in Julie 1695 aan Simon van der Stel opdrag gegee het om die V.O.C. se boerdery-aktiwiteite te staak en van die buiteposte ontslae te raak, was hulle opmerking dat die wingerd met baie arbeid en teen groot onkoste bewerk word, dus heeltemal korrek. Here Sewentien het wingerdboerdery beskou as 'n taak wat by Vryburgers tuishoort, en hulle siening was dat goewerneur Van der Stel moes probeer om die wingerde by Rustenburgh stuksgewyse te verkoop.[122]

Van der Stel was heeltemal teen die verkoop van Rustenburgh gekant. Hy het Here Sewentien daarop gewys dat grond aan die Kaap vrylik beskikbaar was en gevolglik moeilik verkoopbaar was. 'n Groot deel van die wingerd was ná die droogte dood en sou geen prys behaal nie. Dit was ook moontlik dat die afskaffing van die buitepos die skeepsverversing sou benadeel, want Rustenburgh het die beste groente opgelewer. Dié pos het die V.O.C. en die Vryburgers gedien as kwekery vir jong boompies, en 'n soortgelyke boomkwekery sou nie in die brak grond van die Kompanjiestuin in die Tafelvallei voortgesit kon word nie. Die afskaffing van hierdie buitepos sou dus die verversingspos aan die Kaap tot groot nadeel strek, en Van der Stel was oortuig daarvan dat Rustenburgh teen geringe onkoste deur die V.O.C. self onderhou sou kon word.[123]

Simon van der Stel het nie die buitepos gesluit nie, en in

121. VC 13 Daghregister: 15.11.1695, p. 909; VC 14 Daghregister: 17.2.1697, pp. 411-412.

122. C358 Inkomende Brieven: Here XVII - S. van der Stel, 14.7.1695, pp. 103-104.

123. C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 1.8.1696, p. 207.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


1699 die kwekery aan sy opvolger oorgedra, wat die aanplanting en verspreiding op energieke wyse voortgesit het, om die plaaslike tekort aan timmerhout, wamakershout en vaatwerk aan te vul.[124]

Soos die geval met ander buiteposte was, verminder die inligting oor, en die skriftelike korrespondensie met, die pos Rustenburgh gedurende die administrasie van goewerneur W.A. van der Stel. Dominee F. Valentyn wat die Kaap in 1705 besoek het, beskryf die pos as 'n tuin waar skeepsverversing gekweek word. Hy sê die V.O.C. het, benewens die tuin in Tafelvallei, ook 'n ander een, "doorgaans het Rondebosje, maar eigentlyk Rustenburg genaamt". Dit is 'n stuk grond van 26 morg, met mooi wingerde beplant, waarvan die V.O.C. in 1705 se parsseisoen 22 lêers gepars het. Daar was mooi eikelane, aangename vrugteboorde, "en 't fraaijste hier af was, dat 'er een zeer proper huis by was, met verscheide gemakkelyke vertrekken boven en onder". 'n Baastuinier was die opsigter van die tuine.[125]

Ten spyte van wat dominee Valentyn gesien het, verskyn die naam van Rustenburgh nie op die lys van besette poste in 1705 nie.[126] Goewerneur van der Stel was blykbaar besig om die V.O.C. se fasiliteite op nie-amptelike wyse te bedryf, soos ook op ander poste gebeur het.

---

124. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, S. van der Stel - W.A. van der Stel, 30.3.1699, p. 234.

125. F. Valentyn: Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope, VRV II, 2, i, p. 130.

126. VC 40 Monsterrol: 1705, pp. 84-99.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Besoekers en Inwoners:

i. Die Maccassarse edellui.

'n Groep van ongeveer 30 Maccassarse edellui, waaronder 'n koning, drie prinse, drie prinsesse en enige militêre hoofde, is om politieke redes in 1680 uit hul land na die Kaap verban. In 'n begeleidende brief is hulle beskryf as "princen uijt de hoogste Maccassaarse geslaghte en uijt het Coninklijcke huys van Loeboe". Onder hulle was die voormalige koning Dain Matoedi en die prinse Dain Mangale en Crain Lambengi. Hulle is beskou as "dangereuse menschen voor de ruste van de Compagnie".[127]

Crain Lambengi is kort na sy aankoms in 1681 oorlede. Die goewerneur-generaal in Batavia was nie spyt om dit te verneem nie. Ander lede van die groep was erg siek, en ook Dain Matoedi is voor Februarie 1682 oorlede. Simon van der Stel het aan Batavia geskryf dat hy wens dat nog meer reeds dood was. Dain Mangale is in 'n versekerde plek opgesluit omdat hy sy trots vertoon het. Een van die mindere persone, Carra Roupa, het met 'n dolk amok gemaak in die Kasteel, en is daar doodgeskiet en aan sy voete opgehang. Nog een van die edellui is in die bolwerk Nassau oorlede (dus, vermoedelik in 'n sel). Simon van der Stel het aan die einde van 1682 'n komplot onder die bannelinge vermoed, en het daarom hulle leier en sy bediende na Robbeneiland verban. Hoewel die leier se naam nie in korrespondensie met die poshouer van die eiland genoem word nie was dit waarskynlik Dain Mangale, omdat hy die enigste oorlewende

127. C322 Inkomende Brieven: R. van Goens - S. van der Stel, 31.12.1680, pp. 69-71; C324 Inkomende Brieven: C. Speelman - S. van der Stel, 29.11.1681, p. 15.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die edellui was. Die drie prinsesse is saam met 'n slavin na die buitepos Rustenburgh gestuur, en die orige tien bannelinge is as werkers oor verskillende buiteposte, so ver soos Klapmuts, versprei.[128]

Goewerneur-generaal Camphuijs het in Mei 1685 toestemming gegee dat die prinsesse, wat hulle mans in ballingskap gevolg het, na Macassar mag terugkeer, maar net een van die drie het dié geleentheid benut. Sy was Tintyn Crassaly, wat met haar kind vertrek het op 30 Desember. Die ander se verdere lewensloop is nie bekend nie.[129]

ii. Rijckloff van Goens, die jongere.

Kommissaris van Goens moes in Oktober 1684 sy reis na die Ooste onderbreek toe hy ernstig siek by die Kaap aan land gedra is. Sy verblyf het geduur tot Mei 1685, met 'n onderbreking van enkele dae, in Desember. Gedurende dié tyd was die hoë kommissaris H.A. van Reede vir twee maande op 'n amptelike besoek aan die Kaap. Kommandeur van der Stel het kommissaris Van Goens en sy gesin in die huis op Rustenburgh geplaas, en hom van tyd tot tyd daar besoek om Raadsake met hom te bespreek. By geleentheid het Van Goens die hele Politieke Raad na Rustenburgh ontbied vir sittings. Op 27 Desember 1684 was hy gesond genoeg om per skip te vertrek, maar twee dae later het die skip na Tafelbaai teruggekom, want die kommissaris was weer ernstig siek. Ná twee weke in die Kasteel, het hy en sy gesin hul intrek

128. C500 I Uitgaande Brieven: S. van der Stel - C. Speelman, 26.6.1682, p. 149; VC 9 Daghregister: 17.10. 1682, pp. 756-759; Ibid., 24.3.1683, p. 903; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 26.11.1682, pp. 54-55.

129. C500 II Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Camphuys, 30.12.1684, p. 1075.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



in Rustenburgh geneem en tot Mei 1685 daar gebly. Tydens sy siekte het die Politieke Raad vir sittings na Rustenburgh gegaan, waar hoë kommissaris H.A. van Reede, sy reisgenoot die Raad-ekstraordinaris St. Martin en kommandeur Simon van der Stel ook soms by Van Goens besoek afgelê het.[130]

Toe kommissaris Van Goens gesond was en gereed om te vertrek, is hy en sy kinders per koets van Rustenburgh na die kaai gebring. Hier het ernstige probleme ontstaan, want hy het geprobeer om die V.O.C. se slaaf Toontie, wat hom tydens sy siekte op Rustenburgh gemasseer het, saam te neem na Oos-Indië. Hy wou ook twee ander persone, wat hy op Rustenburgh aangetref het as bannelinge, met geen ander klag teen hulle nie as hulle politieke opvattings, na Oos-Indië saamneem. (Dit is nie bo alle twyfel seker dat hier na die Maccassarse prinsesse verwys word nie.) Verder is Van Goens daarvan verdink dat hy die klerk Gillis Borremans, wat aan hom geleen is om sy skryfwerk op Rustenburgh te doen, na Batavia wou wegsmokkel. Kommandeur van der Stel moes 'n botsing tussen die hovaardige en eiegeregtige Van Goens en die hooggebore Van Reede probeer verhoed, en hy het toe die bekwame en welgeleerde sekretaris J.G. de Grevenbroek gestuur om Van Goens op diplomatiese wyse van sy voornemens af te raai.[131]

## iii. H.A. van Reede.

Na Van Goens se vertrek het die hoë kommissaris H.A. van Reede en sy reisgenoot, die Raad-extraordinaris St. Martin, op 16 Mei1685 in Rustenburgh verblyf geneem. Van dáár af het hy sy verdere inspeksiereise deur die Kolonie onderneem,

130. VC 10 Daghregister: 28.4.1685, p. 463.

131. Ibid., 6.5.1685, pp. 468-471; Ibid., 7.5.1685, pp. 471-495.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

totdat hy op 17 Julie 1685 die Kaap verlaat het. 'n Groep besoekende Franse offisiere, onder leiding van die chevalier de Fourbin, het op 'n welwillendheidsbesoek na Rustenburgh gekom om hom te groet.[132]

Die veranderinge in die burgerlike administrasie wat H.A. van Reede gedurende sy verblyf aan die Kaap geformuleer het, het latere ontwikkelings beïnvloed. Hy het die pos van landdros geskep en sy funksies vasgestel. Amptenare van die V.O.C. het die reg gekry om te boer. Die prys van wyn is verlaag om die boere tot graanproduksie aan te moedig. Onderwys van kinders en die behandeling van slawe is verbeter. Die bosbou is grootliks uitgebrei. Sy diep begrip van die Kaapse omstandighede het hom in staat gestel om dit as 'n grenssituasie te herken, waar die Kolonie van sy eie militêre, landboukundige en administratiewe vermoë afhanklik was. Die Kaap moes dus in alle opsigte selfonderhoudend gemaak word.[133] Simon van der Stel se vertolking van hierdie beleid verklaar sy volgehoue pogings om die Kaapse verdediging en landbou te verbeter, waarin die buiteposte 'n groot rol gespeel het.

iv. Portugese skipbreukelinge.

Die Portugese retoerskip Nossa Senhora de los Milagros het in 1686 naby Kaap Agulhas gestrand. Aan boord was 3 Siamese edellui wat as ambassadeurs bestem was, om hulle koning te verteenwoordig by die koninklike howe van Portugal, Frankryk en Engeland, respektiewelik. Hulle

---

132. Ibid., 1.6.1685, p. 503.

133. Vergelyk A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, H.A. van Reede - Instruksie aan die landdros, 16.7. 1685, pp. 223-226; Ibid., Instruksie aan S. van der Stel, 16.7.1685, pp. 198, 204-207, 210; Ibid., Instruksie aan die Skoolmeester, 15.7.1686, p. 189.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


koninklike geskenke het 'n belangrike deel van die skeepsvrag uitgemaak. Tydens die stranding, en later op die onherbergsame veld, het die Portugese die bejaarde ambassadeurs besteel, en hulle in die steek gelaat deur die tog Kaap toe aan te pak sonder om na die Siamese om te sien. Met behulp van kaptein Claas se Hottentotte het die Portugese die V.O.C. se buitepos by Hottentotsholland bereik, waarvandaan soekgeselskappe na oorlewendes uitgestuur is. Die Siamese, wat lewend gevind is, is Kaap toe vervoer, maar wou nie saam met die Portugese skeepsoffisiere loseer nie. Kommandeur van der Stel het losies vir hulle by Kaapse Vryburgers gereël, terwyl die Portugese op die buitepos Rustenburgh gehuisves is. Hulle kaptein Manuel de Silva is na 'n kort siekbed oorlede, en die Portugese het daarna in faksies verdeel wat soms met die swaarde teen mekaar geveg het.[134] Die Portugese het Rustenburgh in Junie 1686 verlaat, na ongeveer 'n maand in die V.O.C. se "lusthuijs".[135] Sommige van hulle is na Batavia oorgeskeep, en ander na Nederland. Die Siamese ambassadeurs het na die Ooste teruggekeer.

Die besluit van die Kommandeur en Politieke Raad om die Portugese te huisves en van geld en rantsoene te voorsien, is geneem om die vriendskap tussen die V.O.C., Nederland en Portugal te bewaar.[136] Die Kompanjie se "lusthuijs Rustenburgh" het in hierdie geval dus 'n groter diens aan sy eienaar gelewer as sy landboukundige diens, waarvoor dit eintlik bedoel is.

134. VC 10 Daghregister: 9.5.1686, p. 727; Ibid., 16.5.1686, p. 745; Ibid., 18.5.1686, p. 747.

135. VC 10 Daghregister: 13.6.1686, p. 798.

136. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 11.5.1686, p. 128.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

v) Francois Valentyn.

Die predikant F. Valentyn, wat die kronieke van die V.O.C. in sy Oud en Nieuw Oost-Indiën geskryf het, het die Kaap verskeie kere besoek. In 1685 is hy deur Adriaan van der Stel - die tweede oudste seun van die Kommandeur, en later goewerneur van Amboina - onthaal en vermaak "op dit Landhuijs der E. Maatschappy". Hy het daar suurlemoene te eet gekry, en in ruil vir die gasvryheid twee mooi hoede aan jonkheer Adriaan gegee. Op Valentyn se tuisreis in 1695 het hy gevind dat goewerneur Simon van der Stel nie in die Kasteel nie, maar "aan 't ronde boschje (een Plantagie en Playsier-Huys van de Compagnie)" woon.[137] Die Goewerneur sou die huis gerieflik vind vir die intensiewe bosbou- en wingerdbou programme wat hy op die buitepos bedryf het, maar die rol en funksie van jonkheer Adriaan, wat toe ongeveer twintig jaar oud was, op Rustenburgh, is nie duidelik nie.

Tydens dominee Valentyn se besoek aan Rustenburgh in 1705 is daar nog steeds wyn geproduseer, hoewel dit toe nie meer 'n amptelike buitepos van die Kompanjie was nie.[138]

Dië buitepos is na goewerneur W.A. van der Stel se ontslag nie herbeset nie, en dit verskyn nie meer op die lys van buiteposte in die jare 1708, 1709 en 1710 nie.

---

137. F. Valentyn: Beschryvinge . . ., VRV II, 2, i, p. 274, 278.

138. Ibid., p. 130.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


vii. Die buitepos De Schuer.

By "'t ronde bossjen", oos van Tafelberg en ongeveer twee Nederlandse myle (14,8 km) suid van die Fort, het Van Riebeeck op 17 Mei 1656 as proef 'n kwart morg grond aan die westekant van die Liesbeeck laat omploeg en met koring, hawer en rys laat besaai, om te sien of die graan daar minder windskade as in die Tafelvallei sou ly. Om die stukkie graan op te pas, sodat dit nie deur Hottentotte se vee afgewei word nie, is twee van die wadrywers wat in die houtbos daar naby gewerk het, in 'n sooihuisie met 'n rietdak by die landery geplaas. Hulle moes dit dag en nag bewaak. Van Riebeeck het nie op die uitslag van sy proefneming gewag nie. Aangesien daar tog oppassers sou bly, en die grond so maklik bewerkbaar was, het hy beveel dat genoeg grond voorberei moes word om al sy beskikbare saadgraan op te saai.[139]

Van Riebeeck het in Oktober na die koringland gery om te kyk of die wind daar so buitengewoon hard waai as in die Tafelvallei. By Rondebosch was daar nie 'n strooitjie uit sy plek gewaai nie. Na nog 'n maand van harde Suidoostewind, waartydens die nuwe graan by Rondebosch nie die minste skade gely het nie, het Van Riebeeck besluit om die Kompanjie se graan in die toekoms dáár, en nie langer by die Fort nie, te verbou.[140]

Na afloop van die eerste graanoes was Van Riebeeck terdeë bewus van die landbou-moontlikhede in die vrugbare berggrond op die walle van die Liesbeeck. Gedagtig aan kommissaris

---

139. J. van Riebeeck: Daghregister II, 17-18.5.1656, pp. 38-39.

140. Ibid., 15.10.1656, p. 73; Ibid., 16.11.1656, p. 81.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

R. van Goens se opdrag om die graanbou voor alles te stel, het hy die V.O.C. se bedrywighede daar uitgebrei, en Vryburgers in dieselfde vallei geplaas om te help met die voedselproduksie vir die Kompanjie se skepe en die Kaapse inwoners.[141]

Op 7 Februarie 1657 het Van Riebeeck die ronde doringbos (hier as versamelnaam gebruik) van binne laat uitkap sodat 'n natuurlike, groeiende doringkraal, met die heining 9 tot 10 voet breed, oorgebly het. Die struike rondom die kraal het hy laat uitroei. Die ingang van die kraal sou met 'n houthek gesluit word.[142]

Van Riebeeck het op 20 Julie 1657 'n stuk grond teen die berghang naby die koringland uitgesoek, waar 'n skuur vóór die komende Desember gebou moes word om die gemaaide graan in te berg, en waarin dit onderdak gedors, skoongemaak en in sakke versamel sou kon word, om van dáár af met waens na die Fort se pakhuissolders te gaan.[143]

Die Politieke Raad het die besluit om die skuur te bou, op 20 Julie 1657 geneem. Van Riebeeck het daardie aand van Rondebosch teruggekeer en 'n plan of ontwerp van die skuur gemaak. Die mure sou 108 voet (32,94 m) lank wees, en op die mure sou 10 dwarsbalke 12 voet (3,66 m) van mekaar lê. Die breedte van die gebou sou 40 voet (12,2 m) wees, met 'n oordekte op-en-aflaaiplek aan die een sy. Van die komende Maandag (23 Julie) af sou houtkappers begin

---

141. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, R. van Goens - J. van Riebeeck, 16.4.1657, p. 15.

142. J. van Riebeeck: Daghregister II, 7.2.1657, p. 96; Ibid., 21.2.1657, p. 99.

143. Ibid., 19.7.1657, p. 147.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


om die nodige hout in die bos gereed te maak, van waar dit per ossewa na die bouplek sou gaan. Timmerlui sou vireers van die nuwe kaai weggeneem word om met die skuur te help. Op die betrokke Maandag is die Raadsbesluit in die werk gestel.[144]

Die werk het stadig gevorder omdat die arbeidsmag so klein was. Toe fiskaal A. Gabbema 15 man op 'n ruiltog neem, en 8 man per boot na Dasseneiland is, terwyl die werk aan die Fort en die tuin daagliks voortgesit moes word, was daar teen November 1657 nie veel meer as die timmerlui oor om die skuur te voltooi nie, met 4½ maande se werk om nog gedoen te word, en die graanoes reeds aan ryp word.[145] Van Riebeeck was bekommerd dat ontydige reën die ryp graan sou bederf en 'n voedselprobleem sou skep. Op 25 en 26 Januarie het hy na geskikte dekriet gaan soek vir die skuur se dak. Die dekriet is per ossewa daarheen aangery.[146]

Omdat die weiding in die riviervallei naby die skuur so goed was, het Van Riebeeck teen die einde van 1658 die Kompanjie se houtkappers beveel om hout vir 'n groot veekraal naasaan die skuur gereed te maak. Van die kraal af moes 'n pad afgesteek word na die brug by Harmen Remajenne se huis, sodat die Kompanjie se vee daar kon oorgaan na die weiveld oos van die Liesbeeck. Gedurende die Hottentotoorlog in 1659 is al die Vryburgers wat nie op hulle lande besig was nie, beveel om met waens en trekvee na die

---

144. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 20.7.1657, p. 107; J. van Riebeeck: Daghregister II, 20.7.1657, p. 148.

145. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 17.10.1657, p. 114-115.

146. J. van Riebeeck: Daghregister II, 25,26.1.1657, p. 240.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Kompanjie se bos te gaan om die houtkappers daar te help, sodat 800 dik pale, elk 10 voet (3,05 m) lank, uit die bos na die skuur vervoer kon word, vir 'n soliede palisade langs een sy van die nuwe skuur, waar die Vryburgers ook hulle vee in noodgevalle na veiligheid kon bring. Die palisade is op 19 Junie 1659 voltooi. Al die vee (beeste en skape) van die V.O.C. en die Vryburgers is tydens die Hottentot-oorlog van 1659 na die omgewing van die Skuur geneem om saam te wei, en snags saam daar in die kraal te kom. Dáár is hulle deur 'n mag van 40 soldate, afgesien van die bouers, beskerm;[147] dit het ook die einde beteken van die takkraal (wat uit die ronde bos van doringboompies gekap is) se diens. Twee vyfponder-kanonne is by dié geleentheid voor die Skuur geplaas, om die landerye van die Vryburgers anderkant die rivier te help verdedig.[148]

Kort na sy diensaanvaarding het kommandeur Wagenaer, nie sonder 'n mate van trots nie, die hoofde van die retoer-vloot van 1662, naamlik kommissaris P. Overtwater, die skeepsoffisiere en ook enige dames "de groote corenschuijr" gaan wys. Wagenaer het gevind dat die skuur groot genoeg was om as vergadersaal te dien, en het in 1663 aan Here Sewentien voorgestel dat die suidelike Vryburgers, wat reeds so ver as die Boschheuwel gewoon het, en nie meer die kerkdienste in die Fort bygewoon het nie omdat die pad na die Fort te lank en te moeilik begaanbaar was, 'n kerkdiens in die Skuur behoort by te woon. Hy het Here Sewentien om 'n klok van ongeveer 250 pond gewig gevra wat by die Skuur sou kon hang, om met sy gelui die beeswagters uit die veld

147. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 30-11-1658, pp. 179-180; J. van Riebeeck: Daghregister III, 23.5.1659, p. 54; Ibid., 19.6.1659, p. 68.

148. Ibid., 29.5.1659, p. 59.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



en die mense na die kerk toe te roep.[149]

Die graanlande by die Skuur is van tyd tot tyd vergroot. In 1666 was daar 25 blankes werksaam benewens 'n groot aantal slawe en slavinne. Die opsiener was in daardie jaar die baaslandbouer Jan van Goij. Sy werk was, behalwe die toesig oor die arbeiders, om die gedorste graan weg te sluit, en wanneer daar 25 - 30 mud graan bymekaar was, dit na die Fort toe te stuur. Ander take van die opsiener was om saans die vee by die hek in te tel, en enige vee wat gebore word, sterf of deur roofdiere gevang word, aan te meld. Gelaaide waens wat uit die suide van die Kolonie kom met die grootpad wat by die Skuur verbyloop, moes deur die opsiener by die Skuur ondersoek word, om byvoorbeeld die onwettige kap of breek van hout op verbode plekke te verhoed.[150]

Die V.O.C. se waens en trekvee is by die Skuur gehou om naby aan die houtbos en die graanlande te wees, waar daagliks transportwerk was. Goewerneur Simon van der Stel het sy opvolger ingelig dat elke transportwa drie spanne osse benodig het, en 'n span het uit 8 osse bestaan. Elke span is daagliks gebruik en moes ten alle tye gereed wees om diens te lewer. In die pioniersomstandighede is die osse gebruik as pakdiere op landtogte, as ploegbeeste, om die vragwaens te trek, en as dorsvee. Hulle is dus goed opgepas, en in die somer is hooi spesiaal vir die trekbeeste

---

149. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 31.8.1662, p. 92; Ibid., Z. Wagenaer - Here Sewentien, 16.5.1663, p. 305.

150. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 22.9.1666, pp. 77-78; M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek, 2,3.10.1658, pp. 41-42.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


gesny en van ver af aangery.[151]

In Augustus 1673 het 30 Hottentotte die veewagters by die Skuur aangeval en 'n groot klomp vee geroof. Daarop is meer hout gekap om die palisade mee te versterk, terwyl agt soldate daagliks die vee in die veld opgepas het. In reënweer, wanneer aanvalle moontlik geag is, moes die wagters die vee na aan die Skuur laat wei. Pas 'n maand later het amper al die trekvee omgekom, toe die beeste in dryfsand vasgeval het in die omgewing waar die Liesbeeck in die Soutrivier uitmond. Op dieselfde dag het 'n leeu twee beeste by die Skuur doodgebyt. Net 3 maande later het drie leeus weer die Kompanjie se vee helder oordag aangeval.[152]

Die groot getal beeste wat by die Skuur gehou is, se mis het die bemesting gelewer vir die V.O.C. se landerye, die wingerd op Rustenburgh en die groentetuin in die Tafelvallei. Hierdie groentetuin het jaarliks 500 vragte mis benodig, wat per wa Kaap toe vervoer moes word.[153]

Goewerneur Bax g.v. Herentals het die Skuur vyf maal besoek in 1676. In Julie het die graanoes goed beloof. Hy het 71 trekosse, 20 melkkoeie en 38 kalwers daar aangetref. 'n Paar Hottentotte wat met hulle beeste in die omgewing van die Skuur gekom het, moes deur die veewagters

---

151. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, S. van der Stel - Here XVII, 30.3.1699, p. 232; A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 20-11.1664, p. 174.

152. C496 II Uitgaande Brieven: I Goske - H. Elbertsz, 11.8.1673, pp. 717-718; VC 6 Daghregister: 19.9.1673, p. 867; Ibid., 23.12.1673, p. 944.

153. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, J. Hackius - I. Goske, 12.3.1671, p. 109.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

weggestuur word. In Augustus het die graan goed gelyk, en aangesien die Skuur in goewerneur Bax se aanwesigheid amper afgebrand het, het hy opdrag gegee dat 'n nuwe kookplek 'n ent weg van die Skuur, met sy rietdak, gebou moes word. 'n Paar slavinne is deur hom aangesê om die graanlande van onkruid te suiwer, en by sy volgende besoek was die landerye heeltemal vry van onkruid. Die jaarlikse bestek, wat in Desember opgeneem is, meld nie die sterkte van die bemanning nie. Daar was 3 slawe, 109 trekosse, 49 koeie, 42 kalwers, 1 perd, 'n jong renoster, 3 snaphane, 9 donderbusse, 1 pistool en 'n verskeidenheid boerdery-gereedskap.[154]

In 1676 het goewerneur Bax g.v. Herentals 'n gewel, gemaak van ronde klippe en klei, op die voorkant van die gebou laat oprig. Die gewel het na twee jaar ingestort, nadat aanhoudende reën die klei tussen die klippe uitgespoel het. Die Winterreëns het jaarliks die oostelike deel van die landerye tussen die Skuur en die rivier oorstroom wanneer die rivier in vloed was, maar hieraan is eers in 1686 aandag gegee, toe Simon van der Stel die rivier se walle só verbeter het dat die water van die lande af kon loop. Swaar reën en wind het die beesstalle by die Skuur in 1698 omgewaai, maar aangesien die diere toe reeds in die veld was, is geen dier of mens beseer nie.[155]

Die verpagting van die buitepos.

Omdat die graanboerdery jaarliks met groot arbeid en onkoste voortgesit is, en tog nie die gewenste resultate gelewer

154. VC 7 Daghregister: 9.7.1676, p. 220; Ibid., 1.8.1676, p. 246; Ibid., 17.12.1676, pp. 416-417.

155. VC 8 Daghregister: 24.11.1678, p. 737; VC 10 Daghregister: 27.4.1686, p. 86; VC 14 Daghregister: 5.7.1698, p. 1054.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



het nie, het die Politieke Raad in 1670 oorweeg om die Skuur met sy graanlande aan Vryburgers te verpag, en sy graanbou op 'n veel groter skaal op 'n nuwe buitepos aan die Hottentotshollandberg voort te sit.[156] Die Skuur sou net as huisvesting vir die trekvee en vervoerwaens dien. Die Skuur is egter nie verpag nie, waarskynlik omdat die oes by die nuwe buitepos Hottentots-Holland nie aan die verwagting voldoen het nie. Inligting oor die hoeveelhede graan wat op die verskillende poste geoes is, is so skaars dat vergelykings nie moontlik is nie. Dit staan egter vas dat die Politieke Raad se eerste doel die versekering van die V.O.C. se styselvoorraad was.

Van 1678 af is die Skuur se landerye aan die vryburger Cornelis Claasz verhuur, wat $5\frac{1}{2}$ mud koring, $3\frac{1}{4}$ mud rog en 2 mud gars daar gesaai het. Aan die einde van die oes het hy 1 400 gerwe op die veld gehad, waaruit hy gehoop het om $10\frac{1}{2}$ mud koring, 25 mud rog en 9 mud gars te dors, benewens 14 mud hawer. Van 1679 af is die Skuur se landerye op 'n openbare veiling verpag. Die V.O.C. het sy waens en trekvee steeds op dié buitepos gehuisves. Die bemanning het bestaan uit 'n opsiener, 'n boekhouer, 8 wadrywers, 3 beeswagters en een algemene werker. Die V.O.C. het hom in die jare 1678-1679 dus nie met die graanbou by die Skuur bemoei nie.[157]

Uit inligting in die beskikbare bronne is dit duidelik dat

---

156. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 3.3.1670, p. 25.

157. VC 8 Daghregister: 31.12.1678, p. 755; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 27.4.1679, p. 290; C499 I Uitgaande Brieven: 31.3.1679, pp. 158, 160.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



die V.O.C. ná 1679 nie weer op groot skaal by die Skuur graan gesaai het nie. Die staking van die graanbou word nie verklaar nie, en dit kom vreemd voor in die lig van die ernstige tekort aan styselvoedsel wat die Kaap van 1652 tot 1707 steeds bedreig het. Here Sewentien het die Kaapse hoofde tot graanbou aangemaan, en die Kaapse hoofde het, benewens hulle eie pogings, ook die Vryburgers aangemoedig om meer graan te verbou. Hiervan getuig goewerneur Bax g.v. Herentals se plakkaat van 23/26 Maart 1677, verwysende na Here Sewentien se brief van 21 Oktober 1676, waarin die Direkteure dit duidelik gestel het dat 'n kolonie wat nie sy eie brood kon produseer nie, nie die naam van Kolonie werd was nie. Die Kapenaars moes dus leer om hulle self te voed.[158] 'n Aanneemlike verklaring is dat die nuwe kommandeur, Simon van der Stel, die graanbou op groter skaal op ander, nuwe buiteposte wou voortsit, en die Skuur se landerye ook vir ánder doeleindes, soos bosbou en wingerdbou, wou aanwend. Teen 1695 het hy reeds 5 000 eike op die landerye by die Skuur geplant om die plaaslike tekort aan hout te verlig.[159]

## Dissipline.

Die groot aantal soldate wat die V.O.C. as wadrywers by die Skuur gedien het, het 'n besondere probleem geskep, omdat hulle almal soldate was maar nie onder militêre offisiere gedien het, of die militêre roetine van hulle makkers by die Kasteel gevolg het nie. Daarby het die besondere veeleisende werk van die inspan en versorging van osse, die op- en aflaai van waens, en die lang togte te voet as touleier of drywer, meer van hulle vereis as wat 'n soldate-

---

158. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 23-26.3.1677, p. 138.

159. C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 9.5.1695, p. 1063.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



salaris regverdig het. In 1679 het hulle daarom 'n verhoging in salaris gevra, veral weens die groot slytasie aan hul klere, maar in plaas daarvan, is hulle 'n mutsie arak per dag gegee.[160]

Die gebrek aan militêre orde by die Skuur het die soldate soms die geleentheid gegee om hulle poste te verlaat en misdrywe te pleeg. In 1678 was 'n groot groep van hulle in 'n geveg teen goewerneur Bax se lyfwag betrokke. In 1686 was van hulle betrokke by die diefstal van goud en edelstene uit die wrak van die Portugese retoerskip Nossa Senhora de los Milagros. Een van die betrokke drywers, Arent Hendrickx, is vir sy aandeel gelaars en harde-arbeid opgelê. Vyf jaar later, toe hy baaswadrywer by die Skuur was en hy 'n jong drywer teregwys wat een van die trekosse gedryf het totdat die dier dood neerval, het die drywer vir Hendrickx as "gegeselde hond" uitgeskel, en sonder meer doodgeskiet. In 1698 het vier wadrywers begin om snags by Vryburgerhuise in te breek. Twee is spoedig gevang en opgehang (een se galgtou het die eerste maal gebreek) en die ander twee is in hul afwesigheid ter dood veroordeel. Toe hul na 'n paar maande gevang en gemartel is om skuld te erken, het hulle met behulp van die marteltou uit die Kasteel ontsnap. Ten spyte van al die Fiskaal se pogings het hulle op vrye voet gebly.[161]

Verdediging.

Die Skuur se rol in die verdedigingslinie van die Kaap was oorspronklik toegespits op beskerming van die V.O.C.

---

160. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 25.4.1679, p. 285.

161. VC 11 Daghregister: 31.10.1687, p. 461; VC 12 Daghregister: 30.1.1692, pp. 659-664; VC 14 Daghregister: 1.2.1698, p. 766; Ibid., 26.5.1698, pp. 916-917.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



se veestapel en die versekering van die skeepsverversing. As deel van die algemene paraatheidsplan vir die Kolonie, wat die Politieke Raad in 1690 opgestel het teen die moontlikheid van 'n aanval uit die buiteland, is 'n seinkanon by die Skuur geplaas waarmee die alarmsein na die suidelike Vryburgers uitgedra kon word by aankoms van 'n vyand. Die plan is in 1697 uitgebrei om te bepaal dat die poshouer van die Skuur met al die wadrywers Kaap toe moes gaan, nadat die eerste seinskoot afgevuur is.[162]

Die afskaffing van die buitepos.

Die Skuur se rol in die V.O.C. se verversingspos het sedert Simon van der Stel se aankoms in 1679 van 'n graanpos verander in 'n suiwer vervoerpos, terwyl die landerye vir meer winsgewende take aangewend is. Here Sewentien se opdragte van 1695 en 1699 aangaande die afskaffing van die landbouposte het dus nie betrekking op die pos De Schuer nie. Hoewel goewerneur W.A. van der Stel in 1705 aan Here Sewentien geskryf het dat die besetting by die Skuur uit 8 man bestaan, wys die monsterrol vir dié jaar dat daar 23 wadrywers en 7 beeswagters gestasioneer was.[163] Die oorsaak vir die verskil is nie bekend nie.

Die naam.

Aangaande die naam van hierdie buitepos kan daarop gelet word dat daaraan nooit 'n eienaam toegeken is, soos die ge-

---

162. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 14.5.1690, p. 219; C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - W. de Haas, 26.4.1697, p. 542.

163. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 28.3.1705, p. 508; VC 40 Monsterrol 1705: pp. 84-85.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


val was met ander buiteposte nie. Dit is deurgaans eenvoudig "die skuur" of "die Kompanjie se koringskuur" genoem. Kommandeur Wagenaer was die eerste om daarna te verwys as "de groote corenschuijr" (1662) of "des Comps. groote Schuijre" (1666).[164] Binne die tydperk 1652 - 1707 wat deur hierdie ondersoek gedek word, het dit egter nie algemene gebruik geword om die byvoeglike naamwoord daaraan te koppel nie. In die volksmond is die volle naam tog bewaar, terwyl dit uit amptelike stukke verdwyn het na die vertrek van kommandeur Wagenaer. Daarom word die benaming "De Schuer" hier gebruik.

164. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 31.8.1662, p. 92; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 24.9.1666, p. 75.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

viii. Die reduit Houdt den Bul.

Die reduit Houdt den Bul was die verste skakel in die verdedigingsketting van waghuise en heinings wat Van Riebeeck om die "begrepen cirkel" gespan het. Op advies van kommissaris R. van Goens is die derde beplande reduit gebou tussen die bos waar die vryhoutsaer Leendert Cornelisz gewerk het, en die plase van Pieter Vasagie se groep Vryburgers ten suide van die Kromboom. Die reduit was geleë teenoor die Kleiheuwels (die naam is nie meer bekend nie) en die Bosberg, wes van Boschheuwel. Dit sou waak oor die gebied waar die beeste van die V.O.C., en ook meeste van die Vryburgers se vee, wei. Ook sou die reduit dit moontlik maak om 'n verdere 400 tot 500 morg landbougrond in gebruik te neem. Die reduit was ongeveer 400 meter van die Liesbeeck (aan die suidekant van die rivier) en op die noordelike grens van Van Riebeeck se plaas Boschheuwel.[165]

Weens die afstand van die Fort moes die reduit deur Leendert Cornelisz gebou word. Daar was toe reeds agt van die V.O.C. se soldate in Cornelisz se diens. Hy sou die hout moes laat kap, voorberei en uit die bos na die bouperseel vervoer, teen betaling. Cornelisz het egter die aanbod verwerp.[166]

Van Riebeeck het gevolglik die takheining (pega-pega), en ook die reduit, deur soldate laat maak. Nadat die takheining getoets is deur beeste daarteen te jaag, en deugsaam

165. J. van Riebeeck: Daghregister III, 9.8.1659, p. 116; Ibid., Daghregister II, 9.7.1657, p. 141; Kaart M1/381(a) De Nedersetting aan die Liesbeek in het begin van 1661. (Kaapse Argief.)

166. J. van Riebeeck: Daghregister III, 9.8.1659, p. 116.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


bevind is, is 'n begin gemaak met die reduit. Van Riebeeck het 3 timmerlui in die bos geplaas om die houtwerk voor te berei. By dié geleentheid is op 'n naam vir die reduit besluit. Toe dit gereed was, het Van Riebeeck self op 30 September 1659 na die plek toe gegaan om die grondplan af te steek.[167] By voltooiing is die reduit met 'n kanon bewapen. Die reduit was nie sigbaar van die Ruyterwacht af nie, en die berede soldate van laasgenoemde waghuis het opdrag gekry om vir kanonseine van Houdt den Bul op te let, en dan dadelik met vier man daarnatoe te ry om te sien wat skort. As die hulp van die orige ruiters verlang word, moes 'n kanonskoot hulle ontbied. Onderweg na die reduit moes die ruiters al die Vryburgers wat hulle teëkom waarsku om hulle vee binne te haal.[168]

Toe Van Riebeeck voor sy vertrek in 1662 sy plaas teen die Boschheuwel probeer verkoop het, het die persone wat 'n waardasie van die eiendom opgestel het, die veilige ligging naas die vrugbaarheid van die plaas beklemtoon: die plaas was binne die "begrepen circkel" en onder die oë van die waghuis Houdt den Bul.[169]

In Maart 1663 het die takheining onder die Boschheuwel (wat uit opgepakte droë amandelboomtakke gemaak was) aan die brand geraak. Die heining was aan die noordekant van die waghuis en kort daaragter, sodat die soldate van die waghuis kon probeer om die brand te blus, ten spyte van 'n sterk wind. Hulle pogings was onsuksesvol, en meer as 1 000 roede

---

167. Ibid., 15.9.1659, p. 134; Ibid., 30.9.1659, p. 140.

168. Ibid., 27.5.1660, p. 232.

169. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 18.7.1661, p. 267.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



(3,66 km) van die heining is verwoes, waardeur die suidelike grens van die Kolonie oop gelê het.[170]

Kommissaris P. Overtwater het in September van dieselfde jaar bevind dat die reduit Houdt den Bul sowel as die amandelheining onnodig geword het, en dat daar nie langer geld en tyd op bestee moes word nie. Die toestand en die besetting van die buitepos ná 1663 is nie bekend nie. Kommandeur Wagenaer het in 1666 aan sy opvolger geskryf dat hy die reduit laat sloop het, omdat dit op die punt gestaan het om inmekaar te val.[171]

Hierdie buitepos se kort diens is dus hoofsaaklik gelewer vir die beskerming van die houtkappers in die Paradysbos en Leenenbosch (noord en wes van die buitepos, respektiewelik) en van Van Riebeeck se plaas Boschheuwel, op die verste grens van die nedersetting.

---

170. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 5.3.1663, pp. 55-56.

171. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, P. Overtwater - Z. Wagenaer, 7.9.1663, p. 60; Ibid., Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 22.9.1666, p. 82.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ix. Die reduit Santhoop.

Om die strand naby die Fort teen landings deur vyandelike troepe te beveilig, het Van Riebeeck en die Politieke Raad in 1661 besluit om die reduit Duynhoop te herstel, en 'n nuwe reduit tussen Duynhoop en die Fort op te rig. Die skipper van die aanwesige skip Hilversum, wat ondervinding van fort-bou gehad het, het sy timmerlui en matrose aangebied, sodat die werk in ongeveer 'n week voltooi kon word. Die plan was om 'n goeie sterk reduit van hout op te rig, 20 voet (6,1 m) in vierkant en met 'n kap bedek, sodat daar nie handgranate bo-in gegooi kon word nie; en dubbeldgevoering sodat 'n drieponderkanon in die boeg van 'n landingsboot dit nie sou kon deurdring nie. Onder op die grondvlak was in elk van die vier sye ("in elcke sij") twee breë oopvallende skietpoorte, soos op skepe, vir kanonne om deur te skiet. Die hout van die Franse wrak La Mareschal sou daarvoor gebruik word. Voor sonop op die oggend van 6 April 1661 is die werk begin.[172]

'n Brief van Here Sewentien in 1662 om die Kaapse Kommandeur te waarsku dat agt sterkgewapende Franse skepe met groot bemannings op pad na Indië was, en moontlik die Kaapse verversingspos kon aanval, het gelei tot die nuwe bevelvoerder Z. Wagenaer se eerste Raadsbesluit: die reduite en waghuise van die "begrepen cirkel" was weens 'n tekort aan soldate nie behoorlik beman nie, en in die digby geleë reduit Santhoop met sy vier swaar kanonne was net één soldaat. Luitenant Tullekens, die hoof van die garnisoen, moes dus die besetting van al die reduite verdubbel, en by Santhoop moes hy 15 of 20 man onder 'n korporaal of 'n lans-

172. J. van Riebeeck: Daghregister III, 6.4.1661, p. 357; Ibid., 6.4.1661, p. 358.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


korporaal ("landspassaat") plaas. Hierdie groep moes saans die aandparade in die Fort bywoon en daarna na hul pos terugkeer.[173]

Die reduit het die bynaam "'t Houte wambuis" (die hout hemp) gekry, wat wel van sy vorm of voorkoms afgelei sou wees. Dit het ná aan die hoogwatermerk gestaan, en in Augustus 1664 het 'n driedaagse noordwestelike storm die see so hoog teen die strand aangespoel dat die reduit se fondamente uitgekalwe was en daar gevrees is dat die reduit met sy vier kanonne sou instort. Daarom is by die eerste geleentheid messelaars en timmermans uitgestuur om die fondament op te bou.[174]

Volgens die monsterrolle was die reduit in 1668 en 1670 nog met 1 soldaat beman, maar daarna verskyn sy naam nie meer in die lys van besette poste nie. In September 1672 is sy fondamente versterk, sodat dit meer kanonne sou kon dra. Die oorspronklike stel geskut kon net die reede beskiet, maar die bykomende stukke sou ook die strand na links én regs kon dek. Die swaar kap is toe van die reduit weggeneem om die gewig op die fondament te verlig, en die kanonne is van die geskutplatform gehaal en op die fondament geplaas.[175] Die reduit is nie weer permanent beset nie.

---

173. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 9.5.1662, p. 281.

174. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaar, 18,19.8.1664, pp. 158, 160.

175. VC 39 Monsterrol: 1668, p. 80; Ibid., 1670, p. 100.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



b. Die buiteposte by Houtbaai.

Van Riebeeck het 'n maand na sy aankoms vier gewapende klerke op 'n staptog oor die nek tussen Tafelberg en Leeuwenkop laat gaan, en van hulle verneem van die groot houtbos in 'n vallei agter Tafelberg. In Oktober 1652 het hy die bos en die baai nader laat ondersoek; hy het ook vermoed dat Portugese koopvaarders 'n ververskplek in 'n baai agter Tafelberg gebruik. Die ondersoekers het bevind dat daar baie geskikte skeepshout te vinde was, omdat die bome hoog, dik en reguit gegroei het. Die hout kon moontlik in die rivier afgevoer word tot in die see, van waar dit per skip na Tafelbaai geneem sou kon word.[176] Vir Van Riebeeck was dit welkome nuus, omdat daar aan die voorkant van Tafelberg, in die omgewing van die Fort, geen skeepshout was nie, en die hout by die Bosberg oos van Tafelberg met die grootste moeite met die hand uit die bos gesleep, en deur ossewaens oor ongebaande paaie na die Fort gebring moes word. Van Riebeeck het daarna by verskillende geleenthede bootvragte brandhout in Houtbaai laat haal om die kalkoond mee te stook, en teen Desember 1652 was dié baai al as die Houtbaai bekend.

Hout.

Toe die landboukundige en militêre uitbreidings van 1657 af aan die oostekant van Tafelberg geskied, was dit natuurlik dat die hout vir die skutheining, die reduite, die Vryburgers se huise en stalle, en ook die Fort, uit Leendert Cornelisz se bos ("Leenenbosch") en die Kompanjie se bosse "Paradys" en "d' Hel" gehaal sou word. Dié bosse oos en suid van Tafelberg was spoedig uitgeput, en Van Riebeeck se opvolgers het 'n probleem met houtvoorsiening gehad.

176. J. van Riebeeck: Daghregister I, 5, 6.5.1652, p. 34; Ibid., 1.10.1652, p. 64.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Kommandeur Wagenaer se pogings om timmerhout per skip uit Houtbaai te bring was nie suksesvol nie. Hy het 50 manne met die nodige byle, treksae, wîe en voorhamers daarheen gestuur, met proviand vir 8 tot 10 dae. Die swaar hout kon egter nie in die rivier afdryf nie, en moes uit die bos na die strand gesleep word. Daarvoor was trekdiere en waens nodig. Die betrokke skip, en die skepe daarna, se ladings het dus net uit ligte brandhout bestaan.[177] Kommandeur Wagenaer se oplossing was om 'n nuwe pad aan te lê uit die rigting van Wynberg, en die hout uit die klowe tussen Wynberg en Houtbaai te gebruik. Vir timmerhout was die V.O.C. daarna op hierdie sogenaamde Nieuwe Bosch aangewese, terwyl daar vir 'n jaar of twee nog ligte brandhout vir die kalkoond uit die uitgewerkte bosse oos van Tafelberg gehaal kon word.[178]

Met die bouwerk aan die nuwe Kasteel het die aanvraag om timmerhout grootliks toegeneem, sodat 'n aantal soldate permanent in die bos geplaas is om die lewering te bespoedig. Die Kompanjie moes 'n aantal jare lank sy timmerhout uit die kloof naby Houtbaai laat aanry, teen groot moeite en onkoste.[179] Voordat die Kasteel voltooi kon word, het oorlog teen Frankryk in 1672 uitgebreek. Die Politieke Raad moes inderhaas 'n groot aantal bome in die Houtbaaivallei laat kap, en het alle Vryburgers se waens en trekvee gekommandeer om die gekapte hout uit Houtbaai na die Kasteel te bring. Al die bandiete wat aan die Kaap in kettings ge-

---

177. A.J. Böeseken (red.): Dagregister en briewe van Z. Wagenaer, 17.7.1662, pp. 7-8.

178. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, Z. Wagenaer - C. Qualbergen, 24.9.1666, pp. 79-80.

179. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad I, 16.7.1668, p. 373.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

werk het, is na Houtbaai oorgeplaas om die kap en voorbereiding van die hout te verhaas. Die bome was nodig om die groot gapings in die Kasteelmure voorlopig te sluit.[180]

Daar was gedurende die tydperk dat die Kasteel in aanbou was, aansienlike aktiwiteite in Houtbaai. Verskeie groepe houtkappers het tydelike kampe in verskillende bosse in die vallei bewoon, en 'n groot aantal trekvee is op veeposte aangehou om die hout uit die bosse na die strand te sleep. Die hout is per skip na Tafelbaai gebring.

Die afgesonderdheid van die baai het egter veroorsaak dat daar nie voldoende toesig oor die werkers kon wees nie. Terwyl daar in 1674 soveel as vier skeepsvragte timmerhout en brandhout per maand vir die kalkoonde uit Houtbaai gekom het, het 'n skielike verslapping in die voorsiening tussen April en Junie 1674 goewerneur Goske agterdogtig gemaak. Die skipper van die fluit Helena wat die hout na Tafelbaai moes bring, het die swakheid van die trekvee en die luiheid van die wadrywers in die bos, geblameer. Nadere ondersoek en ondervraging van die bemanning het aan die lig laat kom hoe skipper Frooij en sy gunstelinge met die skeepsvoorraad drinkpartye gehou het sonder om die houtvervoer te bespoedig. Daar was ook 'n klag van homoseksualisme. Ná 'n hofsaak is skipper Frooij en twee seuns van 15 jaar en 20 jaar skuldig bevind en as straf op 25 Julie 1674 gebind en in die see verdrink.[181]

Ses Malabarse slawe wat in die bos geplaas is om bome te kap, het in 1677 die geleentheid benut om met hulle byle en

---

180. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 30.8.1672, p. 96; VC 5 Daghregister: 9.8.1672, p. 410.

181. VC 7 Daghregister: 25.7.1674, p. 184.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



kos te vlug. In 1679 was daar, benewens die baashoutkapper Carel Tetherode (ook gespel Tettero en Tetroo) tien houtkappers op die buitepos gestasioneer. Die getal slawe word nie gemeld nie.[182]

Op kommandeur Simon van der Stel se eerste besoek aan Houtbaai in 1680 het hy die moontlikheid ondersoek om daar 'n saagmeul op te rig, met die doel om die V.O.C. die las, tyd en koste om hele bome per ossewa na die Kasteel aan te ry, te bespaar. Die V.O.C. sou dan die bos vir sy eie gebruik reserveer en 'n nuwe houtbron by die Steenberg aan die Vryburgers toesê. Die saagmeul is egter nie opgerig nie, omdat die bos by Houtbaai toe reeds baie uitgeput was. Tydens kommissaris J. Vosch se besoek in 1684 kon hy nouliks agterkom waarom die plek nog Houtbaai genoem word.[183]

Here Sewentien se besluit om nie meer voorbereide hout uit Nederland na die Kaap te stuur nie, het gelei tot 'n onderneming van die Politieke Raad om vir die vryhoutkappers Hendrick Dircx en Hendrik Coster 'n plek in die groot bos by Houtbaai in te ruim, om met die houtvoorsiening aan die Kompanjie te help.[184] In 1685 is die aantal houtkappers van die V.O.C. wat in dieselfde bos gewerk het, tot 21 man vermeerder. In daardie jaar moes 805 wavragte brandhout

---

182. VC 8 Daghregister: 21.6.1677, pp. 194-195; C499 I Uitgaande Brieven: H. Crudop en Raad - Here XVII, 31.3.1679, p. 160.

183. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 8.4.1680, pp. 327-328; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, J. Vosch: Corte beschryvinge . . ., 14.10.1684, p. 183.

184. M.K. Jeffreys (red.): Kaapse Plakkaatboek I, 17.2.1683, pp. 188-189.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



aan skepe op die Kaapse reede gelewer word.[185] Simon van der Stel het 'n nuwe wapad oor die nek na Houtbaai laat bou, en self die roete daarvoor aangewys. Die pad, oor die huidige Constantia-nek, was van 800 tot 900 roede, (2,92 km tot 3,29 km) of 1½ uur per ossewa, korter as die vorige pad, en is tussen 8 Januarie en 9 Februarie 1693 voltooi.[186]

In 1691 het Simon van der Stel aan twee vryhoutsaers - die broers Joost en Borchardt Pietersz - die reg verleen om in Houtbaai se bos te werk, in ruil vir 'n vergoeding van 100 planke, van 10 voet by ten minste een voet, of die aanplant van 3 000 jong eike deur die huurders.[187] Die behoefte aan nuwe aanplantings het nie net uit 'n tekort aan inheemse hout ontstaan nie. Here Sewentien het in 1683 gewaarsku dat hulle nie meer timmerhout uit Nederland sou stuur nie, en het die opdrag in 1686 herhaal. Die staking van versendings timmerhout, vaatwerk en wamakershout het gelei tot die aanplant van nuwe eikebosse. Houtbaai is een van die plekke wat deur sowel Simon van der Stel as W.A. van der Stel met eike beplant is. Simon van der Stel het in 1687 met die plant van Europese en inheemse bome in Houtbaai begin. Die reisiger F. Valentyn het die vallei in 1705 besoek en net 'n paar plasies daar gevind, wat nie vermeerder kon word nie omdat die hoognodige houtbosse bewaar moes word.[188]

---

185. VC 10 Daghregister: 5.11.1685, p. 608; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, H.A. van Reede - S. van der Stel, 16.7.1685, p. 199.

186. VC 13 Daghregister: 9.2.1693, p. 60; Ibid., 8.1.1693, p. 5.

187. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 3.4.1691, pp. 236-237.

188. C337 Inkomende Brieven: Here XVII - S. van der Stel, 25.10.1686, pp. 80-81; VC 11 Daghregister: 7.6.1687, p. 289; F. Valentyn: Beschryvinge . . ., VRV II, 2, i, p. 72.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Goewerneur W.A. van der Stel het Here Sewentien in 1700 gevra om die skepe wat uit Nederland na die Ooste vertrek, van brandhout vir die hele reis te voorsien, sodat dit nie aan die Kaap aangevul hoef te word nie. Aan die Kaap moes hout reeds van ver af uit die binneland aangery word, en daarvoor moes waens, trekvee en personeel aangehou word, het hy gesê. 'n Reëling wat hy aanbeveel, sou die Kaapse bosse 'n kans gee om te herstel. Die aangeplante eikebos in Houtbaai was die jaar tevore nog te jonk om swaar skeepshout te lewer.[189]

Here Sewentien het Van der Stel aangeraai om ten ooste van die Kaap, dit is op die land se suidkus, na nuwe bosse te gaan soek.[190]

In 1705 was daar altesaam 29 houtkappers by die houtkapperspos, maar by die volgende monstering, in 1710, bestaan die buitepos nie meer nie.[191]

Landbou.

Benewens houtkappersposte was daar vee- en landbouposte in die Houtbaai-vallei, waar die Kompanjie se trekvee en aanteelvee aangehou is. Hier is ook op klein skaal met graan en groente geboer. Vroeg in 1670 was daar reeds 'n huis, bekend as "de boerewoning", hoewel geen Vryburgerboere nog daar grond ontvang het nie. Omdat 'n groot aantal houtkappers permanent in die bos was, het die Politieke Raad in 1670 besluit om die grond by "de boerewoning" met patats te beplant, en ook om al die Kompanjie se varke

---

189. C506 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - W. van Outhoorn, 19.7.1700, pp. 1040-1041; VC 15 Daghregister: 19.8.1699, p. 364.

190. C371 Inkomende Brieven: Here XVII - W.A. van der Stel, 21.6.1702, pp. 32-33.

191. VC 40 Monsterrolle: 1705, pp. 86-87.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


daar te plaas. Die houtkappers sou self die nuwe boerderypos behartig.[192]

Benewens die varke, is daar vóór 1672 'n groot aantal skape en beeste in Houtbaai geplaas. Die oorspronklike bedoeling was om werkbeeste vir die houtkappers te voorsien, en voedsel vir die werkers. 'n Permanente besetting van beeswagters is by "de boerewoning" geplaas, en krale is vir die beeste en skape gebou. In die eerste jare is las ondervind van leeus wat die vee in helder daglig uit die trop vang; snags weer het roofdiere in die kraal gespring en beeste en skape doodgebyt.[193] 'n Deel van die 470 beeste wat in 1673 uit Hottentots-Holland weggeneem moes word as gevolg van die oorlog teen Ngonnemoa se Cochoqua, is na die veepos by Houtbaai oorgeplaas.[194]

In 1676 was daar net een besette veepos en een besette houtkapperspos in Houtbaai. Die veepos is "de Boerebomen" genoem, en was wes van die Houtbaairivier geleë. Die naam was moontlik 'n vervorming van "de boerewoning". By die veepos was toe 65 trekvee (sodat, op 8 na, al die Kompanjie se trekvee by die uitsleep van hout gebruik is), 586 skape en 44 varke.[195] In Oktober 1676 het goewerneur Goske beveel dat die beeskraal vergroot moes word, en in Desember van daardie jaar het die opnemers van die jaarlikse bestek vier poste in dié vallei besoek. By "De Boereboomen" het twee soldate gewaak oor 552 skape. Hulle het twee

---

192. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 4, 5.3.1670, p. 28.

193. VC 6 Daghregister: 1.11.1672, p. 503; Ibid., 23.11. 1672, p. 530.

194. Ibid., 31.7.1673, p. 830.

195. VC 7 Daghregister: 9.7.1676, p. 219.

snaphane, 1 ketel, 2 emmers, 'n hooisens en 'n hooivurk van die V.O.C. in gebruik gehad. By die pos "Aan de Strandt" was daar 3 man wat 78 beeste en 48 varke oppas; hulle het 1 wa met toebehore en 3 donderbusse gebruik, wat daarop dui dat hulle vir die aanry van hout uit die bos na die strand verantwoordelik was. By die pos "Houtbaay Boven off Houtclincke" was 2 man met 125 bokke, en een snaphaan. Vierdens was daar die houtkapperspos, waar die baashoutkapper, Carel Tetherode, met drie manne en een slavin gevestig was, met hulle bookgereedskap, vier snaphane en diverse houtkappers-instrumente.[196]

In die opname van 20 Desember 1677 heet die verskillende poste "Bockenhoek" (waarskynlik dieselfde as Houtbaaij Boven) en "Aan de Strand". By die twee poste was tesaam 201 bokke. By die pos "Boereboomen" was 542 skape.[197] Van 1681 af was "Boereboomen" die enigste veepos in die vallei, en na 1685 word dit nie meer genoem nie. Met die uitbreiding van Vryburger-boerderye in die vallei, en die aanplant van jong bome, het die veepos waarskynlik in onbruik geraak. Die verdwyning van dié veeposte val saam met die grootskaalse uitbreiding van veeposte in die omgewing van Tygerberg en Klapmuts.

Die groot tekort aan graan gedurende die oorlog teen Frankryk, het aan die Politieke Raad die geleentheid gegee om Vryburgers in die Houtbaaivallei te vestig. In 1677 is aan die Vryburgers Willem Schalk en Pieter van der Westhuijsen soveel landbougrond in die vallei gegee as wat hulle kon bewerk, op 'n twaalf-jaar leenstelsel. Hulle moes graan saai, en van die oes moes een-tiende as huurgeld en belasting aan die V.O.C. afgestaan word. Elkeen van die

---

196. Ibid., 16.12.1676, pp. 415-416.

197. VC 8 Daghregister: 20.12.1677, p. 420.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



huurders sou 30 beeste mag aanhou, en die mis, sowel as die mis uit die V.O.C. se krale in die vallei, sou gebruik mag word om hulle graanlande mee te bemes.[198]


Van der Westhuijsen se huis het na 'n jaar afgebrand en 'n kind het in dié brand verongeluk. Hulle moeite as pionierlandbouers het nie veel bygedra tot die vergroting van die Kompanjie se graanvoorraad nie, en albei het na 'n paar jaar hul grond aan ander verkoop.

Twee olifante wat in 1689 in die vallei gekom het, en onder meer aan die jong boompies skade aangerig het, is met die gewone entoesiasme "ter neder geschoten" en die vleis is aan die V.O.C. se slawe uitgedeel.[199]

Die buiteposte in die Houtbaaivallei hét dus aan die V.O.C. diens gelewer as houtkappersposte en as landbouposte, en veral die houtkappersposte het in die stigtingsjare 'n belangrike rol in verband met die konstruksie van nuwe geboue, soos die Kasteel, gespeel. Teen die einde van die tydperk waaroor hierdie ondersoek gaan (1652 - 1707), was al die V.O.C. se buiteposte reeds uit die Houtbaaivallei onttrek.

198. Ibid., 23.3.1677, pp. 90-91.

199. VC 12 Daghregister: 19.7.1689, p. 276; Ibid., 24.8.1689, p. 290; Ibid., 2.5.1690, p. 417.




# POSTE VAN DIE TWEEDE GRENS

Gebaseer op Kaart M/381(b) Kaapse Argief

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2. POSTE VAN DIE TWEEDE GRENS.

a. Die buitepos Hottentots-Holland.

i. Die ondersoek.

Die vrugbare vallei anderkant die oostelike rand van die Kaapse Vlakte het in 1657 sy naam gekry toe drie Vryburgers van Stevens Colonie en Harmans Colonie sonder Van Riebeeck se wete ooswaarts oor die Kaapse Vlakte getrek, en 15 uur afstand van die Fort, aan die voet van 'n hoë bergreeks, by 'n mooi rivier gekom het, waar twee Hottentotkrale van ongeveer 500 - 600 persone met hul vee gelê het. Vir die Blanke besoekers is 'n matjieshut opgeslaan, met 'n takkraal daarom. By hul terugkeer het hulle die mooi en vrugbare vlaktes hoog aangeprys - volgens hulle het dit die vallei van die Skiereiland in vrugbaarheid heeltemal oortref. Die Hottentotte het hierdie gebied genoem, "als sijnde seer vette weijden, haer Hollandt offte Vaderlandt, om d'onse te beter te verstaen te geven de volheyt van spijse offte treffelijcke weijden voor haer bestiael daar gelegen".[1] Aangesien die Hottentotte nie kennis van Nederlandse geografie kon gehad het nie, het die vergelyking waarskynlik by die Nederlanders self ontstaan.

Van Riebeeck het nie die nuwe gebied vir landbou nodig gehad nie, maar die V.O.C. se onversadigbare behoefte aan vee vir skeepsverversing, trekvee en aanteelvee het hom na die Hottentotte as bron gedwing. Tot in April 1660 het hy teen die weerstand en die armoede van die Skiereilandse Hottentotte te staan gekom. Van Riebeeck se groot deurbraak in die veehandel het in 1660 gekom toe hy met

1. J. van Riebeeck: Daghregister II, 6.6.1657, p. 135.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sousoa, die Chainouqua-hoof van anderkant die Hottentotshollandberg, die ruil aangeknoop het. Ruiltogte na die Chainouqua en die Hessequa het die Nederlanders vertroud gemaak met die omgewing aan die voet van die berg. Teen 1670 was die Kompanjie vertroud met die moontlikhede wat Hottentots-Holland vir die veevoorsiening bied, maar dit was die probleme in verband met graanbou wat tot die besetting van die vrugbaarste deel van dié omgewing gelei het.

Aangesien die Kaap teen groot koste uit Oos-Indië van rys voorsien is, het kommissaris M. van den Broeck in 1670 'n reeks vrae aan kommandeur J. Borghorst en sekunde C. de Cretser gestel om hul menings in te win oor hóé die plaaslike graanbou verbeter sou kon word, om die uitgaaf op rys te bespaar, en die plaaslike bevolking en verbygaande skepe van Kaapse graan te voorsien, terwyl die oorskot na Batavia uitgevoer sou kon word. Kommandeur Borghorst was van mening dat daar nie op die Vryburgers staatgemaak sou kon word vir 'n vermeerdering in graanproduksie nie. Hottentots-Holland was vrugbaar en geskik vir landbou, en al sou die stigting van 'n landboupos aanvanklik duur wees, sou die uiteindelike voordeel en wins dit die moeite werd maak. Sekunde de Cretser het genoem dat die V.O.C. se lae graanprys dit onwaarskynlik maak dat die Vryburgers tot hoër graanproduksie geneë sou word. Twintig Kompanjie-dienaars sou self die ongeveer 2 000 morg buitengewoon-goeie grond in Hottentots-Holland kon bewerk. Die Kompanjie kon daar jaarliks van 700 tot 800 mud graan wen. Albei amptenare het genoem dat ongeveer 200 slawe vir dié werk nodig was, en dat die Kompanjie nie die landerye moes voorberei en dit dan aan Vryburgers verhuur nie, omdat die graan dan nog steeds teen 'n nie-lonende prys aan die Kompanjie verkoop sou moes word. Sekunde de Cretser, wat ook Fiskaal was, het reguit gesê dat die Vryburgers meer in drinkery en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die drankhandel belangstel as in die landbou. Gevolglik sou die Kompanjie self die werk moes onderneem om 'n sukses daarvan te kon maak.

Op kommissaris Van den Brouck se vrae insake die veestapel, het kommandeur Borghorst daarop gewys dat die V.O.C. se veestapel deur ruilhandel en aanteel vermeerder het, maar die nabygeleë Hottentotte het nie meer vee te ruil gehad nie. De Cretser het bygevoeg dat die V.O.C. soms twee ruilgroepe tegelyk in die veld gehad het. Daar sou 'n tyd kom dat die Hottentotte nie meer vee sou kon verskaf nie, as gevolg waarvan die kosprys vir die Kompanjie sou verdrievoudig. Die afleidings wat kommissaris Van den Brouck uit hierdie vrae en antwoorde gemaak het, was dat die V.O.C. self die landbou en die veeteelt moes onderneem, om die skeepsverversing te verseker, onkoste te bespaar en moontlike tekorte te vermy.[2]

Die Politieke Raad het daarop eenparig besluit om Hottentots-Holland te beset "omme alsoo tot 't regte oogwit, van op sigh selven te bestaan, te geraecken".[3]

Dié besluit is nie dadelik uitgevoer nie. Kommissaris Goske het in Februarie 1671 goedgekeur dat 'n groep, bestaande uit landbouers van die Kompanjie en Vryburgers, die ligging en vrugbaarheid van die gebied moes gaan ondersoek om te sien of die besetting daarvan tot nut van die Kompanjie sou wees. Die verslag wat hulle daarna mondeling en skriftelik ingelewer het, is deur kommissaris Goske by sy terugkeer in Nederland aan Here Sewentien voorgelê.[4]

---

2. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 4 en 5.3.1670, pp. 2-19.

3. Ibid., 5.3.1670, p. 25.

4. VC 6 Daghregister: 11.2.1671, p. 32; Ibid., 15.2.1671, pp. 35-36.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Kommandeur P. Hackius, Borghorst se opvolger, wou self die gebied ondersoek, maar weens sy langdurige siekte is dit voortdurend uitgestel. Die dag na sy dood het die Politieke Raad besluit om luitenant Breitenbach en landmeter Wittebol met die ondersoek en opmeting van die gebied te laat begin. Op 5 Desember 1671 het hulle vertrek in 'n groep waaronder bedrewe landsreisigers en boere was.[5] Die ekspedisie-leiers het na 'n paar dae sersant Cruse na die Kaap afgevaardig, om te rapporteer dat die ondersoek en kartering goed vorder en nog 'n paar dae sou duur. Hy moes ook ruilgoed terugbring, sodat die ekspedisie met die omliggende Hottentotte kon handeldryf. Ná een dag by die Kasteel het Cruse na Hottentots-Holland teruggegaan.[6] Die hele groep (behalwe Breitenbach en Wittebol wat na Valsbaai is) het na twee weke uit Hottentots-Holland teruggekeer, met 52 geruilde beeste en 148 skape.[7]

Breitenbach en Wittebol het 'n skriftelike rapport oor Hottentots-Holland ingelewer. Hulle het die gebied beskryf as aangename bouland, wat aan drie kante met berge omring was. Uit die oostelike bergreeks (tans as die Hottentotshollandberg bekend) het 'n standhoudende rivier sterk seewaarts gevloei. Hulle het dit die Breitenbachrivier genoem. (Later het dit die naam Lourensrivier gekry.) Dié rivier vertak in die laer streek, en die sytak vertoon in die somer as 'n swak stroompie. 'n Tweede riviertjie, wat uit 'n moeras aan die voet van die berg ontstaan, verenig naby die see met die mond van die Breitenbachrivier. Die riviere vloei almal van Noord na Suid. Oos van hulle is 'n hoë heuwelland (hieraan is later die naam Schapenberg gegee). Die vallei, wat deur die omringende heuwels en

5. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 1.12.1671, p. 69; VC 6 Daghregister: 5.12.1671, pp. 205-206.

6. Ibid., 11.12.1671, p. 209; Ibid., 12.12.1671, p. 210.

7. Ibid., 19.12.1671, pp. 214-216.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


die plantegroei teen die wind beskut word, was geskik vir graan, wingerd, vrugte en groente. Daar was oorvloedige weiding vir die vee. Brandhout was in die berge te kry, maar goeie timmerhout was skaars. Vir die jagter was daar kleinwild en fisante te kry, en die hengelaar kon daar harders en steenbras vang. Digby die riviermondings was 'n baaitjie waar roeibote met veiligheid aan wal kon kom. Daarvan is afgelei dat dit waarskynlik voordeliger sou wees om van seevervoer tussen die Kasteel en Hottentots-Holland gebruik te maak as van die moeilike wavervoer oor die sanderige Kaapse Vlakte. Wat die verdediging van die vallei betref, sou vier of vyf reduite die nedersetting teen inboorlinge kon beskerm; die grootste een sou met vier of vyf soldate, en die kleineres met twee of drie soldate, beman kon word.[8]

<u>Die stigting van die pos.</u>

Waarskynlik is hierna op direkte bevele uit Nederland gewag, want dit was eers in die lente van die volgende jaar dat die Politieke Raad besluit het om Hottentots-Holland op bevel van Here Sewentien in beset te neem. In Augustus 1972 het die Politieke Raad 'n paraatheidsplan opgestel in geval van 'n oorlog teen Frankryk. Wanneer die alarmsein gegee word moes agt of tien dienaars van die V.O.C. en 'n gelyke getal Vryburgers die grootvee en die kleinvee van albei groepe eienaars na Hottentots-Holland neem, en die vee tydelik daar oppas. Op 3 Mei 1672 het kommissaris A. van Overbeeke 'n ooreenkoms of "Accordt" met kaptein Cuijper gesluit, waarvolgens laasgenoemde Hottentots-Holland vir 4 000 gulden aan die Kompanjie afgee. Dit is

---

8. Ibid., 30.12.1671, pp. 224-226.

9. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 30.8.1672, p. 96.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

twyfelagtig of kaptein Cuijper die betekenis en implikasies van dié ooreenkoms in dieselfde lig beskou het as kommissaris Van Overbeeke. Van die koopsom het hy net 81 gulden en 16 stuiwers gekry, in die vorm van goedkoop ruilware.[10]

Op 16 Oktober 1672, twee weke na die aankoms van die nuwe goewerneur Isbrand Goske, het hy uitvoering aan die vorige Raadsbesluite gegee met die opdrag aan sersant P. Cruijthoff om 'n woonhuis en stalle in Hottentots-Holland te gaan oprig. Die Politieke Raad het dié stap nodig geag omdat daar in die beskermde gebied naby Tafelberg nie meer genoeg weiding vir die Kompanjie se vee was nie. Meeste van die Kompanjie se vee sou na die nuwe buitepos oorgeplaas word. Die Raad sou ook probeer om die graanproduksie te verbeter deur nuwe Vryburgers naby die buitepos te vestig.[11]

Sersant Cruijthof het twee dae lank sy gereedskap en bagasie bymekaar gebring, en teen die aand van 18 Oktober 1672 vertrek. Volgens gebruik sou hy waarskynlik dié nag by die Ruiterwacht deurgebring het. Daar is met Cruijthoff afgespreek dat hy ná drie of vier dae berig van sy vordering sou stuur, maar na drie weke moes die Raad vir korporaal Lourens Visser en nog 'n ruiter stuur om te kyk wat aangaan.[12] Visser het 'n brief van Cruijthoff teruggebring, met die verskoning dat sy eerste brief aan 'n seekoeijagter gegee is, wat dit nie afgelewer het nie. By die nuwe pos was alles in gewenste toestand. Hy het hout vir die kraal

---

10. C496 II Uitgaande Brieven: I. Goske - Here XVII, 10.5.1673, p. 584. Aangesien die transportakte of "Accordt" tussen Cuijper en Van Overbeeke nie in die Kaapse Argief opgespoor is nie, kon dit nie verder ondersoek word nie.

11. VC 6 Daghregister: 16.10.1672, p. 482.

12. Ibid., 18.10.1672, p. 485; Ibid., 8.11.1672, pp. 514-515.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



laat kap, en die kraal en woonhuis was reeds in aanbou. Die kraal se noordelike en suidelike sye was 120 tree lank, en die ander twee sye was 50 tree breed. Die woonhuis was 56 voet (17,08 m) lank en 28 voet (8,54 m) breed.[13] Die huis is naby die verdeling in die rivier gebou.[14] Aangesien daar geen melding is van klip, klei of boukalk nie, lyk dit of die huis geheel van pale gemaak is.

Die nuwe buitepos het spoedig 'n skakel in die veeruilketting met die Overbergse Hottentotte geword. Die Chainouqua (steeds Soeswase Hottentotte genoem, hoewel Sousua al ongeveer 10 jaar oorlede was) het hulle krale tot aan die Botrivier gebring en daarvandaan boodskappers na die nuwe buitepos gestuur. Uit vrees vir die Kaapse Hottentotte, wat kontak tussen die Chainouqua en die V.O.C. wou belet, wou die boodskappers nie alleen reis nie, en hulle is toe deur ruiters na die Kasteel begelei. Die boodskappers sou saam met die ruilgroep na Botrivier terugkeer.[15] Die V.O.C. is ook deur die Hessequa deur middel van die nuwe pos tot die ruil genooi. Dié twee stamme was nog redelik veeryk, met vee te spaar, en het nog nie die V.O.C. as 'n bedreiging vir hulle veestapel of hulle woongebied beskou nie. Die Hessequa het 200 beeste by Backeleijplaats gereed gehou. Aangesien 200 beeste die swaar taak van klippe aanry vir die nuwe Kasteel aansienlik sou vergemaklik, was die Kompanjie bly oor dié uitnodiging.[16]

---

13. Ibid., 10.11.1672, pp. 516-517.

14. VC 38 Joernaal van H.A. van Reede: p. 194.

15. VC 6 Daghregister: 25.11.1672, p. 532; Ibid., 1.12.1672, pp. 539-540.

16. VC 6 Daghregister: 30.11.1672, p. 539.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Aan die einde van Desember 1672 was die woonhuis en die kraal klaar, en 'n hok of stal vir die skape was in aanbou. Cruijthoff het 'n groot hoeveelheid gras vir veevoer laat maai, wat op die maandelikse proviandwa Kaap toe gestuur is. Die wa het 100 pond spykers van verskillende soorte teruggebring, asook planke om deure en vensterluike van te maak. Goewerneur Goske was ontevrede oor die stadige vordering.[17]

Die Kompanjie se vee is in Januarie 1673 na die nuwe buitepos oorgeplaas. Op die 17de is 254 beeste en 372 skape afgelewer, en op die 22ste is 'n ongenoemde getal skape van alle buiteposte by die Ruijterwacht versamel, om van daar na Hottentots-Holland oor te gaan.[18]

Leeus en luiperds het spoedig onder die vee begin vang, en in enkele gevalle is 'n roofdier doodgeskiet en dan is die vel Kaap toe gestuur om die gewone beloning te eis.

Kaptein Claas van die Chainouqua het die Kompanjie in Februarie 1673 deur middel van die buitepos laat weet dat hy 50 jong osse bymekaar en gereed het om te ruil. Die Raad het sersant Cruse dadelik op die aangebode tog gestuur, en aangesien die Chainouqua nou in oorlog met die Skiereilandse en Saldanhase Hottentotte was, moes sersant Cruse in Hottentots-Holland sy mag versterk met vyf soldate en die chirurgyn van die buitepos, en hulle op sy tog saamneem. Die ruiltog, met kaptein Claas se hulp, het

---

17. Ibid., 24.12.1672, p. 575; C496 I Uitgaande Brieven: I. Goske - P. Cruythoff, 29.12.1672, p. 333.

18. VC 6 Daghregister: 12.1.1673, p. 609; Ibid., 17.1.1673, p. 614; Ibid., 22.1.1673, p. 617.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

133 goeie beeste en 99 skape opgelewer.[19]

Die Kompanjie se baasslagter en sy helpers het van tyd tot tyd die buitepos besoek om geskikte vee vir skeepsproviand uit te soek. Net voor die saaiseisoen aan die begin van die eerste winter is die baaslandbouer met 'n paar mud saadkoring daarheen om oor die eerste ploeg- en saaiproses toesig te hou.[20]

Lourens Visser se termyn.

Tussen 1 Maart 1673 en 1 Mei 1673 is sersant Cruijthoff as poshouer vervang met korporaal Lourens Visser, die voormalige leier van die ruiterwag. Die besetting op laasgenoemde datum het bestaan uit een korporaal, 19 soldate om as herders wag te hou, 7 soldate om op die lande te werk, een baaslandbouer en een skrywer of klerk.[21] Korporaal Visser se voornaam het waarskynlik die naam van die Breitenbachrivier vervang, sodat dit Lourensrivier geword het, hoewel geen van beide name in amptelike stukke uit die tydperk 1652 - 1707 gebruik word nie. Die vroegste voorkoms van die benaming Lourensrivier is in Adam Tas se dagboekinskrywing vir 14 Desember 1705, waaruit die algemene bekendheid van die naam blyk.[22] Kolbe se verklaring dat die naam afkomstig is van 'n persoon wat in die rivier verdrink het word nie deur inligting uit die dokumente gestaaf nie.

19. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 6.2.1673, p. 112; VC 6 Daghregister: 23.2.1673, p. 650; Ibid., 15.3.1676, p. 678.

20. Ibid., 26.3.1673, p. 688; Ibid., 1.5.1673, p. 744.

21. C496 II Uitgaande Brieven: Generale Rolle . . ., 1.5.1673, pp. 640, 643.

22. L. Fouché (red.): Dagboek van Adam Tas, p. 118.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Niemand het in die betrokke tyd in die rivier verongeluk nie. Die naam Vissersbaai is terselfdertyd gebruik vir 'n baaitjie naby die mond van genoemde rivier, waarin die Kompanjie se bote aan wal gekom het.

By die buitepos Hottentots-Holland moes korporaal Visser in die eerste winter walle en sluise bou om die oorvloed van die rivier uit die landerye te hou. Agt dae van reën en koue het die dood van 34 skape veroorsaak, terwyl ander wat in die modder van die oorstroomde krale moes staan, siektes aan hul pote gekry het. Visser het die vorige poshouer geblameer vir die swak dakke wat op die stalle, skaaphok en krale gesit is, en waaraan hy steeds moes werk om die diere droog te hou. Aan die einde van Mei 1673 was daar 455 beeste, 707 skape en 6 perde op die buitepos, nadat die baasslagter 173 uitgesoekte skape Kaap toe geneem het.[23]

In die baaitjie net onderkant die pos (Vissersbaai) het die poshouer 'n sakkie oesters versamel, en dit aan goewerneur Goske gestuur, sodat dit op die klippe in Tafelbaai geplant kon word. Die Goewerneur het die proef onderneem en Visser om baie meer oesters versoek, maar die uitbreek van die sogenaamde Tweede Hottentotoorlog het die pogings in die wiele gery.[24]

Goewerneur Goske het Visser in Julie 1673 laat weet van die aanval en die moorde by die buitepos Saldanhabaai. Hy het Visser gewaarsku om sy mense gedurig gereed te hou, en te beveel dat niemand sonder sy wapens mag rondgaan nie. Toe Visser rapporteer dat 'n Hottentotkraal hulle reg in die

---

23. VC 6 Daghregister: 1.6.1673, pp. 764-767; Ibid., 9.6.1673, p. 771.

24. Ibid., 18.7.1673, p. 798.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



pad of deurgang gevestig het, is 'n aanslag op die vee en op die buitepos verwag. Die Raad het toe 'n aantal noodmaatreëls getref: Eerstens is die pos met 10 soldate uit die Kaap versterk. Tweedens moes die baasslagter en sy helpers die beeste en perde van Hottentots-Holland na die Ruyterwacht bring om tot nader orders daar te wei. Slegs twee spanne osse moes by Hottentots-Holland bly. Die ploeëry moes gestaak word. Derdens moes landmeter Wittebol na Hottentots-Holland gaan om, met die hulp van die soldate, 'n pagger ('n borswering of heining van pale) rondom die poshuis te bou, met 'n grondwal daarteen. Vierdens moes Visser 'n boodskap aan kaptein Claas stuur, om die Goewerneur in die Kaap te gaan spreek. By dieselfde geleentheid het die Goewerneur die poshouer ernstig tereggewys omdat roofdiere nog skape in die krale en hokke doodmaak. Visser moes 'n fuik of hok laat bou om die roofdiere te vang, en hy is gewaarsku dat die waarde van die verlore vee van sy salaris verhaal sou word.[25]

Landmeter Wittebol se antwoord uit Hottentots-Holland was nie gerusstellend nie. Timmerhout vir die palisade sou deur baie mense gekap en van ver uit die bosse aangesleep moes word. Goeie sooie grond kon bydehand gespit word, en Wittebol het voorgestel dat 'n sooiwal voorlopig gemaak word, op só 'n wyse dat dit later met 'n palisade omhein sou kon word. Die bestaande beeskraal langs die rivier was net 'n bouvallige takkraal, en nie bestand teen Hottentotte of roofdiere nie. Die baasslagter sou by sy terugkoms 'n model van die borswering saamneem, dat die Goewerneur kon sien hoe daarmee gevorder is.[26] Voordat landmeter Wittebol die buitepos verlaat het, het hy die fondament van die bors-

---

25. Ibid., 22.7.1673, pp. 800-802.

26. Ibid., 27.7.1673, p. 819.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



wering in die vorm van 'n reghoek om die huis gelê, en aan een sy het hy dit 'n afstand van omtrent drie roede (10,98 m) lank tot die regte hoogte gebou, as voorbeeld. Die orige werk sou die korporaal en sy mense omtrent 20 dae lank besig hou.[27] Die maak van 'n palisade is dus laat vaar weens die gebrek aan hout en arbeid, en die borswering om die poshuis het net uit 'n grondwal bestaan.

Aan kaptein Claas, wat Kaap toe ontbied is, het goewerneur Goske gevra dat hy met sy krale naby die buitepos kom woon, om in geval van 'n aanval deur die Cochoqua, die pos met sy mag te steun. Kaptein Claas kon weens die siekte van sy kind nie voor die begin van September sy kraal van Botrivier na Hottentots-Holland verskuif nie.[28]

Aangesien dit bekend was dat beeste vir die inboorlinge 'n baie belangriker besitting en begeerliker teiken as skape was, het die Goewerneur 'n later boodskap gestuur dat die skaaptrop moes bly, maar al die beeste en die beste perde moes Kaap toe gestuur word. Baasslagter Jochum Marquart het 470 beeste en 3 perde na die Fort gebring, waar hulle tussen die veeposte by Houtbaai en Steenberg verdeel is. Net 16 osse vir die twee waens het op Hottentots-Holland agtergebly. Visser het laat weet dat hy die borswering om die poshuis binne vyf dae sou voltooi. Met die beeskraal heeltemal leeg, het hulle eers hul tyd aan die versterking van die woonhuis gegee. Daar is ook bome gekap om die beeskraal mee te versterk.[29]

Korporaal Visser is gewaarsku om betyds die beeskraal te

---

27. Ibid., 7.8.1673, pp. 840-841.

28. Ibid., 28.7.1673, p. 825; Ibid., 4.9.1673, p. 861.

29. Ibid., 27.7.1673, pp. 819-820; Ibid., 31.7.1673, pp. 830-835.

voltooi, en toe die oorlogsgevaar afneem, is die beeste van die buiteposte Houtbaai en De Schuer op 6 September 1673 na Hottentots-Holland teruggeneem. Visser het die aankoms van 186 beeste erken, maar die beeskraal was nog nie klaar nie.[30]

Die buitepos het in 1673 sy eerste ondervinding gekry van 'n rol wat hy daarna dikwels moes vervul, toe boodskappers van kaptein Claas die matroos Barend Jansen daarheen gebring het. Hy en vyf ander was oorlewendes van die skip Soetendaal wat met die Kaap se jaarlikse rysvoorraad uit Oos-Indië naby Kaap Agulhas gestrand het. Hy alleen kon die riviere oorsteek, en is deur kaptein Claas se volgelinge gevind. Korporaal Visser het soldate saam met die Chainouqua teruggestuur, met kos en drank vir ander oorlewendes. Hy het ook 'n berig aan goewerneur Goske gestuur, waarna sersant Cruse met 6 man, wat by Hottentots-Holland met nog 6 versterk moes word, op die soektog vertrek het. Die sloep De Schulp het kuslangs na die wrak vertrek. Die verskillende soekgeselskappe het die skipper en nog 41 matrose na die buitepos gebring.[31]

Die vroeë oes van Indiese koring het 240 gerwe bedra. Die poshouer het 'n skeepseil uit die Kaap gekry om die gerwe op te dors. Dit dui daarop dat die gerwe waarskynlik met dorsvleëls uitgeslaan is. (Eers in 1685 het kommissaris H.A. van Reede die Kaapse hoof aangeraai om osse vir die dorsproses te gebruik, soos in ander beskaafde lande gedoen word.) Twee maande later, in Januarie 1674, was die eerste Europese graan gereed om geoes te word. Die baaslandbouer Hendrik Elbertsz en sy helpers het uit die Kaap gekom om

---

30. C496 II Uitgaande Brieven: I. Goske - L. Visser, 6.9.1673, pp. 742; VC 6 Daghregister: 6.9.1673, p. 861; Ibid., 10.9.1673, p. 864.

31. Ibid., 3.10.1673, p. 882; Ibid., 4.10.1673, p. 883; Ibid., 7.10.1673, p. 886.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


toesig oor die insameling van die oes te hou. Elbertsz het ernstig siek geword en moes geruime tyd in die bed bly. Intussen is die hele oes van 10 000 gerwe van die lande na die woonhuis gebring. Goewerneur Goske het Visser aangesê om 30 mud van die gedorste koring 9 of 10 dae lank daeglik in die son te droog en dit dan in 'n afgeskorte hok teen rotte, miete, kalanders en verrotting as saadkoring te bewaar. Die res van die graan moes by elke geleentheid Kaap toe gestuur word.[32]

Die Chainouqua van kaptein Claas, wat naby die buitepos kom woon het, het die pos se kosvoorraad, die ysterware, die boute uit die kruiwaens, en alles wat nie vasgesluit was nie, weggedra. Op dreigemente van straf is die onderdele van die kruiwa teruggebring, maar Visser is skerp deur die Goewerneur tereggewys oor die insident: nóg hy, nóg sy mense moes hulle voortaan aanmatig om kaptein Claas te dreig of te beledig. Die tyd was nie geleë om van kaptein Claas 'n vyand te maak nie. Die Goewerneur was ook ontevrede omdat daar in twee weke geen hooi in die Kaap aangekom het nie. Visser se verskoning was dat hy dertig vragte hooi gereed gehad het, maar dat die maaiery van hooi stadig gevorder het weens die bosstruike wat tussen die lang gras gegroei het. Ook kon die hooiwa nie deur die vol riviere gestuur word nie. Goewerneur Goske het dié verskonings as die voorwendsels van luiaards verwerp.[33] In die somer van die jaar daarop is 'n apparaat, wat 'n "gesamentlijck maeytuijg" genoem word, na die buitepos gestuur om in die maai van hooi gebruik te word. Op die volgende hooiwa wat leeg na Hottentots-Holland gery het, het die Goewerneur 100 - 200 pond rys aan die poshouer gestuur, waarmee die

---

32. Ibid., 17.11.1673, p. 917; VC 7 Daghregister, 13.1.1674, p. 8; C497 Uitgaande Brieven: I. Goske - L. Visser, 14.1.1674, p. 5.

33. VC 6 Daghregister: 18.12.1673, p. 939; C496 II Uitgaande Brieven: I. Goske - L. Visser, 19.12.1673, p. 851.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


groot aantal hawelose Hottentotte wat by die Kasteel ronddwaal, na Hottentots-Holland gelok en aan die werk gesit moes word om hooi te maai. 'n Paar weke later is 'n aantal leë waens daarheen gestuur om die gekapte hooi te gaan oplaai.[34]

Goewerneur Goske het 'n baie strenger en noukeuriger toewyding aan die diens verwag, as wat Visser met sy beperkte mag en middele kon lewer, en Visser is verskeie kere teregewys en met straf gedreig. By geleentheid het Visser die velle van diere wat by die pos geslag is, en wat Kasteel toe gestuur moes word, aan sy mense gegee om 'n paar skoene, of die skarniere vir 'n deur, uit te sny. Hy is daaroor van vermorsing beskuldig. Wanneer die poshouer sy inisiatief toon, en die stranding van die hoeker Oester naby die pos benut om 'n lading koringstrooi op die vlotgemaakte skip Kaap toe te stuur, dan vind die Goewerneur daarin baie are wat nog korrels in het, en beskuldig hy Visser van nalatigheid by die dorsery.[35]

Korporaal Visser se pligte was veel meer uitgebreid as die ploeg, saai en oes van graan, die maak van hooi en die oppas van vee. Hy moes ook op ruiltogte gaan om spesifiek jong osse te bekom, ten einde die V.O.C. se groot vervoerprobleem te verlig. Hy is deur die Goewerneur gewaarsku dat hy nie te gretig of verleë tot die handel moet voorkom nie, maar moes onthou dat die Hottentotte die tabak begeer, en dan munt daaruit slaan.[36] 'n Ander taak wat aan hom opgedra is, was die versameling van rariteite vir oor-

---

34. VC 7 Daghregister: 12.11.1674, pp. 270-271; Ibid., 23.11.1674, pp. 287-288.

35. Ibid., 20.1.1674, p. 17; Ibid., 12.2.1674, p. 12; Ibid., 4.3.1674, p. 27; Ibid., 2.4.1674, p. 43.

36. Ibid., 4.8.1674, p. 209.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


sese potentate en wetenskaplikes. Items soos wilde voëls, veldblomme en hulle bolle is uit Hottentots-Holland aangevra.[37]

Vanaf September 1674 is bome gekap en uit die bos gesleep vir 'n graanskuur met 'n houtvloer, sodat daar onderdak op 'n skoon vlak gedors sou kon word. Toe die hout gereed was, het die werkers dekriet begin sny, maar hulle moes wag op Goske se besoek, dat hy self die plek aanwys waar dit gebou moes word. Hy en etlike van die vernaamste burgers uit die Kaap het in November 1674 die pos besoek, en dit veel aangenamer en vrugbaarder as die Kaapse skiereiland bevind. Die gesaaides was welig en het 'n ryk oes beloof. 'n Plante-liefhebber het aalwynplante teruggebring om dit in die Kompanjiestuin in die Kaap te plant. Die Goewerneur se opdragte insake die nuwe bouwerk is nie bekend gemaak nie.[38]

Aan die einde van 1674 het kaptein Claas te kenne gegee dat hy na sy eie land wou terugkeer, maar dat hy in geval van nood na die buitepos sou terugkom. Die Goewerneur het sy afhanklikheid van kaptein Claas se steun erken deur dadelik die pos met 'n paar soldate te versterk.[39] Daar is ook begin om die woonhuis van klip te herbou.[40] Kort daarna is Visser tot provisionele sersant bevorder.

Die oorlog teen die Cochoqua van kaptein Ngonnemoa het in Maart 1676 skielik weer opgevlam. Sersant Visser het 'n ge-

---

37. C496 II Uitgaande Brieven: I. Goske - L. Visser, 14.12.1673, p. 851.

38. VC 7 Daghregister: 13.10.1674, p. 243; Ibid., 1.11.1674, pp. 264-265.

39. C497 Uitgaande Brieven: I. Goske - L. Visser, 8.12.1674, p. 278; Ibid., 13.12.1674, p. 281.

40. Ibid., 8.12.1674, p. 278.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


rug uit die binneland gehoor dat Sonquas van die Ubiqua-stam, wat onderhoriges van Ngonnemoa was, drie Vryburger-jagters langs die Breederivier vermoor het. Die berig het hy Kaap toe gestuur. Enkele dae later het luitenant Cruse uit die Kaap by die pos aangekom met 'n leër van 50 soldate, 50 Vryburgers en soveel Hottentotte as wat wou saamgaan, met ammunisie en voorraad vir ses weke, om die Ubiqua (die "erfvijanden") te gaan ruïneer - op grond van 'n gerug.[41] Die ekspedisie was militêr onsuksesvol, en omdat die Cochoqua se hoofkraal nie aangeval kon word nie, is 'n ander kraal van onderhoriges na willekeur aangeval. Wáár sersant Visser oorspronklik die inligting vandaan gekry het, is nie duidelik nie, maar die Politieke Raad het vermoed dat die afgeleë buitepos as gevolg van die leër se optrede die teiken van kaptein Ngonnemoa se wraak sou word, en het sersant Visser tot die uiterste waaksaamheid beveel.[42]

Die wegtrek van kaptein Claas het 'n ander, ernstige en onverwagte uitwerking op die buitepos gehad. Op 17 Mei 1676 het 'n groep van ses leeus helder oordag 6 beeste en 4 skape uit die weiende trop gevang. Een leeu is daar doodgeskiet, en die 244 pond vleis van die verskeurde skape en beeste is ingesout en Kaap toe gestuur. In die nag van 18 Junie het 'n groot getal roofdiere ("leeuwen en wolven") in die skaaphok ingebreek en 120 skape verskeur, waarvan 20 die slagting oorleef het. Al die besettelinge is met wapens in die donker buite toe om die roofdiere te probeer verjaag, maar hulle is verskeie kere so bestorm dat hulle na die woonhuis moes vlug. Een leeu en een "wolf" is doodgeskiet. Weens die reën kon hulle nie die diere agtervolg nie. Sersant

---

41. VC 7 Daghregister: 20.3.1676, p. 91; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 26.3.1676, p. 140.

42. Ibid., 25.11.1676, p. 156.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Visser het, waarskynlik verbouereerd, 78 dooie en die twintig verminkte skape op 'n wa gelaai en Kaap toe gestuur om dit aan die Goewerneur te wys. Goewerneur Bax g.v. Herentals, die nuwe goewerneur, het Visser vir die skade geblameer, omdat hy nie voorsorg teen so 'n voorval getref het nie. Hy moes geweet het dat die leeus, na die vertrek van die Hottentotte met hulle vee, ander jagplek sou soek. Ook het hy nie die moeite gedoen om die dooie skape af te slag en in te sout nie, sodat hulle verrot het en verlore is. Die Goewerneur het beloof om Visser 'n gevoelige korreksie op te lê, sodat die V.O.C. nie deur die nalatigheid van sy dienaars skade ly nie.[43]

Sersant Visser was nou in onguns by die Goewerneur, en die een teregwysing het op die ander gevolg. Hy is aangesê om die kraal en die veehokke deeglik teen roofdiere te beveilig. Ook behoort hy ten minste 40 mud koring te gesaai het, maar aangesien dit reeds Junie was, was die geleentheid verlore. Hy is ook beveel om een-sesde van die buitepos se brandewynrantsoen aan kaptein Claas te gee as 'n geskenk van die Goewerneur. (Kaptein Claas moes egter terselfdertyd gevra word om rare voëls, diere, en plante vir die Prins van Oranje te versamel.) Visser is verbied om rys as vergoeding te gee aan Hottentotte wat voëls uit die graanlande jaag. Sy mense moes self die werk doen.[44]

Landmeter Wittebol het in Julie 1676, tydens die oorlog teen die Cochoqua, reëlings kom tref vir die bou van 'n reduit van klip, om die buitepos te beskerm. Tegelykertyd moes hy 'n opname maak van die V.O.C. se dienaars en eiendom

43. VC 7 Daghregister: 17.5.1676, p. 163; Ibid., 18.5.1676, pp. 164-165; Ibid., 19.5.1676, pp. 166-168.

44. C498 I Uitgaande Brieven: J. Bax g.v. Herentals - L. Visser, 2.6.1676, pp. 246-248; VC 7 Daghregister: 2.7.1676, p. 213.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



by die pos. Die baasslagter J. Marquard sou help met die opname van die vee, en die klerk S. de Leeuw sou hulle bystaan. Visser moes aan die einde van die maand persoonlik voor die Politieke Raad verskyn om verslag te doen oor die gesaaide en verdere toestand van sake.[45] Benewens 199 beeste, 333 skape en 2 perde, het die opnemers 'n aantal muile, ganse en eende by die pos aangetref. Daar was ook 'n voorraad saadkoring, diverse landbouimplemente, bouersgereedskap, huisraad, en 'n groot aantal en verskeidenheid van wapens en ammunisie. Tussen die wapens was twee veldkanonne, wat waarskynlik gerieflikheidshalwe by die pos gehou is, om dit daarvandaan op ekspedisies te neem.[46]

Landmeter Wittebol het 'n plek vir die reduit teen 'n skuinste gekies waar dit 'n uitsig oor die strand en die landerye gehad het. Bouklip was daar naby te kry, maar die strand was arm aan skulpe wat vir messelkalk gebrand kon word, en goeie timmerhout sou van ver, en met groot moeite, aangebring moes word. Daar is geen aanduiding dat die reduit ooit gebou is nie, maar daar is 'n aanduiding dat kanonne op die hoeke van die sooiwal of borswering rondom die poshuis gelê is.[47]

Sersant Visser is in die lente van 1676 op 'n uitgebreide ruiltog na die Chainouqua en die Hessequa gestuur, nadat die hoofde van dié twee stamme die V.O.C., deur bemiddeling van die buitepos, tot die ruil genooi het. Die Kompanjie het die tekort aan trekosse vir die bouwerk aan die Kasteel, die daaglikse verbruik vir skeepsverversing en die garni-

---

45. Ibid., 6.7.1676, p. 215.

46. Ibid., 11.7.1676, pp. 226-229.

47. Ibid., p. 231; P. Kolbe: Naauwkeurige en Uitvoerige Beschryving van de Kaap de Goede Hoop II, pp. 100-101.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


soen, en die verliese deur siektes en roofdiere, as redes vir die ruiltog aangegee. Sersant Visser moes Kaap toe gaan om persoonlik toesig oor die voorbereiding en die uitrusting vir die tog te hou.[48]

Goewerneur Bax g.v. Herentals wou hê dat kaptein Claas die ekspedisie vergesel, en het die buitepos besoek om met kaptein Claas te praat. Die Goewerneur het die gewone roete oor die "rustplaas de Cuylen" gevolg en die ekspedisie, bestaande uit 24 ervare landgangers, op die punt van vertrek aangetref. Daarby het kaptein Claas 10 of 12 van sy eie mense gevoeg, maar hy kon nie persoonlik saamgaan nie, omdat krale van die Cochoqua in sy omgewing ingetrek het. Die Goewerneur het die graanlande en veekrale ondersoek, en aan sersant Oloff Bergh, die waarnemende poshouer, opdragte gegee insake reparasies aan die beeskraal, die uitroei van onkruid, die maai van hooi en die oprigting van 'n afgesonderde kombuis, om die gevaar van brand te verminder.[49]

By Visser se terugkeer het die Goewerneur en sekunde H. Crudop na Hottentots-Holland gegaan om die geruilde vee te ontvang en reëlings te tref vir die verspreiding daarvan oor verskillende veeposte. Die ruiltog het 239 beeste en 226 skape vir die Kompanjie opgelewer. Aan die einde van 1676 was daar 518 beeste, 18 perde en 423 skape by die buitepos. Inligting ontbreek om dié getalle te vergelyk met dié wat by ander buiteposte aangehou is.[50]

Sersant Visser se versoek om 'n paar slawe om die geoeste

---

48. VC 7 Daghregister: 18.8.1676, pp. 279-280.

49. Ibid., 14-18.9.1676, pp. 308-311; C498 I Uitgaande Brieven: J. Bax - O. Bergh, 19.9.1676, p. 323.

50. VC 7 Daghregister: 16.10.1676, pp. 330-331; Ibid., 19.10.1676, p. 332; Ibid., 16.12.1676, p. 432.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



graan onderdak te help kry, is op 4 Januarie 1677 met 'n skerp teregwysing van die hand gewys. Daar is gesê dat daar toe meer soldate as ooit by die buitepos was; dat hulle totale soldye 'n buitensporige bedrag beloop het, waarteen die wins uit die graanbou nouliks opgeweeg het; dat Visser nie die Kompanjie se verliese in ag neem nie, en dat die pos gesluit sou word as dit so aangaan. In dieselfde brief word planke vir timmerwerk geweier, omdat daar geen gebrek aan hout in die bosse om die buitepos was nie.[51]

Ten spyte van dié ontmoedigende afwysing het die Goewerneur 'n paar dae later besluit om van die beste en vernuftigste slawe uit Madagaskar na die pos te stuur, om die plek te neem van sommige van die soldate wat daar landbou-diens gedoen het, om die Kompanjie daardeur die soldye van die soldate te bespaar.[52] Besparing sou dus die wagwoord wees, 'n middel wat meermale deur die Kompanjie aangewend is om sy ekonomiese oogmerk te bereik, meesal met negatiewe resultate op die langtermyn.

Op 16 Januarie 1677 is die poshouer beveel om 'n slawelosie op te rig. In daardie week is die oes van 30 300 koringgerwe en 9 500 garsgerwe afgehandel, maar die 14 Madagaskarslawe het eers teen die middel van Februarie by die buitepos aangekom. Hulle het 'n skriftelike bevel van die Goewerneur gebring, dat hulle met met alle sagmoedigheid behandel moes word, en niemand as hulle eie "mandadoor" (Portugees: mandador - bevelvoerder) mag vir hulle bevele gee nie. In 'n volgende brief is Visser weer gemaan om die slawe besonder goed te behandel en te sorg dat hulle geen gebrek ly ten

51. C498 I, Uitgaande Brieven: J. Bax g.v. Herentals - L. Visser, 4.1.1677, pp. 377-380.

52. VC 8 Daghregister: 7.1.1677, p. 13.

opsigte van behuising of andersins, nie.[53]

Uit die beskikbare inligting blyk dit dat daar vóór April 1677 reeds 79 mud graan in 11 wavragte Kaap toe vervoer is. Die baaslandbouer H. Elbertsz het die Goewerneur vertel dat Visser nie meer as 6 of 7 morg nuwe grond by die vorige jaar s'n geploeg en gesaai het nie. Aangesien daar dié jaar (1677) geen rys uit Indië verwag kon word nie, is Visser van growwe nalatigheid beskuldig, en die Goewerneur moes besluit of hy die sersant met 'n landbouer behoort te vervang en of hy die buitepos moes sluit.[54]

Van die buitepos naby die voet van die Hottentotshollandberg kon die poshouer 'n oog hou oor alle reisigers wat die berg met die Gantouwpas oorsteek op wettige of onwettige sake. In Julie 1677 is sersant Visser aangesê om maandeliks 'n lys na die Kasteel te stuur van alle Kompanjiedienaars en Vryburgers wat hy daar sien verby trek het. Dit sou die owerheds in die Kasteel in staat stel om die smokkelhandel te kontroleer, maar dit kon nie onwettige ruilgroepe belet wat ander bergpasse, soos die Olifantspas vanuit die (latere) Franschhoekvallei, gebruik nie.[55]

Die Hottentots-Hollandpos het die V.O.C. goed gedien as 'n vooruitgeskowe observasiepos. Wanneer basterskape in die Hottentotte se veetroppe opgemerk is, kon met sekerheid aanvaar word dat dit op onwettige wyse van Vryburgers gekry is.

Die poshouer het ook opgemerk dat van die armer Kaapse in-

---

53. Ibid., 16.1.1677, p. 20; C498 I Uitgaande Brieven: J. Bax g.v. Herentals - L. Visser, 18.2.1677, p. 390; VC 8 Daghregister: 3.4.1677, pp. 123-124.

54. Ibid., 24.3.1677, p. 91; Ibid., 3.4.1677, pp. 123-124.

55. Ibid., 2.7.1677, p. 218.

boorlinge by die Hessequa agter die berg vee kry om hulle uitgedunde troppe weer op te bou. So het kaptein Schacher 40 beeste en kaptein Cuijper 32 beeste en 46 skape daar gaan ruil. As die Kaapse Hottentotte weer sterk word, sou hulle uit 'n posisie van krag op meer weiveld kon aanspraak maak, en 'n hoër koopprys van die V.O.C. eis. Deur mekaar onderling van tabak te voorsien, sou hulle die Kompanjie uit hierdie handel stoot. Volgens die V.O.C. se monopoliestelsel het alle handel in 'n sekere gebied aan die Kompanjie behoort, daarom het die Politieke Raad die betrokke Hottentotleiers ontbied en hulle belet om sonder toestemming van die V.O.C. met mekaar handel te dryf, en as hulle iets ruil, moes die Kompanjie 'n deel daarvan kry.[56] Toe die Kompanjie se getroue vennoot kaptein Claas die onderspit delf teen sy vyande, het die Kompanjie hom met militêre hulp en 'n gewaarborgde vredesooreenkoms bygestaan. Poshouer Visser het self meer as een ruiltog na die Chainouqua en die Hessequa gelei, waarby groepe van 10 of 12 Vryburgers saam gereis het om onder sy beskerming langs die pad seekoeie en ander wild te jag.[57] Die buitepos het dus op verskillende maniere gehelp om die V.O.C. se handelsbelange te bevorder en te beveilig.

Toe 'n groep Kaapse Hottentotte in April 1677 hulle vee na die Hottentots-Hollandvallei bring, het die poshouer hulle aangesê om daarvandaan te vertrek omdat die V.O.C. self die weiding wou hê. Omdat hulle nie gehoor gegee het nie, is

56. Ibid., 12.4.1677, p. 128; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 31.5.1677, 8.6.1677, pp. 188-189.

57. VC 8 Daghregister: 2.7.1677, p. 192; Ibid., 14.7.1677, p. 195; Ibid., 2.10.1677, p. 201.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


luitenant Cruse met soldate uit die Kaap gestuur om hulle te verdryf.[58]

Terwyl sersant Visser in Oktober 1677 op 'n ruiltog na die Hessequa was, is 'n brief van Here Sewentien, gedateer 11 Mei 1677, aan die Kaap ontvang, om die Goewerneur te waarsku dat oorlog in Europa gedreig het, en dat 'n Franse inval aan die Kaap moontlik was. Om die bouwerk aan die onvoltooide Kasteel te versnel, is 'n opdrag aan die waarnemende poshouer Pieter Goebeeck gestuur om 2 waens, elk met 8 osse, 'n Nederlandse drywer en drie van die beste slawe vir elke wa, na die Kaap te stuur, om met die vervoer van klip en hout te help. Omdat daar 'n tekort aan medisyne in die Kasteel was, moes korporaal Goebeeck al die heuning by die pos, ook die van mevrou Visser, opkoop en aanstuur. Vroeër in die jaar is sersant Visser aangeraai om hom met "inlantsche medicinale cruijden" te leer behelp, omdat daar geen Europese medisyne in die apteek was nie.[59]

Die noodplan wat by 'n vyandelike aanval in werking sou kom, sou 'n aanvang neem met 12 kanonskote kort opmekaar en die hys van 'n vlag by die Ruijterwacht. Alle Vryburgers moes dan hul vee na die Ruijterwacht neem waar dit aan ses burgerleiers oorhandig moes word. Baasslagter Jochum Marquard, sy kneg en ses soldate sou die Kompanjie se vee behartig. Albei groepe moes dan na Hottentots-Holland trek, waar sersant Visser bevel oor die hele optog sou neem en dit oor die berg begelei, vir veilige bewaring. Die hoofdoel van dié optrede was dat die invallende vyand geen voedsel aan

58. Ibid., 7.4.1677, p. 127; Ibid., 12.4.1677, p. 132.

59. C498 II Uitgaande Brieven: J. Bax g.v. Herentals - P. Goebeeck, 16.10.1677, p. 777; VC 8 Daghregister: 17.4.1677, pp. 144.

die Kaap sou kry nie.[60]

By sy terugkeer van die ruiltog het sersant Visser 'n nuwe graanskuur, met kleimure en 'n kleivloer, gebou, totdat dit gereed was om gedek te word. Die dekriet is ver van die pos af gekap, en sersant Visser het die gebruik van 'n wa uit die Kaap gevra om die riet na die pos te bring. Die Goewerneur kon nie die wa by die bouwerk aan die Kasteel spaar nie, daarom het die poshouer hom om ou kabeltou gevra om die skuur mee te dek.[61]

Aan die einde van 1677 was daar by die pos 511 beeste, 910 skape, 37 perde, 1 esel en 10 manlike en 12 vroulike slawe.[62] Kort daarna het die Kompanjie die buitepos verhuur.

Die pos word verpag.

'n Brief van Here Sewentien, gedateer 18 Oktober 1677, wat op 21 Januarie 1678 aan die Kaap ontvang is, het 'n opdrag bevat dat die Goewerneur, ter verligting van hulle groot uitgawe, ontslae moes raak van onnodige personeel, totdat net genoeg oorbly vir die verdediging van die Kaap. Die bewerking van landerye moes aan Vryburgers of die Kompanjie se slawe oorgelaat word.[63] Dit het beteken dat die V.O.C. se besetting van die buitepos Hottentots-Holland ook beëindig moes word, en sy 24 betaalde personeel daarvandaan herroep moes word. Die pos is toe as 'n boerdery geadverteer,

60. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 16-20.10.1677, pp. 204-205.

61. VC 8 Daghregister: 6.11.1677, p. 367; Ibid., 1.12.1677, pp. 395-396; Ibid., 22.1.1678, p. 483.

62. Ibid., 19.12.1677, pp. 414-416.

63. C310 Inkomende Brieven: Here XVII - J. Bax g.v. Herentals, 18.10.1677, pp. 361-362.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


en hulp is aan voornemende huurders beloof, maar daar was geen aansoekers nie.[64] Die Kompanjie moes nou méér toegeeflik wees om nie dié bron van graan te verloor nie.

Die V.O.C. se baasslagter, Jochum Marquart, en die baaslandbouer Hendrik Elbertsz, albei ervare boere, met ondervinding van die buitepos, het 'n memorandum voorgelê van wat hulle sou nodig vind om die landbou aldaar te beoefen:

- Ses goeie slawe was nodig, onder andere vier van dié wat tans op die buitepos was. Die V.O.C. sou hopelik die koopsom vir dié slawe vir een jaar voorskiet.
- As Nederlandse maaiers in die oestyd nodig was, moes die Kompanjie dit aan hulle leen.
- Die huurders moes die reg hê om soveel nuwe grond te breek as wat hulle nodig sou hê.
- Hulle het 40 werkbeeste nodig gehad, en 10 koeie vir suiwel. As een van die diere sterf, moes die Kompanjie dit vervang.
- Hulle wou 'n troppie skape vir hulle eie gebruik aanhou, vir ses jaar lank.
- Hulle wou twee waens hê, en twee ploegskare in voorraad, sodat daar nie tyd verlore gaan as een breek nie.
- Al die landbougereedskap wat by die pos is, sou hulle nodig hê, en die ou gereedskap moes vervang of herstel word.
- Genoeg saadkoring vir die eerste jaar sou verlang word.
- Vier goeie geweers moes deur die V.O.C. aan hulle geleen word.
- 'n Skuitjie en 'n visnet is verlang.
- As hulle wild skiet, moes die V.O.C. die oortollige vleis van hulle koop.
- Twee vragte sout sou per jaar benodig word.

64. VC 8 Daghregister: 31 Januarie 1678, p. 487.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



- Soveel rys as wat nodig is, om later betaal te word, sou verlang word.[65]

Na bespreking van die bogenoemde voorstelle, is die volgende ooreenkoms tussen die V.O.C. en die twee aansoekers gesluit:

- Albei aansoekers sou Vryburgers word.
- Hulle sou soveel Europese knegte van die Kompanjie mag huur as wat nodig is, teen die gewone huurgeld.
- Die Kompanjie sou 12 manlike en 12 vroulike slawe aan hulle verhuur, en sou die eerste jaar self die koste daarvan dra.
- In die oestyd sou hulle soveel bykomende knegte mag huur as wat hulle verlang.
- Alle landbougereedskap sou vir hulle gebruik herstel word, en hulle moes dit dan weer aan die einde van die huurtyd herstel.
- Een nuwe ploegskaar sou, teen betaling, verskaf word.
- Veertig werkbeeste sou aan hulle geleen word, en vir elkeen van die beeste wat sterf, moes twaalf gulden betaal word.
- Soveel saadkoring as wat nodig is, sou vir die eerste jaar aan hulle geleen word.
- Vir elke Nederlandse kneg in hulle diens sou die Kompanjie 50 pond rys aan hulle verkoop, as die Kompanjie rys in voorraad het.
- Vier of ses gewere sou verskaf word.
- Die Kompanjie sou 'n skuit vir hulle laat bou, mits die huurders vir die hout betaal. 'n Visnet sou teen kosprys aan hulle verkoop word. Die Kompanjie sou hulle oortollige vis koop.
- Hulle sou verbied word om grootwild te jag langs die Bergrivier, of om met Hottentotte handel te dryf.

---

65. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 31.1.1678, pp. 222-223.

- Hulle sou jaarliks soveel nuwe land mag bewerk as wat hulle kon behartig.
- Hulle sou jaarliks 2 vragte sout uit die soutpan mag haal.
- Hulle sou geen skape by die buitepos mag aanhou nie, behalwe die trop wat hulle by die Kompanjie huur. Uit elke honderd ooie moes hulle jaarliks veertig van die aangeteelde lammers aan die Kompanjie lewer.
- Twee beeswagters sou verskaf word om die Kompanjie se beeste te bewaak.
- Die huurders moes vooraf sorg dat daar voldoende stalle en hokke is vir die Kompanjie se vee.
- Die huur van die Kompanjie se grond, vee en gereedskap sou vir 'n proeftyd van drie jaar geskied, waarna die huurders dit weer sou mag huur, of hulle sou met herstel van hulle voormalige rang en amp, weer in die V.O.C. se diens mag tree.
- Hulle moes 'n ontvangsbewys vir die verstrekte goedere onderteken, en by verstryking van die kontrak weer alles so teruggee.
- Die huur van die V.O.C. se grond, vee en gereedskap moes jaarliks met 60 mud koring, 20 mud gars en 20 mud rog betaal word.[66]

Luitenant Hieronymus Cruse en die twee huurders is op 3 Februarie 1678 na Hottentots-Holland om die oordrag van die landerye, vee en gereedskap af te handel. Cruse het op die pos gebly om die oes van die graan te help bespoedig. Toe die gerwe in die skuur gebring is, het vier waens na die Buffelsvallei gegaan om dekriet vir die woonhuis te haal. Nog 4 000 bossies riet is gekap, om die skuur ook te dek. Die dorsery van die graan het op 8 Februarie begin,

66. Ibid., pp. 224-225

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


en dit sou tot die einde van dié maand aanhou. Die oordrag van die pos aan private huurders het die oes dus aansienlik vertraag. Op 18 Februarie het 3 leë waens met 40 leë sakke uit die Kaap gekom om die eerste graan te kom haal.[67]

Hoewel Marquart en Elbertsz die vruggebruik van die pos gehuur het, het die Kompanjie sy eiendomsreg uitgeoefen deur 'n regeringsamptenaar as opsiener, saam met drie soldate as beeswagters, op die buitepos te laat inwoon. Die opsiener wat sersant Visser vervang het, was die provisionele assistent Pieter Opmeer. Een van sy belangrikste funksies was om te sorg dat Marquart en Elbertsz nie met die Hottentotte handel dryf, en so die V.O.C. se winste ondermyn nie. Daarby moes hy toesig hou oor die V.O.C. se dienaars en eiendom, waarvan die slawe seker die waardevolste was. Hy moes die laaste van die oes insamel, en wanneer dit afgehandel is, moes hy al die Kompanjie-personeel behalwe die bogenoemde vier, na die Kasteel terugstuur. Hulle bagasie sou met die maandelikse wa Kaap toe gestuur word.[68]

Een van Opmeer se take was om klein hoeveelhede vee van Hottentotte te ruil as daar 'n geleentheid kom. Daarvoor het hy die nodige tabak en ander ruilgoed gekry, om by die pos aan te hou. Hy moes boekhou van die hoeveelheid goedere wat hy vir elke bees en skaap betaal het. Aan die einde van elke maand het die proviandwa Kaap toe gegaan om voorraad te haal vir die amptenare, die huurders en die slawe, en Opmeer het sy maandelikse verslag daarmee saamgestuur.

---

67. VC 8 Daghregister: 3.2.1678, p. 497; Ibid., 8.2.1678, pp. 501-502; Ibid., 18.2.1678, p. 509.

68. C498 II Uitgaande Brieven: J. Bax g.v. Herental - P. Opmeer, 18.2.1678, p. 834; Ibid., 2.3.1678, p. 847; VC 8 Daghregister: 1.4.1678, p. 556; C498 II Uitgaande Brieven: J. Bax g.v. Herental - P. Opmeer, g.d., p. 854.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die Kompanjie-soldaat wat as melkboer by die pos gebly het, het gereeld vaatjies botter met die wa gestuur, en uit die Kaap is hy van sout en linnedoek voorsien om melkdoeke van te maak. Die opsiener is egter gewaarsku dat die Kompanjie nie die koeie vir suiwelproduksie aanhou nie, maar vir aanteel. Hy moes dus nie die koeie in die melk hou nie, maar hulle laat opdroog.[69] Opmeer moes toesien dat die huurders nie meer en meer plek vir hulself in die poshuis toeëien nie, en die buite-kombuis moes hulle heeltemal belet word. Hy moes hulle doen en late dophou en daaroor verslag doen.[70] Daar was duidelik aan die Kompanjie se kant wantroue teenoor die huurders, en veral is daarop gelet dat hulle geen direkte of indirekte profyt uit hulle situasie trek, waarin die V.O.C. nie deel nie, of waarvoor die V.O.C. die koste dra nie.

Die huurders se eerste graan is in Januarie 1679 gelewer. Hulle het die 16 mud koring aan die vrybakkers teen 16 gulden per mud verkoop, wat 'n aansienlike verbetering was op die 10 gulden inkoopprys of 12 gulden verkoopprys wat die Kompanjie aangebied het.[71] Met die verstryking van die eerste jaar se huur is die Madagaskarse slawe deur die Kompanjie teruggeneem, maar twee Angolese slawe is met hulle vrouens en kinders by die pos geplaas om die landbou aan te leer, ter voorbereiding vir die tyd wanneer die Kompanjie self die boerdery by die pos deur slawe wou laat waarneem.[72]

---

69. Ibid., 2.4.1678, p. 853; C498 II Uitgaande Brieven: H. Crudop - P. Opmeer, 2.9.1678, pp. 1175-1176.

70. Ibid., 3.10.1678, p. 1184.

71. VC 8 Daghregister: 23.1.1679, p. 790; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 6.6.1670, p. 41.

72. VC 8 Daghregister: 1.2.1679, pp. 796-797.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Nadat Opmeer tereggewys is oor verskeie mindere oortredings, byvoorbeeld dat hy te veel tabak aan Hottentotte in ruil vir ivoor gee, is hy herroep en vervang met sersant Jacob Kerckenraadt. Die nuwe opsiener het diefstal van die Kompanjie se goedere deur die huurders se slawe gerapporteer.

Die waarnemende opperhoof Hendrik Crudop het in Augustus 1679 die buitepos besoek om die Kompanjie se eiendom en die huurders se bedrywighede te inspekteer. Herstelwerk was nodig aan die krale en geboue. By sy terugkeer aan die Kaap het hy drie waens met hout, spykers en bougereedskap na die pos gestuur. In 'n meegaande brief het hy opdrag gegee dat die borswering van sooie om die woonhuis weer opgebou moes word, en die grag of sloot daaromheen, moes weer oopgespit word.[73] Van die drie waens was twee se vragte vir die buitepos Hottentots-Holland bestem. Die derde se vrag pale is "aen de Tijger valeij" afgelaai. By Hottentots-Holland is 'n tweede beeskraal langs die eerste een gebou, en 'n hut vir die drie soldate-beeswagters is by die kraal opgeslaan sodat hulle snags by die vee kon wees. 'n Sloot is om die krale gespit, om die dreinering van die grond te bevorder. Sersant Kerckenraadt is beveel om nie die bome, ruim 50 voet hoog, wat hy in 'n nuwe bos ontdek het, af te kap nie, maar om hulle vir groter werk te spaar.[74]

Simon van der Stel het in Oktober 1679 kommandeur aan die Kaap geword. Drie weke later het hy en 'n aantal Raadslede die pos besoek. Hy het die grond deurgaans vrugbaar en geskik vir landbou bevind, hoewel dit aan die suidoostewind

---

73. Ibid., 22.8.1679, p. 953; C499 I Uitgaande Brieven: H. Crudop - J. Kerckenraadt, 28.8.1679, p. 319.

74. Ibid., p. 320; Ibid., 7.9.1679, pp. 330-331; Ibid., 3.10.1679, p. 399.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



blootgestel was. Die gesaaide by die pos het in volle wasdom gestaan, en 'n ryk oes is verwag. Van der Stel was tevrede met die werk wat by die pos gedoen word.[75]

Die huurtyd van die lande, vee en gereedskap moes aan die einde van Januarie 1681 verval. In Desember 1680 is biljette opgeplak om dit vir die publiek te adverteer. Tobias Marquart het alleen as aansoeker voor die Politieke Raad verskyn. Waarom Jochum Marquart en Hendrik Elbertsz nie weer aansoek gedoen het nie, is onbekend. Sekere huurvoorwaardes wat minder gunstig vir die V.O.C. was, is eers hersien: In plaas van 40 skape vir elke 100 ooie wat die huurder leen, moes hy nou 60 skape gee. Beeste wat verongeluk, moes teen 24 gulden in plaas van 12 gulden vergoed word. Die prys van koring is verlaag van 12 gulden tot 9 gulden per mud, dié van gars is van 'n ongenoemde bedrag verlaag tot 4½ gulden per mud, en dié van hawer is verlaag van 'n ongenoemde bedrag tot 3 gulden per mud. As die graan vuil gelewer word, moes dit op die huurder se koste skoon gemaak word.

Op dié voorwaardes het Marquart die buitepos vir drie jaar gehuur. Dit was vir die V.O.C. aansienlik goedkoper om uit die opbrengs van die pos voordeel te trek, as om die onkoste van Blankes en slawe as werkers te dra.[76] Sersant Kerckenraadt het by die pos gebly om oor die Kompanjie se belange te waak.

As vooruitgeskowe grenspos het die buitepos by Hottentots-Holland steeds goeie, en by geleentheid selfs uitsonderlik winsgewende diens aan die V.O.C. gelewer. In 1682 het

---

75. VC 8 Daghregister: 8.11.1679, p. 1024.

76. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 30.12.1680, pp. 340-343.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Hottentotte twee groepe Engelse skipbreukelinge van die skip Johanna na die pos toe gebring, van waar hulle na die Kasteel gestuur is. Buite wete van die Engelse het kommandeur Van der Stel 'n groep soldate onder bevel van vaandrig Oloff Bergh na die wrak gestuur, wat 'n groot hoeveelheid geldstukke, ter waarde van 28 302 gulden, van die wrak gehaal het.[77]

'n Buitengewone hoë sterfte onder die vee (van 30 tot 40 stuks per maand) wat vermoedelik deur slegte weiding veroorsaak is, het tot die stigting van 'n nuwe pos gelei. Die Politieke Raad het in Maart 1683 besluit om die beeste en skape van Hottentots-Holland oor te plaas. Die perde sou voorlopig by Hottentots-Holland bly, met 2 slawe om hulle op te pas. Sersant Kerckenraadt is per brief van dié besluit verwittig. Hy sou die opsiener by die nuwe pos word, en hy moes met die drie soldate-beeswagters die vee na "Cleyn Hottentots-Hollandt" (Klapmuts) neem. Die provisionele assistent Isacq van den Claeuw sou sy plek in Hottentots-Holland oorneem, om die ruil met die Hottentotte voort te sit en die onwettige ruil tussen Marquart en die Hottentotte te belet. Kerckenraadt moes eers die werk aan sy plaasvervanger verduidelik, en behoorlik oordrag aan hom doen van die V.O.C. se besittings.[78]

## Die tweede besetting.

In sy jaarlikse algemene brief aan Here Sewentien, gedateer 30 April 1684, het kommandeur Van der Stel bekendgemaak dat hy by die verstryking van Marquart se huurtyd op 31 Januarie

77. VC 8 Daghregister: 24.6.1682, p. 652; Ibid., 12.9.1682, pp. 726-727.

78. C500 I Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Kerckenraadt, 30.3.1683, p. 334.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



1684 nie weer die buitepos Hottentots-Holland verhuur het nie, maar dit voortaan self sou bewerk. Met 'n arbeidsmag van 8 Europeërs en 12 slawe, het hy beraam om jaarliks 700 tot 800 mudde graan te wen. Hokke en krale vir die vee het reeds bestaan, en 200 aanteelvee kon by die pos aangehou word.[79]

Kort daarna het Kommissaris J. Vosch op besoek by die pos gekom. Hy was tussen 30 Mei en 3 Junie 1684 daar, en het 'n buitengewone aantal vee daar aangetref. In die valleie naby die pos was nog geen Vryburgerfamilies gevestig nie. In sy verslag aan Here Sewentien skryf hy dat die landbougrond vrugbaar was, maar tog nie so vrugbaar dat daar "een formeel dorp soude kunnen gestight werden", maar wel 'n "gehught ofte buurschapje". Die grond tussen die rivier en die berge in die ooste (die Hottentots-Hollandberge) was te skraal vir landbou, maar dit kon deur skape en bokke bewei word. Kommissaris Vosch het op die pad tussen Hottentots-Holland en Stellenbosch 'n paar eensame boerehuisies teengekom, sonder mure of heinings, in dië gevaarlike land.[80]

Op aanbeveling van kommissaris Rykloff van Goens, wat die Kaap in 1684 besoek het, is 'n groot hok vir 2 000 aanteelooie by Hottentots-Holland gebou, om die diere teen die winterreëns te beskerm.[81] Hieruit is dit duidelik dat die Kompanjie se beleid was om voortaan uit die eie aanteelt die skeepsverversing te verseker, om minder van die ruilhandel met die Hottentotte afhanklik te wees. Op verskeie buiteposte is by dieselfde geleentheid groot skaaphokke vir aan-

---

79. C500 I Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 30.4.1684, pp. 763-765.

80. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, J. Vosch - Here XVII, 14.10.1684, p. 181.

81. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 28.11.1684, p. 93.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



teelooie gebou.

Hoë-kommissaris H.A. van Reede het die buitepos in Julie 1685 besoek, en was verbaas dat 'n plek met só 'n groot naam, wat só lank onder die Kompanjie se bestuur was, só min reg aan die waardige naam laat geskied het. Sy bevinding was dat die tydperk van verpagting die Kompanjie duidelik geen voordeel besorg het nie, en dat daar eintlik aan die pagters 'n guns bewys is. Hy het die pos beskryf as 'n bouvallige tweekamerhuisie, vier of vyf slawehutte, en 'n honderd tree daarvandaan 'n groot skuur en 'n paar krale. Teenoor die skuur was 'n vervalle grondskans. (Hieruit blyk dit dat die oorspronklike houthuis binne in die skans of borswering, nie meer bestaan het nie.) Die nuwe woonhuis het naby die verdeling van die rivier gestaan.[82]

Van Reede het kommandeur Van der Stel aangeraai om 'n stuk nuwe land, hoër op teen die rivier en heeltemal teen die Suidoostewind beskut, te beset. Die geboue wat hy daar oprig, moes nie weer soos die huidige "alles in confusie" staan nie, maar moes in die toekoms vir die Vryburgers as voorbeeld dien van hoe 'n plaas, met die oog op verdediging teen inboorlinge en wilde diere, gebou behoort te word: alles in 'n aaneengeslote vierkant, met klipmure, sodat die binneplein snags as veekraal kon dien.[83]

Die laaste veeopname by die oorspronklike pos is in November

---

82. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, H.A. van Reede - S. van der Stel, 16.7.1685, p. 202; VC 38 H.A. van Reede: Journaal van zijn verblijf aan de Kaap, p. 194.

83. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, H.A. van Reede - S. van der Stel, 16.7.1685, p. 202.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


1685 gemaak. Daar was presies 3 000 skape, 71 perde, 22 trekosse en 3 esels. Die bemanning van die pos het bestaan uit korporaal Jan Herbst en sewe soldate.[84] Korporaal Herbst het vroeg reeds die gewone skakelwerk met kaptein Claas oorgeneem en ook die hulp wat aan skipbreukelinge verleen word. Die stranding van Nossa Senhora de los Miraglos het in Mei 1686 plaasgevind. Simon van der Stel het aan "Baas Herbst" geskryf om die Portugese, wat deur Hottentotte by die buitepos gebring is, beleefd te behandel, skape vir hulle te slag, en 'n wa en perde te gee om die offisiere na die Kasteel te bring - 'n baie versigtige diplomatieke opdrag, met die internasionale politiek in gedagte.[85]

In Julie 1686 het Van der Stel die plek vir die nuwe pos gaan uitsoek. Nadat hy die gesaaide en die geboue van die bestaande pos geïnspekteer het, het hy een Nederlandse myl (dus ongeveer 4,625 hedendaagse myl of 7,4 kilometer)[86] hoër op teen die rivier in 'n vet vallei, omring van verskeie bekies en deurgny van die rivier, die plek aangewys vir 'n woonhuis en stalle. Aan alle kante was uitstekende landbougrond en weiding, wat sonder die minste moeite bewerk kon word. Met die verskuiwing van die pos na die nuwe posisie is die pad na die Overbergse Hottentotte afgesny, waardeur die Vryburgers se smokkelroete gesluit is. By sy terugkeer in die Kasteel het Van der Stel die grondplan van die geboue vir die beplande pos volgens H.A. van Reede se opdrag opgestel. Hy het persoonlik die projek vir die proporsionele verdeling van die pos met sy poshuis, koring-

---

84. VC 10 Daghregister: 5.11.1685, pp. 607-608.

85. Ibid., 6-7.5.1686, pp. 717-718; Ibid., 16.8.1686, pp. 875-876.

86. Vgl. Bylae 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


skuur, beesstalle, boorde, moestuine, gragte en slote "na de regels der wis- en bouwkunst" ontwerp. Die plan het hy aan landdros Muller gegee, om in werking gestel te word.[87]

Wat Van der Stel met die nuwe poshuis in gedagte gehad het, is nie duidelik nie. Waarom moes daar boorde en moestuine (groentetuine) wees, terwyl dié by Rustenburgh en die Kompanjiestuin in volle produksie was? Die V.O.C. se beleid van besparing het 'n groot uitbreiding van die besetting onwaarskynlik gemaak. Die moeite wat hy gedoen het om volgens die "regels der wis- en bouwkunst" te beplan, en om 'n proporsionele verdeling van die hele opset te maak, dui daarop dat hy iets veel groter en beter as 'n eenvoudige grenspos ontwerp het. Daaroor kan nie gespekuleer word nie. Die pragtige simmetrie van die grondplan van W.A. van der Stel se latere woning <u>Vergelegen</u> gee egter 'n goeie indruk van die resultaat wat die vereniging van H.A. van Reede se bou-opdragte en Simon van der Stel se ontwerpkuns kon gehad het.[88]

Daar is aanduidings dat ons hier, by die bou van die nuwe pos, met die latere <u>Vergelegen</u> te doen het. Eerstens stem die beskrywing van die posisie, soos deur H.A. van Reede en S. van der Stel (hierbo) aangegee, naastenby ooreen met dié van <u>Vergelegen</u>. Tweedens gee die tydgenootlike skrywer P. Kolb(e), wat van 1705 tot 1713 aan die Kaap was, inligting wat direk verband hou met dié stelling: (a) Hy beskryf die primitiewe boustyl van die Kaapse buiteposte, en sê dan dat die buitepos Hottentots-Holland ook eens so primitief bebou was, maar dat dit later deur W.A. van der

---

87. VC 10 Daghregister: 25-27.7.1686, pp. 842-844.

88. Vgl. F. Smuts (ed.): Stellenbosch Three Centuries, pp. 180-181.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Stel herbou is. (b) Hy skryf dat, kort nadat die Kompanjie "dese veeplaats, gelyk als alle anderen had verlaten", kommissaris Valckenier dit aan W.A. van der Stel gegee het. (c) Hy skryf dat benede die gemelde hofstede Vergelegen, nader na die seekant toe, daar vroeër 'n vierkantige skans met grondwalle en vier kanonne op die hoeke was, as verdediging teen die Hottentotte. (Hier verwys hy na die oorspronklike buitepos.)[89] Dus kan met redelikheid aanvaar word dat kommissaris Valckenier in 1700 die nuwe buitepos, met sy buitegeboue en ontwikkelde landerye, aan goewerneur W.A. van der Stel gegee het. Bewyse ontbreek. Die skets by die transportakte van die grond toon geen geboue nie.[90]

Op 27 Julie 1686 het S. van der Stel weer die ou poshuis besoek, die nag daar geslaap, en die volgende dag aan die V.O.C. se steenbakkers opdrag gegee om stene vir die nuwe poshuis te vorm en te bak. Hulle moes ook dakteëls vir die nuwe huis probeer bak, maar eerstens moes 'n proef van 10 of 12 plat dakpanne gemaak word, na 'n model wat Van der Stel verskaf het. Aan die timmerlui het hy gewys waar om timmerhout, en waar brandhout, te kap. Die nodige dakbalke en ribbe vir die dakkap moes sonder versuim in die bos voorberei word, sodat dit makliker sou wees om te vervoer. Hy het weer dié nag by die pos deurgebring, en die volgende dag na Stellenbosch vertrek.[91]

Korporaal Herbst het op 1 Oktober 1686 Vryburger geword en is toe as poshouer vervang met korporaal Jacob van Leeuwen. In Desember 1686 het sterk reën omtrent 10 000 van die gevormde maar nog ongebakte stene buite op die veld by die

89. P. Kolbe: Naauwkeurige . . . beschryving . . . II, p. 250; Ibid., p. 98; Ibid., pp. 100-101.

90. Title Deeds Cape, 22.6.1685 - 15.5.1703, pp. 346-347.

91. VC 10 Daghregister: 28.7.1676, p. 845.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



bouery bederf. Landdros Muller het om 20 slawe gevra, sodat brandhout vir die steenoond gekap kon word.

Die tweede pos.

Teen die einde van 1688 was die werk aan die nuwe poshuis waarskynlik afgehandel, want landdros Muller het twee timmermans en 'n wa van Hottentots-Holland na Drakenstein oorgeplaas om daar 'n huis vir die predikant Pierre Simond te bou, maar wanneer die besetting na die nuwe poshuis oorgetrek het, is nie bekend gemaak nie.[92]

In 1688 was daar 9 manlike en 6 vroulike slawe by die pos. Een funksie van die slawe was om die waens en die ruilgoed van die Kompanjie se ruilekspedisies na die binneland bo-op die berg te help kry. Die stranding van die galjoot De Noord, waarvan kaptein Claas se Chainouqua berig by die buitepos gebring het, het weer die waarde van die buitepos, as skakel met die binneland in die ware sin van 'n grenspos, bewys. Hiervandaan het die reddings- en strafekspedisies onder vaandrig Schrijver ook vertrek, nadat sommige skipbreukelinge deur die Attaqua en die Outeniqua aangeval is.[93]

Met die oog op landsverdediging het die Politieke Raad in 1688 besluit om van die perde by Hottentots-Holland aan Vryburgers te verkoop. Stalknegte uit die Kaap het ongeveer 140 perde uitgesoek en Kaap toe geneem. Verskeie veilings is by die Kompanjie se skaapkraal aan die voet van Leeuwenberg (tans Leeukop) gehou. Die eerste 25 perde is vir 1 217 gulden verkoop.[94]

---

92. C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Muller, 24.12.1688, pp. 252.

93. VC 12 Daghregister: 5.1.1689, pp. 156-157; VC 12 Daghregister: 24.3.1690, p. 398; Ibid., 31.3.1690, pp. 403-405.

94. CA 2/6/4 Daghregister: 23.12.1688; VC 12 Daghregister: 12.1.1689, p. 6.

Nuus uit die buitepos, en geskrewe korrespondensie tussen die Kasteel en die pos, het verminder nadat die landdros in 1685 opsig oor al die poste gegee is. Korporaal Pieter Robbertsz was van ongeveer 1690 tot ongeveer 1693 opsiener by die pos. In 1693 word die gesaaide (23 mud) en die oes (ongeveer 200 mud) nog bekend gemaak. In 1697, toe 'n Franse aanval op die Kaap verwag is, het die poshouer, sersant Dirk Coningshoven, opdrag gekry om by die afgesproke seinskoot met alle manskappe Kaap toe te gaan.[95] Daarna word die buitepos Hottentots-Holland selde vermeld, en nog meer selde in enige ekonomiese konteks.

Of die twee goewerneurs Van der Stel se private boerderye met dié van die buitepos verstrengel geraak het, kan nie uit die dokumente afgelei word nie. W.A. van der Stel het in 1699 goewerneur geword. Een van die min briewe wat gedurende sy regeringstyd aan die poshouer geskryf is, bevat sydelingse en vae verwysings na mondelinge opdragte, wat geheimsinnig voorkom. Dit lui: "aan den sergiant Vieravond posthouder aldaar: Goede vriend thomas hoffman onder wien sij uL. toezenden negen stukx van Comps slaven omme deselve aldaar tot sodanigen arbeijd te gebruijken als uL. bekend is: ordoneeren wij uL. ook mits desen dat gij den voorz. thomas hoffman by overleveringe den gezeyde slaven sonder den selven op te houden weder na de Caab sult hebben te senden also deselve met de eerste scheepen staat te repatrieeren".[96] Sersant Vieravond was, volgens Adam Tas, so in die goewerneur se guns en vertroue dat al-

95. C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 12.4.1693, p. 116; C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - D. Coningshoven, 26.4.1697, p. 540.

96. C506 Uitgaande Brieven: H. de Goyer - D. Vieravond, 3.3.1700, p. 826.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gemeen verwag is dat hy die volgende landdros sou word.[97] Hier word slawe van die V.O.C. na die poshouer geneem deur 'n persoon wat binnekort die Kaap sou verlaat (en met hom, die getuienis) om werk wat vóóraf mondeling afgespreek is, maar nêrens amptelik beskryf word nie, te verrig. Die opmerklike vaagheid, en die weerhouding van inligting verwek die vermoede dat die diens van die slawe en die poshouer nie by dié geleentheid aan die V.O.C. gelewer is nie.

Van die monsterrolle tussen 1699 en 1710 het net dié van 1704 (gedateer 30 Junie 1704) en 1705 in die Kaapse Argief bewaar gebly. In 1704 was daar altesaam 8 man by die pos, en in 1705 was sersant David Vieravond daar aan die hoof van 5 man.[98] In die volgende bewaarde rol, dié van 1710, verskyn die buitepos Hottentots-Holland nie meer op die lys van besette poste nie. Dit is moontlik dat dit gedurende die laaste jare van W.A. van der Stel se bewind heeltemal met Vergelegen versmelt geraak het, en dat dit as sulks deur Here Sewentien in hul opdrag van 30 Oktober 1706 teruggeneem en as deel van die plaas verkoop is.[99]


Dit strook ook met die verklaring van Adam Tas en J. van der Heiden, dat W.A. van der Stel drie stukke grond in Hottentotsholland, wat vir die doeleindes van die Kompanjie ontwikkel is, vir sy persoonlike gebruik toegeëien het. Dit was naamlik die oorspronklike pos, die tweede

---

97. L. Fouché (red.): Dagboek van Adam Tas, pp. 68, 102, 204, 334, 368.

98. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 28.3.1705, p. 581; VC 40 Monsterrolle: p. 98.

99. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad IV, 16.6.1707, pp. 4-5.




**DIE LOURENSRIVIERVALLEI**
**1672 - 1700**

Gebaseer op Kaart 3418 BB Somerset West (Kantoor van Opmeting en Kartering Mowbray) en Kaart M1/17 (Kaapse Argief)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



pos en die vissery.[100]

Die opdragte wat Here Sewentien in 1695 en in 1699 aan die Kaapse goewerneurs gestuur het om die Kompanjie se landbouposte te sluit, is wat die buitepos Hottentots-Holland betref, nie amptelik uitgevoer nie. Die pos het uitstekende diens aan die V.O.C. gelewer as veepos, as grenspos wat met die Hottentotte skakel ten opsigte van veehandel en reddingspogings, en as strategiese voorpos ten opsigte van verdediging en inligting. Die graanbou was nie so sukses-vol nie, omdat die Kompanjie se besparingsbeleid ten opsigte van arbeid, sy doel teengewerk het.

100. A. Tas en J. van der Heiden: Contra-Deductie, p. 251.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



b. Die buitepos Clapmuts.

i. Die ondersoek.

Die naam "de Clapmuts" (tans Klapmuts) is in Oktober 1657 op fiskaal A. Gabbema se tog na die Bergriviervallei gegee aan 'n paar bergpieke ongeveer halfpad tussen die latere Stellenbosch en Paarlberg, wat uit die suidweste gesien, 'n waarnemer laat dink aan die hooftooisel van die sewentiende-eeuse Nederlandse boerinne. Die vroegste gebruik van dié naam in amptelike stukke dateer uit 1680, in verband met die verset van 15 gewapende slawe wat daar in 'n skietgeveg teen Kompanjie-soldate was. Die slawe is deur Hottentotte wat daar gewoon het, oormeester en aan die Kompanjie uitgelewer.[101]

Op die buitepos Hottentots-Holland is in die herfs van 1683 maandeliks tussen 30 en 40 beeste dood, wat volgens die poshouer en die baasslagter deur ongesonde weiveld veroorsaak is. Om die vee te red, het kommandeur Simon van der Stel op 23 Maart 1683 in die omgewing van De Cuijlen na beter weiding gaan soek. Op 25 Maart was hy by die Kasteel terug, nadat hy "eën schoone weijde uijtgevonden aen seecker oort de Clapmuts off anders cleijn Hottentoots Hollandt genaemt", waar in die nat sowel as die droë seisoen volop weiding vir beeste was. Sekere Vryburgers wat hul reeds sonder toestemming daar gevestig het om die landbou te beoefen, is beveel om na Stellenbosch te vertrek omdat die Kompanjie die weiding self benodig het. Die Politieke Raad het besluit om die Kompanjie se vee uit Hottentots-Holland te onttrek en na Clapmuts oor te plaas. Die soldate onder

---

101. J. van Riebeeck: Daghregister I, Bylae 1, 22.10.1657, p. 454; VC 9 Daghregister: 24.1.1680, p. 17.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


sersant J. Kerckenraadt sou ook uit Hottentots-Holland weggeneem word, en net 'n provisionele assistent (as poshouer) en twee slawe sou daar agterbly.[102]

Die eerste 80 morg grond by de Clapmuts is in Augustus van dieselfde jaar geploeg en met koring en rog besaai. Toe Van der Stel in Oktober op inspeksie daarheen gaan, was 55 morg reeds geploeg, terwyl nog 38 morg geploeg en ook van 'n dreineringsloot voorsien was. Van der Stel het opdrag gegee dat die 55 morg ook so gedreineer moes word. Hy wou 100 mud graan saai voor die volgende winter, sodat die Kaapse verversingspos hopelik uit sy eie opbrengs sou kon begin bestaan. Teen die berghang oos van die pos was geen geskikte bome vir die bou van krale vir die 491 eersteklas beeste ("uijtgelese runderen") nie; daar was net boompies waarvan dun sparre gekap kon word. Die timmerhout vir die bou van 'n poshuis, krale en hokke sou van elders gehaal moes word, en so ook die dekriet om die huise en stalle mee te dek. Voor sy vertrek het Van der Stel sy opdragte gegee aan die baaslandbouer van die Kompanjie, wat tydelik op Clapmuts sou bly.[103] Hy was van plan om later 'n groot aantal skape daar te plaas, en hokke en krale moes vooraf vir die kleinvee opgerig word.[104]

Die besetting.

Kommandeur Van der Stel was bewus van die geleenthede wat so 'n afgeleë buitepos gebied het om aan Here Sewentien se herhaalde versoeke om rariteite te voldoen. Hy was begerig

---

102. Ibid., 25.3.1683, pp. 903-904; Ibid., 29.3.1683, pp. 906-907.

103. Ibid., 30.10.1683, pp. 1163-1166.

104. Ibid., 27.10.1683, p. 1155.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


om 'n kwagga lewendig in die hande te kry en het daarvoor baie moeite gedoen en kontantbelonings uitgeloof. Een van sy vroegste suksesse sou hopelik by Clapmuts wees, waar Hottentotte 'n gestreepte wilde esel na die pos gebring het. Sersant Kerckenraadt se pogings om die kwagga Kaap toe te neem, het die dier se dood veroorsaak. Van der Stel het die poshouer streng aangeskryf oor sy nalatigheid en het hom met straf gedreig.[105]

Kommissaris Josephus Vosch het die Kaapse buiteposte op 'n kort reis, van 30 Mei tot 3 Junie 1684, besoek. By Clapmuts het hy 'n groot graanland van meer as 100 morg gesaaide gevind. Daar was nie standhoudende lopende water nie, maar syferwater uit die berghange het in die laagte poele gemaak. In die reëntyd sou daar meer lopende water wees.[106] Later in dieselfde jaar was kommissaris Rycklof van Goens, die jongere, op sy lang besoek aan die Kaap. Van der Stel het dié geleentheid benut om die bou van aanvullende skaaphokke gemagtig te kry. Die Kommissaris het bevind dat die groot toename in die Kompanjie se vee die bou van nuwe hokke regverdig, sodat veral die jong lammers teen die winterkoue beskerm sou word. Die bou van vier nuwe hokke is goedgekeur; die een by Clapmuts sou groot genoeg vir 2 000 skape wees.[107]

'n Jaar later (in November 1685) was daar nog geen skape by Clapmuts nie, maar 403 osse en bulle, wat deur sersant Kerckenraadt as poshouer, 'n korporaal wat opsigter oor die slawe was, en sewe soldate opgepas is.[108] Die Hoë Kommis-

---

105. VC 10 Daghregister: 7.9.1684, p. 363.

106. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, J. Vosch - Here XVII, 14.10.1684, p. 182.

107. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 28.11.1684, p. 93.

108. VC 10 Daghregister: 5.11.1685, p. 607; C501 Uitgaande Brieven: 24.3.1685, pp. 99-100, 102.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



saris H.A. van Reede het die buitepos Clapmuts vroeër in 1685 besoek, en in sy nagelate opdrag het hy Simon van der Stel aangeraai om nog meer saailande by die pos te bewerk, en om die uitleg van die geboue by die pos te herorganiseer. Die bestaande koringskuur by die pos was 'n goeie stuk bouwerk, maar te lank uitgerek. Die mure moes van klip gebou word, waarop dan balke vir 'n solder en die dak gelê kon word. Die klipmure moes dan met klei gepleister en met kalk gewit word. Van der Stel moes die geboue op Clapmuts op dieselfde wyse aanlê as wat vir Hottentots-Holland voorgeskryf is, naamlik die woonhuis, skure en stalle alles in 'n geslote vierkant, met 'n plein in die middel waarin die vee snags vir veiligheid kon kom. Die klipgeboue sou beter teen wind en weer bestand wees as die bestaande houtgeboue, en daarbenewens sou baie hout bespaar word, sowel as die tyd en arbeid wat nodig was om hout myle ver aan te ry. Slawe en bandiete moes die bouwerk doen, onder toesig van 'n ervare messelaar. Van Reede het die aanplant van eikebome by Klapmuts (waarmee Van der Stel reeds begin het) aangemoedig.[109] Teen 1695 was daar al 1 008 eike op die rande van die landerye geplant.

Sersant Kerckenraadt, korporaal Jacob Closten en die soldaat Christian Martensz is tydens Hoë Kommissaris Van Reede se besoek aan die Kaap gearresteer weens herhaaldelike diefstal en ontrouheid aan hulle opdrag. Hulle het van die V.O.C. se beeste doodgeskiet en die vleis verkoop, en snags die V.O.C. se graan met die V.O.C. se waens by boerehuise gaan aflaai. Vryburgers is toegelaat om in die V.O.C. se bosse hout te kap, en herders van Vryburgers se vee het by die buitepos kos gekry. Omdat die Kompanjie nie kon bekostig

---

109. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, H.A. van Reede - S. van der Stel, 16.7.1685, pp. 202, 204.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


om drie ervare werkers te verloor nie, is hulle vonnis (om gegesel, gebrandmerk en vir 25 jaar harde-arbeid na Robbeneiland verban te word, met konfiskasie van al hulle besittings) tersyde gestel. Hulle is na Clapmuts teruggestuur om daar sonder gasie te werk, en by herhaling van die oortreding sou die doodstraf opgelê word.[110]

Kommandeur Van der Stel het die buitepos weer in Augustus 1686 besoek om die toestand van die saailande, vee, groentetuin en eikeplantasie te sien. Die helfte van die vee op Clapmuts is by dié geleentheid na Hottentots-Holland teruggestuur omdat die weiding by genoemde pos intussen verbeter het. Hy het 'n os laat slag, dat 'n proef gemaak kon word met die maak van pekelvleis.[111]

Die gebied van die buitepos se funksie as grenspos is in 1687 verruim toe kommandeur Van der Stel 'n aantal Vryburgers na die Bergriviervallei geneem het om daar plase aan hulle toe te ken, sodat die Vryburgerplase hiermee by die buitepos verbygeskuif het. Die pos was dus nie meer op die grens van die Kolonie nie, maar die rol van beskerming aan Vryburgers het nog steeds op Clapmuts gerus. Die plasing van Franse vlugtelinge en Nederlanders in die Franschhoekvallei het die taak vergroot.[112]

Arbeid.

Agt van die pos se slawe is gedurende die winter van 1686

110. CJ 286 Criminele Proces Stukken: 5.3.1686, pp. 479-480; CJ 287 Criminele Proces Stukken: 6.5.1686, p. 199; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 15.5.1686, p. 130.

111. VC 10 Daghregister: 2.8.1686, p. 849.

112. VC 11 Daghregister: 17.10.1686, p. 104; SA 2/6/4 Daghregister: 24.10.1688.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

na Stellenbosch oorgeplaas om onder toesig van luitenant Oloff Bergh aan die V.O.C. se raadhuis (drostdy) te help bou, en met die aanbreek van die oestyd het sersant Kerckenraadt die Kommandeur om meer slawe gevra. Die Kommandeur het aan landdros Muller op Stellenbosch geskryf om die slawe wat vir die sensus Kaap toe gebring is, sowel as die wat by ander poste vee oppas, na Clapmuts te stuur om met die oes te help. Muller moes sorg dat geeneen van die buiteposte deur die afwesigheid van sy arbeiders gebrek ly nie. Die poste moes mekaar in die oestyd onderling met arbeiders steun.[113] Solank as graan op die buiteposte gekweek is, is hierdie seisoenale migrasie van slawe voortgesit.

Die slawe wat in 1687 vir die oestyd na Clapmuts gestuur is, het onderling saamgesweer om met wapens na die binneland te vlug. Hulle het reeds snaphane, pistole en swaarde opgegaar, en 'n voorraad lood en kruit 'n ent van die pos begrawe, toe hulle plan ontdek is.[114]

Aan die einde van 1687 was daar 18 manlike en 16 vroulike slawe by die pos, wat ongeveer een-agste van die V.O.C. se totale aantal slawe uitgemaak het. Die koringoes van 1 500 mud by die pos was, teen nege gulden per mud, vir die Kompanjie 13 500 gulden werd. Vir die oestyd van 1688 het landdros Muller weer 30 slawe en slavinne met hulle sekels na Clapmuts geneem. Die landdros moes daarvandaan gereeld en volledig aan die Kommandeur laat weet hoe daar met die oes en die dorsproses gevorder word.[115]

113. C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Muller, 21.10.1686, pp. 562-563.

114. VC 2/6/3 Daghregister: 12.1.1688.

115. C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 26.4.1688, p. 72; Ibid., S. van der Stel - J. Muller, 18.1.1689, p. 260.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Toe vier gewapende slawe in Julie 1690 'n Stellenbosse Vryburger en 'n slawekind vermoor, nog twee Vryburgers verwond en 'n aantal skape steel, het kommandeur Van der Stel 'n net van patrollerende ruiters om die hele Kolonie geplaas en die vlaktes, bosse, berge en klowe laat deursoek. Sersant Kerckenraadt se sektor, wat hy moes patrolleer met ses soldate en vyf of ses Hottentotte "dewelke met schietgeweren weten om te gaan", het van die buitepos Clapmuts gestrek tot aan Paarlberg en van dáár tot by die huis van heemraad Jacques de Savoye. Die patrollie is daagliks vir 'n maand lank volgehou. Die poshouer moes sorg dat die pos in sy afwesigheid geen skade ly nie.[116]

Die oestyd van 1691 het vir Van der Stel 'n nuwe geleentheid tot besparing van die V.O.C. se arbeidsmag gebied toe die poshouer laat weet het dat soveel Hottentotte kom werk soek het dat hy daardie jaar die graan met Hottentotte alleen kon afmaai. Dit was 'n simptoom van hulle disintegrerende sosiale stelsel. Van der Stel het hom daarop beveel om die Kompanjie se slawe na die Slawelosie in die Kaap terug te stuur. Daar was op dié oomblik nie krale in voorraad om die Hottentotte-maaiers mee te betaal nie, maar die poshouer moes hulle paai en met arak en tabak tevrede stel. Die poshouer moes nie van die Kompanjie se vee slag vir die Hottentotte se dagrantsoen nie, maar moes vir dié doel vee by omliggende Hottentotstamme ruil, met die ses sakke skeepsbeskuit en die halfaam brandewyn wat aan hom gestuur is.[117] Dit is dus duidelik dat die maaiers nie soveel as 'n enkele kraal sou hê vir hulle arbeid, by afloop van die oes nie. Die gewoontevormende eienskap van die hoogs-verbruikbare

116. Ibid., S. van der Stel - J. Muller, 31.7.1690, pp. 753-764.

117. C503 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Kerckenraadt, 2.1.1691, p. 1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


tabak en arak sou uiteindelik ook net die V.O.C. tot voordeel strek.

Korporaal Jacob Cloeten, die tweede in bevel by die pos, is op 23 Mei 1693 op 'n besoek aan die Kaap, naby die Kasteel vermoor. Sy wapens en ander besittings is nie aangeraak nie, sodat die oorsaak van die moord 'n onopgeloste raaisel gebly het. Cloeten was ten tyde van die moord die oudste persoon op die V.O.C. se monsterrol aan die Kaap, en een van die eerste Vryburgers, aan wie Van Riebeeck in Oktober 1657 grond toegeken het. Hoewel hy reeds hoogbejaard was en die oorgrootvader van kinders, was hy so gesond en sterk soos 'n man van 25 jaar. Die moordenaar is nooit gevind nie. 'n Ander ongestrafde misdaad het in dieselfde jaar plaasgevind, toe die soldaat Jeronimus Stevensz by die Clapmutspos van die Kompanjie se vee na die trop van die Vryburger Willem Mannes uitgekeer het. Mannes het die gereg ontsnap en is nooit weer gesien nie.[118]

Die naam "de Bottelary" is aan die gebied tussen Clapmuts en De Cuylen gegee, omdat al die hooi vir die Kompanjie se vee daar gemaai is. Die naam is dus in die sin van 'n spens of hooi-magasyn daaraan gegee. Alternatiewe name was "de Hooiveld" of "de Grasveld". Die Kompanjie se perde, wat op stal by die Kasteel gevoer is, sowel as die kosbare werkbeeste wat by De Schuer aangehou is, se somervoer is hier gemaai en met waens Kaap toe gery.[119] 'n Deel van die Clapmuts-vee het in De Bottelary onder toesig van soldate gewei. In Desember 1694 het Jan Schoonhek sy makker Jacobus Jansen daar doodgeslaan, en omdat hy hom nie wou

---

118. VC 13 Daghregister: 23.5.1693, pp. 144-145; Ibid., 9.12.1693, p. 306.

119. P. Kolbe: Naauwkeurige . . . Beschryving . . . , I, p. 108; VC 9 Daghregister: 18.10.1680, p. 143; VC 13 Daghregister: 21.9.1695, p. 881.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


oorgee nie, is hy voëlvry verklaar. Hy het tot Maart 1696 van roof en geweld in Drakenstein geleef, en is toe doodgeskiet deur 'n Vryburger van wie hy kos probeer afdreig het.[120]

As gevolg van die groot droogte in die laaste dekade van die sewentiende eeu was die hooimakery in De Bottelary van die grootste belang vir die behoud van die Kompanjie se vee en die verversing van skepe. Die verskroeiende droogte en die voorkoms van ruspes het veroorsaak dat die graan by Clapmuts in 1699 jonk vir perdevoer afgemaai is. Van 1700 af is Vryburgers verplig om met hulle eie waens hooi uit De Bottelary aan te ry vir die Kompanjie se vee. Dit het hulle baie traag gedoen, en goewerneur W.A. van der Stel het deur middel van die landdros druk op hulle uitgeoefen.[121] Die boodskap aan landdros Ditmars, dat alle boere in Drakenstein, insluitend die Franse, wat 'n wa en beeste besit, 'n vrag hooi in Clapmuts moet gaan oplaai en dit na die V.O.C. se stal in die Kaap moes bring, is in 1702 herhaal. Dieselfde opdrag is in 1703 aan die provisionele landdros P. Robbertsz gegee. Vroeg in 1704 is by dié opdrag bygevoeg dat 50 vragte hooi binne drie weke ingebring moes word. 'n Naamlys is by die Kasteel gehou van diegene wat hooi gebring het, en die landdros moes dié wie se name nog nie op die lys was nie, aanpraat.[122]

---

120. Ibid., 9.12.1694, p. 682; VC 14 Daghregister: 21.3.1696, p. 100.

121. VC 15 Daghregister: 3.10.1699, p. 426; Ibid., 21.10.1699, p. 454; C506 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - M. Ditmars, 29.9.1700, p. 1065; Ibid., 22.11.1700, p. 1076-1077.

122. Ibid., W.A. van der Stel - P. Robbertsz, 19.10.1703, p. 1086; C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - P. Robbertsz, 19.3.1704; Ibid., 11.12.1704, p. 392.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Min gegewens oor vee-getalle, die gesaaide en die oes, of die sterkte van die besetting by die buitepos Clapmuts, is beskikbaar vir die laaste tien jaar van die tydperk waaroor hierdie ondersoek gaan. Uit enkele gegewens wat verspreid aangetref word, is dit duidelik dat Here Sewentien se opdrag van 27 Junie 1699, dat van die V.O.C. se graanlande en vee ontslae geraak moes word, nie noukeurig uitgevoer is nie. Ene Pieter Teunis is in Augustus 1701 na die buitepos gestuur om perde te kastreer, maar omdat hy daar nie veel hulp sou kry nie, moes die landdros hom 'n paar helpers gee.[123] Hieruit blyk dat die besetting verklein is. Dit lyk dus of die veeboerdery ingekort is terwyl daar grootliks op hooimakery toegespits is.

Toe kaptein Oloff Bergh in September 1706 rapporteer dat daar geen hooi vir die Kompanjie se stalperde is nie, is soekgeselskappe uitgestuur om plekke - behalwe Clapmuts - te soek sodat maaiers op die spoedigste daarheen gestuur kon word. Aangesien die stryd tussen die Vryburgers en goewerneur W.A. van der Stel toe op sy hewigste was, en die burgers reeds openbare verset getoon het, het die Goewerneur dit nie gewaag om hulle soos in vroeër jare tot herediens te gebied nie.[124]

Waarom is Clapmuts by name uit die lys van hooimaakplekke uitgesluit? Die antwoord kom uit verskillende bronne aan die lig.

Die Politieke Raad het op 11 Mei 1706 eenparig besluit om die skuur ("ofte het oude en bouwvallige hok") by Clapmuts

---

123. C507 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - M. Ditmars, 11.8.1701, p. 325.

124. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - J. Starrenburg, 21.9.1706, pp. 1378-1379.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


op 'n openbare veiling te verkoop, aangesien die V.O.C. geen nut of diens meer daaraan het nie. Die gebou is op 1 Junie 1706 opgeveil en vir 300 ryksdalers verkoop.[125] In 1708 het kommissaris Cornelis Simons die Kaap besoek. In sy verslag gedateer 19 April 1708 maak hy die opmerking dat die buitepos De Clapmuts op 1 Junie 1706 verkoop is (dus: nie net die opstal nie), dog dat daar nie verkoopsvoorwaardes of 'n verkoopskontrak bestaan nie. Daar is aan hom (Simons) gesê dat sekunde Elsevier dit in die openbaar van die Kat in die Kasteel opgeveil het, en hy beveel aan dat daar nagevors moet word wât van die landerye en die grond rondom die buitepos geword het, en of dit by dieselfde geleentheid ingesluit en verkoop is. Sy oogmerk was om die V.O.C. se belange te beskerm en reg te stel.[126]

Wie die koper op sekunde Elsevier se veiling was, word bekend uit die Klagskrif en ander stukke wat die Vryburgers teen goewerneur Van der Stel en ander amptenare opgestel het. Een van hulle klagtes was dat oud-goewerneur Simon van der Stel in 1682 (sic) die vryburgers Gerrit Visser en Barend Hendrickse, wie se grond aan die buitepos Clapmuts gegrens het, daarvandaan weggestuur het omdat hulle vee na bewering te lastig by die V.O.C. se graan was. Maar hierdie betwiste grond is later as deel van die buitepos verkoop, op sekunde Elsevier se veiling, aan sekunde Elsevier self.[126] Die beboude en bewerkte grond van die buitepos Clapmuts het dus deel van sekunde Elsevier se plaas Elsen-

---

125. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 11.5.1706, p. 438; C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 24.6.1706, p. 1203.

126. C.G. Botha (red.): Collectanea, VRS I, vol. V, pp. 38-39; A. Tas en J. van der Heiden: Contra-Deductie, p. 8; W.A. van der Stel: Corte Deductie, p. 31.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


burg geword. Nadat Elsevier deur Here Sewentien gelas is om te repatrieer, het hy die plaas tydelik in die toesig van I.J. Lamotius, die afgesette hoof van die Kompanjie se buitepos Mauritius, gelaat.[127]

'n Deel van genoemde grond het voor 1709 weer in die Kompanjie se besit teruggekom, en van daardie jaar of word die buitepos Clapmuts weer deur Kompanjiesdienaars beset.[128] Tussen 1652 en 1707 het hierdie buitepos goeie diens gelewer ten opsigte van landbou, veeteelt en grensbeveiliging.

---

127. P. Kolbe: Naauwkeurige . . . Beschryving . . . I, p. 108.

128. VC 40 Monsterrolle: 1709.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



### c. Die buitepos De Cuijlen.

Die behoefte aan 'n rusplek langs die pad tussen die Kasteel en Hottentots-Holland het ontstaan uit die sanderige, waterlose aard van die Kaapse Vlakte, waaroor die direkte of kortste roete gelê het. Die trekosse se behoefte aan rus, water en weiding het hier die deurslag gegee, want trekvee is in die vroegste jare gebruik vir die aanry van veevoer, brandhout, handelsware, skeepsvrag, boumateriaal, skeepsverversing, ensovoort, en omdat 'n os nie voordat hy drie jaar oud was ingespan is nie, en dan eers nadat hy vir die werk geleer is, was trekvee hoog op prys, en is hulle versigtig opgepas. Daarom is die meer noordelike roete, oor die vaste grond aan die Tygerberg se hang, met standhoudende water in 'n rivier wat in die somer uit kuile bestaan het, en groen weiding op die oewers van die rivier, verkies vir waravoer na Hottentots-Holland, bo die roete reguit oor die Kaapse Vlakte. In 1676 was De Cuijlen reeds 'n bekende uitspanning vir ekspedisies na die binneland, en na die stigting van die buitepos Hottentots-Holland is die uitspanning dikwels gebruik.[129]

Vroeg in Januarie 1680 het Simon van der Stel besluit om 'n eenvoudige huis by De Cuijlen te bou, as verblyf en rusplek vir mense en diere wat tussen die Kaap en Hottentots-Holland reis. Aangesien daar reeds Vryburgers anderkant De Cuijlen gevestig was, en nog ander spoedig daar sou gaan woon, sou so 'n rusplek algemeen verwelkom word. Die boumateriaal kon op die maandelikse waens na Hottentots-Holland vervoer word, sodat dit die V.O.C. baie min sou kos.[130]

---

129. VC 7 Daghregister: 1.4.1676, p. 102.

130. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 8.1.1680, p. 308.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Hoewel daar dus reeds op die bou van 'n huis besluit is, moes die opdrag van goewerneur-generaal R. van Goens uit Batavia, gedateer 11 Oktober 1679, in gedagte gehou word. Sy bevel was dat op alle moontlike maniere bespaar moes word, en dat geen noemenswaardige bouwerk aan die Kaap aangepak word nie, anders sou skeepsverversing die V.O.C. veels te duur te staan kom. Ook van Here Sewentien het 'n bevel gekom om alle bouwerk te staak en net tydelike geboue, wat as noodsaaklike stoorplek nodig was, op te rig.[131]

Van der Stel het aan Here Sewentien geskryf dat hy dit as noodsaaklike werk, vir rusplek en veeweiding, beskou. Daarop het hy die werk aangepak.[132] 'n Bouplan van die huis is in Maart 1680 deur kommissaris Sybrant Abbema in die Politieke Raad goedgekeur.[133]

Aangesien Simon van der Stel se besluit van 8 Januarie 1680 om 'n rusplek by De Cuylen te stig, geneem is kort nadat hy op sy eerste besoek aan Stellenbosch was, kan dit met die verdere ontwikkeling van Stellenbosch in gedagte wees, dat hy dié verversingsplek vir mense en diere by De Cuijlen tot stand gebring het. Op 27 April 1680 het hy met 'n geselskap ruiters uitgegaan om die beste plek vir die gebou vas te stel. Hy het 'n plek gekies wat nie in die winter deur vloedwater oorstroom sou word nie, en waar in die somer geen tekort aan water sou wees nie. Indien die Politieke Raad later sou besluit om beeste en skape daar te plaas, of om grond vir graan te laat ploeg, sou die weiding en die

---

131. C317 Inkomende Brieven: R. van Goens - H. Crudop, 11.10.1679, p. 40; C499 II Uitgaande Brieven: S. van der Stel - R. van Goens, 31.5.1680, p. 576.

132. C499 I Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, (Middelburg) 29.3.1680, p. 493.

133. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 23.3.1680, p. 325.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


grond vir daardie doel ook geskik wees.[134]

Van der Stel wou die bouwerk voor die einde van die komende somer voltooi hê. In Augustus 1680 is 100 000 stene in die Kaap gebak vir die nuwe poshuis, en in dieselfde maand is die eerste wavrag stene na De Cuijlen geneem. Messelaars en timmerlui is reeds vooruit gestuur om die aanvoorwerk te doen.[135]

Toe sersant Lourens Visser in November 1680 met 18 man uit die Kaap vertrek het op 'n veeruiltog na die Hessequa, het hy die eerste nag by die nuwe poshuis uitgespan. By hulle terugkeer het die bevel hulle ingewag om die geruilde vee by De Cuijlen te laat rus, terwyl Visser na die Kasteel moes gaan om mondeling te rapporteer. Van der Stel het persoonlik daarheen gery om die geruilde vee te bekyk en hulle tussen die verskillende veeposte te verdeel.[136] Dit is opmerklik dat die oornagplek nie langer die slagboom by Keert de Koe aan die Soutrivier was nie, maar 'n nuwe pos aan die Kuilsrivier, ongeveer 25 kilometer na die binneland, wat die mate aandui waarin die oosgrens van die Kolonie sedert 1660 uitgebrei het.

Die poshuis is vroeg in 1681 voltooi. Dit was 'n beknopte boerewoning met kleimure, en 'n kraal wat groot genoeg vir 1 200 skape was, daaragter. 'n Korporaal en twee soldate het die pos beset. Aan die einde van dié jaar het sersant Bergh met ongeveer 1 000 skape en 250 beeste uit die land van die Hessequa by De Cuijlen aangekom. Kommandeur Van der Stel het uit die Kaap gekom om die vee uit te soek en

---

134. VC 9 Daghregister: 27.4.1680, p. 63.

135. Ibid., 2.8.1680, pp. 105-106; Ibid., 16.8.1680, pp. 110-111.

136. Ibid., 4.11.1680, p. 161; Ibid., 8.11.1680, p. 152; Ibid., 14.12.1680, pp. 168-169.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


tussen die verskillende poste te verdeel.[137] Die groot getal vee by die pos het 'n groter besetting nodig gemaak. In Februarie 1682 was daar 'n korporaal en sewe soldate gestasioneer. Die groot getal vee het ook leeus en luiperds na die gebied gelok, wat onder die vee gevang het.[138]

Die V.O.C. se baashoutkapper is in Oktober 1683 beveel om te beraam hoeveel hout nodig sou wees om 'n goeie stal vir die beeste te bou, en die dekker moes sorg dat 9 000 bossies riet vir die dak gekap word.[139] 'n Jaar later het Kommissaris Josephus Vosch die buitepos besoek. Hy was ingenome met wat hy daar gesien het, en het dit as 'n ontspanningsoord ("pleysierplaets") beskryf. Die pos was sentraal geleë, sodat dit as vertrekpunt vir reise na Clapmuts, Stellenbosch en Hottentots-Holland (in drie verskillende rigtings) kon dien. Daar was geen saailande by die buitepos nie, maar 'n waardevolle tuin van aardvrugte wat bemes is met mis uit 'n groot beesstal. Die grond rondom die pos was armoedig op die hoogtes, en sanderig in die laagtes.[140] 'n Groot skaaphok, wat ongeveer 1 000 aanteelooie kon huisves, is in die somer ná kommissaris Vosch se vertrek gebou, om die ooie en lammers teen die winterweer te beskerm.[141]

---

137. C499 II Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 20.3.1681, pp. 773, 808-809; VC 9 Daghregister: 20.12.1681, pp. 461-462.

138. C500 I Uitgaande Brieven: 19.2.1682, p. 123; VC 9 Daghregister: 31.8.1682, p. 719.

139. Ibid., 27.10.1684, pp. 1160-1161.

140. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, J. Vosch - Here XVII, 14.10.1684, p. 182.

141. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 28.11.1684, p. 93.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Toe die Hoë Kommissaris H.A. van Reede die Kaap in 1685 besoek het, was daar een korporaal en agt soldate om 332 beeste en 762 skape te versorg. Van Reede het die pos in Julie 1685 besoek. Hy het dié pos met sy goeie weiding, wat met die oog op die veeteelt gestig is, as 'n prysenswaardige stuk werk beskryf. Dit was 'n goeie plan om verskillende soorte vee op verskillende poste aan te hou, het hy gesê. Hy het aanbeveel dat Van der Stel aandag gee aan die probleem van leeus en luiperds wat snags die vee in die krale aanval.[142]

Van der Stel het in Julie 1686 weer na die buitepos gegaan om die nodige instruksies vir die verbetering van die poshuis en die stalle te gee. Die verdrywing van die natuurlike prooi van roofdiere uit die omgewing van die pos het gemaak dat die beeste en skape die roofdiere ten prooi geval het. Verskeie leeus het die beeste en skape bedags aangeval. In 1694 is sewe melkkoeie op een slag doodgemaak. Troppe van tot 200 wildehonde het in 1692 die ooie aangeval, en ten spyte van alles wat die herders kon doen, is ongeveer 80 ooie verskeur. Kommissaris Vosch het in 1684 al verneem van die troppe wildehonde wat altyd tien maal meer verskeur as wat hulle kon vreet.[143]

In April 1686 is 30 beeste na die pos gebring deur vier Stellenbosse burgers, nadat hulle 'n Ubiqua-kraal aangeval

142. C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 24.3.1685, pp. 101-102; VC 10 Daghregister: 5.11.1685, p. 607; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, H.A. van Reede - S. van der Stel, 16.7.1685, pp. 202 - 203.

143. VC 10 Daghregister: 24.7.1686, pp. 841-842; VC 13 Daghregister: 20.6.1694, p. 552; VC 10 Daghregister: 2.8.1686, pp. 849-850; VC 12 Daghregister: 16.8.1692, p. 955; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, J. Vosch - Here XVII, 14.10.1684, p. 180.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


en van die inwoners doodgeskiet het, op suspisie van roof. Na sewe maande het die burgers die beeste geëis as kompensasie vir hulle verliese. Ook die vee - 'n ongenoemde aantal beeste en skape - wat Simon van der Stel in 1693 met wapengeweld van kaptein Claas afgeneem het om Claas se weerstand teen die veehandel met die V.O.C. te breek, is na die groot kraal by De Cuijlen gebring, waar landdros Linnes en sekere gekommitteerdes dit tussen die V.O.C. se poste verdeel het. Ook die Vryburgers en geallieerde Hottentotte het hier hul deel van die buit gekry.[144]

Die Veldwagters.

Die sentrale ligging van dié pos het dit die aangewese basis vir die V.O.C. se veldwagters gemaak. Van der Stel het die soldaat Claas Pietersz in die amp van veldwagter aangestel, met die opdrag om oor die doen en late van die Vryburgers buite die Kaapse distrik toesig te hou. Die amp van landdros het nog nie bestaan nie, daarom moes Pietersz as reisende opsigter toesig hou oor die werk op die buiteposte, oor die Vryburgers se betrekkinge met die Hottentotte en ook oor smokkelaars, drosters, houtdiewe, weggeloopte slawe en veediewe. Hy was ook die boodskapper wat opdragte na die buiteposte geneem het, en plakkate by openbare plekke moes opplak. Om aan die veldwagter meer aansien in die gemeenskap te gee en om hom tot groter ywer en trou aan te moedig, is hy in April 1685 met die rang van sersant beklee, en twee soldate is hom as assistente gegee. Die twee assistente is in 1693 tot korporaals bevorder.[145]

---

144. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 2.11.1686, p. 148; VC 13 Daghregister: 29.7.1693, p. 217.

145. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 9.4.1685, p. 104; Ibid., 13.1.1693, p. 266.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Die drie veldwagters is, met die skepping van die landdrosamp in Julie 1685, onder 'n hoër gesag geplaas, maar wanneer daar tydelik nie 'n landdros was nie, moes die hoofveldwagter die landdros se klerklike funksies ten opsigte van die buiteposte, soos die maak van monsterrolle, oorneem. In die uitvoering van hulle taak het die veldwagters die Kolonie te perd deurkruis, met 'n groot mate van vryheid in hul beweging en optrede. Van hul basis by die buitepos De Cuijlen moes hul die verste grense van die Kolonie tot in Franschhoek, Drakenstein en die Wamakersvallei besoek. Die geleentheid vir 'n ervare mensekenner om misbruik van sy magsposisie te maak, het bestaan in die ongestadige grenssituasie van die sewentiende eeu se buiteposte, waar voortvlugtige drosters, smokkelaars, inboorlinge, roofdiere en groot afstande die pionier op sy grensplaas van die geregsdienaar se guns en vriendskap afhanklik gemaak het. 'n Paar voorbeelde van die veldwagters se aktiwiteite illustreer terselfdertyd die noue onderlinge verband wat die buiteposte in die totaliteit van die Kaapse samelewing gesmee het:

In Augustus 1694 het goewerneur Van der Stel die hoofveldwagter, sersant Pietersz na die huis van oudlanddros Muller op Stellenbosch gestuur om Muller se huisbediende Jantje van Batavia te arresteer as gevolg van sy verhouding met 'n Christen-meisie. Jantje is gevolglik verhoor en in die Kasteel aangehou totdat daar skeepsgeleentheid was om hom na Mauritius te verban.[146] Hy is op die skip Standvastigheid geplaas, maar voordat dit kon vertrek, het die skip in Tafelbaai gestrand, en Jantje moes 'n volle jaar op die volgende skeepsgeleentheid wag.

Die soldaat Jean de Seine is in die Kaap, oor godslaster en verskeie skelmstukke, deur die Fiskaal gearresteer. Hy is

146. C504 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - C. Pietersz, 27.8.1694, pp. 684-685.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gegesel, en saam met Jantje op die skip Standvastigheid geplaas. Na die stranding van die skip het De Seine uit sy sel in die Kasteel ontsnap, waarna hy maande lank in Stellenbosch en Drakenstein gesweef het, en mense wat hom probeer aankeer met die dood gedreig het. Die veldwagters van De Cuijlen het hom in Augustus 1695 na die Kasteel teruggebring. De Seine het spoedig weer ontsnap, en het tot Maart 1696 op vrye voet gebly, voordat die veldwagters hom die tweede keer gevang het. Dié keer is hy met 'n blok aan die been aangehou, totdat daar weer 'n skeepsgeleentheid na Mauritius was.[147]

Die drie veldwagters op die buitepos De Cuijlen was gedurende die bogenoemde voorvalle sersant Claas Pietersz, korporaal Willem Haan en die nuweling korporaal Jan Pietersz. Dit is die laasgenoemde se trou aan sy eed, of miskien sy onervarenheid, wat die ander twee se wandade aan die lig laat kom het: hoe hulle drosters laat wegkom het, 'n Hottentot onskuldig verwond het en onwettige veeruilery oogluikend toegelaat het. Op 'n wenk dat die droster Bartholemeus Nagtigaal by 'n sekere boerehuis in Drakenstein gevang kon word, het die drie veldwagters daarheen gery - die sersant en Haan albei besope. By die huis aangekom, het die sersant eers 'n geweerskoot buite afgetrek om die vlugteling te waarsku, en daarna het hy en Haan tydsaam hulle perde in die stal gaan sit. Die nuweling Jan Pietersz, wat nie sulke optrede verwag het nie, het dadelik binne toe gegaan, en toe sy makkers terugkom, het hulle hom en Nagtigaal stoeiend voor die vuurherd gevind. Die sersant het hom as 'n skurk en verklikker uitgeskel, met sy swaard gekap, en hom beveel om Nagtigaal te los. Jan Pietersz het egter die arres voltooi en die gevangene tot by Arie Lekker-

---

147. VC 13 Daghregister: 13,14.8.1695, pp. 864-865, 867; VC 14 Daghregister: 28.3.1696, pp. 104-105.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



wyn se huis gebring, met die ander twee nog só dronk dat hulle eers daar moes slaap. Toe Jan Pietersz die sersant wakker maak, het laasgenoemde hom met die lading kruit en pluis van sy geweer voor die bors geskiet, dat hy ernstig verbrand het. Die sersant en Haan is gegesel, gebrandmerk en lewenslank na Mauritius verban om harde-arbeid te verrig.

So is Jantje van Batavia en Jean de Seine sowel as die twee veldwagters van De Cuijlen wat hulle vroeër gearresteer het, almal in Julie 1696 op dieselfde skip na die eiland-pos vervoer.[148] Die sentrale posisie van die pos De Cuijlen het dus 'n rol gespeel in die geregspleging, in die grensgebied wat in hierdie ondersoek behandel word. By die pos is ook gedurende oorlogsalarms 'n opgesaalde perd gereed gehou, sodat 'n renbode die nuus daarvandaan verder kon versprei. Wanneer slawe in die Kolonie op vrye voet was, is 'n blou vlag by die pos gehys, om dit aan verbygangers bekend te maak.[149]

In navolging van Here Sewentien se opdragte van 14 Julie 1695 en 27 Junie 1699 om die landbou- en veeposte af te skaf, is die buitepos De Cuijlen in Junie 1700 per biljet geadverteer en op 'n publieke veiling verkoop vir 1 300 gulden. Goewerneur W.A. van der Stel het Here Sewentien in kennis gestel dat die eiendom bestaan uit 'n ou woonhuis, twee redelik goeie hokke, "een corael van aarde opgeset" ('n kraal met sooimure) en ander geboue ("verdere opstal"). Die plek was ongeveer vier uur van die Kasteel geleë, en

148. Ibid., 19.2.1696, pp. 158-163; C505 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - R. Diodati, 11.7.1696, pp. 142-143,157.

149. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 23.2.1689, p. 204; Ibid., 14.5.1690, p. 219; Ibid., 29.7.1690, p. 224.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



is op 15 Junie 1700 deur 'n gekommitteerde persoon vanaf die Nuwe Kat in die Kasteel opgeveil. Die verkoopsom van 1 300 gulden sou in drie paaiemente betaal word. Uit die verkoopkontrak wat saamgestuur is Nederland toe, kon Here Sewentien sien dat landerye aan die Kaap nie 'n goeie prys behaal het nie, want enigeen kon dit verniet kry.[150]

Die Goewerneur het nie bekend gemaak dat die lande reeds bewerk was, dat die weiding vet en waterryk was, dat die poshuis sentraal geleë was aan die hoofweg tussen Stellenbosch en die Kaap, en dat daar reeds 'n brug oor die rivier op die plaas was nie, anders sou Here Sewentien ewe verbaas oor die lae prys gewees het as wat kommissaris Cornelis Simons in 1708 was, toe hy ná W.A. van der Stel se afdanking die Kaap besoek het. Die landerye, het hy ontdek, is nie by die koopsom ingereken nie, en die koper het dus die volle voordeel van die V.O.C. se jarelange bewerking en ontwikkeling van die pos geniet.[151] Die koper was kaptein Oloff Bergh, 'n lid van die Politieke Raad.

Inligting oor die veeboerdery en die graanbou by die pos in die laaste dekade van die eeu, onder Simon van der Stel se bestuur, is skaars, en die pos is nie weer ná W.A. van der Stel se afdanking in gebruik geneem nie. Die grens van die Kolonie was toe reeds so ver as die Witsenberg en Waveren uitgebrei.

---

150. C507 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 14.3.1701, pp. 94-96.

151. C.G. Botha (red.): Collectanea, VRV I, pp. 38-39.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



d. Die buitepos Rietvalleij.

Die dekriet Chondropetalum tectocarpum wat op die sanderige vlaktes agter die seeduine van die Kaapse weskus groei, was die aangewese dakmateriaal van die V.O.C. se nedersetting aan die Kaap, omdat dit duursaam, waterdig en kosteloos te haal was. Die Nederlanders was reeds bekend met die kuns om huise met strooi, turf en riet te dek, en het aan die Kaap geleer watter materiaal om te benut, van die Hottentotte wie se huise uit oprolbare harubis-matte gemaak was.

Die dekriet is deur soldate in die Rietvlei gesny, in bossies gebind, en in die son neergelê om droog te word, totdat vervoer beskikbaar was om dit Kaap toe te neem. Omdat dekriet 'n stadig-groeiende gewas is, was dit so vroeg soos Julie 1656 reeds nodig om dekriet by Saldanhabaai te sny en daarvandaan per boot Kaap toe te bring. Die Kompanjie het soms ou kabeltou as dekmateriaal gebruik, maar die Vryburgers, wat die tou moes koop, het voorkeur gegee aan die kostelose dekriet. Soos die riet skaarser geword het, het die bedekking se prys egter gestyg, en teen 1705 het dit 'n huiseienaar tussen 300 en 350 ryksdalers aan arbeid en materiaal gekos om 'n rietdak op sy huis te sit.[152]

Die vlei genaamd Rietvlei het ontstaan deur die opdamming in die reënseisoen van die Dieprivier wat uit die Tygerberg-heuwels daarin gevloei het. In die droë seisoen het dele van die vlei opgedroog, en dan kon sout daarin versamel word. Die rivier wat uit die vlei gevloei het, het naby die see, en nie ver van die Kasteel nie, met die Liesbeeck-Swartrivier verenig, en dié samevloeiing is die Soutrivier genoem.

152. F. Valentijn: Beschryvinge . . ., VRV II, 2, i, p. 78.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



In 1674 het Hottentotte 1 000 bossies dekriet wat by die vlei op vervoer gewag het, aan die brand gesteek, maar die fisiese gevaar van veeroof of oorlog deur Hottentotte is nie meer as prohibitief beskou nie, en 'n veepos is vóór Julie 1676 deur goewerneur Goske of goewerneur Bax g.v. Herentals (nader inligting ontbreek) aan die Dieprivier noordoos van die vlei gestig. In Julie 1676 is die eerste veeopname by die buitepos Rietvlei gemaak. Daar was toe 54 skape.[154] Dat die poshuis nie by die vlei nie, maar noord daarvan geleë was, blyk uit die joernaal wat vaandrig Oloff Bergh op sy tweede ekspedisie na die Namaqua in 1683 gehou het. By sy terugkeer het hulle die Kaap uit die Noorde genader: "stelden onse coers na de riet valeij, daar wij teegens de middagh by quamen, daar wij bleijven vernaghten". (Hulle vernag dus by die poshuis, soos gebruiklik was, om hulle vee vir die nag in die buitepos se kraal te plaas.) "Sondag 24: Des morgens met den dagh sijn wij weeder vertrocken ende stelde onse coers na die riet valeij daar wy tegens de middaghs ten 11 uren by quaamen ende daar de beesten lieten eeten."[155] (Hier het hulle die vlei bereik.) Daar is dus 'n afstand tussen die poshuis en die vlei.

Luitenant Cruse is in Oktober 1676 uitgestuur op 'n ekspedisie teen kaptein Ngonnemoa se Cochoqua, sogenaamd om wraak te neem oor die moord op Nederlanders 'n paar jaar tevore, maar die ooglopende doel was dié wat deur die Politieke Raad gestel is: die Kompanjie het vee nodig gehad, en 'n groot retoervloot is verwag. Cruse kon nie die Cochoqua opspoor

153. J. van Riebeeck: Daghregister I, 8.10.1652, p. 70.

154. VC 7 Daghregister: 9.7.1676, p. 221.

155. VC 9 Daghregister: 24.10.1683, p. 1154.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


nie, en om nie sonder vee by die Kasteel terug te kom nie, het hy die Sonqua-kaptein Cees aangeval, 'n aantal van sy mense doodgeskiet en 165 beeste en 30 skape terug gebring.

Goewerneur Bax g.v. Herentals het 'n vergeldingsaanval op die poste van die noordelike grens van die Kolonie verwag en het daarom 'n mag van elf man onder 'n korporaal by die buitepos Rietvlei geplaas, om die Kompanjie se vee te bewaak.[156] Hierdie vergrote besetting kon 'n groter aantal vee behartig. Aan die einde van 1677 was daar altesaam 443 skape en 74 trekbeeste by die pos, maar toe die verwagte aanval teen Desember 1677 nog nie plaasgevind het nie, is die besetting weer tot die normale 3 man verklein.[157]

Die getalle van die Kompanjie se vee het met verloop van tyd só toegeneem dat veetroppe op ander plekke langs die Diepriviier geplaas is. Die monsterrol van 1680 toon dat twee beeswagters by die Rietvalleij en vier aan die Soutpan geplaas was. Laasgenoemde groep se funksie sou waarskynlik hoofsaaklik die sny van dekriet en die versamel van sout gewees het. In 1682 het Simon van der Stel self die buitepos Rietvalleij besoek om reëlings te tref vir die versorging van die groot getal skape wat daar aangehou is.[158]

Teen 1684 is Rietvalleij in 'n pos vir bokke omskep. Rycklof van Goens het goedgekeur dat daar hokke vir 'n duisend bokke gebou word. Die skape is nie dadelik daarvandaan weggeneem nie. Aan die einde van 1685 was daar

---

156. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 25.11.1676, p. 156; VC 7 Daghregister: 17.12.1676, p. 418.

157. VC 8 Daghregister: 20.12.1677, p. 420; C498 II Uitgaande Brieven: 15.5.1678, p. 1040.

158. VC 9 Daghregister: 1.12.1682, p. 777.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


204 bokke, 9 skaapramme en 634 skaaplammers by die pos.[159]

Die pos by Rietvalleij was 'n gereelde rusplek vir persone wat die Kaap uit die noorde genader het. Vir die soldate van die buitepos by Saldanhabaai was dit die laaste rusplek op hulle roete langs die weskus af. Daar was egter 'n aansienlike veiligheidsrisiko aan hierdie pos verbonde, wat ook die oorskakeling van skape na die goedkoper bokke mag verklaar. Vandat die pos gestig is, het leeus jaarliks beeste en skape gevang, en die veewagters het verskeie leeus daar doodgeskiet. In 1677 het die V.O.C. se hele beestrop een nag uit die kraal gebreek, en is na vier dae se soek anderkant die Blaauwberg (tans Blouberg) gevind. In 1687 het 'n olifant die poshuis beskadig, nadat dit eers die soldate wat uit Saldanhabaai in aantog was, op die vlug gejaag het. Die V.O.C. het in 1692 'n groot verlies gely toe drie dae se stormweer groot vleis veroorsaak het, waarin 40 van die trekosse by die buitepos verongeluk het.[160]

Here Sewentien se opdragte van 1695 en 1699, dat die Kaapse goewerneur van die Kompanjie se vee en landboubedrywighede ontslae moes raak, was natuurlik nie op die Kompanjie se trekvee van toepassing nie, anders sou dit die Kompanjie sonder landvervoer gelaat het. Goewerneur W.A. van der Stel het dié opdrag binne die perke van sy oortuiging uitgevoer, en het die skape en bokke van die Rietvalleij-pos aan die vryslagter Henning Hüsing verkoop. In November 1700 het die Goewerneur drie amptenare na Rietvalleij gestuur om pale te plant waarop die V.O.C. se embleem uitgesny is, om die

---

159. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 28.11.1684, p. 93; VC 10 Daghregister: 5.11.1685, p. 606.

160. VC 12 Daghregister: 9.6.1692, p. 818.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



gereserveerde weiding vir die V.O.C. se trekosse af te baken. Vryburgers wat hulle vee binne die afgebakende gebied laat wei, sou beboet word.[161]

Na 1700 is die getalle van die trekosse op die buitepos nie weer bekend gemaak nie. In 1705 was die pos "Rietveld" deur vier soldate en twee matrose beman.[162] In die volgende beskikbare monsterrol - dié van 1710 - word die buitepos Rietvalleij nie meer genoem nie.

161. VC 15 Daghregister: 6.11.1700, pp. 816-818.

162. VC 40 Monsterrolle: 1705, p. 99.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


e. Die buitepos Bommelshoek.

Die V.O.C. se veepos by Bommelshoek (ook Bommelshoek, Jan Bommelshoeck en Jan van Bommelshoeck genoem) was geleë waar die pad van die Kaap na Visserhoek die Dieprivier oorsteek, naby die sogenaamde Moordenaarskuil. Die plaas is tans bekend as Welbeloond.[163]

Die oorsprong van dié naam is onbekend, maar dit is moontlik afgelei van die stad van oorsprong van adelbors Jan Jansen, ook bekend as Jan van Bommel, wat sedert 1660 'n landbouer van die Kompanjie aan die Kaap was.[164] Bewyse ontbreek egter; daar kan geen direkte verband tussen hom en die betrokke buitepos gelê word nie. Verskeie ander tydgenote was ook van Bommel afkomstig. Die naam verskyn as Barmershoek op 'n ongedateerde kaart (maar van tussen 1688 en 1700), waarop 'n aantal ander buiteposte ook aangedui word.[164] Die naam dui op 'n soort baardvis wat vroeër in die Bergrivier gevang is.[165]

Die buitepos was saam met Rietvalleij en Visserhoek langs die Dieprivier geleë, op gelyke afstande van mekaar, met Bommelshoek in die middel. Dié drie poste was die eerste veeposte wat buite die veiligheid van "de begrepen cirkel" geplaas is, en was ongeveer vier uur te perd van die Kasteel

---

163. J. Barrow: Travels to the Interior of Southern Africa I, kaart teenoor p. 261; H. Fransen en M.A. Cook: The old houses of the Cape, p. 147; Sien ook: Kaart R.E.F.I.D. Sheet 6: Portion of Cape District, February 1902, Kantoor van Opmeting en Kartering, Mowbray.

164. Kaart M1/17: Die Kaapse nedersetting (1688-1700) (Kaapse Argief).

165. Vgl. J. van Riebeeck: Daghregister I, Bylae I, 23.10.1657, p. 454.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


geleë,[166] sodat dit nog binne bereikbare of veilige afstand van die hoofkwartier was, en skepe kon op kort kennisgewing daarvandaan ververs word. Geen graanbou is by die poste beoefen nie.

Die eerste aanduiding van die bestaan van die buitepos kom op 8 Julie 1676 voor, toe luitenant J. Cruse en fiskaal G. Muller daarheen gegaan het om die vee te tel. Daar was 136 ou-ooie, 250 jong ooie en 200 lammers. Die jaar daarop was daar 451 skape en 86 beeste.[167] Die pos dateer dus uit die regeringstyd van goewerneur I. Goske of goewerneur Bax g.v. Herentals, maar die stigtingsdatum is nie bekend nie.

Vier soldate is by die buitepos gestasioneer. In 1680 het aan die lig gekom dat hulle sout beesvleis en skaapvleis in hulle besit het wat nie aan hulle uitgereik is nie. Hulle is gevolglik van veediefstal aangekla, en die baasslagter Frederik Pockelman en sy assistent Jan van Beveren is vir hulle agtelosigheid en hulle aandeel aan die diefstal na Robbeneiland verban om hardearbeid te verrig. Kommandeur Van der Stel het dit hierna goedgevind om twee aparte ampte, naamlik dié van baasslagter en dié van opsiener oor die vee, te skep, sodat die twee opsigters mekaar in die verduistering van vee kon neutraliseer.[168]

Die getal soldate by die buitepos Bommelshoek het konstant op vier man gebly, tot die jaar 1683, toe die getal vee by die pos so vermeerder het dat nege man daar diens gedoen

---

166. G. Waterhouse (red.): Simon van der Stel's journey to Namaqualand in 1685, p. 411.

167. VC 7 Daghregister: 9.7.1676, p. 218; VC 8 Daghregister: 20.12.1677, p. 420.

168. VC 9 Daghregister: 16.1.1680, p. 13; Ibid., 5.2.1680, pp. 24-25.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


het. Die jaar daarop is die vee versprei na die nuwe poste by Clapmuts, Tygerberg en De Cuijlen, om die Dieprivier-omgewing teen oorbeweiding te beskerm. Daarop het die getal soldate van die besetting weer tot vier gedaal. In November 1685 was daar 758 skape, waaronder 579 aanteelooie en 10 ramme, by die pos.[169]

Omdat die pos aan die Dieprivier geleë was, is die naam Dieprivier soms as alternatief vir Bommelshoek gebruik. So het sersant Oloff Bergh op sy tog na die Namaqua in 1683, twee beseerde pakosse agtergelaat "aan de Diepe rivier by Jan Bombel". 'n Jaar later is twee dooie leeus wat by "'s Compagnies Buijtenpost de Diepe Rivier alias Bommelshoeck genaamt", geskiet is, na die Kasteel gebring. Die verwarring vergroot wanneer die monsterrol van 1684 opgee dat vier soldate by Bommelshoek en twee by Dieprivier gestasioneer is. Laasgenoemde is waarskynlik 'n vergissing vir Rietvalleij.[170]

Die pos was die laaste rusplek van kommandeur Simon van der Stel op sy terugreis van Namaqualand in 1686. Hy het die nag van 25 Januarie 1686 met sy gevolg by die pos geslaap en die volgende oggend met 'n klein geleide vooruit na die Kasteel gery, met die opdrag dat die res van die geselskap eers om twaalfuur moes volg.[171]

---

169. C500 I Uitgaande Brieven: 20.5.1683, p. 463; C500 II Uitgaande Brieven: 26.4.1684, p. 530; VC 10 Daghregister: 5.11.1685, p. 607.

170. VC 9 Daghregister: 10.9.1683; VC 10 Daghregister: 6.9.1684, p. 362; C500 II Uitgaande Brieven: 26.4.1684, p. 530.

171. G. Waterhouse (red.): Simon van der Stel's journey . . ., p. 410.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Die pos is in 1685 saam met die ander buiteposte onder die gesag van die Landdros geplaas. Daar bestaan egter 'n misleidende verwysing na die buitepos in die Resolusies van die Politieke Raad van 1683. Volgens 'n besluit van 6 Desember 1683, wat deur S. van der Stel en sekunde A. de Man alleen onderteken is, het die burger Tijs Michielsz die Raad versoek om die bouvallige skaapstal Bommelshoek, geleë "in omtrent de Steenbergh", te mag koop. Die Raad het die aansoek goedgekeur.[172] Simon van der Stel sou geweet het hoe ver Bommelshoek van die Steenberg geleë was. Aangesien Michielsz in 1680 getroud is met die weduwee Catharina Ustinghs (die bekende Tryn Ras), wat reeds grond aan die Steenberg besit het, ontstaan 'n vermoede dat dit nie Bommelshoek nie, maar die veepos "Aan de Steenbergh" is, wat hier verkoop is. Genoemde veepos "Aan de Steenbergh" het ongeveer dieselfde tyd ophou bestaan.

Die aktiwiteit op Bommelshoek is nie hierna gestaak nie. Tydens die regering van goewerneur W.A. van der Stel is daar nog vee op die buitepos Bommelshoek aangehou, maar die soorte en die hoeveelheid vee, en die sterkte van die besetting, word nie meer vermeld nie. Die Goewerneur het die buitepos persoonlik besoek op 15 September 1700 en het daar sekere opdragte gegee.[173]

Die monsterrolle vir die onderskeie poste word in 1705 vir die eerste keer na W.A. van der Stel se aanstelling hervat, en dan verskyn die naam Bommelshoek nie meer op die lys van besette buiteposte nie. In opdrag van Here Sewentien is die veeteelt aan Vryburgers oorgelaat, en aangesien Bommelshoek 'n suiwer veepos was, het hy uitgedien geraak.

---

172. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 6.12.1683, p. 75.

173. VC 15 Daghregister: 15.9.1700, p. 791.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



## f. Die buitepos Vissershoek.

Die buitepos Vissershoek was geleë aan die Dieprivier, 'n paar kilometer noordoos van Bommelshoek, en word tydens die regeringstyd van Simon van der Stel die eerste keer onder dié naam in dokumente vermeld, wanneer 'n vee-opname van 5 November 1685 aangee dat "aan Hendrik Vissershoek" 584 van die Kompanjie se hamels wei.[174] Die veepos is dus ongeveer nege of tien jaar ná Rietvalleij en Bommelshoek gestig. Op Hoë Kommissaris H.A. van Reede se besoek in April 1685 was daar reeds 'n naamlose veepos, twee (Nederlandse) myle (14,8 km) hoër op van Bommelshoek, aan die rivier.[175] Miskien is dit die pos waarna met die naam "Dieprivier" verwys word in die monsterrol van 1684, waar 4 soldate aan Bommelshoek en nog 2 soldate aan "Dieprivier" gestasioneer word. By gebrek aan verdere inligting, kan 'n vaste datum vir die stigting van dié pos nie bepaal word nie.

Daar is nie verdere verwysings na die pos onder die naam Vissershoek in die dokumente uit Simon van der Stel se regeringstyd nie, maar die pos verskyn op 'n kaart van die Kolonie wat tussen 1688 en 1700 geteken is, en waarop meeste van die buiteposte van die Tweede Grens aangedui is.[176]

Here Sewentien se opdragte van 1695 en 1699 aan die Kaapse regering om die landbou en veeteelt aan die Vryburgers oor te laat, is in die geval van die buitepos Vissershoek nie uitgevoer nie. In 1704 was daar drie man by die pos gese-

---

174. VC 10 Daghregister: 5.11.1685, p. 606.

175. C 38 Joernaal van H.A. van Reede: p. 229.

176. Kaart M1/17: Die Kaapse Nedersetting, 1685-1700 (Kaapse Argief).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



tel, en in 1705 was daar een adelbors en 'n matroos.[177] Goewerneur W.A. van der Stel en die Politieke Raad het op 11 Mei 1706 besluit om al die V.O.C. se bokke by Vissershoek van die hand te sit, omdat hulle van weinig nut was. Hieruit is af te lei dat die vleistekort vir goed verby was, en dat die Kompanjie se vee - selfs dié van weinig nut - nie in 1699 verkoop is nie. Die 202 bokke is op 1 Junie 1706 opgeveil vir 129 5/8 ryksdalers. 'n Week na die Raadsbesluit hierbo genoem, is die Kompanjie se melkboer deur slawe op Vissershoek vermoor.[178] Dié brokkie inligting gee weer 'n aanduiding van die mate waarin Here Sewentien se opdragte verontagsaam is, omdat die Kompanjie sy suiwelprodukte nog self gemaak, en nie van die Vryburgers gekoop het nie.

Die tekort aan trekvee wat die V.O.C. in 1705 ondervind het, het genoodsaak dat landdros Starrenburg na die Hottentotte van die weskus moes gaan om trekvee te probeer bekom. Die 174 osse wat hy teruggebring het, was meesal jong vee en nog nie vir werk geskik nie, daarom is hulle nie na De Schuer nie, maar by Vissershoek op die rand van die Kolonie geplaas, totdat hulle uitgegroei sou wees.[179]

Landdros Starrenburg het sy mag van veldwagters, soldate en klerke by Vissershoek versamel tydens goewerneur W.A. van der Stel se stryd teen die Vryburgers. Hiervan-

---

177. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 28.3.1705, p. 581; VC 40 Monsterrol 1705: p. 101.

178. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 24.6.1706, p. 1203; VC 17 Daghregister: 14.5.1706, p. 466.

179. F. Valentyn: Beschryvinge . . ., VRV II, 2, ii, p. 56.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



daan het hy hulle snags geneem om Vryburgers se huise te bekruip met die doel om hulle te arresteer. Die Goewerneur se ander band met Vissershoek het bestaan in sy private veetroppe wat daar op regeringsgrond gewei het, wat ook die rede verskaf waarom W.A. van der Stel nie hierdie pos wou afskaf nie in stryd met Here Sewentien se opdrag, en waarom hy die V.O.C. se bokke in 1706 daarvandaan weggeneem het. Die toeëiening van dié regeringspos is een van die griewe wat die Vryburgers in hul klagskrif teen die Goewerneur by name uitsonder.[180]

Vissershoek was 'n goedgeleë, waterryke pos, met goeie landbougrond, wat veral vir graan geskik was. Na goewerneur W.A. van der Stel se ontslag het die Kompanjie die pos met slawe-arbeid bewerk, en met gars en rog besaai as voer vir die Kompanjie se perde.[181]

180. C508 Uitgaande Brieven: J. Starrenburg - W.A. van der Stel, 2.10.1706, pp. 44-55; L. Fouche (red.): Dagboek van A. Tas, VRV II, i, p. 334.

181. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad IV, 8.11.1711, p. 228.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



g. Die buitepos Elsjes Corael.

Die Kompanjie het sedert 1682 skape onder beskerming van soldate in die Tygerberg-gebied laat wei, maar die plek waar hulle opstal geleë was, word nie presies aangedui nie. Verskillende name word vir die pos aangegee.[182] In 1682 was daar drie soldate op die buitepos gestasioneer, in 1683 was daar twee, en in 1685 was daar drie man. Die las van groot getalle roofdiere in die omgewing het Simon van der Stel laat besluit om 'n vaste kraal van hout en 'n woning of poshuis vir die herders te bou om die oorspronklike takkraal mee te vervang. Drie leeus is in 1684 binne twee weke by die pos doodgeskiet. Daar was in 1685 reeds 995 skape op die Tygerberg-pos, en die verdringing van die natuurlike wild het waarskynlik die roofdiere na mak prooi laat soek.[183]

Op 25 April 1686 het kommandeur Van der Stel teenoor die Politieke Raad bekend gemaak dat die V.O.C. se besittings aan die Kaap daagliks uitbrei, en dat daar betyds genoeg grond vir landbou en veeteelt opsy gesit moes word. Vir die V.O.C. se doel was die beste grond dié wat aan die Tygerberg geleë was. Dit was nodig om die Vryburgers, na anderhalf jaar se waarskuwing, daarvandaan weg te stuur. Hulle sou met ander grond vergoed word.[184]

In Februarie 1688, toe die agtien maande se grasie aan die

---

182. C500 I, Uitgaande Brieven: 19.2.1682, p. 123; Ibid., 20.5.1683, p. 462; C501 Uitgaande Brieven: 24.3.1685, p. 102.

183. VC 10 Daghregister: 17.6.1684, p. 321; Ibid., 5.11.1685, p. 607.

184. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 25.4.1686, p. 125.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Vryburgers verstreke was, het Van der Stel aan die Kompanjie se houtkappers opdrag gegee om timmerhout voor te berei vir 'n skaapkraal van 300 voet (91,5 m) in vierkant. In Maart het hy na 'n geskikte plek gaan soek om die kraal te bou, waar dit die vee teen die weer en teen roofdiere sou kon beskerm. Hy het daar opdragte gegee vir die konstruksie van skaaphokke, en het twee plekke aangewys waar die Kompanjie se groot getal vee moes wei.[185]

In Oktober 1688, toe Van der Stel van 'n lang inspeksietog van die buiteposte langs die grense van die Kolonie terugkeer, het hy twee dae by die nuwe poshuis deurgebring om toesig oor die oprigting van die groot skaaphok te hou. Diè hok sou 4 000 skape kon huisves. Die naam "elsjes coral" (later Elsieskraal) is by diè geleentheid gebruik vir die plek waar die groot hok gebou is.[186] Die naam Elsieskraalrivier is later gegee aan die riviertjie wat verby die pos gevloei het. Landdros Muller is in Desember 1688 gelas om dekriet met agt ossewaens te laat aanry vir die Kompanjie se skaaphok in die Tygervallei. Twee jaar later, op 31 Januarie 1690, het die poshuis en die skaaphok afgebrand. Dit is nie bekend of daar met die brand veeverlies was nie, en geen verklaring word vir die brand gegee nie.[187]

Die Politieke Raad het in 1689, tydens die oorlog teen Frankryk, 'n paraatheidsplan vir die Kolonie opgestel. 'n Opgesaalde perd moes by die Tygerberg-pos gereed staan, sodat 'n alarm so vinnig as moontlik deur die Kolonie versprei

---

185. SA 2/6/3 Daghregister: 28.2.1688; Ibid., 6.3.1688; Ibid., 8.3.1688.

186. SA 2/6/4 Daghregister: 27.10.1688.

187. C502 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - J. Muller, 24.12.1688, pp. 252-253; VC 12 Daghregister: 1.2.1690, pp. 372-273.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


kon word. Die boodskapper se volgende perd is by die buitepos De Cuijlen gereed gehou.[188]

Here Sewentien se opdrag van 1695 aan die Kaapse goewerneur om van die V.O.C. se veeposte en landbouposte ontslae te raak, is nie deur Simon van der Stel uitgevoer nie. Na die tweede opdrag in 1699, het goewerneur W.A. van der Stel die pos Elsjes Corael per biljet laat adverteer. Daar het 'n groot en goeie skaaphok by die pos gestaan, en dit is tesaam met die grond waarop dit gebou is, op 15 Junie 1700 van die Nuwe Kat in die Kasteel opgeveil, en vir 3 400 gulden verkoop. Soos in die geval van die buitepos De Cuijlen, is die transaksie in 1708 deur kommissaris Cornelis J. Simons bevraagteken, omdat daar in die koopkontrak geen verwysing was na die bewerkte landerye en ander grond wat die poshuis en die stalle omring het nie,[189] en wat dus gratis aan 'n begunstigde koper gegaan het.

---

188. VC 12 Daghregister: 23.2.1689, p. 134.

189. C507 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 14.3.1701, pp. 94-96; C.G. Botha (red.): Collectanea, VRV I, 5, pp. 38-39.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



h. Die buiteposte by die Steenberg.

Die Politieke Raad het op 1 Desember 1671 besluit om luitenant Breitenbach en landmeter Wittebol op 'n besigtigings- en opmetingsreis na Hottentots-Holland en daarna ook na Valsbaai te laat gaan. Die twee gekommitteerdes het die strande van Valsbaai op 17 Desember 1671 so ver soos Ijselsteynbaai ondersoek. Op die bergtop het hulle 'n geskikte plek vir 'n waghuis gevind, waar 'n vlag gehys sou kon word as daar skepe in aantog was. Daarmee sou die V.O.C. se formele besit van dié omgewing bewys word.[190] Dié plan is nie verder ontwikkel nie.

Agt maande later het twee gekommitteerdes na Valsbaai vertrek om planne te beraam oor hoe daar van die hoë bergpieke wat op die see neerkyk, teen die koms van vreemde skepe gewaarsku sou kon word. Nederland het in oorlog verkeer teen sowel Engeland as Frankryk, en as die Kaapse verversingspos in die vyand se hande val, sou dit die V.O.C. se Oosterse handel heeltemal ontwrig. Die Politieke Raad het op 30 Augustus 1672 besluit om 'n vlagseinstelsel te ontwerp, sodat die Kasteel vroegtydig teen die koms van vyandelike skepe gewaarsku kon word, en op 1 September 1672 het die twee ondersoekers verslag van hulle bevindinge gedoen. Die Raadsbesluit om seinvlagpale op die bergpieke te plant is ongelukkig onvolledig, en die name van die pieke word weggelaat, met 'n oop spasie in plaas van die naam, sodat dit later ingevul kon word.[191] Daar is dus by dié geleentheid nie 'n definitiewe besluit geneem nie en die name is ook nie

---

190. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 1.12.1671, p. 69; VC 6 Daghregister: 30.12.1671, pp. 232-233.

191. Ibid., 30.8.1672, p. 95.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



later bekend gemaak nie. Vroeg in die volgende jaar is die hoeker Goudvinck na 'n inham (moontlik die huidige Koeëlbaai of Gordonsbaai) aan die oostekant van Valsbaai gestuur, om daar op wag te lê en 'n boodskap na Batavia te neem indien die Kaap deur vyande verower sou word.[192]

Terselfdertyd (in Januarie 1673) is buitengewone, plaaslik-gemaakte seinvlae oorland gestuur "naar de buijteposte Steenberg, de Taeffelbergh en in de Clooff", wat aan aankomende V.O.C.-skepe vertoon moes word as dit vir hulle veilig was om Tafelbaai binne te vaar. Die seinpos in die kloof tussen Tafelberg en Leeukop het sedert Van Riebeeck se tyd bestaan, terwyl 'n seiner op Tafelberg daagliks uit die Kasteel na sy uitkykpos gestuur kon word, maar so-iets sou nie moontlik wees met die afgeleë Steenberg nie, en seiners wat daar geplaas is, sou 'n bemande pos moes hou. Aangesien die uitkyk op skepe nie 'n baie aktiewe funksie was nie, het die Kompanjie die take van beeswagter en uitkyker verenig, en die seinvlag aan die veewagters gestuur van die buitepos agter die Steenberg, wat ongeveer ses maande tevore gestig is.[193]

Die eerste vermelding van 'n besetting agter die Steenberg kom in September 1672 voor, kort nadat die twee gekommitteerdes die moontlikhede van 'n vlagseinstelsel van die bergpieke in die omgewing ondersoek het. Die inskrywing vir 11 September 1672 in die Dagregister meld dat 'n leeu skape gevang het by die kort-tevore opgesette kraal agter die Steenberg, waar die herders ook gewoon het. Wanneer hulle

---

192. C496 I Uitgaande Brieven: I. Goske - Opperhoofde van De Goutvinck, 26.1.1673, pp. 352-357.

193. VC 6 Daghregister: 21.1.1673, p. 617.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



later die leeu doodskiet, ontvang hulle die gewone vergoeding vir hulle daad. Later in dieselfde jaar gaan die Fiskaal en die Dispensier na die pos "Aghter den Steenbergh" om die vee te tel, maar hulle bevinding word nie bekend gemaak nie. Hierdie pos het dus die dubbele rol van seinpos en veepos vervul.[194]

In 1676 het die Kompanjie twee poste, "Aan de Steenbergh" en "Aghter de Steenbergh", beset. Die vae beskrywing van dié jaar se vee-opnemers gee nie 'n aanduiding van die presiese ligging van die twee poste nie. Hulle vind: "in de binnekant van de Steenbergh off Oostzyde op de post", (dit dui op die huidige Tokai-Westlake gebied, 'n uitgestrekte waterryke omgewing, wat Simon van der Stel in sy later jare as sy private weiding beskou het) dat 2 soldate oor 415 skape waghou, elk met 'n snaphaan en 'n hooisens, terwyl "agter de Steenberg off westayde van de post", drie soldate waghou oor 277 koeie, met twee snaphane, 'n byl en 'n geteerde tent. Die tentwoning van die westelike groep dui op 'n groter mobiliteit as hulle oostelike kollegas, wat waarskynlik die gevolg was van die skraler weiding aan die westekant van die berg.[195]

By die pos "Agter die Steenberg" het waarskynlik nie 'n kraal of skaaphok bestaan nie. Die vee is deur leeus doodgemaak, deur Hottentotte gesteel, en eenmaal het 'n aantal kalwers en skape weggespoel in 'n wolkbreuk "gelijckende byna een tweede sontvloed". Die soldate het hul eie lewens probeer red deur in bome te klim, maar sommige bome is ook weggespoel.[196]

---

194. Ibid., 11.9.1672, pp. 439-440; Ibid., 4.11.1672, p. 507; Ibid., 7.11.1672, p. 510.

195. VC 7 Daghregister: 18.12.1676, p. 414.

196. VC 6 Daghregister: 11.9.1672, p. 439; VC 7 Daghregister: 3.1.1674, pp. 3-4; VC 8 Daghregister: 24.1.1677, pp. 40, 41, 42.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Twee van die soldate wat by die pos as herders opgetree het, Hemminck (sic) Huijsen (sic) en Claas Gerrits, het by die verstryking van hulle dienskontrak in 1678 om Vryburgerskap aansoek gedoen, en gevra of hulle 'n eie trop skape op die uiterste uithoek van die Steenberg mag aanhou. Hierdie weiding was te ver suid om die V.O.C. van enige nut te wees, en hulle versoek is toegestaan. As vergoeding moes hulle jaarliks op 31 Desember 'n tiende van hulle trop aan die Kompanjie gee. Die eerste jaar sou die Kompanjie vir hulle 40 pond rys en 40 pond skeepsbrood op rekening voorskiet, en hulle moes tien jaar lank Vryburgers bly. Die jaar daarop het hulle veetrop al so aangegroei dat hulle versoek het om anderkant die Eersterivier te laat wei, op betaling van rekognisiegeld. 'n Paar maande later is die kolonie Stellenbosch oopgestel, en Hüsing kon as vryslagter die fondamente van sy Welmoed, later ook Meerlust, en sy reusagtige skaapboerdery lê.[197]

Teen 1690 was "Aghter de Steenbergh" nog steeds 'n besette veepos van die Kompanjie. Die opsiener Jan Greve het die berge om die pos dié jaar met 'n aantal helpers gepatrolleer op soek na gedroste slawe.[198] Hierna word die pos nie meer genoem nie.

Verwysings na die pos "Aan de Steenbergh" kom na 1683 nie meer voor nie. Deur 'n Raadsbesluit van 6 Desember 1683 is die vervalle skaapstalling "genaamd Bommelshoek in omtrent de Steenbergh geleegen", aan die vryburger Tijs Michielsz verkoop. Die naam Bommelshoeck behoort egter aan 'n veepos noordoos van Rietvlei, en hier word waarskynlik na die stalling van die pos "Aan de Steenbergh" verwys, veral omdat

---

197. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 25.2.1678, p. 220; Ibid., 5.8.1679, p. 301.

198. C502 Uitgaande Briewe: S. van der Stel - J. Muller, 31.7.1690, pp. 753-764.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Michielsz drie jaar tevore getroud is met Catharina Ras wat reeds grond (die plaas Swaanswyk) aan die Steenberg besit het. Dit is nie bekend waarom hierdie pos gesluit is nie. Die volgende tabel gee die beskikbare besonderhede oor die tydsduur, bemanning en veegetalle van dié twee poste:

TABEL 6: Gegewens oor die pos "Aghter de Steenbergh".[199]

| Datum van opname | Bemanning | Vee |
|---|---|---|
| 1.5.1673 | 3 herders | 277 koeie |
| 18.12.1676 | 3 herders | - |
| 15.3.1677 | 3 herders | 201 beeste |
| 25.8.1677 | - | 210 beeste |
| 20.12.1677 | - | - |
| 15.5.1678 | 2 herders | - |
| 31.3.1679 | 4 herders | - |
| 29.5.1679 | 3 herders | - |
| 20.3.1681 | 2 herders | - |
| 19.2.1682 | 4 herders | - |
| 20.5.1683 | 2 herders | - |
| 24.3.1685 | 2 herders | - |
| 5.11.1685 | - | 79 trekbeeste |

199. C496 Uitgaande Brieven: 1.5.1673, p. 642; VC 7 Daghregister: 18.12.1676, p. 414; VC 8 Daghregister: 15.3.1677, pp. 547-550; Ibid., 25.8.1677, p. 304; Ibid., 20.12.1677, p. 420; C498 II Uitgaande Brieven: 15.5.1678, p. 1040; C499 I Uitgaande Brieven: 31.3.1679, p. 160; Ibid., 29.5.1679, p. 254; C499 II Uitgaande Brieven: 20.3.1681, p. 809; C500 I Uitgaande Brieven: 19.2.1682, p. 123; Ibid., 20.5.1683, p. 464; C501 Uitgaande Brieven: 24.3.1685, p. 102; VC 10 Daghregister: 5.11.1685, p. 608.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


TABEL 7: Gegewens oor die pos "Aan de Steenbergh".[200]

| Datum van opname | Bemanning | Vee |
|---|---|---|
| 18.12.1676 | 2 herders | 415 skape |
| 15.3.1677 | 5 herders | - |
| 15.5.1678 | 2 herders | - |
| 31.3.1679 | 3 herders | - |
| 29.5.1679 | 3 herders | - |
| 20.3.1681 | 2 herders | - |
| 19.2.1682 | 2 herders | - |
| 26.4.1684 | 2 bergwerkers | - |
| 24.3.1685 | 5 bergwerkers | - |

Mynbouposte:

'n Paar jaar lank is geprobeer om vir silwer in die hang van die Steenberg te prospekteer. Simon van der Stel en 'n gekose kommissie het die mynskag in 1685 besoek, en Hoë Kommissaris van Reede het bevind dat die myn geen silwer of enigiets anders as goeie koper lewer nie, en op hoop van iets beter moes die skag met nog 27 of 28 vaam (ongeveer 50 m) verdiep word.[201]

Vroeg in 1686 het Van der Stel weer die Steenbergmyn, en ook 'n nuwe skag by Wittebome, nader aan die Boschheuwel,

200. VC 7 Daghregister: 18.12.1676, p. 414; VC 8 Daghregister: 15.3.1677, pp. 547-550; C498 II Uitgaande Brieven: 15.5.1678, p. 1040; C499 I Uitgaande Brieven: 31.3.1679, p. 160; Ibid., 29.5.1679, p. 254; C499 II Uitgaande Brieven: 20.3.1681, p. 809; C500 I Uitgaande Brieven: 19.2.1682, p. 123; C500 II Uitgaande Brieven: 26.4.1684, p. 530; C501 Uitgaande Brieven: 24.3.1685, p. 102.

201. VC 10 Daghregister: 4.3.1685, p. 436; A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, H.A. van Reede - S. van der Stel, 16.7.1685, p. 214.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



besoek. Hy het ongeveer 'n week lank daar gebly; dit was nie ver van sy plaas Constantia nie. Twee van die mynwerkers by Wittebome het hom toe gevra om na die V.O.C. se goudmyn by Sillida op die weskus van Sumatra verplaas te word, want na hulle mening was die Wittebomemyn sonder erts en het die ondergrondse water daagliks in die skag gestyg. Hulle het gevolglik die werk as nutteloos, duur en gevaarlik beskou. Die Politieke Raad het toe besluit om die baasmynwerker Frederik van Werlinghof daaroor te ondervra. Hy het getuig dat daar geen winsgewende erts was nie, en het daarna sonder toestemming die Steenbergmyn vol water laat loop, en dit met klippe en takke gevul.[202]

Voordat die mynwerkers toegelaat is om te vertrek, het Van der Stel die skag laat dreineer deur 'n dwarsgang laer af teen die berg te laat grawe. Om die Kompanjie se arbeiders te spaar, het hy bandiete en afgeleefde mense gebruik. Nadat die rommel uit die skag verwyder is, het gekommitteerdes die tonnels en die kwaliteit van die erts ondersoek. Nadat hulle verslag gelewer het dat die myn totaal sonder nut was, het die mynwerkers na Sumatra vertrek. Die myn is in Julie 1686 gesluit, en die grond in die Steenbergvallei is aan nuwe landbouers uitgedeel.[203]

Nadat Simon van der Stel in 1685 ook 'n plaas in die vallei ontvang het, is sy grond van tyd tot tyd deur toevoegings vergroot, totdat die grootste deel van die Steenbergvallei sy private veeweide geword het.[204]


---

202. VC 10 Daghregister: 3.5.1686, pp. 715-716; Ibid., 8.6.1686, p. 794; Ibid., 27.6.1686, pp. 811-812.

203. C501 Uitgaande Brieven: S. van der Stel - Here XVII, 18.4.1687, p. 658; VC 10 Daghregister: 1.7.1686, p. 815; Ibid., 11.8.1686, p. 874.

204. F. Valentijn: Beschryvinge . . ., VRV II, 2, i, p. 78; RLR Oude Wildschutte Boek I, 1.2.1700, p. 138.

# DIE BUITEPOSTE VAN DIE DERDE GRENS – 1703



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


## 3. POSTE VAN DIE DERDE GRENS

### a. Waveren-Bergrivier.

(1) Land van Waveren (2) Elandskloof (3) Songuasdrift (4) Riebeeck-Kasteel (5) Vogel valleij.

Die "vryburgerkolonies" om die Kaapse nedersetting, Stellenbosch en Drakenstein het in 1700 uit 458 manlike vryburgers bestaan, wat 533 perde, 8 957 beeste, 53 971 skape, 390 varke en 1 777 000 wingerdstokke besit het. Daarbenewens het die Kompanjie self 295 perde, 1 929 beeste, 5 956 skape en 39 esels besit.[1] Uitbreiding buite die grense wat vóór 1699 gedien het, was nou 'n noodwendigheid. Uitbreiding buite die Kaapse Skiereiland sou noodwendig ten koste van die inboorlinge geskied, ten opsigte van die verlies van hulle weiding en bronne van water, brandhout en veldkos, maar hulle belangè was ondergeskik aan 'n groter oorweging, naamlik die bestendige verversing van die V.O.C. se skepe. Here Sewentien het teen 1695 reeds besluit om die Kompanjie se boerderybedrywighede te staak, en omdat die Hottentotte nie langer hulle vee deur ruil aan die V.O.C. wou of kon afstaan nie, is Vryburgers aangemoedig om die beskikbare landbougrond terwille van die graan- en vleisvoorsiening te beset.

Here Sewentien se tweede opdrag tot die afskaffing van die landbouposte is ontvang 'n paar maande nadat goewerneur W.A. van der Stel die bewind aan die Kaap oorgeneem het. Die uittredende goewerneur S. van der Stel het ook 'n memorie aan sy opvolger nagelaat, waarin hy hom aanraai om die veeposte op te breek, aangesien die Vryburgers se vee so toegeneem het dat hulle na ongeveer drie jaar in al die

1. C506 Uitgaande Brieven: W. Valckenier, W.A. van der Stel e.a. - Here XVII, 1.3.1700, pp. 703-704.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



V.O.C. se behoeftes sou kon voorsien.[2]

Die nuwe goewerneur het op 23 November 1699 op 'n inspeksiereis na die noordoostelike grens van die Kolonie vertrek, om die landboumoontlikhede te ondersoek, en om geskikte plase te soek vir die toenemende getal Vryburgers wat nie meer binne die bestaande Kaapse grense grond kon kry nie.[3] Nadat hy uit die Drakensteinvallei na die Wamakersvallei gereis het, het hy verder noord langs die Bergrivier nog Vryburgers aangetref, wat hulle vee daar laat wei het. In die bergreeks oos van die rivier was 'n lae nek waar die geselskap kon oorsteek na 'n vallei anderkant die berg. Hierdie vallei is reeds in 1658 deur die landmeter Pieter Potter besoek. Goewerneur Van der Stel het nou die naam Het Land van Waveren aan die vallei gegee, en die hoë bergreeks wat die vallei aan die oostekant afsluit, het hy "de Witsenberg" genoem. Die Breederivier het deur die vallei gevloei, en die Klein Bergrivier het uit die oostelike heuwels in die vallei ontstaan en deur 'n kloof in die westelike bergketting gevloei om by die Bergrivier (of Groot Bergrivier) aan te sluit. Die vallei was uitmuntend geskik vir weiding, landbou en vrugtebome.

Die ekspedisie was op 14 Desember 1699 terug by die Kasteel, en daarna is reëlings getref om 'n groep setlaars in die nuwe Kolonie te vestig.

Vroeg in die jaar 1700 het die Goewerneur weilisensies aan Vryburgers toegestaan om hul vee in die omgewing van Riebeeck-Kasteel te laat wei, waar hulle reeds sonder toestemming was. Die Riebeeck-Kasteel gebied langs die Bergrivier noord van die Wamakersvallei was nie onbekende of onbetrede omgewing,

2. A.J. Böeseken (red.): Memoriën en Instructiën, S. van der Stel - W.A. van der Stel, 30.3.1699, p. 236.

3. VC 15 Daghregister: 23.11.1699, p. 482.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


soos die geval met die Waverenvallei was nie. Dit was vroeër deel van Ngonnemoa se sterk Cochoqua se weigebied maar diê stam is met verloop van tyd erg verswak, en in 1700 het goewerneur W.A. van der Stel net verspreide groepies inboorlinge daar aangetref. Die Bergrivier, Klein Bergrivier, Voëlvlei, Vierentwintigriviere en ander standhoudende water het die omgewing 'n aantreklike weiding vir eienaars van beeste en skape gemaak. Hierdie nuwe uitbreiding van die Kompanjie se grense was dus ten noorde van die Wagenmakersvallei, aan weerskante van die Slanghoek-, Obiqua- en Limietberge. Here Sewentien het die uitbreiding goedgekeur, en die Goewerneur beloof om hom te help waar hulle kon, met die uitstuur van Vryburgers, timmerhout, ensovoorts. 'n Sterk landboukolonie aan die Kaap kon die V.O.C. die moeite en onkoste van die landbou-buiteposte bespaar, en die skeepsverversing verseker.[4]

Die stigting van die buitepos Waveren.

Korporaal Gotfried Douderstadt en ses soldate het op 31 Julie 1700 van die Kasteel vertrek met 'n groep nuwe landbouers, sommige waarvan deur Here Sewentien uit Nederland gestuur is, sowel as ander wat, weens die beknoptheid in die Drakensteinvallei, nie daar 'n bestaan kon maak nie. Hierdie groep setlaars sou oor die "roode sand" (die ingang tot die vallei) na die Land van Waveren trek, 'n gebied wat nog nie tevore deur Europeërs bewoon is nie. Hulle vrouens en kinders sou voorlopig in die Kaap bly, totdat die werk aan die gang gesit is. Korporaal Douderstadt se soldate sou die pioniers teen inboorlinge en wilde diere beskerm. Vier ossewaens het hul kos en ander voorraad uit die Kaap tot op Stellenbosch vervoer.[5]

---

4. C367 Inkomende Brieven: Here XVII - W.A. van der Stel, 23.6.1700, pp. 169-170.

5. VC 15 Daghregister: 31.7.1700, pp. 763-764.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Vier waens is op Stellenbosch vir die tweede skof gekommandeer, maar het net so ver as die vryburger Francois du Toit in Drakenstein gekom, want landdros Ditmars kon net verskonings, maar geen waens by die Drakensteinse boere te leen kry nie. Korporaal Douderstadt en die setlaars het in Drakenstein bly sit en daar hulle rantsoene opgebruik. Die Goewerneur het landdros Ditmars beveel om die burgers bymekaar te roep en sy opdrag aan hulle voor te lees. Dan moes hulle lootjies trek om te bepaal wie die waens en osse sou voorsien. As hulle daarna nog onwillig was, moes hy hulle name na die Kasteel stuur sodat teen hulle opgetree kon word.[6]

Op 17 Oktober 1700 het nog Vryburgers, en ook die vrouens en kinders, met hul bagasie en proviand op ses waens na die nuwe kolonie in Waveren vertrek. Die Kompanjie het drie waens gegee, wat vir die hele reis gebruik sou word. Die orige drie waens, wat van Kaapse burgers gekommandeer is, is op Stellenbosch, en weer in Drakenstein, vervang met waens wat in die betrokke wyke gekommandeer is.[7]

Aanvalle deur inboorlinge op die nuwe nedersetters het binne maande begin. Militêre poste sou nodig wees om hulle teen 'n verskeidenheid van gevare te beskerm. Die presiese stigtingsdatums van die vyf militêre poste is nie bekend nie, en hulle liggings kan net afgelei word uit die vae benamings wat daaraan gegee is. By elkeen van die poste het die soldate help waak oor die vee van die Kompanjie én die Koloniste, wat bymekaar gewei het.

Landdros Ditmars het in Maart 1701 aan goewerneur W.A. van der Stel geskryf dat Ubiqua uit die binneland oor die

6. Ibid., 9.8.1700, p. 767; Ibid., pp. 768-770.

7. Ibid., 17.10.1700, pp. 806-807.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Roodesand (met ander woorde die meer noordelike van die twee berg-deurgange) gekom het, en die veepos van die burger Gerrit Cloeten beroof het van 40 beeste. Hulle sou gespog het dat hulle eers die Vryburgers sou arm maak, en dan die Kompanjie se poste sou aandoen.[8] Sedert 1686 was die Ubiqua bekend vir hulle aanvalle op jagters in die Vierentwintigriviere-gebied. Die naam Ubiqua beteken "moordenaars" en hoewel meesal na hulle as Songua, struikrowers en bossiesmans verwys word, was daar ook Ubiqua wat veebesitters was. In 1688 het kommandeur S. van der Stel toestemming aan Vryburgers gegee om die Ubiqua te vervolg en uit te roei, omdat hulle bestaan het op die roof van hulle eie nasie (die Hottentotte) en Christene, en nie tot rede gebring kon word nie.[9]

Goewerneur W.A. van der Stel het nie, soos die landdros en die burgers, geglo dat Cloeten se vee deur Ubiqua gesteel is nie, maar het vermoed dat dit Guriqua (Griqriqua) was, of kaptein Portugees se mense. Hierdie twee oorblyfsels van stamme het albei uit die Sandveld aan die westelike kus gekom. Die goewerneur het Cloeten se seun en sy kneg na die Kaap ontbied om hulle te ondervra, en 'n saamgestelde militêre mag van 10 soldate en 30 Vryburgers (tien uit elk van die drie distrikte Kaap, Stellenbosch en Drakenstein) uit te stuur om die gesteelde vee te herwin en die verantwoordelike Hottentotte na die Kasteel te bring. As die Hottentotte weerstand bied, moes hulle om die lewe gebring word.[10]

---

8. C367 Inkomende Brieven: M. Ditmars - W.A. van der Stel, 13.3.1701, p. 93.

9. VC 10 Daghregister: 18.3.1684, pp. 103-104; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 26.1.1688, p. 185.

10. VC 15 Daghregister: 13.3.1701, p. 899; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad II, 13.3.1701, pp. 380-381.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Twee weke later, op 1 April 1701, het Vryburgers uit Waveren berig gestuur dat Grigriqua en Namaqua agt trekbeeste gesteel het by die Kompanjiepos in die Waverenvallei (tans Tulbaghvallei), waar korporaal Douderstadt poshouer was. Drie dae later het landdros Ditmars gerapporteer dat "Hottentotte" nog 'n paar honderd skape van Gerrit Cloeten by Riebeeck-Kasteel geroof het. 'n Sersant en twaalf soldate is uit die Kasteel na Stellenbosch gestuur, waar die landdros nog 50 burgers daarby moes voeg. Die sersant en twaalf soldate het op 16 Mei met onverrigte sake by die Kasteel teruggekom. Terwyl hulle op patrollie was het "Hottentotte" nog 11 beeste by die buitepos Waveren gesteel.[11]

Die nuwe grens moes dus militêr versterk word, met meer buiteposte. Ten minste een nuwe pos is kort na die terugkeer van bogenoemde ekspedisie gestig. Op 21 Mei 1701 het twee groot groepe inboorlinge, gewapen met assegaaie, pyle en boë, hulle in die gras versteek naby die nuwe pos "genaemt over de Bergrivier", en toe die vee dié aand uit die veld kom, het hulle opgespring, die vee op die soldateherder teruggedryf, en hom aangeval. Hy het geskiet en om hulp geroep, en saam met sy twee makkers die vee agtervolg wat intussen deur die tweede groep Hottentotte voortgejaag is, maar hulle kon dit nie ver van die poshuis waag nie. 'n Trop van 137 beeste van die V.O.C. is hier op een slag verloor. Om die vrede vir die V.O.C. en die Vryburgers te verseker, het die Politieke Raad op 26 Mei 1701 besluit om die twee genoemde poste Over de Bergrivier en In't land van Waveren elk met 12 soldate te versterk, sodat daar 15 soldate by elkeen sou wees, en om almal van perde te voorsien.

---

11. VC 15 Daghregister: 7.4.1701, p. 924; Ibid., 10.4.1701, p. 925; Ibid., 14.4.1701, p. 927; Ibid., 16.5.1701, p. 938; Ibid., 29.4.1601, p. 933.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



'n Derde pos, met 'n ewe sterk besetting, sou tussen die twee voorgenoemde poste gestig word.[12] Die opdrag vir die stigting van 'n derde Kompanjiepos, op 'n geskikte plek tussen Riebeeck-Kasteel en Heuningberg, word onduidelik gemaak deur die toevoeging dat daar dan drie poste in 'n driehoek sou lê, "te weeten, booven heen langs en tusschen die Groote Bergrivier". (sic)[13]

Die Goewerneur het die hoofde van die Kaapse en die Gonnemanse (sic) Hottentotte - dit is die Cochoqua, wat nou, net soos die Goringhaiqua of Kaapse Hottentotte, heeltemal aan die Kompanjie onderhorig was - na die Kasteel ontbied, en so ook hulle oorlogskaptein of militêre leier genaamd Kees. Laasgenoemde is miskien die Koekeman-Sonqua wat in 1676 as sogenaamde onderhorige van die Cochoqua deur luitenant Cruse in Saldanhabaai aangeval en beroof is. Hierdie inboorlinghoofde het min inligting gehad, maar het geglo dat die rowers meesal uit Griqriqua en Namaqua bestaan het. Hul het onderneem om met hulle krale langs die Bergrivier te kom woon, om die V.O.C. teen die gemeenskaplike vyand te help.[14] Hierdeur het hulle vee die teiken van die rowers geword, en dit was 'n makliker teiken as die Kompanjie se vee. Hulle het dus in goeie trou as weerligafleier vir die magtige V.O.C. opgetree.

Die Kompanjie se eerste sukses is in Augustus 1701 deur korporaal Daniel Taus van die buitepos Riebeeck-Kasteel behaal. Met ses ruiters en twee voetsoldate, het hy die "Sonquase Hottentots" in die Swartland wes van die Berg-

12. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 26.5.1701, pp. 382-383.

13. VC 15 Daghregister: 16.6.1701, pp. 951-952.

14. Ibid., p. 953.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



rivier gekry, met 120 beeste wat behoort het aan die kapteins Doggemeester en Chineesje en die Vryburger J. van den Heyden. Hy het vier of vyf rowers doodgeskiet en die beeste teruggeneem. Hulle het die Hottentotte agtervolg, maar een van hulle perde is in dié proses gedood.[15]

In November 1701 het die V.O.C. weer baie skade gely toe tien of twaalf "Koekemanse Hottentotte" in die Waverenvallei 'n aanval op die beestrop maak wat deur twee soldate opgepas is. Op hulle alarmskote het die sersant, die orige soldate en 'n paar Vryburgers (twee man te perd en ses te voet) die beeste agtervolg. Die soldaat Jurgen Arend het met sy perd die beeste voorgekeer, maar dan het die Hottentotte dit weer verbygejaag. Hy en die burger Etienne Terreblanche, van wie daar 20 beeste in die trop was, het die vee tot by die berg agtervolg, waar Jurgen Arend 'n assegaai in die bors gekry en daarna met kieries doodgeslaan is. Die Hugenoot het daarop die vee prysgegee en omgedraai.[16]

Die "rebellige Hottentots" het twee dae later helder oordag, met 100 man sterk, 'n trop van 274 beeste wat behoort het aan die kapteins Koopman, Kees en De Kleijne Kapteyn, van Riebeeck-Kasteel af weggevoer. Korporaal Dede, die poshouer van Vogelvalleij (tans Voëlvlei), het met vier berede soldate die rowers agtervolg tot naby die Vierentwintigriviere, waar hy teen elfuur dié nag die vee gekry het. Die vee is aan die eienaars teruggegee.[17] Die rowers sou vir hierdie eskapade die Bergrivier tweemaal moes oorsteek, en het waarskynlik die Sonquasdrif hiervoor gebruik. Aangesien dit hoogsomer was, en 'n droogte jarelank al geheers

---

15. VC 15 Daghregister: 26.8.1701, pp. 979-980.

16. Ibid., 27.11.1701, pp. 1033-1036.

17. Ibid., 27.11.1701, pp. 1037-1039.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za 

het, was daar waarskynlik min water in die rivier, wat die waaghalsige strooptog moontlik gemaak het.

Op 17 Januarie 1702 het "Sounquase Hottentots" die kapteins Grigo en Jan Pietersz van 89 beeste beroof. Korporaal Dede het met 6 berede soldate gaan soek, en die rowers by die Heuningberg opgespoor. Na ŉ geveg van drie uur het hy al die vee herwin en dit na die eienaars teruggeneem. Hy was nouliks by die pos terug toe hy verneem dat dieselfde vee deur Koekemans geroof is, wat met hulle na die Elandskloof op pad was. Om hulle voor te spring, is hy met nege man van die buitepos Vogel Valleij suid langs die berg af, en het dit reggekry om hulle voor te keer. Twintig van die "bossiesmans" is gedood of gewond, en Dede het 20 boë en pylkokers en 12 assegaaie opgetel. Drie-en-veertig van die beeste kon herwin en aan die eienaars teruggegee word.[18]

In die maande daarna was dit steeds die vriendskaplikgesinde Hottentotte wat die meeste onder die rowers gely het. In Februarie het "Bossiesmans" die kraal van kaptein Cuyper "van over of langs Bergrivier" van al sy vee beroof, en vyf vroue en al die kinders doodgeslaan. Korporaal Dede het hulle agtervolg en het drie Sonqua doodgeskiet, maar net ŉ gedeelte van die vee teruggekry.[19] Vroeg in Maart 1702 is ongeveer 150 beeste van die kaptein Pieter Passagie deur "Bossiesmans" gesteel. Sersant Douderstadt het met 9 soldate en 22 Hottentotte die spoor gevolg en die rowers in ŉ groot bos ingehaal. Na ŉ geveg van drie uur is amper al die vee terug gekry. Twee rowers is doodgeskiet. ŉ Troppie van 25 beeste is in Julie 1702 deur korporaal F. Wysgerver, die poshouer by Riebeeck-Kasteel, herderloos langs die Bergrivier gevind, terwyl hy op patrollie in die Swartland was. Hy kon nie hul oorsprong opspoor nie en

---

18. VC 16 Daghregister: 22.1.1702, pp. 20-11.

19. Ibid., 3.2.1702, p. 26.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


het hulle na sy pos geneem, waar "Gonniemans Hottentots" die vee as Hottentotsbeeste uitgeken het. Die eienaars kon nie opgespoor word nie.[20]

Behalwe die daaglikse take van patrollie-ry en vee-oppas, is van tyd tot tyd ook die taak om na weggeloopte slawe te soek aan die poshouers opgedra.[21]

Korporaal Johannes Rouws, die poshouer by Elandskloof, het op 26 Maart 1703 by die Goewerneur gekla dat die poshouer by Vogel Valleij oor hom en oor sy pos wou baasspeel, want toe die Goewerneur beveel het dat drie man van die pos Vogel Valleij op 'n sekere patrollie moes gaan, die poshouer van Vogel Valleij twee soldate van die pos Elandskloof wou hê om die getal op te maak. Dit het hy geweier, en hy sou dit ook nie doen sonder 'n bevel van die Goewerneur nie. Die Goewerneur was wel bewus, het hy geskryf, dat die buitepos Elandskloof "de perijkelueste post is hier int heele lant", en die gunstigste een om hulp aan die boere te verleen, terwyl die Vogel Valleij-pos so veilig was asof dit aan die Kaap self geleë was, want die Hottentotte kom nie dáár oor die berg soos by die Klein Bergrivier nie.[22] Uit hierdie inligting kan iets oor die ligging van die pos Elandskloof afgelei word. Die Elandskloof loop van oos na wes deur die Limietberg, suid van die huidige Kluitjieskraal-staatsbos,

20. C371 Inkomende Brieven: F. Wysgerver - W.A. van der Stel, 27.6.1702, pp. 24-25.

21. VC 16 Daghregister: 10.10.1702, p. 158.

22. C373 Inkomende Brieven: J. Rouws - W.A. van der Stel, 26.3.1703, p. 156. By die transskripsie van die brief, en van die Goewerneur se antwoord daarop, in die Daghregister, word die pos se naam foutiewelik as "Eliphantskloof" geskryf. Vgl. VC 16 Daghregister: 29.3.1703, p. 239; C507 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - J. Rouws, 29.3.1703, pp. 822-823.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



aan die voet van Verkykerkop.[23] Dit blyk uit korporaal Rouws se brief dat sy buitepos aan die oostekant (die huidige Wolseley-kant) van die Berg was, aangesien hy daar aan die bo-lope van die Klein Bergrivier sou wees, maar as dit aan die westekant van die Kloof geleë was, sou nie sy pos nie, maar die Vogelvalleij-pos naaste aan die Klein Bergrivier gelê het. Sy aanspraak dat Elandskloof gevaarliker was omdat dit nader aan die Klein Bergrivier was, sou anders van sin ontbloot wees.

1704

Korporaal Rouws se mening oor die veiligheid van die Kaap, is 'n jaar later verkeerd bewys toe hy op besoek aan die dorp in 'n argument met 'n ander soldaat ná 'n lang en hewige swaardgeveg doodgesteek is.[24] Sy opponent is ter dood veroordeel.

Teen 1704 was daar ses militêre poste op die nuwe noordoostelike grens, dit is, die vyf poste in die Waveren-Bergriviergebied en een by Groene Clooff. In daardie jaar het Here Sewentien twee militêre inspekteurs na die Kaap gestuur om die toestand van die verdedigingswerke te ondersoek, en om die plaaslike opset te help voorberei teen 'n moontlike oorlog. Hulle was die Majoor van Artillerie Christoffel Wels, en die edele Veldowerste Harmen de Wilde. Onder andere het hulle nuwe militêre apparaat uit Nederland aangevra, en wysigings aan die buitewerke van die Kasteel voorgestel. Hulle was van mening dat die Kaapse garnisoen ten minste 800 man sterk behoort te wees. Hulle ondersoek het ook die weerbaarheid van die Kolonie se grense ingesluit, waardeur die sterkte van die verskillende bui-

---

23. Kaart: S.A. Topografies 3319 Worcester (Kantoor van Opmeting en Kartering, Mowbray).

24. VC 16 Daghregister: 13.3.1704, pp. 473-477.

25. C504 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 31.3.16704, pp. 98-99.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



teposte betrek is.[25] In Februarie 1704 is sersant N. van den Heuvel uit die Kasteel gekommitteer om die buiteposte 't Land van Waveren, Elandskloof, Riebeeck-Kasteel, Sonquasdrift, Vogel Valleij en Groene Cloof te besoek, om 'n opname van die personeel, vee en ander eiendom by elke pos te maak. Al die poshouers is gelas om hom te respekteer en te help, en hom oor die toestand van die omliggende Hottentot-krale in te lig.[26] In Junie 1705 is die sterkte van die besetting op elk van die poste opgegee as vyf soldate.[27]

Nadat 'n jaar of meer redelik stil en sonder strooftogte verloop het, het korporaal P. Coenraadsz, poshouer in 't Land van Waveren, in Mei 1705 gerapporteer dat die "boesijmans" soos tevore in oproer was. Hulle het skape van die "goeniemans" (dit is die oorblyfsel van die Cochoqua, genoem na die eertydse opperhoof Ngonnemoa) geroof. Daar was soveel onbetroubares aan rondgaan as spioene, dat hy nie kon waag om twee van sy soldate Kaap toe te stuur om rantsoen vir sy pos te haal nie. Inteendeel, hy wou graag dat sy pos met twee man versterk word. Die Hottentotte het aan hom gesê dat oproer enige tyd kon uitbreek. Hy het ook om meer wapens gevra.[28]

Goewerneur W.A. van der Stel het in die oorsaak van die skielike oproer belanggestel. Hy het die poshouer gevra om met die "bosjesmans" in gesprek te probeer tree, en hulle te oorreed om Kaap toe te kom, sodat 'n ooreenkoms gemaak sou kon word. Hy het Coenraadsz beveel om wanneer die Vryburgers se vee bedreig word, die soldate van al die bui-

---

26. VC 16 Daghregister: 28.2.1704, pp. 421-422.

27. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 28.3.1705, pl 581.

28. C376 Inkomende Brieven: P. Coenradsen - W.A. van der Stel, 28.5.1705, p. 199.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


teposte saam te trek, maar hy moes versigtig wees dat daar nie uit hulle eie optrede onrus ontstaan nie.[29]

Intussen het die Vryburgers van die Waveren-vallei die behoefte aan 'n wapad van en na die vallei gevoel. In 'n brief, gedateer 28 Mei 1705, wat waarskynlik deur korporaal Coenraadsz vir hulle geskryf is, (na aanleiding van die handskrif) maar onderteken is deur J. Muton en S. Teerbelandts, het hulle die Goewerneur om padmakergereedskap, soos koevoete, voorhamers, grawe en pikke, te leen gevra, sodat hulle die grootste klippe kon verwyder en 'n begaanbare pad deur die Kloof kon maak. Die Goewerneur het die gereedskap aan hulle geleen, met die opdrag dat hulle dit weer aan die poshouer moes teruggee wanneer hulle klaar is.[30] Op onregstreekse wyse het die pos hier dus 'n rol gespeel in die ontwikkeling van die vervoer in dié grensgebied.

Die verwagte onrus het nie uitgebreek nie, moontlik omdat die oorvloedige reën in Desember 1705 en Januarie 1706 die natuurlike weiding herstel het, sodat die terugkeer van wilde prooi die druk wat die jagterstamme op die pastorale inboorlinge en die Vryburgers se vee uitgeoefen het, laat afneem het. In Maart 1706 het die Goewerneur die soldate by die poste waar hy die minste moeilikheid verwag het, na die Kasteel teruggeroep en die poste gesluit. Die name van die poste wat op dié stadium gesluit is, is nie bekend gemaak nie.[31] Die Waveren-pos is egter nie gesluit nie.

---

29. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - P. Coenradzen, 3.6.1705, pp. 733-734.

30. C376 Inkomende Brieven: J. Muton en S. Teerbelandts, 28.5.1705, p. 201.

31. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 31.3.1706, p. 975.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Teen die end van 1706 het die poshouer "In 't Land van Waveren" ('n ongenoemde provisionele korporaal) op eie gesag aan 'n Vryburger toestemming gegee om die Hottentotbeeste wat te nå aan sy lande wei, dood te skiet. Die Vryburger het daarop één bees geskiet, waaroor hy aan die Kaap verhoor en gestraf is. Prof. R. Elphick (Kraal and Castle: Khoikhoi and the founding of White South Africa) se weergawe van hierdie insident, dat die poshouer toestemming aan die Vryburger gegee het "to fire at will among Khoikhoi who persisted in pasturing their sheep too close to his home",[32] is onjuis, en insinueer foutiewelik moord, of minagting van 'n menselewe, aan die kant van die poshouer. Dié insident kan nie dien as voorbeeld van die nadelige uitwerking wat die buiteposte van die Derde Grens op die inboorlinge gehad het nie.

Dit is nie te betwyfel nie dat die buiteposte gestig is om die V.O.C. se ekonomiese belange te dien. Afgesien van die beskerming wat dit aan die vee van Vryburgers en inboorlinge van die grensgebied verleen het, was die poste self beskermde veeweidings van die V.O.C. Hulle is gestig met die doel om die skeepsvoorsiening te bestendig, en as uitbreidings van die V.O.C. se gesag ver van die Kaapse vesting, was hulle vir die landsreisigers en die veeruilers klein verversingstasies wat hulle aktiwiteite in die grensgebied - en daarbuite - bespoedig en vergemaklik het. Die skrywer F. Valentyn vertel van die reis van die (andersins onbekende) korporaal Samuel Paske wat met ses soldate op hierdie grens na gedroste slawe gaan soek het: "Zy waren 6 weken uit, vonden daar overal een Compagnies post, een

32. VC 17 Daghregister: 14.12.1706, p. 759; R. Elphick: Kraal and Castle: Khoikhoi and the founding of White South Africa, p. 200.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


Compagnies Huijs en Compagnies pan en noodigh gereedschap om hun spijse in te koken". Netso het die veeruilers J. Starrenburg en J. Hartogh in 1705 die buiteposte Riebeeck-Kasteel en Sonquasdrift as hulle verblyf en rendezvous gebruik.[33] Die poste het dus vervoer en kommunikasie vergemaklik op 'n wyse wat in verskillende latere tydperke ontdekking, beskawing en ontwikkeling genoem sou word.

Die vraag ontstaan nou: Waarom het die groot rooftogte, wat die stigting van die militêre poste in die Bergrivier-Waveren gebied nodig gemaak het, gedurende 'n tydperk van vyf jaar (1700-1705) só toegeneem en toe weer gekwyn? Gebrek aan inligting maak 'n betroubare bevinding onmoontlik, maar dit is waarskynlik dat 'n aantal oorsake tesame, eerder as een enkele oorsaak, tot dié verskynsel bygedra het. Dit is ook nie seker wie die rowers was nie, en Obiqua, Sonqua, Grigriqua, Namaqua, Boehemans, bossiesmans, rebellerende Hottentotte en Sonquase Hottentotte is almal as skuldiges genoem. Die name is nie spesifiek genoeg om 'n herkenbare groep mee te identifiseer nie, maar hulle was nie veeboere inheems aan die gebied Bergrivier-Waveren nie. Daar was dus nie 'n verdringing van veebesitters uit hul weiding, soos die geval was met die poste van die Eerste Grens nie. Die moontlikheid dat 'n jagterstam die Blanke indringers uit hulle voormalige jaggebied probeer verdryf het, is aanneemlik, maar dit is nie gedokumenteer nie.

Die dekadelange droogte, wat aan die einde van 1705 gebreek is, moet in ag geneem word. Die weiding het toe só verswak dat veeboere na nuwe weiding moes trek. Oor die invloed van die droogte, en die teenwoordigheid van reisigers

---

33. F. Valentijn: Beschryvinge . . ., VRV II, 2, ii, p. 2; Ibid., pp. 52, 54.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



en setlaars op die wildsbokke in die omgewing, en die gevolge daarvan vir jagterstamme, kan ongelukkig net gespekuleer word. By gebrek aan wild kon die beeste en skape baie maklik as 'n plaasvervanger dien.

Op die ruiltog wat landdros Starrenburg in 1705 na die Hottentotte van die noordelike grensgebied onderneem het, het hulle armoede en die afwesigheid van vee hom oral getref. Die Hottentotte het die droogte, die strooptogte, en die afdreiging van hul vee deur Vryburgers, as oorsaak van hul armoede aangegee. W.A. van der Stel het dit ook só aan Here Sewentien gestel dat die ses militêre buiteposte nodig geword het nadat Here Sewentien die veeruil met Hottentotte aan die Vryburgers oopgestel het.[34] Hoe moet dit verstaan word? Die buiteposte het inboorlinge en Vryburgers teen mekaar beskerm, maar die groot strooptogte wat deur die buiteposte gerapporteer is, was nie deur Vryburgers gepleeg nie. Die verklaring is dat die Vryburgers die inboorlinge sodanig verarm het dat die verarmde inboorlinge 'n maklike prooi vir inboorling-struikrowers geword het, maar ook dat die verarmde inboorlinge self tot roof en diefstal oorgegaan het om hulle veestapel te probeer herstel. 'n Kettingreaksie van veeroof-strooptogte het gevolg op die oorspronklike verarming van die Hottentotte deur die V.O.C. se veeruiltogte wat mettertyd vererger is deur verdringing deur Vryburgers, en deur 'n groot droogte.

Die buitepos 't Land van Waveren moes, nadat dit 'n paar jaar gesluit is, weer in 1709 beset word. Dit is toe nog etlike jare lank in stand gehou, omdat die gevaar vir die Vryburgers en hul eiendom eerder toegeneem as afgeneem het.

---

34. C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Here XVII, 28.3.1705, p. 581.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



In 1715 is die eerste van 'n reeks burger-kommando's teen die veerowers van Waveren en die Bergrivier uitgestuur.[35]

b. Groene Clooff.

Volgens die opdrag wat Here Sewentien op 27 Junie 1699 aan W.A. van der Stel gegee het om die vleisvoorsiening aan Vryburgers oor te laat, het die Politieke Raad op 17 Februarie 1700 'n ooreenkoms met die burgerraad Henning Hüsing aangegaan, waarvolgens die beeste en skape op die buiteposte aan hom verkoop sou word, en hy dan vir tien jaar lank die V.O.C. se skepe en garnisoen van vleis sou voorsien teen vasgestelde pryse. Hüsing het 3 747 skape en 522 beeste by die Kompanjie gekoop vir die bedrag van 17 505 gulden. Hy sou, as sy uitsluitlike weiveld, die plaas "de drie Fonteijnen" van die Kompanjie kry, met die aangrensende grond suid van die Groene Clooff, van dáár af weswaarts tot by die see, en langs die kus noordwaarts tot by Saldanhabaai. Hüsing sou daar broodkoring mag saai vir sy werkers, en as hy deur vyandelike Hottentotte lastig geval word, sou die Kompanjie hom tot hulp kom.[36]

Die enigste aanval op Hüsing se vee in die Groene Clooff het op 7 Oktober 1701 plaasgevind, tydens die hoogtepunt van die strooptogte in die gebied Waveren-Bergrivier. 'n Groep van meer as 300 Hottentotte het ongeveer 200 van Hüsing se vee weggedryf. Sy herders het drie rowers doodgeskiet, maar die vee is nie weer gesien nie. Die buitengewoon groot getal rowers klink verdag, en is moontlik oordryf om die erns van die situasie aan die Kompanjie tuis

35. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad IV, 20.11.1715, p. 478.

36. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 17.2.1700, p. 364-366.

te bring. Die V.O.C., wat van Hüsing se veestapel afhanklik was vir die ongeveer 100 000 pond vleis wat hy jaarliks verskaf het, het op 8 November 1701 'n sersant en tien soldate gestuur om 'n militêre besetting by die veepos te vestig.[37] Hüsing se vee, wat daarna onder beskerming van die militêre buitepos Groene Clooff gewei het, was tot groot nut en gerief van die Kompanjie, en W.A. van der Stel het skippers wat in Saldanhabaai op wind gewag het, of wat deur verswakking van die bemanning nie daarvandaan kon vertrek nie, aangesê om nie op vleis uit die Kaap te wag nie, maar om 'n boodskapper na die pos de Groene Clooff te stuur en hulle behoefte daar bekend te maak.[38] Hulle sou dus nie van seevervoer of wind en weer afhanklik wees nie, en die buitepos was baie nader aan Saldanhabaai as wat die Kaap was.

Teen 1705 het die gevaar van veerowery in die omgewing van Waveren en Bergrivier aansienlik afgeneem en kon die Goewerneur party van die poste sluit, terwyl die pos by Groene Clooff tot drie man verswak is. 'n Tekort aan trekbeeste by die Kompanjie se wa-skuur het dit toe nodig gemaak om landdros Starrenburg op 'n ruiltog na die Hottentotte van die Swartland, Waveren en Piketberg te stuur om trekbeeste van hulle te probeer ruil. Starrenburg het een soldaat van die buitepos Groene Clooff saamgeneem om hom op die tog te help, sodat net korporaal Tous en een man by Groene Clooff agtergebly het. Reeds vroeg op die landdros se reis het 'n leeu die soldaat gevang en opgevreet.[39]

---

37. VC 15 Daghregister: 8.11.1701, p. 1023-1024; F. Valentyn: Beschryvinge . . ., VRV II, 2, ii, pp. 167-168.

38. Vgl. bv.: C508 Uitgaande Brieven: W.A. van der Stel - Opperhoofde, Huijs te Bijwegh, 1.11.1704, p. 368.

39. VC 17 Daghregister: 11.6.1705, pp. 173-174; C376 Inkomende Brieven: J. Starrenburg - W.A. van der Stel, 19.10.(sic)1705, pp. 295-297.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Naby Piketberg het landdros Starrenburg by "bossiesmans hottentots" verneem dat 'n Vryburger se ruilwa 'n paar dae tevore daar verby is, en hulle kon ook die waspoor aandui. Starrenburg was bang dat die Hottentotte van die omgewing nou só goed voorsien was van tabak en ander ruilgoed dat hy daar niks te ruil sou kry nie. Die onwettige ruilers het in die nag teruggekeer Kaap toe. By 'n volgende kraal het die landdros gehoor dat dit die poshouer van Groene Clooff, korporaal Tous, was, wat met sy soldaat en 'n Vryburger op 'n private ruiltog met die Kompanjie se wa en osse rondgery het, en reeds 12 olifantstande vir dagga en tabak geruil het. Toe Starrenburg by die poshuis in die Groene Clooff kom, was dit verlate. Die deur was oop, en die Kompanjie se gewere, saals en ander goedere het onbeskerm aan die mure gehang. 'n Kneg van die Saldanhavaarder Johannes Phijffer, en 'n aantal southalers wat met ses waens by die nabygeleë soutpan was, het hul intrek in die V.O.C. se poshuis geneem. Landdros Starrenburg het twee van sy veldwagters gestuur om die poshouer te arresteer, en hy het die soldaat Frans Lever, wat al jare op die buiteposte gedien het, as tydelike poshouer aangestel.[40]

Die buitepos Groene Clooff het in die komende jare steeds goeie diens aan die Kompanjie gelewer as veeweiding en as verblyfplek op pad na die Noorde. Die omliggende gronde het toenemend gewild geword as graanplase en jagplase, en die Kompanjie het dit aan pagters verhuur, "excepto 's Comps. daar leggende post, die door deselve niet wel gemist kan worden". Die Kompanjie het baie jare lank nog beeste en skape op sy pos in die Groene Clooff aangehou.[41]

---

40. Ibid., 28.11.1705, pp. 303-305; Ibid., 3.12.1705, pp. 307-310.

41. A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad III, 24.9.1715, p. 459; A.J. Böeseken (red.): Resolusies van die Politieke Raad VIII, 20.1.1729, pp. 4-5.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## C. BESLUIT

### i. Die uitwerking van die Buiteposte op die V.O.C. se handelsbelange.

Daar is aangetoon hoe die aktiwiteite van die Kaapse verversingspos aangepas en uitgebrei moes word om in die vraag na skeepsverversing en ander skeepsvoorraad te voorsien.

Die buiteposte van die Eerste Grens was hoofsaaklik van militêre aard, en hulle het gedurende die eerste drie dekades die nodige militêre steun verleen ter bestendiging van die Kompanjie en die Vryburgers se landbou- en veeteeltbedrywighede. Nadat die interne militêre bedreiging afgeneem het, kon die militêre poste gesluit word. Onder die poste van die Eerste Grens was ook poste wat met die oog op die noodsaaklike houtvoorsiening en transport gestig is. Hulle was onontbeerlik vir die behoorlike funksionering van die verversingspos.

Die buiteposte van die Tweede Grens was hoofsaaklik landboukundig van aard, en het voorsien in die vraag na voedsel vir die skeepsbemannings, die plaaslike garnisoen en die hospitaal. Groot getalle geleerde werkbeeste is deur die Kompanjie en die Vryburgers benodig, en hierdie diere het ook van die landbou-buiteposte af gekom.

Die poste van die Derde Grens was weereens militêr van aard. Hulle is gestig om die grens van die nuwe boerdery-kolonie in die gebied Waveren-Bergrivier te stabiliseer. Die oogmerk met dié nuwe landboukolonie was nie om skeepsverversings en ander skeepsvoorraad aan die Kompanjie te voorsien nie, maar om die landboudruk op die Kaapse Skiereiland te verlig. Aangesien goewerneur W.A. van der Stel en ander leidende amptenare indertyd as private boere by die verskaffing van proviand aan Kompanjieskepe betrokke was, is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dit moeilik om die uitwerking van die nuwe reeks poste op die Kompanjie se handelsbelange vas te stel.

ii. Die uitwerking van die Buiteposte op die Kaapse kolonie.

Uit die bostaande is dit duidelik dat die Buiteposte in hoë mate die Kaapse verversingspos deur die produksieprobleme van sy pionierstadium gedra het. Aangesien omstandighede gedurig verander het, kom dit voor asof die buiteposte normaalweg in 'n krisistoestand verkeer het. Onder die wisselende omstandighede van die grenssituasie het die buiteposte 'n stabiliserende rol gespeel, as gevolg waarvan die Vryburgers hulle boerderye kon vestig en uitbou. Daarom was die meer vooruitstrewende burgers reeds ekonomies selfstandig toe Here Sewentien dit in 1695 goedgevind het om die V.O.C. se landbouposte te sluit, en kon hulle as gevestigde koloniste die produksielas van die plaaslike administrasie se skouers af neem.

In 'n groot mate het die buiteposte gedurende die laaste dekade van Simon van der Stel se goewerneurskap 'n beperkende rol gespeel, wat die Vryburgers se ekonomiese ontwikkeling belemmer het. Van der Stel het egter, terwille van die skeepsvoorsiening waaroor klagtes teen sy administrasie ingebring is, nie die buiteposte ingekort nie, maar die Kompanjie se veestapel vergroot en die Vryburgers se veestapel beperk deur die ruilhandel met die Hottentotte gesluit te hou. Graanbou deur Vryburgers is egter aangemoedig omdat die Kompanjie se eie graanbouposte as gevolg van droogtes en arbeidsprobleme nie produktief genoeg was nie.

In die jare 1652 - 1707 was die V.O.C. se buiteposte ongetwyfeld die voorposte van die Europeanisering van die Suid-Afrikaanse binneland, en het dit 'n redelik-stabiele

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



ekonomiese, militêre en kulturele omgewing tot stand help bring en handhaaf - 'n toestand waarin relatief baie immigrante hulle vrywillig en met vertroue gevestig het.

iii. Uitwerking op die Inboorlinge.

Die buiteposte van die "begrepen cirkel" was militêre poste wat die Kaapse inboorlinge uit 'n sekere voedingsgebied geweer het. Die Liesbeeckrivier was dus die eerste Oosgrens, waarmee die skeiding en die konflikgebied tussen Wit en Swart aangedui word. Met die verskuiwing van die grens na die binneland, is die inboorlinge uit die omgewing van die nuwe grensposte gedruk, omdat die Kompanjie die weiding daarom vir sy eie vee toegeëien het. Die afgeleë buiteposte het ook as rusplek en vertrekpunt gedien vir die V.O.C. se volgehoue veeruilekspedisies, wat die Hottentotte se vee vir opbruikbare genotsartikels onttrek het, en gevolglik op verskeie terreine die vroeë verbrokkeling van die Hottentotte se stamlewe veroorsaak of aangehelp het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

## BYLAE 1.

**Mate en gewigte wat tydens die bewind van die V.O.C. aan die Kaap gebruik is.[1]**

| | Kaapse eenheid | Desimale waarde |
|---|---|---|
| Lengtemate | 1 Hollandse voet | 0,305 meter |
| | 1 roede | 3,660 meter |
| | 1 Amsterdamse myl | 7,4 kilometer |
| Massa | 1 Amsterdamse pond | 0,494 kilogram |
| | 1 last | 1 600,56 kilogram (Kaaps) |
| | of: | 2 400,84 kilogram (Hollands) |
| Inhoudsmaat | 1 mengelen | 1,2 liter |
| | 1 Hollandse gelling | 4,546 liter |
| | 1 aam | 143,882 liter |
| | 1 lêer | 6,901 hektoliter |

1. Saamgestel uit C.R. Boxer: The Dutch Seaborne Empire, pp. 304-305; G.C. de Wet: Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting, 1657-1707, p. 229.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



# BRONNE

## I. LITERATUUR

APPEL, A.: Die Geskiedenis van Houtvoorsiening aan die Kaap, 1652-1795 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, U.S., 1966).

BARNWELL, P.J.: Visits and Despatches. Port Louis, 1948.

BARNWELL, P.J. and TOUSSAINT, A.: A short history of Mauritius. London, 1949.

BEKKER, A.E.: Die geskiedenis van Valsbaai tot 1795, met spesiale verwysing na Simonsbaai (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, U.S., 1980).

BÖESEKEN, A.J.: Nederlandsche Commissarissen aan de Kaap, 1657-1700. 's-Gravenhage, 1938.

BÖESEKEN, A.J.: Simon van der Stel en sy Kinders. Kaapstad, 1964.

BÖESEKEN, A.J.: Jan van Riebeeck en sy Gesin. Kaapstad, 1974.

BÖESEKEN, A.J.: Geskiedenis-Atlas vir Suid-Afrika. Kaapstad, 1959.

BOTHA, C.G.: Place names of the Cape Province. Cape Town, 1926.

BOXER, C.R.: The Dutch Seaborne Empire, 1600-1800. London, 1965.

BOXER, C.R.: Jan Compagnie in Oorlog en Vrede. Bussum, 1977.

BRIDGES, T.H.: France under Richelieu and Colbert. London, 1912.

DE BRUIN, S.: Geographisch-Historisch Woordenboek. 2 dele, Leiden, 1873-1875.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

DE BRUYN, J.R. (e.a.): Dutch-Asiatic shipping in the Seventeenth and Eighteenth Centuries, 3 vols. The Hague, 1979.

DE KIEWIET, C.W.: A history of South Africa Social and Economic. London, 1942.

DE VILLIERS, C.G.: Geslagsregisters van die ou Kaapse Families. Geheel omgewerkte uitgawe, hersien en aangevul deur C. Pama, 3 dele, Kaapstad, 1966.

DE WET, G.C.: Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting, 1657-1707. Kaapstad, 1981.

DU PLESSIS, A.J.: Die Geskiedenis van die Graankultuur in Suid-Afrika, 1652-1752 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, U.S., 1929).

ELPHICK, R.: Kraal and Castle; Khoikhoi and the founding of White South Africa. London, 1977.

ERGANG, R.: Europe from the Renaissance to Waterloo. Boston, 1966.

FRANSEN, H. and COOK, M.A.: The old houses of the Cape. Cape Town, 1965.

GODÉE-MOLSBERGEN, E.C.: De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck. Amsterdam, 1912.

GODÉE-MOLSBERGEN, E.C.: Jan van Riebeeck en Zijn Tijd. Amsterdam, 1937.

GOES, P. (samesteller): De Zee-Atlas ofte Water-Weereld, waer in vertoont werden alle de Zee-Kusten van het bekende des Aerd-Bodems. Amsterdam, 1666.

GROBLER, J.C.H.: Die Arbeidsvraagstuk aan die Kaap, 1652-1662 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, U.S., 1968).

HOGE, J.: Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806. Cape Town, no date (Archives Year Book for South African History, vol. 9, 1946).

JOHNSON, C.: A general history of the robberies and murders of the most notorious pirates. London, 1926.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


JOUBERT, S.P.F.: Die Veehandel tussen die Hollanders en die Hottentotte aan die Kaap, 6 April 1952 - 8 Mei 1662 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, U.S., 1923).

LAMAR, H. and THOMPSON, L. (eds.): The Frontier in History. North America and Southern Africa compared. New Haven, 1981.

LE ROUX, G.A.: Europese Oorloë en die Kaap, 1652 - 1795 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, U.S., 1941).

LE ROUX, H.J.: Die toestand, Verspreiding en Verbrokkeling van die Hottentotstamme in Suid-Afrika, 1652 - 1713. (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, U.S., 1945).

MALAND, D.: Europe in the Seventeenth Century. London, 1970.

MARAIS, J.S.: The Cape Coloured People, 1652-1937. London, 1939.

MENDELSOHN, S.: South African Bibliography, 2 vols. London, 1910.

MOLLEMA, J.C.: Geschiedenis van Nederland ter Zee I, Amsterdam, 1939.

MOSSOP, E.E.: Old Cape Highways. Cape Town, no date.

MULLER, C.F.J.: Die geskiedenis van die Vissery aan die Kaap tot aan die middel van die Agtiende Eeu. Kaapstad, geen jaartal (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1942, deel 1).

MULLER, C.F.J. (red.): Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria, 1968.

MULLER, C.F.J., VAN JAARSVELD, F.A., VAN WIJK, T. and BOUCHER, M. (reds.): South African History and Historians, a Bibliography. Pretoria, 1979.

NEL, G.D.: Die Ontstaan en Ontwikkeling van Beesboerdery in Suid-Afrika en in Besonderheid die Friesveefokkery. Kaapstad, geen jaartal.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



PEARSE, G.E.: The Cape of Good Hope, 1652 - 1833, An account of its Buildings and the life of its People. Pretoria, 1956.

RAS, A.C.: Die Kasteel en ander Vroeë Kaapse Vestingwerke, 1652 - 1713, Kaapstad, 1959.

RAVEN-HART, R.: Before Van Riebeeck; Callers at South Africa from 1488 to 1652. Cape Town, 1967.

RAVEN-HART, R.: Cape Good Hope, 1652 - 1702. The first Fifty Years of Dutch Colonisation as seen by Callers, 2 vols. Cape Town, 1971.

ROUX, A.P.: Die geskiedenis van Saldanhabaai, St. Helenabaai en Dasseneiland, 1652 - 1806 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, U.S., 1975).

ROUX, P.E.: Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oos Indiese Kompanjie, 1652 - 1795. Stellenbosch, 1925.

SCHAPERA, I.: The Khoisan Peoples of South Africa, London, 1960.

SCHREUDER, J.H.D.: Die Geskiedenis van ons Graanbou, 1652 - 1795 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, U.S., 1948).

SMUTS, F. (ed.): Stellenbosch Three Centuries, Stellenbosch, 1979.

STRANGMAN, E.: Early French Callers at the Cape. Johannesburg, 1936.

THEAL, G.M.: History and Ethnography of Africa South of the Zambesi from the Settlement of the Portuguese at Sofala in September 1505 to the Conquest of the Cape Colony by the British in September 1795, vol. II. London, 1909.

THEAL, G.M.: Willem Adriaan van der Stel and other Historical Sketches. Cape Town, 1913.

THOM, H.B.: Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika. Amsterdam, 1936.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



VAN DER MERWE, P.J.: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657 - 1842. Kaapstad, 1938.

VAN DER MERWE, P.J.: Trek (Studies oor die Mobiliteit van die Pioniersbevolking aan die Kaap). Kaapstad, 1945.

VAN DER WALT, A.J.H., WIID, J.A. en GEYER, A.L. (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, 2 dele. Kaapstad, 1955.

VAN LENNEP, J.: Zeemans-Woordenboek, behelzende een verklaring der woorden, bij de scheepvaart en den handel in gebruik. Leiden, 1856.

VAN RENSBURG, J.I.J.: Die Geskiedenis van die Wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die Eerste Eeu, 1652 - 1752. Elsiesrivier, 1954 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1963, deel II).

VENTER, P.J.: Landdros en Heemrade, 1682 - 1827. Kaapstad, 1940 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1940, deel II).

WALKER, E.A.: A history of South Africa. London, third edition, 1957.

## II. LETTERKUNDIGE BRONNE

ANON.: Klare Beschrijvinge van Cabo de Bona Esperanca. (Faksimilie van die teks saamgestel deur J. Hondius, Amsterdam, 1652. Reds. L.C. van Oordt en P. Serton.) Kaapstad, 1952.

BEAULIEU, A.; Beschrijving van de rampspoedige Scheepsvaart der Franschen met drie Schepen uit Honfleur in Normandyen naar Oostindien (door J.Y. Glazemaker uit de Fransche taal getrokken en vertaalt). Amsterdam, 1669.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za


BOGAERT, A.: Historische Reize door d' Oostersche Deelen van Azia. Amsterdam, 1711.

BOGAERT, A.: Caapse Geschillen en Onlusten. (Regte en Waaren Oorsprong en gevolg der laatste Onlusten.) Amsterdam, geen jaar.

COMMELIN, I. (red.): Begin ende Voortgangh van de Vereenigde Nederlandsche Oost Indische Compagnie, 2 dele. Amsterdam, 1646.

CORTEMÜNDE, J.P.: An adventure at the Cape of Good Hope in December 1672 (edited by H. Henningsen). Cape Town, 1962.

DAMPIER, W.: A new voyage round the world. London, 1717. (Edited by D.L. Purves: The English Circumnavigators. The most remarkable voyages round the world by English sailors. London, 1874.)

DAPPER, O.: Naukeurige Beschrijvinge der Afrikaansche Gewesten. Amsterdam, 1668.

DAVIS, J.: Voyages and Works of John Davies the Navigator. (ed. A.H. Markham.) London, 1880. (Hakluyt Society, no. 59).

DOWNTON, N.: The Voyage of Nicholas Downton to the East Indies, 1614 - 1615. (ed. W. Foster.) London, 1939. (Hakluyt Society, series II, no. 82).

KOLBE, P.: Naauwkeurige en Uitvoerige Beschryving van de Kaap de Goede Hoop, 2 dele. Amsterdam, 1727.

MIDDLETON, H.: The Voyage of sir Henry Middleton to Banton and the Maluca Island. (ed. B. Corney.) London, 1855. (Hakluyt Society, no. 19).

OLAFSSON, J.: The Life of the Icelander Jan Olaffson, Traveller in India. (ed. R. Temple.) London, 1932. (Hakluyt Society, Second series, no. 68).

OVINGTON, J.: A Voyage to Surat in the Year 1689. (ed. H.G. Rawlinson). London, 1929.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



PURCHAS, S. (ed.): Purchas his Pilgrimes, part 1. (Navigations and Voyages of Englishmen along the Coasts of Africa to the Cape of Good Hope and from thence to the Red Sea). London, 1625.

SCHAPERA, I. (red.): The early Cape Hottentots described in the writings of Olfert Dapper (1668), Willem Ten Rhyne (1686) and Johannes Gulielmus de Grevenbroek (1695). Cape Town, 1933. (Van Riebeeck Society, no. 14).

TAS, A. en VAN DER HEIDEN, J.: Contra-Deductie. Amsterdam, 1712.

VALENTYN, F.: Oud en Nieuw Oost-Indiën, 5 dele. Dordrecht, 1726.

VALENTYN, F.: Beschryvinge van die Kaap der Goede Hoope met de Saaken daar toe behoorende (red. E.H. Raidt) 2 dele. Kaapstad, 1971 - 1973. (Van Riebeeck-Vereniging, tweede reeks, nos. 2 en 4).

VAN SPILBERGEN, J.: De Reis van Joris van Spilbergen naar Ceylon, Atjeh en Bantam, 1601 - 1604 (reds. F.G. Wieder, e.a.) 's Gravenhage, 1933. (Linschoten-Vereeniging, no. 38).

## III. TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

BÖESEKEN, A.J.: The meaning, origin and use of the terms Khoikhoi, San and Khoisan (Cabo, vol. 1, no. 1, August 1972).

BOTHA, C.G.: Cape Records of South Sea Pirates (The Critic, vol. IV, June 1933).

BOXER, C.R.: The Dutch East-Indiamen: Their Sailors, Their Navigators, and Life on Board, 1602 - 1795 (The Mariner's Mirror, vol. 49, no. 2, May 1963).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



DIE HUISGENOOT 1652 - 1952 . . . Van Riebeeck-feesuitgawe. 7 Maart 1952.

ELPHICK, R.H.: The meaning, origin and use of the terms Khoikhoi, San and Khoisan. Prof. R.H. Elphick replies to Dr. A.J. Böeseken (Cabo, vol. 2, no. 2, January 1974).

ENGELS, J.: Personal Accounts of the Cape of Good Hope, 1652 - 1715 (Africana Notes and News, vol. VII, no. 3, March 1951).

KOTSÉ, D.J.: Seinposstelsel aan Kaap, I (Die Burger, 12 Junie 1980).

MOODIE, G.: Robbeneiland (Die Huisgenoot, 21 November 1947).

OLIVIER, G.C.: Die Vestiging van die Eerste Vryburgers aan die Kaap die Goeie Hoop (Historia, September 1968, Desember 1968, Maart 1969, Junie 1969, September 1969).

RAVEN-HART, R.: The French at Saldanha Bay (Quarterly Bulletin South African Public Library, vol. XXI, no. 1, September 1966).

THOM, H.B.: Kolonisasie-denkbeelde van Jan van Riebeeck (Tijdschrift voor Geschiedenis, jaargang 52, aflewering 1).

## IV. ARGIVALE BRONNE

### A. GEPUBLISEER:

BÖESEKEN, A.J. (red.): Dagregister en Briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1666. Pretoria, 1973 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Belangrike Kaapse Dokumente, deel II).

BÖESEKEN, A.J. (red.): Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699. Kaapstad, 1966 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Belangrike Kaapse Dokumente, deel I).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



BÖESEKEN, A.J. (later G.C. de Wet) (reds.): Resolusies van die Politieke Raad, 1651 - 1715, 4 dele. Kaapstad, 1957 - 1962 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap, nos. 1 - 4).

BOTHA, C.G. (red.): Collectanea. Kaapstad, 1924 (Van Riebeeck-Vereniging, no. 5).

JEFFREYS, M.K. (red.): Kaapse Plakkaatboek, deel 1. Kaapstad, 1944.

TAS, A.: Dagboek, 1705 - 1706 (Uitgegee deur Leo Fouché en hersien deur A.J. Böeseken). Kaapstad, 1970 (Van Riebeeck-Vereniging, tweede reeks, no. 1).

THEAL, G.M. (red.): Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika (Verzameld in Den Haag en Berlijn), deel III. Londen, 1911.

VAN DAM, P.: Beschryvinge van de Oostindische Compagnie, eerste boek, deel I (Uitgegeven door F.W. Stapel). 's-Gravenhage, 1927. Rijks Geschiedkundige Publicatiën, grote serie no. 63).

VAN RIEBEECK, J.A.: Daghregister, 1651 - 1662, 3 dele. (Geredigeer deur D.B. Bosman en H.B. Thom). Kaapstad, 1952 - 1957.

WATERHOUSE, G. (ed.): Simon van der Stel's Journey to Namaqualand in 1685 (With a revised introduction by G. Waterhouse. Transcription of the original text by G.C. de Wet. English translation by R.H. Pheiffer). Cape Town, 1979.

B. <u>ONGEPUBLISEER:</u>

1. <u>Kaapse Staatsargiefbewaarplek, Kaapstad.</u>

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



i. Raad van Politie (C.)

| | |
|---|---|
| C.326 - C.334 | Attestatiën, 1652 - 1710. (Ou nommerreeks.) |
| C.274 - C.385 | Inkomende Brieven, 1649 - 1709. |
| C.493 - C.509 | Uitgaande Brieven, 1652 - 1709. |
| C.584 - C.600 | Dag Register, 1655 - 1665, 1672 - 1673, 1677 - 1679, 1684 - 1687, 1689, 1694, 1696 - 1698, 1701 - 1703, 1705, 1707. |
| C.700 - C.702 | Memoriën en Instructiën, 1657 - 1710. |

ii. Raad van Justisie (C.J.)

| | |
|---|---|
| C.J. 281 - C.J. 311 | Kriminele Prosesstukke, 1672 - 1707. |

iii. Landdros en Heemrade van Stellenbosch (1/STB.)

| | |
|---|---|
| 1/STB. 1/1 - 1/STB. 1/2 | Notule van Landdros en Heemrade, 1691 - 1709. |
| 1/STB. 10/1 | Inkomende Briewe, 1686 - 1733. |
| 1/STB. 20/1 | Uitgaande Briewe, 1687 - 1746. |

iv. Receiver of Land Revenue (R.L.R.)

| | |
|---|---|
| R.L.R. 1 | Oude Wildschutte Boek, 1687 - 1712. |

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

v. Verbatim Copies (V.C.)

| | |
|---|---|
| V.C. 4 - V.C. 18 | Dag Register, 1662 - 1674, 1689, 1690, 1692 - 1708. |
| V.C. 38 | Joernaal van H.A. van Reede, 1685. |
| V.C. 39 - V.C. 40 | Algemene Monsterrol, 1665 - 1672, 1693 - 1699, 1701 - 1705, 1708 - 1710. |

vi. Microfilm Collection (Z.)

| | |
|---|---|
| Z.A. 2/6/3 - Z.A. 2/6/4 | Dag Register 1674, 1676, 1680 - 1683, 1688 - 1689, 1690, 1692. |

vii. Registrateur van Aktes, Kaapstad.

| | |
|---|---|
| Cape Title Deeds, deel 1. | 22 Junie 1685 - 15 Mei 1703. |

viii. Map Register (M.)

| | |
|---|---|
| M1/15 | Fort and Land between Table Bay and False Bay, 1656. |
| M1/16 | Fort Good Hope and Surrounding Land, 1660. |
| M1/17 | Ongetiteld. (Kaart van die Kaapse Nedersetting en die Kolonie van Stellenbosch, g.d.) |

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

| | |
|---|---|
| M1/35 | Redout Duynhoop, g.d. |
| M1/381(a) | De Nederzetting aan de Liesbeek in het begin van 1661. |
| M1/381(b) | Stellenbosch en omgeving, omstreeks 1700. |
| M1/874 | 't Zwart-Land en 't Land van Waveren, 1786. |
| M1/974 - M1/981 | Beschrijvinge van de Houtbaay en Baay Falso en der Omleggende Land, 1687. |
| M1/982 | Hottentots-Hollandt, 1687. |
| M1/1193 | Kolbe "Le pays des Hottentots aux environs du Cap de Bonne Esperance," g.d. |
| M3/311 | Het Land van Waveren en De Vieren twintig rivieren, 1720. |